

DIE LEWENSONSTANDIGHED EN KULTURELE BYDRAE

VAN DIE

NEDERLANDSE NZASM-WERKNEMERS,

1887 - 1909

deur

Robert Cornelis de Jong

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes  
vir die graad  
Doctor Philosophiae  
in die  
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,  
Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis  
(sedert 1988 : Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis),  
Universiteit van Pretoria,  
Pretoria.

November 1989

Studieleier en promotor : Prof. dr. P.G. Nel

Medepromotor : Prof. dr. O.J.O. Ferreira

Departement : Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (sedert 1988 :

Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis), Universiteit  
van Pretoria

opgedra aan

my ouers, in die besonder my vader, wat my op die spoor  
van die NZASM gebring het en gehelp het dat ek dit  
nie byster raak nie

en aan my vrou

en gewijd aan

de nagedachtenis van het personeel dat zijn leven  
aan de NZASM wijdde

## INHOUD

Bladsy

WOORD VOORAF.....	i
VERANTWOORDING.....	iv
LYS VAN AFKORTINGS.....	xvii
INLEIDING.....	1
HOOFSTUK 1 DIE KULTURELE SITUASIE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU, MET BESONDERE AANDAG AAN TRANSVAAL.....	3
1.1 Die tydperk tot 1854.....	3
1.2 Die tydperk 1854-1881.....	6
1.3 Die tydperk 1881-1899.....	8
Verwysings.....	11
HOOFSTUK 2 "OPGAAN, BLINKEN EN VERZINKEN" : 'n Beknopte oorsig van die geskiedenis van die Nederlandse Zuid- Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij.....	13
Verwysings.....	17
HOOFSTUK 3 "ZASMIETEN" : Die Nederlandse NZASM-werknemers bekendgestel.....	18
3.1 Waarom Nederlanders ?.....	18
3.2 Herkoms.....	19
3.3 Getalle.....	22
3.4 Leeftyd.....	23
3.5 Getalle volgens jare van aankoms in Transvaal.....	23
Verwysings.....	25
HOOFSTUK 4 "IN HET ZWEET DES AANSCHIJNS" : Oor aanstellings, ontslag, salaris, regte, verpligtinge en ander personeelaangeleenthede.....	27
4.1 Werwing.....	27
4.2 Keuring.....	28
4.3 Aanstelling.....	30
4.3.1 Acte van aanstelling.....	32
4.3.2 Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van het personeel der Maatschappij/ambtenaren der exploitatie/ beambten der exploitatie/ambtenaren der Maatschappij in Zuid-Afrika.....	32

## INHOUD

Bladsy

4.3.3 Basis van aanstelling.....	32
(a) Aanstelling as amptenaar of beamppte.....	33
(b) Aanstelling as los werker.....	34
4.4 Oortogreëlings.....	34
4.5 Personeelstruktuur.....	35
4.6 Funksies.....	35
4.7 Besoldiging.....	40
4.8 Wyse van beskikking oor besoldigings.....	41
4.9 Verlofregstylings.....	42
4.10 Straf van personeel.....	42
4.11 Ontslag van personeel.....	43
4.12 Oorlyde van personeel.....	44
4.13 Ander regte, voorregte en verpligtinge.....	44
Verwysings.....	45
HOOFSTUK 5 "ONS DAGELIJKS BROOD" : Die daaglikse lewensomstandig= hede en -behoeftes.....	52
5.1 Voorligting.....	52
5.2 Koste van lewensoronderhoud.....	53
5.3 Daaglikse lewe in die veld.....	55
5.4 Daaglikse lewe langs die lyn.....	58
5.5 Daaglikse lewe in die stede en dorpe.....	58
5.6 Spys en drank.....	61
5.7 Koopware en winkels.....	62
5.8 Kleredrag.....	64
Verwysings.....	66
HOOFSTUK 6 "HUISVADERS EN VRIJGEZELLEN" : Oor oujongkêrels, huwelike en families.....	71
6.1 Die vrygeselle.....	71
6.2 Gesinne uit Nederland.....	72
6.3 Verlowings en huwelike in Nederland.....	73

## INHOUD

Bladsy

6.4 Verlowings en huwelike in Transvaal.....	73
6.5 Gesinne in Transvaal.....	74
Verwysings.....	75
HOOFSTUK 7 "NIET ALTIJD ROZEGER EN MANESCHIJN" : Sosiaal-maatskaplike fasette en probleme.....	77
7.1 Onderlinge verhoudings.....	77
7.2 Gevare en sterftes.....	79
7.3 Oortredings.....	82
7.4 Politieke moeilikhede.....	85
Verwysings.....	86
HOOFSTUK 8 "EEN HANDJE HELPEN" : Hulpverlening aan die NZASM-personeel deur die maatskappy en ander instellings.....	89
8.1 Die "Spaar- en Ondersteuningsfonds".....	89
8.2 Die "Ziekenfonds" en die "Geneeskundige Dienst".....	92
8.3 Oor medisyne, medikasie en voorkomende gesondheidsorg.....	94
8.4 Die "Spaarkas".....	96
8.5 Ander vorme van hulpverlening en ondersteuning.....	96
Verwysings.....	96
HOOFSTUK 9 "EEN DAK BOVEN HET HOOFD" : Vestiging en huisvesting in die veld, op die platteland en in die stad.....	100
9.1 Huisvesting in die veld.....	100
9.2 Enkele opmerkings oor die ontwerp en konstruksie van NZASM-huise.....	102
9.3 Huisvesting langs die lyne.....	107
9.4 Huisvesting in die dorpe en stede, behuisingstekorte en woningtoelaes.....	109
9.5 Spoornetdorpe.....	112
9.5.1 Komatipoort.....	115
9.5.2 Waterval-Onder.....	116
9.5.3 Waterval-Boven.....	117
9.5.4 Springs.....	119

## INHOUD

Bladsy

9.6 Ander vorme van huisvesting.....	120
Verwysings.....	120
HOOFSTUK 10 "WERELDSE GOEDEREN" : 'n Studie van materiële besittings.....	124
10.1 Herkoms en versending.....	124
10.2 Voorbeelde van boedelbesittings.....	126
10.2.1 Cornelis Willem Verloop.....	126
10.2.2 Jelle Zietze (Siertze) de Groot.....	128
10.2.3 Philippus Wenneker.....	129
10.2.4 Hendrikus Johannes Hellings.....	130
10.2.5 Feie Hoekstra.....	131
10.2.6 Johannes Christiaan Bischofer.....	132
10.3 Die lot van die Nederlandse NZASM-personeel se materiële besittings.....	133
Verwysings.....	134
HOOFSTUK 11 "WIE VERRE REIZEN DOET KAN VEEL VERHALEN" : Vervoer..	137
11.1 Seereise.....	137
11.2 Treinreise.....	139
11.3 Poskoetsvervoer.....	139
11.4 Waens en rytuie.....	140
11.5 Ander vervoermiddele.....	140
Verwysings.....	141
HOOFSTUK 12 "GOD EN GEBOD" : Godsdiens en kerk by die Nederlandse NZASM-personeel.....	144
12.1 Houding teenoor godsdiens.....	144
12.2 Kerkgenootskappe.....	145
Verwysings.....	149
HOOFSTUK 13 "OP DE SCHOOLBANKEN" : Skole en onderwys vir die kinders van die NZASM-personeel.....	151
13.1 Spoorwegkinders en skole : die rol van die NZASM.....	151

## INHOUD

Bladsy

13.2 Skole en onderwysers.....	153
13.2.1 Die skool te Springs.....	153
13.2.2 Die skool te Waterval-Boven.....	156
13.2.3 Die skool te Pretoria ("Bultschool").....	157
13.2.4 Die skool te Johannesburg ("Bultschool").....	157
13.3 Skoolvakke.....	158
13.4 Houding en ervaring van die onderwysers.....	158
Verwysings.....	160
HOOFSTUK 14 "NA GEDANE ARBEID IS HET GOED RUSTEN" : Vryetydsbesteding onder die Nederlandse NZASM-personeel.....	163
14.1 Die NZASM en vryetydsbesteding.....	163
14.2 Ontspanning in die buitelug.....	165
14.3 Leesgewoontes.....	167
14.4 Huisdiere.....	170
14.5 Klubs en verenigings.....	170
Verwysings.....	174
HOOFSTUK 15 "TOT LERING EN VERMAAK" : Kuns en feeste by die Nederlandse NZASM-personeel.....	178
15.1 Letterkundige uitings.....	178
15.2 Uittings op die gebied van die beeldende kunste.....	181
15.3 Uittings op die gebied van die uitvoerende kunste.....	181
15.4 Vier van jaarlikse feeste.....	182
15.5 Vier van spesiale geleenthede.....	183
Verwysings.....	186
HOOFSTUK 16 "MENSEN TUSSEN MENSEN" : Sosiale en ander verhoudings tot taal- en kultuurgroepe in Transvaal.....	190
16.1 "Hollanderhaat".....	190
16.2 Nederlanders en Afrikaners.....	192
16.3 Nederlanders en Uitlanders.....	196

## INHOUD

Bladsy

16.4 Nederlanders en Swartmense.....	197
Verwysings.....	199
HOOFSTUK 17 "ONDER DE BEVELEN VAN DEN COMMANDANT-GENERAAL" : Die Nederlandse NZASM-personeel in die Anglo- Boereoorlog.....	201
17.1 Voor die oorlog.....	201
17.2 Aan die oorlogsfront.....	204
17.3 Aan die tuisfront.....	205
17.4 Tydens die Boere-terugtog.....	206
17.5 Tydens die Britse besetting.....	208
17.6 Terug na Europa.....	209
Verwysings.....	213
HOOFSTUK 18 "VERANDERDE TIJDEN" : Die personeel in Nederland en Suid-Afrika voor en na die vrede.....	217
18.1 Hulpverlening.....	217
18.2 Uitbetalings en ten slotte "eervol ontslag".....	219
18.3 Eise om skadevergoeding.....	222
18.4 Tussenspel : Die einde van die NZASM.....	223
18.5 Tydens en na die oorlog : Die personeel in Nederland.....	225
18.6 Tydens en na die oorlog : Die personeel in Suid-Afrika.....	226
18.7 "Ter nagedachtenis".....	229
Verwysings.....	231
SAMEVATTING EN BESLUIT.....	236
Verwysings.....	246
BYLAES.....	248
BYLAE I(a) Personeelorganigram : 1891.....	248
BYLAE I(b) Personeelorganigram : 1896.....	249
BYLAE I(c) Personeelorganigram : 1899.....	250

## INHOUD

Bladsy

BYLAE II Besoldiging van amptenare en beampies, soos op 1 September 1896.....	251
BYLAE III Statistiese oorsig van die werksaamhede van die "Spaar- en Ondersteuningsfonds".....	253
BYLAE IV Statistiese oorsig van die groei en werksaamhede van die "Ziekenfonds" en die "Geneeskundige Dienst".....	254
BYLAE V A.B.C. geschreven te Komatipoort bij 105° fahr. in den zomer van 1895.....	255
BRONNE.....	256
A GESKREWE BRONNE.....	256
1. Argivale stukke : ongepubliseerd.....	256
2. Periodieke publikasies.....	262
2.1 Koerante.....	262
2.2 Tydskrifte.....	262
2.3 Jaar- en ander verslae.....	263
3. Literatuur.....	264
3.1 "Ego-dokumente".....	264
3.2 Boeke.....	264
3.3 Artikels.....	266
B. PIKTURALE BRONNE.....	268
1. Fotografiese materiaal.....	268
2. Kaarte, planne, grafiese voorstellings.....	269
C. DRIEDIMENSIONELE BRONNE.....	269
1. Bouwerke, strukture, terreine.....	269
2. Voorwerpe.....	270
SAMEVATTING.....	271
SUMMARY.....	274

--00o--

## ILLUSTRASIES

Bladsy

FIGUUR 1	G.A.A. Middelberg.....	viii
FIGUUR 2	P.H. Bouter.....	ix
FIGUUR 3	R.W.J.C. van den Wall Bake.....	x
FIGUUR 4	Jhr. J.A. van Kretschmar van Veen.....	xi
FIGUUR 5	A. Westenberg.....	xii
FIGUUR 6	M.E.H. Breuning.....	xiv
FIGUUR 7	Aanstellingsbrief van P.H.Bouter, Augustus 1892.....	31
FIGUUR 8	Personnel van die werkplaas te Komatipoort.....	37
FIGUUR 9	Hoofkantoorpersoneel in Pretoria.....	38
FIGUUR 10	'n Tandratlokomotief van die NZASM met drywer en stoker...	39
FIGUUR 11	Konstruksiewerk aan spoorbrug by KM 69, <u>Oosterlijn</u> .....	57
FIGUUR 12	Die stasie Aansluiting.....	59
FIGUUR 13	Die begraafplaas te Komatipoort.....	81
FIGUUR 14	Ontspoorde NZASM-lokomotief by Potchefstroom.....	83
FIGUUR 15	Kamp van NZASM-personeel.....	101
FIGUUR 16	'n Sogenaamde <u>keet</u> of voorafvervaardigde houthuis.....	103
FIGUUR 17	Plan en aansigte van C-tipe NZASM-dubbelhuis.....	105
FIGUUR 18	NZASM-dubbelhuis, Tipe C, Heidelberg.....	106
FIGUUR 19	Rietvlei-stasie.....	108
FIGUUR 20	Ploegbaaswoning naby Machadodorp.....	110
FIGUUR 21	Groep voor die ploegbaaswoning naby Machadodorp.....	111
FIGUUR 22	NZASM-woonbuurt te Pretoria.....	113
FIGUUR 23	Woonhuis van H.J. Maade en sy gesin te Springs.....	114
FIGUUR 24	Waterval-Boven in wording, 1894.....	118
FIGUUR 25	Die leerlinge van die NZASM-skool te Springs.....	155
FIGUUR 26	Versameling jagtrofeeë by die <u>keet</u> te KM 61, <u>Oosterlijn</u> ..	166
FIGUUR 27	Piekniek van NZASM-personeel by Dwaalheuwelspruit.....	168
FIGUUR 28	Die lede van die "Bitterclub", aan die <u>Oosterlijn</u> .....	173
FIGUUR 29	Plant van 'n "Oranjeboom" te Springs, 3 September 1898...	184
FIGUUR 30	Geweerinspeksie van NZASM-personeel, Pretoria.....	203
FIGUUR 31	Deportasie van NZASM-personeel.....	211
FIGUUR 32	Sertifikaat van "eervol ontslag" van C. Hegie.....	221

## KAARTE

Gedeelte van 'n spoorwegkaart uit 1899, wat die verskillende NZASM-lyne aantoon.....	agterin
-----------------------------------------------------------------------------------------	---------

--o0o--

## WOORD VOORAF

Die eerste herinneringe aan die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM), wat die skrywer het, gaan terug na die kere dat hy saam met sy ouers en broer in Oos-Transvaal gaan vakansie hou het, en hulle op pad soontoe of terug huis toe stilgehou het by die NZASM-tonnel naby Waterval-Boven. Die ou tunnel met sy stewige klipwerk en stil, donker en koel interieur het *op homas* klein seuntjie 'n magiese aantrekingskrag uitgeoefen. Selfs die naam, soos wat dit gewoonlik uitgespreek is, het 'n geheimsinnige klank gehad : Zassem-tonnel.

Dit was eers gedurende skrywer se voorgaarde jare op universiteit dat die naam Zassem eintlik vir hom sin begin maak het, en dat dit in der waarheid NZASM moes wees. Gedurende skrywer se honneursjaar is daar onder meer aandag aan die vervoer in die ZAR-tydperk gegee, en het hy natuurlik die NZASM as tema uitgekies. Met sy navorsing vir sy MA-verhandeling, wat gehandel het oor die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders in die jare 1890-1918, het skrywer ook dikwels die spoor van die NZASM gekruis.

Gedurende 1980-1983 het skrywer die voorreg gehad om te Keizersgracht 141, Amsterdam, Nederland, werkzaam te wees, waar dit sy taak was om die argiewe van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) en aanverwante instellinge, wat hulle met die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika besig gehou het, te orden en te inventariseer. Daar het hy afgekom op heelwat materiaal, wat die belangstelling vir die NZASM verder geprikkel het. Skrywer het meermale die Algemeen Riksarchief in Den Haag besoek om onder meer navorsing te verrig, en het ontdek dat hier ook die NZASM-argief gehuisves was.

Na sy terugkeer in Suid-Afrika is skrywer aangestel by die Museumdiens van die Transvaalse Provinciale Administrasie, waar hy spoedig besig geraak het met verdere navorsing oor die NZASM met die oog op 'n moontlike museumprojek te Waterval-Boven.

Die navorsing oor die argitektoniese nalatenskap van die NZASM het ook skrywer se belangstelling vir die mens agter en in die spoorwegmaatskappy geprikkel. Hy het bevind dat die kennis oor die NZASM se personeel taamlik fragmentaries was, en dat 'n omvattende studie oor dié onderwerp nog nie

onderneem is nie. Met al die aandag wat die NZASM vanuit die politieke, ekonomiese, tegnologiese, argitektoniese en ander hoeke geniet het, was dit die maatskappy self wat die fokuspunt was. Die verhaal van die personeel, met ander woorde die mense van en in die NZASM, het egter nog ontbreek, en indien dit geskryf kon word sou die grootste enkele leemte in die geskiedskrywing oor die NZASM gevul kon word. Met dié doel voor oë het hierdie proefskrif sy beslag gevind.

Met sy navorsing oor die NZASM en oor die lewensomstandighede en kulturele bydrae van veral sy Nederlandse personeel, is skrywer deur die volgende personele en instellinge bygestaan, en dit is hierby 'n voorreg om hulle van harte te bedank :

- \* sy studieleiers en promotors vir jare se volgehoudende belangstelling, ondersteuning en aanmoediging;
- \* mnr. M.C.P. Frylinck van Pretoria, wat argiefstukke met betrekking tot ingenieur C.M. Frylinck beskikbaar gestel het;
- \* de heer A.H. Geudeker te Voorburg/Schoorl, Nederland, die hem niet alleen het NZASM-archief van zijn vader ter inzage gaf, maar ook met grote bereidwilligheid alles gratis fotokopieerde;
- \* die personeel van die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria;
- \* de Stichting Neerlandia te Bloemfontein, voor het verlenen van financiële steun in het kader van schrijver's bezoek aan Nederland in 1986, waartijdens hij een aanvang maakte met een studie over het NZASM-personeel;
- \* het personeel van het Suid-Afrikaanse Instituut te Amsterdam, waar schrijver ook veel van zijn gading aantrof;
- \* die personeel van die Plankamer van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Johannesburg;
- \* mnr. Eric Conradie, Kurator van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuuseum, Johannesburg, en sy personeel;
- \* die personeel van die Staatsbibliotheek, Pretoria;
- \* die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria;
- \* die Direkteur en die personeel van die Direktoraat Biblioteek- en Museumdiens, Transvaalse Provinciale Administrasie;
- \* die Van Ewijk Stigting te Kaapstad, wat skrywer se besoek van 1986 aan Nederland ook finansieel moontlik gemaak het;

- \* dr. A. Westenberg te Markelo, Nederland, welke de schrijver met groot vertrouwen de hele verzameling brieven leende, afkomstig uit het bezit van zijn oom, ingenieur A. Westenberg;
- \* de Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam, welke niet alleen schrijver's bezoek aan Nederland in 1986 financieel mogelijk maakte, maar ook in 1988 het gratis gebruik van het fotokopieerapparaat te Keizersgracht 141 toestond.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die oueur, en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

De hartelijke dank van de schrijver gaan ook uit naar de Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten te Amsterdam (opgericht in 1885, twee jaar voor de oprichting van de NZASM), voor het verlenen van een studiebeurs van drie maanden met betrekking tot zijn verblijf en historisch onderzoek in Nederland in die loop van 1988.

Ten slotte gaan skrywer se innige dank ook aan sy ouers, en verder ook aan sy vrou vir haar geduld en ondersteuning.

Wanneer 'n mens die NZASM-tonnel besoek en daar instap, gaan jy vanuit die bekende en sigbare buitewêreld na die onbekende en duistere van die tonnel se interieur. Dit word al hoe donkerder namate jy verder stap, en as jy in die middel is, sien jy nog voor nog agter enige lig. Stap 'n mens verder, begin die lig van die ander kant deurskemer, en uiteindelik sien jy duidelik die omstreke van die wêreld buiten aan die einde van die tonnel, en is jy terselfdertyd geestelik verryk. In 'n sekere sin het dit ook met hierdie proefskrif gegaan : vanuit die bekende hede na die onbekende verlede, en dan terug na die hede, maar dan met 'n nuwe perspektief.

Pretoria, Oktober 1989

## VERANTWOORDING

In 1987 sou dit honderd jaar gelede gewees het dat die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in Amsterdam, Nederland, opgerig is. Dit is deur skrywer en enkele ander belangstellendes as 'n gulde geleentheid beskou om weer eens die aandag te vestig op hierdie Nederlandse spoorwegmaatskappy en wat hy vir Suid-Afrika beteken het.

Omstreeks Augustus 1985 het die skrywer en dr. Gerhard-Mark van der Waal, verbonde aan die Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing van die RGN, die plan opgevat om 'n soort gedenkboek oor die NZASM saam te stel. Dit sou fokus op die argitektoniese aspekte van die maatskappy se werkzaamhede in Suid-Afrika, waарoor daar nog feitlik niks gepubliseer was nie, maar wat nietemin steeds meer aandag verdien het in die lig daarvan dat al hoe meer geboue, stasies, brûe en ander strukture óf bedreig is óf alreeds verdwyn het. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat daar, behalwe 'n menigte plantekeninge van 'n verskeidenheid van NZASM-strukture, aanwesig in die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste se Plankamer by Johannesburg-stasie, in Suid-Afrika nie veel meer inligting oor die beoogde gedenkboek se onderwerp te vindé was nie. Gevolglik het skrywer gedurende Maart-April 1986 vyf weke in Nederland deurgebring om die argief van die Amsterdamse kantoor van die NZASM intensief na te vors om stof te versamel vir die boek. Hierdie argief beslaan sowat 53 strekkende meter en word bewaar in die Algemeen Rijksarchief in Den Haag. Tewens is ook die argiewe van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) en van die Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM), beide te Keizersgracht 141 in Amsterdam, geraadpleeg.

Die argiefbesoek van 1986 was besonder vrugbaar, en heelwat bruikbare en unieke materiaal is met die oog op die skryf van bogenoemde gedenkboek versamel en gefotokopieer. Ondertussen is dr. Hein Heydenrych, destyds nog verbonde aan die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, as derde outeur by die gedenkboek-projek betrek. Voordat daar met skryfwerk begin is, is daar besluit om in die boek ook iets te sê oor die rollende materieel van die NZASM (lokomotiewe, trokke en rytuie), ten einde die publieke belangstelling meer te prikkel. Einde 1988 het die boek uiteindelik verskyn, onder die titel NZASM 100. The buildings, steam engines and other structures of the Netherlands

South African Railway Company, uitgegee deur Chris van Rensburg Uitgewers vir die RGN, wie se projek die boek was. Na die NZASM se twee eie gedenkboeke uit 1895 en 1909 onderskeidelik, kan NZASM 100 as 'n derde publikasie ter nagedagtenis van die spoorwegmaatskappy geld.

Dit was tydens die skryfwerk verbonde aan NZASM 100 dat skrywer gaandeweg tot die besef gekom het dat met hierdie boek nog nie die laaste woord oor die NZASM gespreek sou word nie. Immers, NZASM 100 en feitlik alles wat voorheen oor die NZASM gepubliseer is, het weinig of geen aandag aan die mens agter die spoorwegbedryf geskenk nie. Toe skrywer dus na 'n geskikte onderwerp vir 'n toekomstige proefskrif uitgekyk het, het dit by hom opgekom om 'n soort vierde gedenkboek saam te stel, waarin die menslike aspekte van die maatskappy beskryf sou word, en dan veral die lewensomstandighede en betekenis van die Nederlandse werknemers sentraal sou staan.

Gedurende die navorsingswerk wat skrywer in 1986 in Den Haag en Amsterdam onderneem het, het hy op 'n magdom bronnmatriaal oor die NZASM-personeel afgekom, en etlike dokumente is deur hom in gefotokopieerde vorm na Suid-Afrika geneem. Deur hierdie verkennende ondersoek in die vernaamste argiewe in Nederland wat inligting oor die NZASM bevat het, en verdere speurwerk in argiewe, tydskrifte en koerante in Suid-Afrika, het dit vir skrywer duidelik geword dat die invloed van die Nederlandse NZASM-personeel ook ná die ontbinding van die maatskappy in 1909 nog merkbaar was, en dat dit nodig was om verslag te lewer oor dit wat met hulle gebeur het nadat hulle die diens van die NZASM moes verlaat. Die begin-datum vir die periode, waарoor die proefskrif se onderwerp uitgesprei sou word, was 1887, 'n logiese keuse omdat toe die NZASM opgerig is. Die einddatum, 1909, is egter taamlik arbitrêr gekies. Hoewel die maatskappy toe opgehou het om te bestaan, was al sy werknemers teen daardie tyd reeds ontslaan. Toe hulle in 1909 dus 'n kontantbedrag as afskeids geskenk ontvang het, was hulle dus nie meer in diens van die NZASM nie. In die jare daarna het iets van die NZASM egter bly voortbestaan, naamlik die ZASM (Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland), en was ook sy voormalige personeel, saamgesnoer in verenigings, nog altyd aktief. Eintlik het die proefskrif dus geen einddatum. Skrywer kon natuurlik streng by die titel gehou het en die jaartal gekies het waarop die meeste van die personeel ontslaan is (1901), maar dit het vir hom te

vroegtydig voorgekom, en sou trouens ook 'n stuk interessante en belangrike geskiedenis, waartydens die personeelsake van die NZASM afgehandel is, in die slag bly.

Deur middel van 'n beurs vir gespesialiseerde studie in die buiteland, wat die RGN die skrywer toegestaan het, asook 'n studiebeurs van die Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten in Nederland, is skrywer in staat gestel om gedurende Julie-September 1988 weer in Nederland te vertoef, die keer egter vir navorsing met die oog op die proefskrif. Hierby was die verkennende werk van 1986 se Nederlandse argiefbesoek van groot hulp, omdat skrywer hom toe al goed in die verskillende argiewe ingegrawe het.

Oor die NZASM self het al verskeie boeke verskyn. Twee daarvan is gedenkboeke en is deur die maatskappy self uitgegee, naamlik die Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelyke opening van den Delagoabaai=spoorweg 1895 (Amsterdam, 1895), asook In Memoriam N.Z.A.S.M. (Amsterdam, 1909). Jean van der Poel het in Railway and customs policy in South Africa 1885-1910 (Londen, 1933) die Britse siening van die NZASM gegee, en D.J.Coetzee met sy Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek 1872-1899 (Kaapstad, 1940) die standpunt van die Afrikaner-kritici. In sy monumentale Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in twee dele (Amsterdam, 1937 en 1938) het P.J. van Winter die Nederlandse en die NZASM-gesigspunte gestel. 'n Meer resente werk is K.E. Wilburn se The climax of railway competition in South Africa, 1887-1899 (Universiteit van Oxford, 1982). Verder is daar etlike wetenskaplike en populêr-wetenskaplike werke oor spoorweë in Suid-Afrika, geskiedenis van dorpe en stede en aanverwante onderwerpe, waarin die NZASM sydelings aandag geniet. Al hierdie werke het egter dit met mekaar in gemeen, dat die personeel van die maatskappy weinig of geen aandag kry.

Daar is tot op hede al tientalle artikels oor die NZASM gepubliseer. In hierdie verband is veral die tydskrifte South African Railways and Harbours Magazine (vanaf 1910) en sy opvolger, SASSAR, geraadpleeg, asook Hollandsch Zuid-Afrika (1910-1923) en sy opvolger, Zuid-Afrika (1924 tot hede), die Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika (1933-1953) en Pretoriania (1951 tot hede).

Gepubliseerde biografiese materiaal is daar betreklik weinig. Die belangrikste is G.A.A. Middelberg (FIGUUR 1) se familiebriewe van 1896-1899, gepubliseer in die Hertzog-Annale (Julie 1953) en P.H. Bouter (FIGUUR 2) se De aanleg van 't Oosterspoor (Pretoria, 1941). Sommige tydskrifartikels het ook bruikbare biografiese gegewens opgelewer.

Die NZASM-argief in die Algemeen Rijksarchief (Den Haag) het relatief die meeste bronnmateriaal gelewer in die vorm van korrespondensie oor personeelsake, verslae van die werksaamhede van afdelings, gepubliseerde personeelregulasies, lyste van goedere wat verskeep is, instruksies, salarisstate, ensomeer. Besonder insiggewend was die briewe wat Middelberg in die jare 1890-1899 vanuit Pretoria aan sy mededirekteur R.W.J.C. van den Wall Bake (FIGUUR 3) in Amsterdam geskryf het, asook die briewe van sy opvolger, jhr. J.A. van Kretschmar van Veen (FIGUUR 4).

Die tweede belangrike bron van materiaal oor die NZASM is te vinde te Keizersgracht 141, Amsterdam, die hoofkwartier van die NZAV en die ZASM. Beide instellings het hulle eie argiewe, waaruit 'n magdom van gepubliseerde materiaal soos periodieke mededelings en instruksies wat deur die Direksie aan die personeel oorgedra is, gefotokopieer kon word, asook talle persoonlike briewe uit Transvaal aan die Direksielede in Amsterdam, en die volledige reeks jaarverslae (1887-1908) van die NZASM. Die Middelberg- en Van Lennep-versamelings in die NZAV-argief het ook stof opgelewer, terwyl die versameling H.J. Emous lig gewerpt het op die onderwys by die NZASM. Te Keizersgracht 141 is tewens aanwesig die ou biblioteek van die NZAV ('n skat van waardevolle Africana), waarin skrywer allerlei merkwaardige publikasies kon vind.

Die belangrikste enkele argiefvonds wat skrywer met sy 1988-verblyf in Nederland gemaak het, was die opspoor van die weeklikse briewe wat ingenieur A. Westenberg (FIGUUR 5) van 1890 tot 1900 aan sy suster in Nederland geskryf het, en wat tans in die besit is van Westenberg se 92-jaar oue neef, dr. A. Westenberg, te Markelo. Van Winter het vir sy werk alreeds hierdie briewe geraadpleeg, maar sedertdien het hulle vergete geraak. Die Westenberg-briewe is as historiese bron van die grootste betekenis, in sekere sin belangriker selfs as die Middelberg-briewe, en dit sal beslis die moeite wêreld wees om hulle een dag, tesame met die tientalle foto's wat Westenberg geneem en versamel het (tans in die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg) te publiseer.



FIGUUR 1 G.A.A. Middelberg (1846-1916), mededirekteur van die NZASM vanaf 1890, en in hierdie funksie gedurende 1894-1899 woonagtig in Pretoria.  
(Foto uit : P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II)



FIGUUR 2 P.H. Bouteren (1857-1952). By sy aanstelling in 1887 het hy onder die eerste werknemers van die NZASM getel, en hy het tot die einde in diens van die maatskappy gebly. Hy was betrokke by die aanleg van die Oosterlijn en die Zuidoosterlijn, en daarna werksaam by die afdeling Weg en Werken te Springs en Johannesburg.  
(Algemeen Rijksarchief : Archief NZASM)



FIGUUR 3 R.W.J.C. van den Wall Bake (1843-1910), mededirekteur van die NZASM te Amsterdam vanaf 1887 tot die ontbinding van die maatskappy in 1908-1909  
(Foto uit : P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I)



FIGUUR 4 Jhr. J.A. van Kretschmar van Veen (1857-1931). Hy het in 1894 in diens van die NZASM getree, en het Middelberg in 1899 as mededirekteur in Pretoria opgevolg. Tot 1907 het hy hierdie funksie beklee; vanaf einde 1900 weer in Nederland.  
(Transvaalse Argiefbewaarplek)



FIGUUR 5 A. Westenberg (1858-1902), in diens van die NZASM vanaf 1890, en werkzaam as ingenieur by die aanleg van die Randtram, die Zuiderlijn, die Oosterlijn en die Zuidoosterlijn, en daarna by die afdeling Weg en Werken in Pretoria tot Augustus 1900  
(Algemeen Rijksarchief : Archief NZASM)

Van groot waarde was ook die briewe wat Th. Geudeker, 'n amptenaar verbonde aan die Amsterdamse NZASM-kantoor, in die jare 1897-1900 uit Transvaal van kollegas, wat eers te Amsterdam werksaam was, ontvang het. Hierdie briewe is tans in die besit van sy seun A.H. Geudeker in Voorburg/Schoorl, Nederland.

In die Koninklijke Bibliotheek in Den Haag het skrywer etlike jaargange van die Nieuwe Rotterdamsche Courant (NRC) en die Algemeen Handelsblad uit die periode 1890-1900 geraadpleeg. Hierdie koerante het verteenwoordigers in Transvaal gehad, en was van die grootste dagblaaie van hulle tyd in Nederland.

In Suid-Afrika was die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria natuurlik die aangewese plek om bronnemateriaal op te spoor. Behalwe tientalle foto's is met vrug gebruik gemaak van die argief van die Regeerings-Commissaris van Spoorwegen (wat die ZAR-regering op die NZASM-direksie in Pretoria verteenwoordig het) en die NZASM-argief, wat 'n oorblyfsel is van die argief van die Direksie in Pretoria. In laasgenoemde argief het veral die lywige personeelregisters interessante gegewens opgelewer. Verder is in die Transvaalse Argiefbewaarplek nog 'n paar aanwinste met betrekking tot die NZASM geraadpleeg. Die briewe wat ingenieur M.E.H. Breuning (FIGUUR 6), wat hy periodiek gedurende 1888-1898 (in Duits) aan sy familie in Nederland geskryf het, en wat skrywer in Nederland nie kon opspoor nie, het hy in die Transvaalse Argiefbewaarplek op mikrofilm aangetref.

Die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Pretoria het enkele bruikbare gegewens opgelewer oor die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal en die rol wat die NZASM daarin gespeel het.

'n Minder bekende bron van materiaal oor die NZASM is die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum in Johannesburg, wat behalwe 'n skat van foto's (waaronder die reeds genoemde Westenberg-foto's) ook 'n volledige stel terreinplanne van alle NZASM-stasies besit, waarop onder meer die persoonelkwartiere aangedui word. Die Plankamer van die Vervoerdienste, ook in Johannesburg, huisves 'n groot aantal planne en aansigte van 'n wye verskeidenheid van NZASM-strukture, wat vir die navorsing vir sowel NZASM 100 as die proefskrif van onskatbare waarde was.



FIGUUR 6 M.E.H.Breuning (1858-?), vanaf 1888 in diens van die NZASM. Na aanvanklik werksaam te wees by die aanleg van die Oosterlijn is hy in 1893 bevorder tot Hoofingenieur. Hierdie funksie het hy tot Augustus 1900 beklee.  
(Transvaalse Argiefbewaarplek)

Bruikbare materiaal is ook aangetref in die fotoversameling van die Africana-museum (Johannesburg) en in die versameling kontakafdrukke van die Subdirektoraat Museumdiens van die Transvaalse Proviniale Administrasie in Pretoria.

Ten slotte is nog veldwerk onderneem, wat eintlik die aangenaamste deel van die navorsing was. Met die oog op die insameling van nie-dokumentêre gegewens vir NZASM 100 is alle NZASM-spoorlyne en woonbuurte besoek, honderde kilometer afgelê en tientalle foto's geneem. Deur persoonlike waarneming en die kontroleer van hierdie gegewens aan die hand van dokumentêre bronmateriaal (veral die stasieterreinplanne) het skrywer vasgestel waar die NZASM-personeel se huise gestaan het, hoe hulle van binne gelyk het, hoeveel daar was en wat daarvan oorgebly het. Betreffende die bewaring van ou spoorwegargitektuur moet daar nog baie in Suid-Afrika gedoen word.

Na gelang die navorsing gevorder het, het skrywer bewus geraak van gebiede waaroor voldoende materiaal versamel is, en aspekte van die onderwerp wat nog gedeck moes word. Mettertyd het hy egter gemeen dat hy voldoende stof tot sy beskikking gehad het waarop hy die proefskrif kon baseer. Navorsing kan in feite nooit as afgehandel beskou word nie, en ook is besef dat daar nog heelwat onontgonne en onbekende bronnek lê en wag, wat in die loop van die jare tevoorskyn sal kom en sekere bevindinge sal bevestig, ander weer sal aanvul en sommiges sal teen-spreek. Vir die skrywer het dit egter nie net gegaan om die presentasie van feitelike gegewens en die doen van 'n analise daarvan nie, maar ook die kom tot 'n sintese, die lê van verbande tussen losstaande feite en die aflei van tendense daaruit. Daarom was dit nie net belangrik om vast te stel wie die Nederlandse NZASM-werknemers was en wal hulle gedoen het nie, maar ook hoe hulle lewensomstandighede daaruit gesien het, en wanneer en waar die Nederlandse spoorweglui 'n positiewe of negatiewe invloed uitgeoefen het. Om vast te stel wat die lewensomstandighede van die Nederlandse NZASM-werknemers was, was een deel van die probleemstelling; die ander deel was om te bepaal watter kulturele en ander bydraes dié mense gelewer het, en waarom hulle dus belangrik as 'n studie-objek geag is.

In 'n brief aan Bake, gedateer 30 November 1896, waarin Middelberg weer 'n keer sy hart uitgestort het, het hy onder meer geskryf :

"Wanneer ik weer in mijn optrekje leef ga ik een boek schrijven over de reputatie en de plaats ingenomen door de Hollanders in de oogen van vreemdelingen."

Middelberg het nooit by sy boek uitgekom nie. Tans, 93 jaar na sy brief, het 'n dergelike boek uiteindelik verskyn, en daar word gehoop dat, indien Middelberg nog sou gelewe het, hy met die inhoud daarvan tevreden sou gewees het.

--oOo--

LYS VAN AFKORTINGS

Die volgende afkortings is in die teks en die verwysings en bronne gebruik :

ARA : Algemeen Rijksarchief, Den Haag

BOZP : Bond van Oud-ZASM-Personeel

MHG : Meester van die Hooggereghof (argiefgroep in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria)

NZASM : Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij

NZAV : Nederlandse-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam

R&V : "Rechten en Verplichtingen van Personeel"

SAVD : Suid-Afrikaanse Vervoerdienste

TAB : Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

ZAR : Zuid-Afrikaansche Republiek

ZASM : (1) Populêre vorm van NZASM

(2) Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, Amsterdam

--oOo--

## INLEIDING

Die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-1881 was inderdaad van besondere betekenis vir die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en Nederland. In Nederland het hierdie suksesvolle rebellie van "dat stamverwante volk in Zuid-Afrika" groot opslae gemaak, en aansienlike geesdrif en pro-Boersimpatie ontketen. Na die oorlog is daar besin oor hoe hierdie entoesiasme in vaste bane geleei kon word en in sekere vorms gegiet kon word, en op watter wyse 'n mens dit die beste na Transvaal kon kanaliseer. Al spoedig het die geleentheid om die ZAR met meer as net woorde by te staan, hom aangebied. President Kruger het planne ontwikkel vir die algehele ontwikkeling van sy land. 'n Doeltreffende staatsdiens was uiters noodsaaklik, die onderwys moes drasties gereorganiseer en verbeter word, en daar moes 'n spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai kom om die ZAR so weinig moontlik van die Natalse en Kaapse hawens (wat Brits was) afhanklik te maak. Vir al hierdie planne het Kruger met sy besoek aan Nederland in 1884 steun probeer werf, want hy het besef dat die ontwikkeling van die ZAR, soos wat hy dit beoog het, slegs met die hulp van Nederlandse staatsamptenare, onderwysers en spoorweglui kon geskied. Die Kaapse Afrikaners het hy nie vertrou nie, sy eie Transvalers was nog te weinig ontwikkeld, en aanstelling van Uitlanders het te groot risiko's ingehou.

Op 21 Junie 1887, drie jaar na Kruger se besoek aan Nederland, is dus in Amsterdam 'n Nederlandse maatskappy met Nederlandse en Duitse kapitaal opgerig - die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM). Hoewel dit aanvanklik die doelstelling van die NZASM was om slegs 'n spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai aan te lê en te bedryf, die "Oosterlyn", het die maatskappy, danksy die vertroue wat Kruger in hom gestel het, mettertyd ook die meeste ander Transvaalse spoorlyne voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog tot stand gebring.

Die NZASM het 'n groot aantal geskoold Blanke arbeidskragte benodig, en aangesien dié nie in Transvaal beskikbaar was nie, het hy hulle vanuit Nederland ingevoer. Kyk 'n mens na die getalle van hierdie Nederlandse NZASM-werknemers, word dit duidelik dat hulle 'n baie groot persentasie van die "Krugers Hollanders" verteenwoordig het, en dus op sosio-ekonomiese

en ander terreine in staat was om belangrike bydraes te lewer.

Die Nederlanders in diens van die NZASM was nie net 'n groot groep nie, maar ook 'n faksie wat op grond van sy werksaamhede aansienlik van die staatsamptenare, onderwysers, predikante, advokate, wetsagente, bouers en ander beroepe waarin die Nederlanders in die ZAR aktief was, verskil het. Ook hulle lewensomstandighede was in velerlei opsigte anders. Orals waar daar in Transvaal spoorlyne was, is hulle aangetref, het hulle wonings gestaan, het hulle hul geld bestee aan lewensonderhoud en vermaak, het hulle af en toe kerk toe gegaan, het hulle kinders skool=onderrig ontvang, het hulle briewe geskryf, foto's geneem en gepeins, het hulle rusies met kollegas, Afrikaners en Engelse gemaak en soms vrede gesluit, het hulle hul verenigings ondersteun en feeste gevier, en is etlikes ten slotte begrawe. . . Kyk 'n mens na dit alles, dan is dit asof daar deur 'n kaleidoskoop gekyk word wat, namate dit roteer, verskeie fasette vertoon, ligtes en donkeres, positiewe en negatiewe, en dit alles tesame vorm 'n beeld van die lewensonstandighede van die Nederlandse NZASM-personeel.

Hierdie proefskrif handel oor hulle lewensomstandighede en watter invloed hulle op die kulturele en ander terreine van die samelewing uitgeoefen het.

--o0o--

## HOOFSTUK 1

### DIE KULTURELE SITUASIE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU, MET BESONDERE AANDAG AAN TRANSVAAL

"De waarde van een volk hangt af van de mate van het in hem wonende epiesche gevoel, of wel in welke mate hij een heldendicht is. Welnu, dit volk [die Afrikaners] vomit zijn epos."

"'t Is en blijft de grootsche Engelsche natie, een geweldige zedelijke kracht, heerlijke ontwikkeling der beste individuen."

"Wat heerlijke missie voor dien Hollandschen stam zijn eigen wezen te behouden, en daarin de kracht te vinden die altijd weer vernieuwt."

(Aanhalings uit briewe van G.A.A. Middelberg aan sy familie, Pretoria, 16 Februarie 1896 en 10 April 1896<sup>1)</sup>)

Die verhaal van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij en sy personeel is slegs 'n onderdeel van die veelbewoë negentiende-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika. Die situasie waarin Suid-Afrika hom in die algemeen, en Transvaal hom in die besonder, op politieke, sosiale, ekonomiese, kerklike en ander terreine - ja, ook die terrein van die kultuur - bevind het, was as 't ware die dékor vir die toneelstuk, getiteld : "Die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse NZASM-personeel".

Ten einde later 'n beter beeld van en oordeel oor dié personeel se lewensomstandighede te kan vorm, en moontlike kulturele bydraes te kan bepaal en na waarde te kan skat, is dit nodig om die kulturele situasie gedurende die negentiende eeu in voëlvlug te skets.

#### 1.1 Die tydperk tot 1854

In hierdie tydperk, wat begin het met die Bataafse Republiek aan die Kaap, en eindig met die vestiging van 'n onafhanklike Voortrekkerstaat in Transvaal, is die basis gelê vir die huidige staatkundige raamwerk in Suid-Afrika.

Kaapland het in 1806 definitief onder Britse gesag gekom, en daarmee is die "Hollandse" tydperk in Suid-Afrika afgesluit. Op daardie tydstip was daar moontlik 27 000 Blankes gevestig.<sup>2</sup> Die grootste gedeelte hiervan was "Hollandse Afrikaners", afstammelinge van die sewentiende- en agtiende-eeuse koloniste, wat die Nederlandse kultuur na Suid-Afrika gebring en hier 'n eie karakter gegee het. Hierdie kultuur sou met al sy fasette van groot betekenis wees by die totstandkoming en organisasie van die latere Voortrekkerrepublieke.

Die getal Blankes aan die Kaap het drasties toegeneem, enersyds deur 'n geboorte-oorskot, en andersyds deur die komst van sowat vierduisend Britte in 1820.<sup>3</sup> Dit was die eerste betekenisvolle Britse immigrasie na Suid-Afrika. Die 1820-setlaars het om ekonomiese redes na Suid-Afrika gekom, en het saam met hulle die Britse kultuur na Kaapland gebring.

Behalwe dat leidinggewende posisies merendeels deur Engelssprekendes van Britse herkoms beklee is, het die Britte hulle spoedig ook op die terrein van die industrie, handel, landbou, vervoerwese, opvoedkunde en kerk laat geld. Dit was die Britte wat begin het met die bou van behoorlike paaie, sendingstasies aangelê het, wetenskaplike landboumetodes en industrieë geïnisieer het, die onderwysstelsel verbeter het, 'n vrye pers gevestig het, 'n herlewing op kerklike gebied bewerkstellig het.<sup>4</sup> Dit was ook die draers van die Britse kultuur wat die binneland bereis en waarmee die Swart bewoners daar in aanraking gekom het.

Die verhouding tussen die twee Blanke groepe aan die Kaap was relatief goed, veral in die Oosgrensgebiede waar beide immers dieselfde gevare moes trotseer.<sup>5</sup> Die vroeëre bewoners (Afrikaners) was egter reeds in die VOC-tydperk uiters individualisties van karakter. Waar hulle toe reeds hulself moeilik aan die VOC-gesag onderwerp het, was dit teenoor die nuwe en vreemde Britse owerheid nog minder die geval.<sup>6</sup> Hulle het vasgehou aan 'n eie lewenswyse (kultuur), en het afwysend gestaan teenoor byna alles wat Brits was.

Terwyl Kaapland dus na 1806 geleidelik 'n nuwe era betree het, het verder noord in Suid-Afrika ook groot veranderinge plaasgevind. Die Zoeloekoning Shaka het in die 1820's 'n magtige ryk tot stand gebring. Ander Swart bevolkingsgroepe is ingelyf of het gevlug. 'n Reeks gedwonge

migrasies is ontketen, wat bekend staan as die difaqane. Algaande het daar in die binneland, soos in Kaapland, polariserende kulturele invloedsfere ontstaan, waarvan die vernaamstes die Zoeloe, die Matebele, die Swazi en die Basoeto was. In teenstelling tot die Kaapse Oosgrens, waar kontak tussen die Blanke en Swart kultuur reeds sedert die 1770's plaasgevind het, was die aanraking tussen Blanke (en wel Britse) kultuurdraers en die Swart bevolking van die binneland slegs sporadies.

Deur hierdie oorloë en gedwonge migrasies is in die noorde hele streke ontvolk, waardeur dit moontlik was vir duisende Afrikaners om hulle hier te vestig. Oorsake soos gebrek aan grond, onvoldoende veiligheid, tekort aan arbeid, gelykstelling van Blank en Nie-Blank en verskille in taal, kerk en juridiese gebruik, het hulle tussen 1830 en 1840 beweeg om Kaapland te verlaat, en noordwaarts te trek. Behalwe vir die politiek en die ekonomie is hierdie Groot Trek dus ook deur sosio-kulturele dryfvere gekenmerk.

Die Voortrekkers het 'n eie republiek in Natal tot stand probeer bring. Hier was egter sedert 1824 reeds 'n klein Britse invloedsfeer in die vorm van 'n handelspos te Port Natal (tans Durban). Die Britse anneksasie van Natal in 1842 het die meeste Voortrekkers na die gebiede noord van die Oranje- en die Vaalrivier laat terugtrek, om hier saam met mede-Afrikaners wat hulle, nadat die Kaapkolonie verlaat is, reeds hier gevestig het, 'n eie politieke, ekonomiese en sosio-kulturele bestel te vorm. Dit het uitgeloop op Brittanie se erkenning van twee Voortrekkerstate, naamlik die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in Transvaal in 1852, en die Oranje-Vrystaat in 1854.

Nadat die meeste Voortrekkers Natal verlaat het, het hierdie gebied die "mees Britse kolonie van Suid-Afrika" geword. Dit is aangehelp deur die vestiging van die Byrne-setlaars (sowat 4 800 in getal) in 1849-1852.<sup>7</sup>

Kulturele kontakte tussen Blank en Swart is verbreed deur die Groot Trek en Britse vestiging in Natal. In sommige dele van Suid-Afrika (soos Transvaal en die Vrystaat) sou Swart volkere met die Hollands-Afrikaanse kultuur kennis maak; elders (soos in Natal) was dit weer die Britse kultuur.

Die rol en bydrae van ander Europese kulture sedert die begin van die negentiende eeu was relatief klein. Nederlandse belangstelling het na 1806 vinnig afgeneem, en daar is geen moeite meer gedoen om in voeling met die Suid-Afrikaanse stamverwante te bly nie.<sup>8</sup> Die vernaamste wyse van gereelde (kulturele) kontak was die studie van seuns uit vooraanstaande Kaapse families in Nederland, maar hulle getalle het gedaal.<sup>9</sup> Verdere verwydering het met die Groot Trek sedert 1835 ingetree. Die lê van handelskontakte met die Natalse Voortrekkers het misluk. Tog is hiermee die grondslag gelê vir hernude kontak tussen Nederland en Suid-Afrika in die algemeen, en die Voortrekkers of "Boere" in die besonder.

### 1.2 Die tydperk 1854-1881

Teen 1854 was die Britse kultuur in Suid-Afrika reeds stewig gevestig. Die Kaapkolonie en Natal was Britse kolonies. Immigrasie uit Brittanje is bevorder. Teen 1863 het dit gestagneer.<sup>10</sup> Dit was egter van tydelike aard, want in 1867 is diamante in die noordelike Kaapkolonie ontdek, die aanleiding tot 'n nuwe stroom van intrekkers, veral uit die Angelsaksiese lande.

Die groeiende krag en omvang van die Britse kultuur in Suid-Afrika is nie net deur immigrasie bevorder nie, maar ook deur prestasies op politieke, ekonomiese en sosio-kulturele gebied, soos die aanlê van spoorweë en paaie, die bou van hawens, die ontwikkeling van die landbou, die tot stand bring van myne, nywerhede en handelsondernemings. Met die bereiking van verteenwoordigende bestuur en later verantwoordelike bestuur deur die Kaapkolonie (1854 en 1872 onderskeidelik) is die Britse parlementêre tradisie in Suid-Afrika gevestig.<sup>11</sup>

Teenoor die Britse kultuur het die Afrikanerkultuur gestaan, met as vernaamste bolwerk die onafhanklike Boererepublieke. Ook buite dié republieke het die Afrikaners sosio-kultureel en ook in politieke en ekonomiese opsigte 'n moeilike tyd beleef. As skepper van kultuur het die Afrikaners grotendeels in isolasie geleef, afgesonderd van Wes-Europa as die bakermat van sy kultuur.<sup>12</sup> Die geringe ontwikkeling en eensydigheid wat die Afrikanerkultuur gekenmerk het, is aangehelp deur faktore soos konservatisme, hiperindividualisme, afwesigheid van behoorlike onderwys

(veral in die Boererepublieke), pioniersomstandighede en gebrek aan nasionale besef.<sup>13</sup>

In die Kaapkolonie het die Afrikaners beter onderwys en hoër welvaart as elders in Suid-Afrika geniet. Tog het hulle kultuur hier weinig ontwikkel, onder meer weens bogenoemde omstandighede en 'n gebrek aan leeslus.<sup>14</sup> In die Vrystaat was die situasie minder gunstig, en eers teen 1881 het pioniersomstandighede hier iets van die verlede begin word, te danke aan die kragtige bestuur van J.H. Brand.

Wat die ZAR betref, was die Afrikanerkultuur die kwesbaarste. Hier was die Afrikaners die meeste geïsoleerd, was daar swak ekonomiese omstandighede, politieke en kerklike tweespalt en groot algemene onkunde.<sup>15</sup> Soos elders in Suid-Afrika is die ontwikkeling en bewoning van dorpe en ander sentra aan vreemdelinge oorgelaat, veral Engelssprekendes. Dorpe is gewoonlik kultuursentra, en hierdie toedrag van sake was dus skaars tot voordeel van die Afrikanerkultuur.

Tog was die toestand vir die Afrikaners op kultuurgebied nie heeltemal so duister nie. Teen 1881 was daar al tekens van vooruitgang, veroorsaak deur eksterne faktore soos verbetering in materiële omstandighede, verbeterde onderwys, gunstiger politieke en ekonomiese omstandighede (met uitsondering van die ZAR in daardie stadium).<sup>16</sup> Die ontdekking van goud in Oos-Transvaal (Barberton en Pilgrim's Rest) het ook nie tot die graad van welvaart geleid wat vir kulturele ontwikkeling bevorderlik is nie, wat die ZAR betref. Interne faktore was : die belangrike kulturele rol wat predikante en onderwysers gespeel het, die opkoms van 'n eie Afrikaans-Hollandse pers, en die rol en invloed van nie-Britse immigrante.<sup>17</sup> Dit was in hierdie opsig veral die Nederlanders wat 'n besondere bydrae gelewer het.

Nederlandse predikante, joernaliste en onderwysers het deur hulle geskrifte en optrede 'n belangrike bydrae tot die Afrikaners se nasionale ontwaking gemaak. In die Kaapkolonie het hulle gehelp om die grondslae vir 'n Afrikaanse letterkunde te lê.<sup>18</sup> In die Vrystaat het hulle 'n rol op kerklike, politieke en onderwysgebied gespeel. Dit was egter in die ZAR waar die Nederlanders se betekenis die grootste was.

Reeds met 1850 het die eerste Nederlandse immigrante na Transvaal gekom.

Verskeie ontwikkelde persone het hulle in Transvaal gevestig en gehelp met die opbou van die jong Boererepubliek. 'n Tweede fase van Nederlandse immigrasie het begin nadat T.F. Burgers in 1872 Staatspresident geword en propaganda begin maak het vir beter staatsonderwys, meer immigrante en 'n spoorlyn na Delagoabaai.<sup>19</sup> Nederlandse immigrasie na Transvaal is beëindig met die Britse anneksasie van die ZAR in April 1877. Teen dié tyd was daar al 'n taamlik gevestigde Nederlandse gemeenskap in Transvaal. Dit het 'n betekenisvolle bydrae, ook op kulturele gebied, gelewer, en het deur sy aanwesigheid 'n teenhanger vir die oprukkende Britse kultuur in Transvaal gevorm, waardeur ruimte en geleentheid vir die ontwikkeling van die Afrikanerkultuur gebied is.

Ten slotte moet nog melding gemaak word van die voortgesette kulturele beïnvloeding van die Swartes. Hierdie proses was die sterkste in die Kaapkolonie en Natal met hulle oorwegend Engelstalige inwoners en sterk Britse kultuur. In die Boererepublieke was die bevolking oorwegend agraries met 'n weinig ontwikkelde kultuur. Die Swartman is dus minder aan die Westerse kultuur blootgestel as byvoorbeeld rondom die Kaapse en Nataalse bevolkingscentra en op die diamantvelde.

### 1.3 Die tydperk 1881-1899

Die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-1881 was 'n triomf vir Afrikanernasionalisme, en het 'n nuwe politieke, ekonomiese en kulturele tydperk in Suid-Afrika ingelui. Hierdie periode het, soos dit begin het, met 'n oorlog geëindig, wat oënskynlik op 'n sege vir Britse kulturele imperialisme uitgeloop het.

Dit was gedurende hierdie tydperk dat die ekonomiese swaartepunt in Suid-Afrika van die diamantvelde na die Witwatersrandse goudvelde verskuif het. Waar die moontlikheid ontstaan het vir die vestiging van myne, industrieë en handelsondernemings, het die Brit of Engelssprekende Suid-Afrikaner op die toneel verskyn. So was daar gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu 'n voortdurende stroom Britse immigrante, aangelok deur die goudmyne, spoorweë en nywerhede. Hierdie kosmopolitiese groepe Engelssprekendes het in die ZAR as die "Uitlanders" bekend gestaan. Hulle was tegnici, handelaars, mynwerskers, professionele mense, mynbase, arbeiders, wat weinig begrip en waardering vir die

Hollands-Afrikaanse deel van die bevolking getoon het.<sup>20</sup> Hulle was byna oordreve trots op hulle herkoms en kultuur, soos die volgende stelling getuig wat in 1893 deur eerwaarde D. Drew gemaak is : "We have come to this land as Englishmen, and Englishmen we intend to remain. We have no thought of adopting any language, customs or religion but our own."<sup>21</sup>

Ten spyte van groot politieke en ekonomiese veranderinge het die Afrikaners na 1881 probeer om hulle lewenstyl waaraan hulle gewoond was, voort te sit. Hulle het gepoog om hulle uiters eenvoudige landelike kultuur te handhaaf, en het sterk weerstand teen die angliserende invloed van die stede en dorpe gebied.<sup>22</sup> Tog het die Afrikanerkultuur nie gestagneer nie, maar verdere tekens van ontwikkeling getoon. Hiervoor was verantwoordelik die verdwyning van pionierstoestande (behalwe nog in sekere dele van Transvaal), meer permanente vestiging (soos aangegetoon word deur die talle nuwe dorpe wat gestig is), verbeterde onderwys, groter leeslus (soos bewys deur die sirkulasiesyfers van Hollands-Afrikaanse koerante), en die studie van Afrikaners in Europa, veral in Nederland.<sup>23</sup> Spoorwegontwikkeling (onder andere deur die NZASM) het die vroeëre isolasie grootliks laat verdwyn, en onderlinge kommunikasie belangrik bevorder. Hierdeur is ook die Nie-Blanke bevolking geraak, wat in 'n versnelde tempo verwesters geraak het. Waar hulle om stede en dorpe gekonsentreer was, of op die platteland gewoon het, is hulle toenemend deur Afrikaner- of Britse kultuur beïnvloed.

Met verwysing na die instroming van groot getalle Engelssprekende Uitlanders en die byna totale verengeling van stede en dorpe, is dit voor die hand liggend dat die Afrikaners die Britse kultuur as 'n toenemende bedreiging vir sy staatkundige onafhanklikheid en vryheid ervaar het. Dit was egter hoofsaaklik in die ZAR waar daadwerklik self-behouende maatreëls geneem is deur onder meer die hulp van Nederland in te roep. Die Kaapkolonie het weliswaar 'n aktiewe groep kultuurbewuste Afrikaners gehad, maar die koloniale bestuur was Brits, en daar was trouens nie die historiese bande met Nederland nie, waarvan in die ZAR se geval wel sprake was. Natal was vrywel heeltemal Brits, en in die Vrystaat is daar, ewemin as in die Kaap, geen besondere verbintenis met Nederland gevoel nie.

In Nederland het die gunstige afloop van die Transvaalse Vryheidsoorlog

vir die Boere enorme entoesiasme en simpatie laat opvlam. Paul Kruger, wat in 1883 Staatspresident van die ZAR geword het, het hierin 'n geleentheid gesien om steun te werf vir sy planne om sy land op te bou en te ontwikkel. Uit die geledere van die Transvaalse Boere kon hy nie voldoende kragte hiervoor werf nie, Afrikaners uit die Kaapkolonie was onder verdenking weens hulle beïnvloeding deur die Britse kultuur, en die Uitlanders was buite die kwessie. Daarom het Kruger hom tot die Nederlanders gewend om as staatsamprentare, onderwysers en spoorwegwerkers saam met die binnelandse bevolking aan die staatkundige en ekonomiese ontwikkeling van Transvaal te werk.

Kruger se "Hollanderpolitiek" het vrugte afgewerp, ten spyte van groot teenstand uit die geledere van die Transvalers, Kapenaars en Uitlanders. Teen 1899 was daar sowat 5 000 tot 6 000 Nederlanders in Transvaal gesetig.<sup>24</sup> Hieronder was daar 1 777 in diens van die NZASM.<sup>25</sup> Hoewel hierdie getalle, gemeet aan die totale bevolking van die ZAR, betreklik klein was, was die Nederlandse element, veral in die hoofstad Pretoria, tog een van die grootste, sterkste en invloedrykste nie-Afrikaanse bevolkingsgroepe. In die aanwesigheid van die Nederlanders het Kruger 'n teenwig vir die vinnig groeiende Angelsaksiese element gesien, wat die ekonomiese lewe al hoe meer beheers het.<sup>26</sup> En in hierdie opsig was daar ook vir die Nederlandse NZASM-personeel 'n rol om te speel.

Alvorens die Nederlandse NZASM-personeel se doen en late en hulle invloed en bydrae, aldan nie, in oënskou geneem kan word, is dit wenslik om hulle werkgewer bekend te stel. In die volgende hoofstuk word dus in voëlvlug die geskiedenis van die NZASM behandel.

Verwysings : Hoofstuk 1

1. G.A.A. Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T. Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, pp 35; 45-46.
2. W. Ph. Coolhaas, Zuid-Afrika 1881-1981 - een geschiedenis in hoofdlijnen, in K. Maartense (red.) e.a., Zicht op Zuid-Afrika. Honderd jaar geschiedenis van Zuid-Afrika 1881-1981, p 41.
3. Ibid, p 41; M.D. Nash, Die setlaars, 1820-1824, in T. Cameron (red.) e.a., Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, p 95.
4. R. MacNab, The English-speaking South Africans, pp 8-11; J. Bond, Men who helped to make South Africa : The English-speaking contribution, pp 1-9.
5. W. Ph. Coolhaas, Zuid-Afrika 1881-1981 - een geschiedenis in hoofdlijnen, in K. Maartense (red.) e.a., Zicht op Zuid-Afrika. Honderd jaar geschiedenis van Zuid-Afrika 1881-1981, p 41.
6. J. Stone, Colonist or Uitlander ? A study of the British immigrant in South Africa, p 104; W. Ph. Coolhaas, Zuid-Afrika 1881-1981 - een geschiedenis in hoofdlijnen, in K. Maartense (red.) e.a., Zicht op Zuid-Afrika. Honderd jaar geschiedenis van Zuid-Afrika 1881-1981, p 41.
7. J. Stone, Colonist or Uitlander ? A study of the British immigrant in South Africa, pp 105-108.
8. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I, p 19.
9. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, p 9.
10. J. Stone, Colonist or Uitlander ? A study of the British immigrant in South Africa, pp 111-113.
11. R. MacNab, The English-speaking South Africans, p 21.
12. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner III, p 66.
13. Ibid, pp 72-73.
14. Ibid, p 74.
15. Ibid, p 76.
16. Ibid, p 78.

Verwysings : Hoofstuk 1 (vervolg)

17. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner III, pp 79-82.
18. Ibid, pp 82-83.
19. N. Mansveld, De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika, sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen, p 116.
20. J. Stone, Colonist or Uitlander ? A study of the British immigrant in South Africa, p 118.
21. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner IV, p 454.
22. Ibid, pp 89-92.
23. Ibid, pp 94-99.
24. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, p 45.
25. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 87.
26. Nederlandsche Vereeniging Pretoria, Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, p 48.

--o0o--

## HOOFSTUK 2

"OPGAAN, BLINKEN EN VERZINKEN" : 'n Beknopte oorsig van die geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM)<sup>1</sup>

"... een herinnering aan een onderneming, welke Nederland tot eer en voordeel heeft gestrekt en zich het vertrouwen heeft weten te veroveren van de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek, door de wijze waarop zij zoowel in tijden van tegen- als van voorspoed hare plichten tegenover de Republiek heeft betracht".

(Uit : In Memoriam N.Z.A.S.M.)<sup>2</sup>

In 1987 was dit honderd jaar gelede dat die NZASM gestig is. Die aanleg en bedryf van byna alle spoorweë in Transvaal voor 1900 was in die hande van hierdie maatskappy.

Die NZASM het ontstaan uit die streve van die ZAR na 'n eie verbinding met 'n nie-Britse seehawe ter wille van kontak met die buiteland, wat ook die Republiek se ontwikkeling sou bevorder. Reeds spoedig is die aandag gevvestig op Delagoabaai, die hawe van Lourenço Marques (tans Maputo). Hoewel in Portugese gebied geleë (die provinsie Mosambiek), was dit nader as die Natalse en Kaapse hawens. Ook het die ZAR vriendskaplike betrekkinge met Portugal gehandhaaf.

Voordat die NZASM op die toneel verskyn het, was daar reeds pogings aangewend om die ZAR met Delagoabaai te verbind. Dit was eers nadat Kruger tot Staatspresident verkies is (1883) dat daar sukses behaal is. Sy gedagtes het weer uitgegaan na 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai om sy land vir die handel te ontsluit en daardeur tot ontwikkeling te bring. Met sy besoek aan Nederland in 1884 het die Volksraad van die ZAR dus 'n konsessie (vergunning of alleenreg) vir die aanleg van so 'n spoorlyn aan 'n groep invloedryke Nederlanders verleen. Na heelwat moeilikhede van finansiële en politieke aard het van die oorspronklike konsessionaris om geslaag om die konsessie oor te neem, en op 21 Junie 1887, met behulp van Nederlandse en Duitse kapitaal, die NZASM tot stand te bring.

Tegniese en politieke probleme het egter die aanleg van die Delagoabaai-spoorlyn of Oosterlijn vertraag. Gevolglik was dit 'n ligte spoorlyn tussen

Johannesburg en Boksburg wat die eerste projek van die NZASM geword het. Hierdie spoorlyn, wat as die Randtram bekend gestaan het, was ingestel op die vervoer van steenkool vanaf steenkoolvelde by Boksburg na die goudmyne by Johannesburg. Op 17 Maart 1890 is hierdie eerste Transvaalse spoorlyn in gebruik geneem. Weens die ontdekking van goud aan die Wesrand en van steenkool aan die Oosrand is die Randtram in beide rigtings verleng, en dus in Oktober 1890 tot Springs (waar die NZASM 'n eie steenkoolmyn ontgin het) en in Februarie 1891 tot by Krugersdorp oopgestel.

Toe in 1889 met die aanleg van die Randtram begin is, het dit reeds vasgestaan dat die Natalse en Kaapse hawens by die Transvaalse spoorwegwerk sou moes aansluit om toegang tot die Witwatersrand te open. In Junie 1890 is die oorspronklike Oosterlijn-konsessie dus gewysig. Voortaan sou die NZASM die alleenreg vir die aanleg van alle spoorlyne na die grense van die ZAR besit. In Augustus 1890 is dus begin met die bou van 'n spoorlyn tussen Pretoria en Vereeniging via Elandsfontein (Germiston) - die Zuiderlijn. In Januarie 1893 is hierdie spoorlyn vir verkeer oopgestel, en hiermee is die Witwatersrand by die Kaapse spoorwegstelsel (wat deur die Vrystaat gestrek het) aangesluit.

Die bou en bedryf van die Oosterlijn was die NZASM se grootste en belangrikste projek. Vanweë die byna epiese karakter wat die aanleg van hierdie langste NZASM-lyn gehad het, word die NZASM dan ook veral met die Oosterlijn geassosieer. Na lang en moeisame opmetings is daar in Mei 1890 met aanleg vanaf die Mosambiekse grens in westelike rigting begin. Soos met sy ander lyne het die maatskappy nie self die werk onderneem nie, maar het hy die bou van die spoorbaan, die lê van die spore, oprigting van stasies, huise ensomeer aan private aannemers uitbestee. Nadat Pretoria in 1893 oor die Zuiderlijn per spoor bereikbaar geword het, is daar ook met aanleg in 'n oostelike rigting begin. Oos en wes het mekaar in Oktober 1894 by Balmoral-stasie ontmoet, en op 2 November 1894 het president Kruger by Brugspruit-stasie die laaste spoorwegbout vasgedraai - 'n simboliese handeling waarmee die Oosterlijn as voltooid beskou is. Gemeet aan tegniese vermoëns, terrein, klimaat en mensemateriaal was die 472 km lang Oosterlijn (wat 'n tonnel en 'n tandratbaan ingesluit het) 'n prestasie van hoë gehalte.

In April 1896 is 'n kort taklyn tussen Kaapmuiden-stasie aan die Oosterlijn en Barberton, sentrum van die Kaap-goudveld, in gebruik geneem.

Kort voor die voltooiing van die Oosterlijn was dit duidelik dat die ZAR nie slegs per spoor met die Kaapkolonie nie, maar ook met Natal verbind moes word. In Februarie 1894 het die Volksraad dus die aanleg en bedryf van 'n nuwe spoorlyn, wat vanaf Volksrust (waar aansluiting op die Natalse spoorwegnetwerk bewerkstellig sou word ) via Standerton en Heidelberg sou strek en by die Zuiderlijn sou aansluit, aan die NZASM opgedra. In Oktober 1895 is by Heidelberg die laaste spoorstaaf gelê, waarmee hierdie Zuidoosterlijn voltooi is.

In Augustus 1893 het die Volksraad besluit om die Randtram vanaf Krugersdorp via Potchefstroom na Klerksdorp om landbou- en mynboukundige redes te verleng. Hierdie verlenging, wat die Zuidwesterlijn genoem is, is in Augustus 1896 voltooi met die oopstelling van die laaste trajek tot by Klerksdorp. Dit was die laaste spoorlyn wat deur die NZASM aangelê en bedryf is.

Die NZASM het 'n taamlike groot aantal bouwerke as sigbare tekens van sy werk in Transvaal agtergelaat. Aan al die lyne is stasiegeboue,loodse, wonings, brûe, duikers, waterreservoirs en ander strukture opgerig. Met die uitsondering van enkele groter geboue en gespesialiseerde strukture was alle bouwerke min of meer gestandaardiseer wat ontwerp en uitvoering betref. Die talle NZASM-bouwerke wat oorgebly het is stil en dikwels vergete monumente vir die tegniese vernuf en deursettingsvermoë van dié spoorwegmaatskappy.

Die kern van 'n groot spoorwegbedryf soos die NZASM bestaan uit die personeelkorps. In die destydse Transvaal was dit 'n unieke korps weens sy omvang, eiesoortige werksaamhede en samestelling. Ruim die helfte van die Blanke personeel was afkomstig uit Europa. 'n Ander deel, hoofsaaklik Afrikaanstaliges en Britte, is in Transvaal gewerf en aangeset. Die oorgrote meerderheid van die plaaslike werknemers was egter die Swartes. Vanweë die ongeskoolde en halfgeskoolde aard van die werk was die aantal Nie-Blanke werknemers altyd groter as die aantal Blankes.

Afgesien van periodieke salarisverhogings het die NZASM veel gedoen ten behoeve van sy personeel. So was daar 'n spaar- en ondersteuningsfonds vir die uitkering van lewensversekerings en pensioene, 'n siekefonds vir die vergoeding van geneeskundige hulp, amptelike huisvesting, ontspanningsgeriewe, spaarfasiliteite, ensomeer.

Soos die aantal kilometer wat treine jaarliks afgelê en die personeel toegeneem het, het ook die aantal lokomotiewe, rytuie en trokke (die "rollende materieel") elke jaar gegroeい. Die begin was beskeie : in 1890 was daar 25 klein lokomotiewe, 32 ligte rytuie en 225 klein trokke. In 1899 het reeds 230 lokomotiewe, 238 rytuie en nie minder nie as 5 230 trokke die NZASM binne en buite die ZAR verteenwoordig.

By die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is die NZASM onder staatsbeheer geplaas, en is die hele personeel gekommandeer tot die verrig van dienste ten behoeve van die ZAR. Kommando's en geskut is vervoer, besondere ambulanstreine ingerig, brûe en spoororgange bewaak, kanonne herstel en ammunisie-onderdele vervaardig. Met die groot terugtoog van die Boereleërs vanaf Februarie 1900 het die NZASM brûe en duikers vernietig om die Britse opmars te vertraag, lokomotiewe onbruikbaar gemaak en stasies buite aksie gestel. Op 5 Junie 1900 is Pretoria deur die Britse magte beset en was die NZASM daarna nog slegs op die Oosterlijn aktief, totdat Komatipoort in September 1900 verower is. Die Britse regering het op 12 September 1900 formeel beslag gelê op alle eiendomme van die maatskappy, en hiermee het die bedryf van die NZASM in Suid-Afrika geëindig. Na lang en moeisame onderhandelinge tussen die Britse en Nederlandse regerings, die Transvaalse koloniale bestuur en die Direksie van die NZASM, is die maatskappy uiteindelik op 13 Oktober 1908 ontbind, nadat alle skulde betaal is.

Die NZASM het 'n kort maar stormagtige bestaan gevoer, en teen hierdie agtergrond moet die lewensomstandighede van sy werknekmers gesien word. Wie hierdie werknekmers - en dan spesifiek die Nederlandssprekendes - was, handel die volgende hoofstuk.

Verwysings : Hoofstuk 2

1. Hierdie oorsig is 'n samevatting van 'n viertal artikels oor die NZASM deur die oueur, wat van November 1987 tot April 1989 in die tydskrif Pretoriana verskyn het, asook 'n verdere artikel in die publikasie Railway Preservation News :

- 1.1 Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij I, Pretoriana, 92, Nov. 1987, pp 3-11.
  - 1.2 Beknopte geskiedenis...II, Pretoriana, 93, April 1988, pp 3-12.
  - 1.3 Beknopte geskiedenis...III, Pretoriana, 94, Nov. 1988, pp 55-62.
  - 1.4 Beknopte geskiedenis...IV, Pretoriana, 95, April 1989, pp 31-38.
  - 1.5 NZASM 100, Railway Preservation News, 36, June 1987, pp 8-9.
2. In Memoriam N.Z.A.S.M., woord vooraf, geen bladsynommer.

--o0o--

## HOOFSTUK 3

"ZASMIETEN" : Die Nederlandse NZASM-werknemers bekendgestel

"We hebben een eigenaardige verzameling stekelvarkens bij ons in dienst, en het zal heel wat zorg vereischen om ze zoo te laten samenwerken dat ze elkaar niet prikken."

(Direkteur J.A. van Kretschmar van Veen in 'n brief aan Direkteur R.W.J.C. van den Wall Bake, Pretoria, 15 Mei 1899)<sup>1</sup>

Wie was die Nederlandse NZASM-personeel ? Hoeveel was daar ? Waar het hulle vandaan gekom ? Hoe oud was hulle ? Wat was hulle vlakke van ontwikkeling en beskawing ? Dit is nodig om binne die bestek van hierdie studie 'n antwoord op bestaande en ander, soortgelyke vrae te probeer gee. Die spoorwegpersoneel was immers 'n aparte groep mense vanweë hulle eiesoortige werksaamhede, en hieronder was daar 'n sterk en toonaangewende kontingent Nederlanders.

Die personeel van die NZASM het in die daaglikse omgangstaal verskilende benamings gehad. Ter wille van die maklike uitspraak is gewoonlik die "N" weggelaat, en is die uitdrukking ZASM gebesig, wat in die spreek- en skryftaal tot Zasm omvorm is. Selfs in amptelike korrespondensie kom 'n mens ZASM in plaas van NZASM teë. Dit spreek vanself dat die personeel hulself betitel het as Zasm'ers of Zassemers.<sup>2</sup> 'n Variant hierop was Zasmieten.<sup>3</sup> Verder is ook wel Zasm-menschen, Zasm-personeel en Zasm-Hollanders gebruik. Van 'n gestandaardiseerde benaming is daar dus weinig sprake.

### 3.1 Waarom Nederlanders ?

Met die aanvang van sy werksaamhede in Transvaal het die NZASM skielik 'n groot aantal werkers nodig gehad, sowel tegniese as administratiewe personeel. Daar was een groot struikelblok : "Het vinden van geschikt personeel is een van de grootste moeilikheden in een land, waar de stand, waaruit elders de spoorwegambtenaren worden ontleend, feitelijk nog niet bestaat."<sup>4</sup> Vir gereelde en reëlmatige werk soos die aanleg en veral die bedryf van spoorweë was Transvalers voorlopig nog nie geskik nie, en die aantal wat wel in aanmerking sou kom was besonder gering.<sup>5</sup>

Daar moes dus 'n ander oplossing gevind word, naamlik die werwing en aanstelling van personeel in Nederland, wat dan na Transvaal gestuur is. "Er moeten Hollanders komen", het Middelberg in Julie 1894 sy kollega Bake laat weet, want "...engelschen willen we niet hebben".<sup>6</sup> Gevolglik is dus honderde werknemers in Nederland gewerf, wat saam met tientalle voor- nemende staatsamprentare, onderwysers en ander beroepslui die lang reis na Transvaal aangedurft het.

Spoedig het die NZASM daartoe oorgegaan om die "zonen des lands" (Transvalers) in diens te neem en tot bruikbare spoorweglui op te lei. Die probleme om voldoende geskikte personeel in Nederland te vind het hierin sekerlik 'n rol gespeel. Die maatskappy self was nog te jonk, met toesighoudende personeel wat nog nie ervare genoeg was om behoorlike opleiding te kan gee nie.<sup>7</sup> Dit is trouens te betwyfel of soiets wel 'n prioriteit was. Dit verbaas 'n mens dus nie dat Middelberg in 1893 aan die hoofkantoor in Amsterdam met die woorde : "Wij hebben alles noodig" op die dringende behoefte aan personeel uit Nederland gewys het nie.<sup>8</sup> En drie jaar later was die toestand nog feitlik dieselfde, en was daar by die NZASM nog 'n onafgebroke behoefte aan personeel in byna alle afdelings.<sup>9</sup> Eers met die maatskappy se besuinigings in 1896-1897 het die behoefte aan personeel uit Nederland afgeplat. Teen 1898 was Middelberg selfs genoodsaak om Bake dringend te versoek om tog niemand meer te stuur nie.<sup>10</sup> Die Nederlanders wat na Transvaal gestuur is het aan hulle doel beantwoord : hulle het daardie onmisbare mannekrag beteken, waarsonder geen spoorwegmaatskappy op die been kan kom nie. Hoewel daar mettertyd ook ander nasionaliteite in diens geneem is, het die Nederlanders onder die Blanke NZASM-personeel deurgaans die ruggraat van die maatskappy se bedryf gevorm.

### 3.2 Herkoms

Oor die herkoms van die Nederlandse NZASM-personeel is nog geen sistematiese studie onderneem nie. Ongetwyfeld het hierdie faktor egter 'n invloed gehad op tal van fasette van hulle lewensomstandighede, soos politieke gevoelens, kerklikheid, houding teenoor vreemdelinge en vermoë om met hulle te kommunikeer, en onderlinge sosiale aan-sluiting.

Deur die bestudering van enkele bronne wat met die NZASM-personeel verband hou, was dit wel moontlik om 'n beeld te vorm van die Nederlandssprekende werknemers se geografiese herkoms. In die eerste plek is daar die finansiële state betreffende bedrae geld wat van individuele personeellede se salaris afgetrek en aan familie in Nederland uitbetaal is met die oog op finansiële ondersteuning. Hier word naamlik vermeld waar die betrokke vriendin, verloofde, eggenote of familielid woonagtig was, wat op sy beurt weer 'n aanduiding gee van die werknemer se herkoms. In die tweede plek het 'n mens die adresse van NZASM-personeel wat hulle ná deportasie uit Transvaal (1900) in Europa moes hervestig. Die gegewens uit hierdie twee bronne kan weer vergelyk word met die personeelregisters.<sup>11</sup>

Ten einde te kon vasstel uit watter stede, dorpe en provinsies die meeste Nederlandse NZASM-personeel gestam het, is gebruik gemaak van 150 willekeurige inskrywings in een van die personeellêers in die Algemeen Riksarchief, Den Haag.<sup>12</sup> Ook is 'n gelyke aantal name uit die Adresboek van uitgewezen employé's gekies.<sup>13</sup> Die resultate van hierdie steekproef was enersyds verrassend, andersyds het hulle sekere vermoedens wat die auteur gehad het, bevestig.

Wanneer 'n mens kyk na die stede en dorpe waar hoogswaarskynlik die merendeel Zasmieten se wieg gestaan het, loop Amsterdam ver voor, met 'n gemiddelde van 26%. Ongeveer 7% van die Nederlandse spoorweglui was afkomstig uit Den Haag, 6,8% uit Rotterdam en eweneens 6,8% uit Utrecht, gevolg deur 5,3% uit Haarlem. Stede soos Arnhem, Leeuwarden en Groningen (almal provinsiale hoofstede) behaal nie veel meer as 2% tesame nie, terwyl die res van die personeel uit tal van ander groter en kleiner bevolkingsentra oor die hele land gekom het.

Nog interessanter is die gemiddelde persentasiegewyse grootte van elke provinsie se verteenwoordiging onder die personeel :

Provinsie	% NZASM-personeel daarvandaan afkomstig
Noord-Holland	40,3
Zuid-Holland	23,3
Utrecht	8,15
Gelderland	7,3
Groningen	5,3
Friesland	5,15
Overijssel	2,95
Noord-Brabant	2,3
Limburg	2,0
Drenthe	1,95
Zeeland	1,3
	100%

Hierdie persentasies bevestig die vermoede dat die oorgrote meerderheid Nederlandse NZASM-personeel Protestants was (altans diegene wat getroue kerkgangers was), wanneer 'n mens in ag neem dat die suidelike provinsies soos Noord-Brabant, Limburg en in 'n mate ook Zeeland oorwegend Rooms-Katolieke is. Uit bostaande tabel lei 'n mens ook af dat die meer ontwikkelde en geïndustrialiseerde westelike provinsies (Noord- en Zuid-Holland, asook Utrecht) die voedingsbron vir die maatskappy se werknekmers was, wat ook verklaarbaar is uit die feit dat hierdie gebied die hartland van die Nederlandse spoorwegnetwerk gevorm het. Hier teenoor het die oorwegend agrariese provinsies (Friesland, Groningen, Overijssel, Drenthe en Zeeland) slegs 'n geringe aantal kandidate vir NZASM-betrekkinge gelewer, en was daar ook in die mynprovinsie Limburg maar weinig belangstelling vir Transvaal.

Die persentasies betreffende die verteenwoordiging van die provinsies verdien ook in ander opsigte aandag. Nederland het van 1878 tot 1895 in 'n agrariese krisis verkeer. Deur armoede op die platteland het honderde boere en landarbeiders 'n heenkome in die stede (veral dié in die ryker westelike provinsies) gesoek, waar daar ook geen werk was nie. Ambagslui het eweneens moeilike tye beleef as gevolg van die krisis op die platteland en ook industriële kompetisie. Daar was verder 'n ooraanbod van onderwysers, kantoorwerskers, juriste ensomeer.<sup>14</sup> Dit was dusveral in provinsies soos Noord- en Zuid-Holland waar werkloosheid geheers het en mense na 'n heenkome elders gesoek het. Al die soorte mense wat hierbo genoem is het hulle weg na Herengracht 270 in Amsterdam gevind, waar die NZASM se hoofkantoor gesetel was.

### 3.3 Getalle

Daar bestaan geen noukeurige statistiek van die presiese aantal Nederlanders wat in diens van die NZASM getree het nie. Wel beskikbaar is die NZASM se jaarverslae, wat belangrike syfers betreffende die personeel bevat, asook jaarlikse lyste van dié personeel wat deur die Direksie in Amsterdam na Transvaal uitgestuur is.<sup>15</sup>

Aan die hand van die beskikbare gegewens was dit moontlik om te bepaal dat in die jare 1887-1899 sowat 1 702 werknemers in Europa aangestel is en na Transvaal gekom het. Van hierdie mense is oor dieselfde tydperk 388 ontslaan en 72 dood, sodat daar teen 1900 (teoreties) 1 242 Nederlanders moes oorgebly het. Hierdie getal kom taamlik naby die 1 536 Nederlanders wat "geen burger en niet genaturaliseerd" was (April 1899). In totaal was daar in April 1899 1 777 Nederlanders (of altans Nederlandssprekendes) in diens, van wie 174 "volle" ZAR-burgers was, en 67 hulle burgerskap deur naturalisasie verkry het.<sup>16</sup>

Uit bostaande kan 'n mens dus die afleiding maak dat nie alle Nederlandse NZASM-werknemers noodwendig deur die Direksie te Herengracht 270 aangestel is nie. 'n Aansienlike persentasie was waarskynlik ook diegene wat op eie houtjie na Transvaal geëmigreer het en dan deur die hoofkantoor in Pretoria in diens geneem is. Heelwat Nederlandssprekendes was reeds voor die oprigting van die NZASM in die ZAR gevestig, en ook was 'n aantal vermoedelik uit die Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie afkomstig. Die getal 1 536 Nederlandse burgers hierbo word die meeste benader deur die finale opgawe van die aantal werknemers wat einde April 1901 na Europa teruggekeer het, naamlik 1 689.<sup>17</sup> Hieronder was daar 'n aantal Duitsers, Italianers, Skandinawiërs en ander nie-Nederlanders, sodat 'n mens ten slotte kan aanneem dat die NZASM met die uitbreek van die oorlog in 1899 tussen 1 500 en 1 600 "egte" Nederlanders onder sy personeel getel het.

Behalwe die personeel in Transvaal en Mosambiek (Delagoabaai) was daar nog op die hoofkantoor in Amsterdam 'n personeel van gemiddeld 25 personele werksaam.<sup>18</sup> Hierdie groepie word binne die bestek van hierdie studie buite beskouing gelaat.

### 3.4 Leeftyd

Soos in die geval van die getalle is daar geen presiese gegewens oor die leeftyd wat die Nederlandse personeel by diensaanvaarding en -beëindiging gehad het nie. Weer eens is daar voldoende ander bronne om hiervan 'n beeld te kan vorm.

Die historikus G.J.Schutte het bevind dat die meeste immigrante wat Transvaal vanuit Nederland binnegekom het in die leeftydsgroep van 21 tot 40 jaar gevall het.<sup>19</sup> Hierdie gegewens word bevestig deur die NZASM se personeelregisters.<sup>20</sup> Inskrywings gee hier naamlik ook die betrokke persoon se geboortedatum. 'n Mens kan dus aanneem dat die meeste Nederlanders wat in diens van die NZASM getree het gemiddeld dertig jaar oud was.

Dan nog die leeftyd van die Zasmieten toe hulle dienste in Suid-Afrika nie meer nodig geag is nie en hulle in 1900 deur die Britse militêre owerhede na Europa gedeponeer is. 'n Ondersoek van die lys van gedeponeerde werknemers leer 'n mens dat die jongste ouderdom sewentien, en die oudste sestig was.<sup>21</sup> Die gemiddelde leeftyd was op daardie tydstip dus 38 jaar, wat heeltemal aanneemlik is indien 'n mens in gedagte hou dat die meeste sedert diensaanvaarding reeds 'n paar jaar werkzaam was.

Met verwysing na die personeelregisters was seker twee-vyfdes van die Nederlandse personeel in 1901 twintigers, twee-vyfdes was dertigers, en die res was bo veertigjarige ouderdom. Dit versterk die indruk dat 'n mens hier te make het met 'n relatief jong personeelkorps - iets wat in ag geneem moet word by beskouings oor die lewensomstandighede, doen en late van die Nederlanders in diens van die NZASM.

### 3.5 Getalle volgens jare van aankoms in Transvaal

Gedurende watter jare het die meeste Nederlandse werknemers na die ZAR gekom? Hiervoor kan 'n mens taamlik noukeurige syfers verstrek aan die hand van die personeelregisters.<sup>22</sup> Hulle bevat die datum van aanstelling van elke individuele personeellid. Verder het 'n mens die jaarverslae en die lys van die personeel wat elke jaar na Transvaal uitgestuur is.<sup>23</sup>

Dit is dus moontlik om aan die hand van bogenoemde bron 'n idee te kry van die frekwensie waarmee personeel jaarliks gearriveer het.

Jaar	Aantal aanstellings in Europa gemaak	Totale aantal Blanke personeel
1887	8	8
1888	25	27
1889	24	64
1890	76	274
1891	72	304
1892	97	388 (?)
1893	140	874
1894	131	1 270
1895	344	2 126
1896	465	3 383
1897	285	3 607
1898	22	3 283
1899	13	3 075
1 702:totaal in Europa aangestel		

Uit bostaande syfers kan 'n mens aflees dat daar in die jare 1887-1892 'n geleidelike styging voorgekom het. Die voltooiing en ingebruikneming van die Zuiderlijn in 1893, die Oosterlijn in 1894-1895, die Zuidoosterlijn in 1895 en die Zuidwesterlijn in 1897 het die indiensneming van 'n groot aantal nuwe kragte genoodsaak, soos uit die getalle vir 1893-1897 afgelei kan word. Maar reeds in 1897 was die getal nuwe aankomelinge byna die helfte van dié van die voorafgaande jaar, en in die twee jaar daarna het dit baie drasties gedaal tengevolge van die besuinigings wat die maatskappy, ook op personeelgebied, deurgevoer het.

Dit is interessant om bostaande syfers te vergelyk met die aantal Nederlandse immigrante wat oor dieselfde tydperk in Pretoria geregister is:<sup>24</sup>

Jaar van aankoms	Aantal
1888	9
1889	11
1890	29
1891	34
1892	38
1893	93
1894	161
1895	324
1896	482
1897	317
1898	64

Dieselde frekwensie en tendense as in die geval van die statistiek vir die NZASM kan uit bestaande tabel afgelei word. Die tabelle kom met mekaar ooreen, en daaruit blyk dat die meeste Nederlandse NZASM-werknemers in die jare 1894-1897 aangestel is, met 1896 as hoogtepunt. Hierdie jaar was ook die klimaks van die NZASM se werkzaamhede oor die algemeen.

Na bestaande bespreking behoort dit tans duidelik te wees wie die "Nederlandse NZASM-werknemers" was. Waar Hoofstuk 2 die soeklig laat val het op die NZASM-aspekte, en hierdie hoofstuk gewentel het om die Nederlandse fasette, sentreer die volgende hoofstuk om die Nederlandse NZASM-werknemers as mense wat gewerf, gekeur, aangestel, betaal, beloon en ook ontslaan is.

--oo--

#### Verwysings : Hoofstuk 3

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 279 : Van Kretschmar - Bake, Pretoria, 1899-05-15.
2. Oud-Johannesburg, Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 1934-09-08, pp 17-18.
3. In 'n humoristiese gedig, getiteld Memories en Indrukken van een Spoorwegmensch (Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep, Feestnummer "De Hoop der Toekomst", 1896-08-31, pp 9-12) word van hierdie term melding gemaak; so ook in 'n brief wat die amptenaar N.K. Huijsman op 1899-09-09 vanuit Pretoria aan sy Amsterdamse kollega Th. Geudeker geskryf het (NZASM-archief Th.C. Geudeker, Voorburg/Schoorl). Westenberg noem in 'n brief aan sy suster, geskryf vanuit Barbéton op 1891-05-05, die Nederlandse spoorwegpersoneel Zassemieten (NZASM-archief A. Westenberg, Markelo).
4. Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelyke opening van den Delagoabaaispoorweg 1895, p 96.
5. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 78.
6. ARA : Archief NZASM, 276 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1894-07-10.

7. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, pp 195-196, oor hierdie probleem.
8. ARA : Archief NZASM, 277 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1893-07-17.
9. Algemeen Handelsblad, 1896-05-03 ("Emigratie Transvaal"), Eerste Blad.
10. ARA : Archief NZASM, 278 : Middelberg - Bake, Kaapstad, 1898-03-22.
11. Hierdie personeelregisters berus in die Suid-Afrikaanse gedeelte (die oorblyfsel van die argief van die Direksiekantoor in Pretoria) van die NZASM-argief, wat te vind is in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.
12. ARA : Archief NZASM, 306.
13. ARA : Archief NZASM, 563.
14. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, p 42.
15. ARA : Archief NZASM, 565, bevat sulke lyste.
16. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 87. (in die besit van die skrywer)
17. NZASM, Jaarverslag 1900, p 23. (in die besit van die skrywer)
18. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 88.
19. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, p 44.  
G.J. Schutte, Nederland en de Afrikaners - adhesie en aversie, pp 102-103.
20. Aanwesig in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Argief NZASM, 1890-1900 (NZM 19-63 : Personnelregisters 1890-1900).
21. Archief NZAV, Amsterdam, Emigratie 1882-1905 : NZAV VII A/96 : Staat van personen, gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteiten uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, I-VII.
22. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Argief NZASM, NZM 19-63.
23. ARA : Archief NZASM, 565, bevat sulke lyste.
24. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, p 46.

## HOOFSTUK 4

"IN HET ZWEET UWS AANSCHIJNS" : Oor aanstellings, ontslag, salarisse, regte, verpligtinge en ander personeelaangeleenthede

"Zelfs onse ergste vijanden, die van die 'rascally Hollanders' slechts kwaad verwachten, spreken met lof over de werkzaamheden van ons personeel. Er wordt in Afrika hard gewerkt, harder misschien dan in een klimaat als het Transvaalsche wenschelijk is."

(Direkteur R.W.J.C. van den Wall Bake, na aanleiding van sy besoek aan Suid-Afrika in 1896)<sup>1</sup>

In die vorige hoofstuk is kennis gemaak met die getalle, herkoms en ouderdom van die Nederlandse NZASM-werknemers. Dit is vervolgens nodig om aandag te gee aan sake soos werwing, aanstellings en die regte en verpligtinge wat daarmee gepaard gegaan het, en verder salarisse, funksies, strawwe en ontslag, en soortgelyke sake wat met die personeelbedryf van 'n maatskappy soos die NZASM verband hou.

### 4.1 Werwing

Die werwing van personeel deur die hoofkantoor in Amsterdam is reeds in Hoofstuk 3 aangeroer. Dit was een van sy vernaamste take.

Dit was veral in die begin uiter moeilik om gesikte mense in die ZAR te vind, en daarom was dit nodig om op aanvraag van die Pretoriase kantoor personeel in Nederland te werf. 'n Bymotief wat nog nie genoem is nie was die Direksie se erns met sy verpligting om met sy maatskappy die amptelike taal van die ZAR te gebruik, en bowendien wou hy die Nederlandse karakter van die NZASM benadruk.<sup>2</sup>

Hoe hierdie werwing presies plaasgevind het, is nie duidelik nie. Dit is aanneemlik dat Direkteur Bake van sy veelvuldige persoonlike kontakte in die Nederlandse spoorwegwêreld gebruik gemaak het. Die belangrikste Nederlandse dagblaaie van daardie tyd het, sover vasgestel kon word, geen advertensies in die verband gedra nie.

Van tyd tot tyd het koerante en tydskrifte in Nederland berigte

gepubliseer oor Hollanders wat besig was met die aanleg van spoorweë in die "verre Transvaal".<sup>3</sup> Baie van hierdie artikels is geskryf deur personeellede van die NZASM wat in Transvaal werksaam was. So byvoorbeeld was M.E. de Wildt, Direksiesekretaris in Pretoria, korrespondent vir die Nieuwe Rotterdamsche Courant.<sup>4</sup> Daar kan dus gekonstateer word dat die NZASM 'n redelike mate van publisiteit in Nederland geniet het. Sulke berigte het soms melding gemaak van 'n behoefté aan personeel.<sup>5</sup> Hierop is soms deur belangstellendes gereageer, gewoonlik per brief. So was ingenieur A. Westenberg maar een van talle ander wat aan die Direksie in Amsterdam geskryf het dat hy van personeeluitbreidings verneem het, en of hy vir 'n aanstelling in aanmerking sou kom.<sup>6</sup> Dit is egter ook moontlik dat voornemende aansoekers hulle by die kantoor te Herengracht 270 aangemeld het.

'n Mens moet ook nie vergeet nie dat baie Nederlanders in diens van die NZASM getree het omdat hulle na Transvaal wou emigreer. Nadat hulle in die ZAR beter werk gevind het, het hulle dan bedank.

Werwing in Suid-Afrika het gewoonlik meer regstreeks deur middel van advertensies in die vernoomste dagblaaie plaasgevind.<sup>7</sup> Persoonlike kontak het ook 'n rol gespeel. So byvoorbeeld is ingenieurs betrokke by spoorwegaanleg, soos Westenberg, dikwels byna oorspoel met Nederlanders en ander bevolkingsgroepe wat vir werk aangeklop het.<sup>8</sup>

#### 4.2 Keuring

Afhangende van die tipe funksie (posbekleding) het die Direksie sekere vereistes ten opsigte van kwalifikasies gestel. Uiteraard is daar by voorkeur mense by die Nederlandse spoorwegmaatskappye gewerf. Dit was so dat die lewensomstandighede in die jare 1880 en 1890 vir die spoorwegpersoneel in Nederland nie besonder gunstig was nie. Teoreties kon daar dus 'n ruim arbeidsaanbod wees. Maar die meeste spoorweglui was nie avontuurlustig en ondernemend genoeg om 'n betrekking in die ver en vreemde Suid-Afrika te aanvaar nie. Verknogtheid aan huis en haard het dan ook mede veroorsaak dat die NZASM slegs met moeite geskikte kragte kon werf.<sup>9</sup>

Dit is dus geen wonder dat daar nie huis kieskeurigheid aan die dag gelê kon word wanneer na kwalifikasies en ondervinding gekyk is nie. In die beginjare kon daar by die groot behoefté aan werkkragte nie teveel op kwaliteit gelet word nie, en het Middelberg dus aan Bake geskryf : "Wie zich aanbiedt en goed is, laat hem komen...We hebben alles noodig."<sup>10</sup> Die werwing en keuring van mense uit die spoorwegbedryf het ook probleme meegebring - die NZASM se Chef van Exploitatie, C.L. Plate, het begin 1895 gekla dat hulle te eensydig en rigied opgelei was om maklik by Transvaalse toestande aan te pas, en dus het Van Kretschmar (wat toe as Direkteur in Pretoria waargeneem het) vir Bake in Amsterdam aangeraai om liewers jongmense met 'n eindeksamendiploma aan te stel, mense wat makliker was om te vorm.<sup>11</sup> By gebrek aan gesikte Nederlanders moes soms selfs personeel van ander nasionaliteite in Europa gewerf word.<sup>12</sup>

Deurdat daar nie te veel op kwaliteit gelet kon word nie (anders het die NZASM niemand gekry nie) het daar veral in die begin 'n menigte onervare mense uitgekom. Verkeerde aanstellings is gemaak, wat dan tot ontslag gelei het.\* Ander weer het hulle betrekking by die NZASM slegs as iets tydeliks gesien, en het bedank sodra hulle werk gevind het wat meer betalend was. Nie net het die diens hieronder gevly nie, maar ook het die genoodsaakte aanstelling van kwalitatief swak personeel allerlei sosiale moeilikhede veroorsaak. 'n Faktor wat hiermee verband gehou het, en beslis bestaan het, is die "Hollanderhaat".

Dit het tot 1896-1897 geduur voordat daar enigsins sprake kon wees van 'n goed funksionerende personeelkorps.<sup>13</sup> Voltooiing van die laaste spoorlyn, 'n verlaging in inkomste en die strewe om die hele spoorwegbedryf meer vaartbelyn te maak, het tot personeelrasionalisasie gelei. Voortaan kon daar met nuwe aanstellings meer op kwaliteit gelet word. Die hoofkantoor

---

\* Die getal personeellede wat jaarliks ontslaan is of bedank het, het in 1893 skielik toegeneem tot 320, en daarna skerp gestyg tot 1 325 in 1896 as 'n klimaks; daarna het die getalle weer geleidelik afgeneem tot ongeveer 524 in 1899. Dit was egter nog steeds baie hoog.  
(Bron : NZASM-jaarverslae)(in die besit van die skrywer)

in Amsterdam was egter nog geneig om soos vanouds enigeen aan te stel wat maar geskik gelyk het, sodat Middelberg in 1897 sy kollega Bake dringend versoek het om tog meer op kwaliteit te let.<sup>14</sup> Blykbaar het Bake die situasie nog nie goed begryp nie, en het hy voortgegaan om mense (wat nie meer nodig was nie) te stuur, sodat Middelberg 'n jaar later gevra het dat niemand meer hoef te kom nie.<sup>15</sup>

In Transvaal was dit makliker om die situasie te beoordeel, en kon daar dus strenger te werk gegaan word met die keuring van aansoekers. So is daar vereis dat klerke Engels en Nederlands magtig moes wees, ploegbase goed met Swartes kan omgaan ensomeer. Meermale was "zonder goede getuigschriften aanmelding overbodig".<sup>16</sup> Uiteraard was dit nie altyd Nederlanders wat oor die beste kwalifikasies beskik het nie.

Ten einde gekeur te kon word, moes voornemende aansoekers in Nederland 'n vraelys invul.<sup>17</sup> Dit is onbekend of dieselfde prosedure ook in Transvaal gevolg is. Die kandidaat moes onder meer gegewens verstrek oor skoolopleiding en -vakke, bekendheid met tale, naskoolse kwalifikasies, vorige werksaamhede en werksondervinding, getuigskrifte en aanbevelings, watter betrekking hy by die NZASM sou wil beklee, en wanneer hy daarvoor beskikbaar sou wees.

#### 4.3 Aanstelling

Nadat 'n aansoeker aan die hand van sy vraelys, en dalk ook 'n persoonlike onderhoud, geëvalueer is, is daar besluit om hom aan te stel of nie. In Amsterdam het dit berus by die Direksie, en in Transvaal is aanstellings deur die Chef van Exploitatie of deur die Hoofingenieur (in beheer van die aanleg) gedoen.<sup>18</sup> Daar is by die aansoeker verneem of hy bereid sou wees om die aangebode betrekking te aanvaar. Nadat 'n skriftelike bereidverklaring ontvang is, is die volgende dokumente aan die aansoeker gestuur :<sup>19</sup>

- \* 'n aanstellingsbrief (Acte van aanstelling) in tweevoud (FIGUUR 7);
- \* 'n eksemplaar van die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren der maatschappij in Zuid-Afrika, of, afhangende van die soort aanstelling, Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de beambten der exploitatie ;

Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij.

ACTE VAN AANSTELLING.

De Directie der Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij benoemt  
den Heer *Petrus Hubertus Bouten*  
tot *ambtenaar* by den dienst van *Jan* der Maatschappij in Zuid-Afrika.

De aanvang van het dienstverband wordt gesteld op *1 October* 1892.

De bezoldiging zal bedragen *vier honderd en twintig*  
Gulden ( £ 35,- ) per maand.

Vrije overtocht wordt verleend als passagier der *eerste* klasse, *bij uitvoering*.

De benoeming geschieft onder inachtneming der „Bepalingen omtrent de rechten en  
verplichtingen van de ambtenaren der Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in Zuid-Afrika”, vastgesteld voor de Directie, d.d. *1 Augustus 1892*.

AMSTERDAM, *20 Augustus* 1892.

De Directie der Nederlandse Zuid-Afrikaansche  
Spoorweg-Maatschappij.

*Mandus Prins*

De ondergetekende verklaart de benoeming tot *ambtenaar*  
*by den dienst van Jan* der Nederlandse Zuid-Afrikaansche  
Spoorweg-Maatschappij in Zuid-Afrika, op invenstaande voorwaarden te  
aanvaarden, van de in deze Acte genoemde „Bepalingen” een exemplaar te hebben ontvangen, den inhoud te kennen en zich aan die  
„Bepalingen” te onderwerpen.

*Bouten*, den *21 Augustus* 1892.

FIGUUR 7 Aanstellingsbrief van P.H. Bouten, Augustus 1892  
(Algemeen Rijksarchief : Archief NZASM, 169)

- \* 'n eksemplaar van die Regeling der Vergoedingen voor reis- en andere kosten toegekend aan het Personeel der Maatschappij;
- \* 'n eksemplaar van die Regeling van Verlof.

#### 4.3.1 Acte van aanstelling

Van die aansoeker is verwag om beide afskrifte hiervan te onderteken, en een aan die hoofkantoor terug te stuur.<sup>20</sup> Hiermee is die aanstelling dan afgehandel. In die Acte van aanstelling is gespesifieer of die persoon as amptenaar of as beampete aangestel is, asook die datum van diensaavaarding, maandelikse besoldiging en enkele besonderhede insake die skeepsreis.<sup>21</sup>

#### 4.3.2 Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van het personeel der Maatschappij/ ambtenaren der exploitatie/ beambten der exploitatie/ ambtenaren der Maatschappij in Zuid-Afrika

Hierdie klein en onaansienlike boekie was die hoeksteen van die NZASM se personeelbestuur. Met die ondertekening van die Acte van aanstelling het die nuwe werknemer onder meer verklaar dat hy op die hoogte van die inhoud daarvan is en hom aan die Bepalingen onderwerp.

In die gedeeltes hieronder sal nog meermale na hierdie dokument (voortaan afgekort tot "R&V") verwys word. Daar was verskillende variasies, naamlik vir personeel werksaam by die Dienst van Aanleg, amptenare en beamptes by die Dienst der Exploitatie, en later ook amptenare wat in beide afdelings aangestel was.<sup>22</sup>

#### 4.3.3 Basis van aanstelling

Uit die aard van die personeel se werksaamhede tref 'n mens verskillende basisse aan waarop, ook die Nederlanders, aangestel is, en wel :

- \* as amptenaar, met of sonder dienskontrak;
- \* as beampete, eweneens met of sonder dienskontrak;
- \* as los werknemer.

Dit is raadsaam om hierdie ietwat verwarringende aangeleentheid kortlik toe te lig.

(a) Aanstelling as amptenaar of beampte

Die verskil tussen "amptenaar" en "beampte" is nie altyd ewe duidelik nie, en dit is ook by die NZASM die geval. In wese kom dit daarop neer dat eersgenoemde spesifiek 'n persoon is wat in 'n publieke organisasie (soos 'n spoorwegmaatskappy) aangestel word, terwyl met 'n "beampte" enige funksionaris bedoel word. Gewoonlik het 'n "amptenaar" ook 'n hoër rang en aansien as 'n "beampte", en is laasgenoemde by 'n openbare maatskappy in die reël iemand wat 'n laer betrekking beklee.<sup>23</sup>

By die NZASM was die verskil tussen 'n amptenaar en 'n beampte onder meer daarin geleë, dat eersgenoemde gratis per skip na Suid-Afrika gereis het, en laasgenoemde daarvoor moes betaal.<sup>24</sup> Verder moes by bedanking of ontslag van 'n amptenaar twee maande kennis gegee word, maar by 'n beampte slegs twee weke.<sup>25</sup> Ook het amptenare 'n maand verlof gehad, terwyl dit by beampes twee weke was.<sup>26</sup> Amptenare wat tydelik onbekwaam vir werk was het gedurende hierdie tydperk ook meer besoldiging ontvang as beampes.<sup>27</sup> Die onderskeidelike R&V vir amptenare en beampes bevat nog 'n paar ander verskille. Hieruit is dit duidelik dat beampes 'n laer aansien as amptenare geniet het, en dié verskil het ook buite die dienskring (byvoorbeeld in die verenigingslewe) 'n rol gespeel.

Personnel wat in diens van die Dienst van Aanleg (spoorwegkonstruksie) geneem is, is nie permanent aangestel nie, maar op 'n kontrak van vier jaar, waarskynlik op grond van die tydelike aard van die werk wat hierdie afdeling verrig het.<sup>28</sup> Na beëindiging van die kontrak het iemand die keuse gehad om die diens te verlaat en na Europa terug te keer, of om die kontrak te verleng.<sup>29</sup> In die jare 1892-1893 het dit finansieel met die NZASM nie voor die wind gegaan nie, sodat die meeste kontrakte toe nie verleng is nie. In baie gevalle was die personeel selfs bereid om voor die verstrykingsdatum van die kontrak onthef te word en die diens te verlaat.<sup>30</sup>

Diegene wat by die Dienst der Exploitatie (spoorwegbedryf) aangestel is, het 'n permanente diensverband na 'n proeftydperk van een maand gehad.<sup>31</sup> In hierdie geval was dus geen sprake van kontrakte nie vanweë die voortdurende en deurlopende aard van die afdeling se aktiwiteite.

(b) Aanstelling as los werker

Hierdie kategorie, waarin ook heelwat Nederlanders gevall het, is slegs in Transvaal aangetref. Dit kom daarop neer dat personeel ook op 'n tydelike basis aangestel kon word. Los personeel is aangestel en ontslaan deur die hoofde van afdelings, en nie, soos in die geval van vaste personeel soos amptenare en beampes, deur die Direksie of die hoofde van die dienste van Aanleg of Exploitatie nie. Hulle is per uur of per dag betaal.<sup>32</sup> Op grond van hulle diensverband kon los werkemmers natuurlik nie op dieselfde regte en voorregte as amptenare en beampes aanspraak maak nie, alhoewel hulle aan dieselfde arbeidsvoorwaardes onderworpe was.

4.4 Oortogreeëlings

Nadat 'n persoon aangestel is, het die NZASM die nodige reëlings getref om hom na Suid-Afrika te stuur.

Die maatskappy het omgesien na die plekbespreking op die skip waarmee die seereis sou plaasvind. Amptenare het op koste van die NZASM gereis. Dit het ook die landreis in Suid-Afrika ingesluit. Dit lyk baie vrygewig, totdat 'n mens verder lees in die R&V met betrekking tot die amptenare, en sien dat iemand wat binne vier jaar na aanstelling sou bedank, die koste van sy reis moes terugbetaal.<sup>33</sup>

Beampes moes hulle reis self betaal. Indien hulle bereid was om as derde-klas passasiers te reis, het die NZASM die reiskoste voorgeskiet, met die bepaling dat dit van die beampte se salaris verhaal sou word.<sup>34</sup> Die beampte het dan voor sy vertrek 'n skuldbewys onderteken, waarin hy verklaar het dat hy die voorskot sou terugbetaal indien hy binne vier jaar na aanstelling sou bedank.<sup>35</sup> Verder is daar bepaal dat die beampte na vier jaar diens die totale bedrag "als geschenk" sou terug ontvang.<sup>36</sup>

Die NZASM het 'n ooreenkoms gehad met die skeepvaartagentskap De Vries & Co. in Amsterdam betreffende die oortog van nuut aangestelde personeel en hulle bagasie. De Vries & Co. was onder andere agente vir die Britse Union Line, met wie se stoombote dus honderde Nederlandse spoorweglui

na Suid-Afrika gereis het.<sup>37</sup> Omstreeks 1897 het die NZASM 'n regstreekse ooreenkoms met 'n nuwe Franse skeepvaartmaatskappy, die Chargeurs Réunis, aangegaan.<sup>38</sup> Die ooreenkoms met De Vries & Co. is egter gehandhaaf.

Vir 'n beskrywing van die skeepsreis word die leser na Hoofstuk 11 verwys.

#### 4.5 Personeelstruktuur

Met sy aankoms in Transvaal het die nuwe Nederlandssprekende werknemer ingeskakel by die NZASM se personeelstruktuur. Vermoedelik het elke personeellid destyds min of meer geweet hoe dié struktuur in mekaar gesteek het, maar vandag is dit taamlik moeilik om te ontrafel vanweë die oënskynlike duplisering van afdelings en funksies en die voortdurende strukturele veranderinge namate meer personeel en spoorlyne bygekom het.

In Bylae I word die personeelstrukture van 1891, 1896 en 1899 skematis weergegee. Die gegewens is ontleen aan die jaarverslae. Daar sal verder in hierdie studie telkemale na verskillende personeelafdelings, soos aangedui op Bylae I se organigramme, verwys word.

#### 4.6 Funksies

Die personeel van die NZASM is in verskillende funksies of betrekings ingedeel, afhangende van kwalifikasies, aanleg en die Dienst of afdeling waarin iemand aangestel is.

Dit lê nie in die bedoeling van hierdie studie om 'n volledige oorsig van alle soorte betrekings te gee nie, maar dit is tog interessant om daarvan 'n idee te hê. So het 'n mens by die volgende Diensten en afdelings mense in diens gehad soos :<sup>39</sup>

Aanleg (konstruksie) : hoofingenieur, ingenieurs, hoofopsigters en opsigters, tekenaars, klerke, boekhouers, tegniese amptenare ensomeer;

Springs-myn : myningenieur, boekhouers, klerke, smede, draaiers, ladingmeesters, mynwerkers, stokers, masjiendrywers ensomeer;

Materieel (werkphase) : skilders, stokers, masjiendrywers, passers en draaiers, ketelmakers, kopersmede, klerke, smede, magasynknechte, booroperatorse, seilmakers ensomeer (FIGUUR 8);

Weg en Werken (werke en onderhoud) : ingenieurs, tekenaars, ploegbase, skrynwerkers, smede, tuiniers, klerke, magasynmeesters ensomeer;

Algemeene Dienst (hoofkantoor) : klerklike amptenare en beampies, en verder die Direksiestaf (FIGUUR 9);

Mouvement en Handelszaken (treinverkeer en vervoer) : rangeerders, terreinopsigters, klerke, ladingmeesters, kondukteurs, kontroleurs, stasiemeesters en -klerke, nagwagte, goedereklerke ensomeer;

Tractie (trekkrag) : treinsmede, nagstokers, stokers, lokomotiefdrywers, magasynmeesters en -knechte, hyskraandrywers ensomeer (FIGUUR 10)

Geneeskundige Dienst : geneeshere en verpleegsters;


Seinwezen en Telegrafie : telegrafiste, seiners, seinopsigters ensomeer;

Besteldienst (afleweringsdiens) : klerke, stalmeesters, wa-drywers ensomeer.

'n Mens kan uit bostaande oorsig 'n beeld vorm van die groot verskeidenheid van betrekings en groot mate van spesialisasie in 'n spoorwegbedryf soos die NZASM. Dit wek dus geen verbasing nie dat die maatskappy vir sommige betrekings moeite ondervind het om gesikte mense te werf.

Soos die personeel in sy geheel onderworpe was aan die R&V, so was daar tewens 'n aantal reglemente. Alle personeel moes gehoorsaam wees aan die Dienstreglement der NZASM : Algemeene Bepalingen.<sup>40</sup> Dan was daar ook 'n aantal funksies wat deur verdere reglemente omskryf is, byvoorbeeld lokomotiefpersoneel, kondukteurs, stasiemeesters, ploegbase en enkele ander.<sup>41</sup> Hierdie Dienstreglementen kan die beste beskryf word as pligstate, gekombineer met prosedurehandleidings.


Deur die menigte reglemente en ander voorskrifte wat bestaan het, het die personeel in teorie presies geweet wat veroorloof en verbode was en wat hulle pligte behels het. Dat daar in die praktyk nogtans heelwat skeefgeloop het, is nie aan die geskrewe voorskrifte te wyte nie, maar eerder aan onervarenheid, onverantwoordelikheid, gebrekkige kommunikasie en dergelike faktore.



FIGUUR 8 Personeel van die werkplaas te Komatiopoort by 'n 18-ton NZASM-lokomotief,  
ca. 1890 (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuuseum)



FIGUUR 9 Groepsfoto van die hoofkantoorpersoneel in Pretoria, ca. 1898. Sesde van regs in die voorste ry sit G.A.A. Middelberg (Direkteur), vyfde van regs sit M.E.H. Breuning (Hoofingenieur), en derde van regs sit A. Westenberg (ingenieur).  
(Transvaalse Argiefbewaarplek)



FIGUUR 10 'n Tandratlokomotief van die NZASM, met sy drywer en stoker, op Waterval-Onder-stasie,  
ca. 1895 (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstesmuseum)

#### 4.7 Besoldiging

Die Nederlandse NZASM-personeel het in die eerste plek om finansiële gewin na Transvaal gegaan, en vanselfsprekend was hulle besoldiging 'n onderwerp waaroer baie gepraat, geskryf en hare gekloof is.

In die R&V is gestipuleer dat 'n amptenaar of beampete vanaf die datum dat hy in diens geneem is op besoldiging geregtig was, en dat dit maandeliks uitbetaal sou word.<sup>42</sup> In die persoon se Acte van aanstelling is gespesifieer hoe groot hierdie salaris sou wees.<sup>43</sup>

In die beginjare het die NZASM gesukkel om gesikte mense in Nederland en elders te werf, en het die maatskappy dus 'n maandelikse minimum-salaris van £20 betaal, wat vir daardie tyd taamlik hoog was. Dit is later tot slegs £12.10 verminder, na Bake se oordeel nie as gevolg van suinigheid nie, maar op grond van slegte ervarings wat opgedoen is deur aan jongmense uit Europa 'n te hoë salaris te betaal.<sup>44</sup> Hierdie maandelikse salaris was aan 'n pos (betrekking of funksie) gekoppel en was onveranderbaar. Alleen by bevordering na 'n hoër rang of pos is dit verhoog. Die werknemer kon sy finansiële posisie slegs verbeter deur ywer, geskiktheid, langdurige diens, oortyd, ensomeer, waarvoor hy 'n toelae of bonus ontvang het.<sup>45</sup>

Gedurende die eerste jare het hierdie stelsel min of meer gewerk, en het die NZASM met die vinnige personeeluitbreiding en die daardeur ontstane vakatures en nuwe poste verwag dat die beter werknemers spoedig en dikwels bevorder sou word.<sup>46</sup> Met die ekonomiese ontwikkeling van die ZAR en die toename van maatskappye wat ten opsigte van werkgeleenthede en besoldiging met die NZASM kon kompeteer, het laasgenoemde se salarissoorte begin raak. Veral in stede soos Johannesburg en Pretoria het die personeel moeite ondervind om finansieel die mas op te kom vanweë die hoë kostes van lewensoronderhoud. Teen 1889 reeds is dus gekla dat die salarissoorte te laag was.<sup>47</sup> Middelberg het in 1893 gemeen dat hulle tog nie te laag was in vergelyking met wat die Kaapse spoorweë aan ervare personeel betaal het nie.<sup>48</sup> Die klagtes het voortgeduur. 'n Menigte groter en kleiner ongelukke, wat die NZASM in die jare 1893-1896 geteister het, het aanleiding gegee tot beschuldigings dat die maatskappy te lae salarissoorte betaal en dus met personeel van mindere gehalte genoeë moes neem.

Met Bake se besoek aan Transvaal in 1896 het die geroep om hoër salaris=se 'n klimaks bereik. Die ongelukke het haas epidemiese afmetings aangehem en die kwessie is tot in die Volksraadsaal gevoer, sodat die Direksie genoodsaak was om die salariëring ten slotte ernstig te ondersoek.

Dit het geleid tot die erkenning dat die salarisste inderdaad te laag was.<sup>49</sup> As gevolg hiervan is by Dienstorder No. 13 besluit om die meeste minimum=salarisse van £12.10 tot £15 te verhoog.<sup>50</sup> Dit was nogtans ook duidelik dat die salarisste nie net te laag was nie, maar dat bevorderingsmoont=likhede met die uitbreiding van personeel en die vul van alle hoë poste steeds skaarser geword het. Om hierin verbetering te bring het met in=gang van 1 September 1896 'n verdere Dienstorder (No. 14) van krag geword.<sup>51</sup> Dit het daarop neergekom dat die stelsel waarby verhoging van salaris byna geheel-en-al afhanklik was van bevordering en die ontstaan van vakatures,aangevul is deur jaarlikse salarisverhogings.

Hoewel daar na 1 September 1896 nog af en toe gekla is oor lae salarisste, lyk dit asof die stof wat oor besoldiging opgewaai is gaan lê het. Dat die NZASM se salarisste tog nie so swak was nie, was die versugting van menige oud-werknemer in die jare na die Anglo-Boereoorlog.<sup>52</sup>

In Bylae II word 'n oorsig gegee van 'n aantal funksies en die salarisste daaraan verbonde.

#### 4.8 Wyse van beskikking oor besoldigings

Werknemers se salarisste is aan die einde van elke maand uitbetaal. Hulle het die keuse gehad om alles uitbetaal te kry, of om dit gedeel=telik of selfs geheel op 'n rekening in Europa te laat stort.<sup>53</sup>

By aankoms in Transvaal het baie Nederlanders gewoonlik nie oor die oorbruggingskapitaal beskik om die eerste noodsaklike uitgawes te delg nie. In so 'n geval is daar dus 'n reëeling getref waarvolgens iemand 'n voorskot op sy salaris kon ontvang.<sup>54</sup> Hierdie voorskot moes binne 'n jaar aan die maatskappy terugbetaal word.

'n Ander reëeling waarvan uiteraard die meeste Nederlanders gebruik gemaak het, was om 'n gedeelte van hulle besoldiging deur die NZASM

aan ouers, eggenotes, vriende, familie en afhanklike in Nederland of elders te laat uitbetaal. Hierdie uitbetalings het periodiek plaasgevind.<sup>55</sup> Die bedrae het gewissel van so min as £1 (f12) tot £25 (f300), natuurlik afhangende van iemand se salaris.

Dit was 'n reëling wat goed gewerk het, en wat daartoe gelei het dat heelwat broodwinners na Transvaal kon gaan en hulle familie verder kon onderhou. Hierdie reëling was 'n belangrike skakel met Nederland, en het dus bygedra tot die behoud van die NZASM-personeel se oorwegend Nederlandse karakter.

#### 4.9 Verlofreëlings

Ingevolge die R&V was beampies geregtig op 'n maksimum van twee weke verlof met volle betaling.<sup>56</sup> By amptenare was dit anders : hulle kon 'n hele maand se betaalde verlof geniet.<sup>57</sup> Na ses jaar of langer onafgebroke diens kon aan 'n amptenaar of 'n beampie 'n lang verlof teen gedeeltelike betaling toegestaan.<sup>58</sup> Baie Nederlanders in maatskappydiens het na ses jaar hulle langverlof geneem en na Europa gegaan, om dan geestelik versterk en uitgerus na Transvaal terug te keer.

Wat siekte- of ongesiktheidsverlof betref, het amptenare en beampies gedurende die eerste drie maande daarvan volle betaling ontvang, en oor die drie maande daarna die helfte van hulle salaris.<sup>59</sup>

#### 4.10 Straf van personeel

Met 'n onervare personeelkorps, wat gedeeltelik ook uit mense van lae gehalte saamgestel was, lê dit voor die hand dat die NZASM dikwels te make gekry het met werkneemers "...die ernstige reden tot ontevredenheid geven".<sup>60</sup> Ingevolge die R&V is aan die hoofde van die Diensten en afdelings dan ook die bevoegdheid verleen om skuldiges te straf. Soos met ander sake is hier ook 'n verskil tussen amptenare en beampies gemaak : eersgenoemde het gevaar geloop om 'n maand se salaris te verloor, terwyl laasgenoemde op enige wyse gepenaliseer kon word.<sup>61</sup>

In die lig van die feit dat daar met onervare en soms ongemotiveerde personeel gewerk moes word en die vyande van die NZASM maar al te

gretig was om die foute wat gemaak is uit te buit, is dit begryplik dat toesighouers genoodsaak was om dikwels strawwe uit te deel. In die personeelregisters kom 'n mens 'n hele spektrum hiervan teë, waarvan hieronder slegs enkele voorbeelde aangehaal word :<sup>62</sup>

- \* wegraak van gereedskap : 5 sh boete
- \* te laat op diens : 1 sh boete
- \* vergeet om platformligte aan te steek : £1 boete
- \* slaap op diens : een maand geen toelaes
- \* onversigtig rangeer : £2.6 boete
- \* dronkenskap : 10 sh boete
- \* parmantigheid : twee weke geen toelaes
- \* verkeerde stempel van kaartjies : 1 sh boete
- \* bedrog : tydelik geskors

#### 4.11 Ontslag van personeel

By voortdurende ontevredenheid het ook die Nederlandse NZASM-werknemers gevaar geloop om ontslaan te word. Deurdat twee weke tyd toegestaan is om hulle saak te stel, het amptenare darem nog 'n kans gehad, dog beampies is summier ontslaan.

'n Heeltemal ander vorm van ontslag was aan die orde wanneer daar op personeel besuinig moes word, of wanneer personele uit eie beweging bedank het hoofsaaklik omdat hulle elders werk gevind het.

Weer eens kan 'n mens die personeelregisters raadpleeg ten einde 'n indruk te kry van die redes waarom personeel hulle werk verloor het. Eervolle ontslag is verleen aan diegene wat bedank het uit eie beweging, hulle wat as gevolg van verwonding vir altyd of minstens twee jaar onbekwaam sou wees, of aan personeel wie se dienste nie meer nodig was nie. Aan hulle wat voortdurend dronk was, gedros het, bedrog of diefstal gepleeg het, onreëlmatighede begaan het of wie se gedrag en houding te wense oorgelaat het, is oneervolle ontslag verleen.<sup>64</sup>

#### 4.12 Oorlyde van personeel

By oorlyde van amptenare en beamptes is aan die erfgename die salaris oor diē maand, waarin die persoon dood is, uitbetaal. Sou die oorledene 'n weduwee en minderjarige kinders nagelaat het, het hulle nog 'n verdere drie maande besoldiging ontvang.<sup>65</sup>

#### 4.13 Ander regte, voorregte en verpligtinge

Sekere tae betaalde werknemers soos ladingmeesters, seinwagters, treinkondukteurs en rangeerders het in aanmerking gekom vir gratifikasies (bonusse of toelaes).<sup>66</sup> Dit was mense wat gewoonlik in minder aangename omstandighede hulle werk moes verrig. Gratifikasies is maandeliks toegeken op basis van stipte navolging van voorskrifte, produktiwiteit, goeie gedrag, ywer ensomeer. Waar iemand rede tot ontevredenheid gegee het en gepenaliseer is, het hy natuurlik sy gratifikasie vir die maand verbeur.<sup>67</sup>

Gedurende 1896 het dit met die NZASM finansieel goed gegaan, en is daar aan die einde van hierdie jaar vir die eerste keer aan die personeel 'n ekstra maand se salaris as bonus uitbetaal.<sup>68</sup> Die daaropvolgende jaar was die finansiële resultate minder gunstig, sodat elkeen slegs twee-derdes van 'n maand se salaris as bonus ontvang het.<sup>69</sup> Die bonus het in Desember 1898 ingekrimp tot 'n halwe maand se besoldiging - teken van die NZASM se strewe na besuiniging.<sup>70</sup>

Drywers (masjiniste) en stokers het premies in plaas van gratifikasies ontvang.<sup>71</sup> Om hiervoor te kwalifieer moes hulle bewys lewer dat hulle suinig met steenkool en olie gewerk het.

Ten slotte nog 'n paar verpligtinge wat nog nie genoem is nie.<sup>72</sup> Werknemers is byvoorbeeld verbied om sonder toestemming hulle standplaas te verlaat. Sonder skriftelike magtiging was dit niemand geoorloof om planne, tekeninge, briewe of ander amptelike dokumente openbaar te maak nie. In 'n poging om die ongeremde en soms noodlottige spekulasié in aandele en kleims teen te gaan, asook die dryf van handel en die behartiging van agentskappe, het die Direksie bepaal dat ook hiervoor skriftelike toestemming vereis was.

#### 4.14 Kommunikasie tussen Direksie en personeel

Die R&V, asook die verskillende diensreglemente en ander staande voor-skrifte, was die breë raamwerk waarbinne die personeel hulle werkzaam-hede uitgeoefen het.

Van tyd tot tyd het die Direksie in Pretoria ook sogenaamde Dienstorders uitgevaardig, waarmee nuwe regulasies en verordeninge bekendgemaak is, bestaande reglemente en instruksies gewysig, geskrap of aangevul is, en mededelings gedoen is rakende reis- en verblyfkoste, salaris, sleutelaanstellings, reise met vreemde spoorweë, optrede en posisie tydens oorlogstoestand, en ander. Van Desember 1894 tot Junie 1900 het 53 sulke Dienstorders die lig gesien.

Die Nederlandse NZASM-werknemers was mense wat, soos enige ander personeel, in diens van 'n onderneming, sekere voorregte, regte en verpligte gehad het. Hulle funksie, standplaas, salariëring en herkoms het ongetwyfeld 'n bepalende invloed op hulle lewensomstandighede uitgeoefen. Oor hierdie onderwerp, naamlik die lewe soos wat dit van dag tot dag daaruit gesien het, handel die volgende hoofstuk.

--oOo--

#### Verwysings : Hoofstuk 4

1. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport van den Directeur van den Wall Bake n.a.v. zijn bezoek aan Zuid-Afrika in 1896, p 46.
2. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 195.
3. Byvoorbeeld :
  - (a) Hollanders aan het werk in Zuid-Afrika, Eigen Haard, 1891, 1, pp 217-221 (NZAV-biblioteek, Amsterdam, pamphlet P 59);
  - (b) De Spoorweg van Delagoabaai naar de Zuid-Afrikaansche Republiek, Eigen Haard, 1893, pp 2-40 (NZAV-biblioteek, Amsterdam, pamphlet P 53/32);
  - (c) F.V. Engelenburg, De wording van den Delagoabaaispoorweg, De Gids, 1895, 1, pp 44-71.

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

4. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : M 878 : Breuning - suster Paula, Pretoria, 1895-01-11.
5. Byvoorbeeld : Algemeen Handelsblad, 1896-05-03 ("Emigratie Transvaal"), Eerste Blad.
6. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 27 : Westenberg - Directie Amsterdam, Galisië, 1889-10-19.
7. Koerante soos De Volksstem en The Press bevat talle voorbeeld van werwingsadvertensies.
8. NZASM-archief A. Westenberg , Markelo : Westenberg - suster, Vereeniging, 1892-07-02, waarin hy skryf dat mense daagliks vir werk by hom aanklop.
9. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, pp 195-196.
10. ARA : Archief NZASM, 277 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1893-07-17.
11. ARA : Archief NZASM, 282 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1895-12-26.
12. NZASM, Jaarverslag 1891, p 37, vermeld die uitstuur van vyf Switserse masjiniste.
13. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 198.
14. ARA : Archief NZASM, 275 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1897-04-01.
15. ARA : Archief NZASM, 278 : Middelberg - Bake, Kaapstad, 1898-03-22.
16. Advertensies in De Volksstem, 1888-12-24, p 2, 1890-01-13, byvoegsel, en 1893-01-31, p 2.
17. ARA : Archief NZASM, 305 : Vraelys, ingevul deur F. Hammacher, Amsterdam, 1891-10-05.
18. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van ambtenaren der maatschappij in Zuid-Afrika, Aug. 1892, Art. 2 (p 3).
19. TAB : A 1414 : Directie Amsterdam - J.E.A. Reijneke van Stuwe, Amsterdam, 1897-10-27; ARA : Archief NZASM, 27 : Directie Amsterdam - A. Westenberg, Amsterdam, 1889-12-28.
20. TAB : A 1414 : Directie Amsterdam - J.E.A. Reijneke van Stuwe, Amsterdam, 1897-10-27.

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

21. TAB : A 1414 : Acte van aanstelling van J.E.A. Reijneke van Stuwe, 1897-10-27.
22. In Februarie 1888 het die Direksie die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van het Personeel der Maatschappij goedgekeur (Archief ZASM, Amsterdam). Twee jaar later het naas die Dienst van Aanleg die Dienst der Exploitatie tot stand gekom, en het in Oktober 1890 die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren der exploitatie van krag geword (Archief ZASM, Amsterdam). Vir die beampies is in Julie 1892 voorsiening gemaak met die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de beambten der exploitatie. In Augustus 1892 is die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren der Maatschappij in Zuid-Afrika ingevoer (NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria), wat die Oktober 1890-reglement vervang het en ook voorsiening gemaak het vir daardie amptenare in diens by die Dienst van Aanleg. Die beampies by laasgenoemde afdeling, asook die sogenaamde "los" personeel, het blykbaar nog onder die Bepalingen van 1888 bly ressorteer.
23. C. Kruyskamp (red.) e.a., Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal I, p 159 en 233.
24. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 4; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 4.
25. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 4; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 5.
26. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), pp 7-8; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 6.
27. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 8; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), pp 7-8.
28. NZASM, Jaarverslag 1890, p 13.
29. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1892-02-10 en 1892-02-17.

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

30. Ibid, 1892-02-28. Van hierdie geleentheid om die kontrak te beëindig het iemand soos ingenieur Sissingh in Maart 1892 gebruik gemaak en na Europa teruggekeer (TAB : A 1158).
31. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 5; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 4.
32. ARA : Archief NZASM, 412 : E 92, Dienstreglement der NZASM, No. 1 : Algemeene bepalingen voor het personeel, geldig vanaf 10 Januari 1893, p 2.
33. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen... van de ambtenaren... (1892), pp 4-5.
34. Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 4.
35. ARA : Archief NZASM, 305 : Skuldbewys van S.A. Antonides, Amsterdam, 1891-05-23.
36. Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 4.
37. Advertensie in die Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1890-03-25, Tweede Blad A. Hierdie ooreenkoms het nog in 1899 bestaan blykens 'n brosjure van die Union Line (Archief ZASM, Amsterdam).
38. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1897-12-27; ook afskrifte van omsendbriewe in hierdie verband, waarvan die tweede een gedateer is 1898-02-10 (beide in Archief ZASM, Amsterdam).
39. Die jaarverslae van die NZASM, asook ARA : Archief NZASM, 168, is as basis vir hierdie oorsig gebruik; verder ook die personeelregisters in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (Argief NZASM, NZM 19-63).
40. ARA : Archief NZASM, 412 : E 92, Dienstreglement der NZASM, No. 1 : Algemeene Bepalingen voor het personeel, geldig vanaf 10 Januari 1893.

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

41. Hierdie reglemente was die volgende (ARA : Archief NZASM, 412) :  
E 94, Dienstreglement der NZASM, No. 4 : Locomotiefpersoneel  
E 95, Dienstreglement der NZASM, No. 5 : Conducteurs  
E 96, Dienstreglement der NZASM, No. 6 : Stationschefs  
E 97, Dienstreglement der NZASM, No. 7 : Wisselwachters  
E 98, Dienstreglement der NZASM, No. 8 : Telegraafdienst  
E 99, Dienstreglement der NZASM, No. 9 : Ladingmeesters  
E 100, Dienstreglement der NZASM, No. 10 : Opzichters van Weg en Werken  
E 101, Dienstreglement der NZASM, No. 11 : Ploegbazen  
E 102, Dienstreglement van de NZASM, No. 12 : Chefs van het Depôt  
E 111, Dienstreglement voor de Werklieden in de Kolenmijn Springs
42. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), pp 4 en 8.
43. Sien byvoorbeeld die Acte van aanstelling van J.E.A. Reijneke van Stuwe (TAB : A 1414).
44. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport van den Directeur van den Wall Bake n.a.v. zijn bezoek aan Zuid-Afrika in 1896, pp 10-14.
45. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 89.
46. Ibid, p 89.
47. ARA : Archief NZASM, 277 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1893-08-21.
48. Ibid.
49. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 197.
50. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport van den Directeur..., pp 10-14;  
Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 13, Aug. 1896.
51. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 14, Pretoria, 1896-08-01  
(Voorlopige regeling van bezoldigingen van Ambtenaren en van sommige Beambten op de bureaux, stations en op de lijnen, in te gaan op 1 September 1896).
52. Die oud-amptenaar Van Kralingen het byvoorbeeld op 1907-05-19 vanuit Pretoria aan die voormalige hoof van die staf in Amsterdam, E. Bruchner, geskryf dat die salarissoe nie meer so hoog soos in die NZASM-dae is nie, en dat baie oud-werknemers diē dae weer teruggewens het (Archief ZASM, Amsterdam).

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

53. Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten...(1892), p 8.
54. Ibid, p 8; ARA : Archief NZASM, 305 : Skulderkenning van S.A. Antonides insake die voorskot op sy besoldiging, Amsterdam, Mei 1891.
55. ARA : Archief NZASM, 306 : Chef Exploitatie - Directie Pretoria, Pretoria, 1894-11-01, met die versoek om maandeliks £5 (f60) van die werknemer N. Zwarts aan sy vrou in Amsterdam uit te betaal; sien verder ook ARA : Archief NZASM, 347.
56. Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten...(1892), p 6.
57. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), pp 7-8.
58. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 31 (Regeling voor verlof na minstens 6 jaar onafgebroken dienst in Zuid-Afrika).
59. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 8; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 7, soos gewysig by Dienstorder No. 11, ca. 1896 (Archief ZASM).
60. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 11.
61. Ibid, p 11; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de bematen... (1892), p 10.
62. TAB : Argief NZASM, NZM 19-63 : Personeelregisters.
63. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 12; Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892), p 10.
64. TAB : Argief NZASM, NZM 19-63 : Personeelregisters; NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van ambtenaren... (1892), p 9; Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 11, ca. 1896 (Salaris bij ziekte en uitkeering bij overlijden van beambten).
65. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892), p 9; Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 11.
66. In Memoriam N.Z.A.S.M., Bylaes, pp 37-38 (afdruk van Dienstorder No. 14).

Verwysings : Hoofstuk 4 (vervolg)

67. ARA : Archief NZASM, 178 : Algemeene bepalingen voor het verleenen van gratificatieën vastgesteld op 1 Juli 1893.
68. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1896-12-24; De Volksstem, 1896-12-23, p 1.
69. Westenberg - suster, Pretoria, 1898-01-09.
70. Westenberg - suster, Pretoria, 1899-01-02.
71. In Memoriam N.Z.A.S.M., Bylaes, pp 37-38 (afdruk van Dienstorder No. 14).
72. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Bepalingen...van de ambtenaren... (1892); Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen...van de beambten... (1892).

--oo--

## HOOFSTUK 5

"ONS DAGELIJKS BROOD" : Die daaglikse lewensomstandighede en -behoeftes

"Attentie : Zooeven verschenen : 'De Kunst om met £12.10.0 netjes en fatsoenlijk te WTB te kunnen leven'. Vrij naar het Zasmaansch door een kleinzoon van Dr. Tanner. Prijs £0.0.3"

(Uit : "De Hoop der Toekomst", Waterval-Boven, 31 Augustus 1896)<sup>1</sup>

Waar Hoofstuk 4 gehandel het oor die voorwaardes vir die werksaamhede van die Nederlandse NZASM-personeel in terme van besoldiging, funksies, regte en verpligte teenoor die werkewer, ontstaan tans die vraag hoe hierdie mense van dag tot dag gelewe het. 'n Mens hoef maar te dink aan die koste van lewensoronderhoud, lewensomstandighede in die veld en in die stede, voorsiening in lewensbehoeftes, beskikbaarheid van winkeliers, handelaars en produkte, kleredrag en huishoudings.

### 5.1 Voorligting

In hoever Nederlanders wat in diens van die NZASM na Transvaal uitgestuur is voldoende op die hoogte van plaaslike omstandighede was, is moeilik om vas te stel. Daar was die redelike skaars koerant- en tydskrifberigte wat soms geneig was om idealiserend te wees. Dan was daar nog die briewe van familie en bekendes, getuienis van mense wat die land besoek het en moontlike ander bronne van inligting.

Hoe dan ook, 'n mens kom by die studie van die geskrewe herinneringe en die korrespondensie wat die Nederlandse NZASM-personeel nagelaat het, tog onder die indruk dat die voorligting in Nederland soms tekort geskiert het, dalk as gevolg van die groot afstand tussen Amsterdam en Pretoria. Dit lê dus voor die hand dat heelparty Nederlanders na aankoms in Transvaal in hulle verwagtinge teleurgestel is. Tot so laat as 1899 het die amptenaar N.K. Huijsman vanuit Pretoria aan sy kollega Th. Geudeker te Amsterdam melding gemaak van hierdie toedrag van sake en die Amsterdamse hoofkantoor van "verkeerde voorstellings" beskuldig.<sup>2</sup> "Zelfs oude amst. Zasmieten...zeggen, wanneer ik den toestand in Holland reeds gekend had, was ik nooit naar A [Afrika] gekomen."

Dié "oude amst. Zasmieten" wat so gekla het, was oor die algemeen in die minderheid. Die meeste Nederlandse spoorwegmense was betreklik tevrede met plaaslike omstandighede, selfs nuwelinge soos Huijsman, wat in die selfde brief "'t Bevalt mij hier best" skryf.<sup>3</sup> Die meerderheid was jonk en energiek genoeg om hulself in hulle lot te skik en by omstandighede aan te pas.

Reeds met die uitstuur van die eerste Nederlanders na die ZAR was die Direksie daarvan bewus dat die welslae van die personeel saamgegaan het met goeie voorligting en voorbereiding. Omstreeks 1888 het dus 'n stel riglyne verskyn, getiteld Raadgevingen aan Personeel bij het aanschaffen van Uitrusting enz.<sup>4</sup> Dit was 'n handige dokument, met heelwat nuttige advies oor die soort klere wat saamgeneem moes word, bagasiestukke, die skeepsreis, losies in die plekke wat personeel op hulle landreis na Transvaal gepasseer het, gebruikmaking van trein en koets in Suid-Afrika, ensomeer.

## 5.2 Koste van lewensoronderhoud

Alvorens 'n mens aandag kan gee aan die alledaagse veld- en dorpslewe, is dit nodig om 'n onderwerp aan te sny wat in die NZASM-era dikwels die gemoedere in beweging gebring het. Dit gaan om die koste van lewensoronderhoud, met ander woorde die vraag of die personeel se salarisste toereikend was om van te bestaan.

'n Jaar nadat die eerste Nederlandse werknemers na Transvaal gekom het, was daar al klagtes dat die besoldiging te laag was.<sup>5</sup> Veral diegene wat in Johannesburg of Pretoria geplaas is, het nie geskroom om hulle grieve te lug nie. So het ingenieur Breuning reeds in 1888 vasgestel dat die lewe in Suid-Afrika duur was - en glad nie so aangenaam soos in Indië nie, het hy bygevoeg.<sup>6</sup> 'n Jaar later het hy gekonstateer dat die lewenskoste in Johannesburg baie hoog was, en dat selfs ongetroudes gesukkel het.<sup>7</sup> Ook ingenieur Westenberg (hy was ongetroud) moes maar versigtig met sy salaris omgaan toe hy in 1890 'n ruk lank in Johannesburg gewoon het.<sup>8</sup>

Pretoria het nie veel beter gevaaar nie. Soos in die geval van Johannesburg is hier die algemene klag gehoor dat veral akkommodasie en huis-houding onbetaalbaar duur was.<sup>9</sup> Huishure het gewissel van £12 tot so hoog as £25 per maand - en dit vir personeel wie se minimumsalaris £12.10 maandeliks was. Die Direksie was bewus van hierdie probleem en het dit met 'n mate van sukses probeer oorkom deur 'n toelae vir die huur van 'n woning te verstrek. Dit was egter as 'n tydelike maatreël bedoel, en reeds in 1891 is aangekondig dat die maatskappy soveel moontlik amptelike behuising sou voorsien.<sup>10</sup> Dit sou nog geruime tyd duur voordat voldoende maatskappyhuise vir die laer besoldigde personeel beskikbaar sou wees.

Eers in September 1896 het daar met die verbetering in salarisse en wyse van besoldiging verligting ingetree (sien Hoofstuk 4, afdeling 4.7).

'n Mens kan enersyds simpatie hê met die probleme van die NZASM-personeel om in die stede finansieel die mas op te kom, maar aan die ander kant het spandabelrigheid en onoordeelkundige geldbesteding ook 'n rol gespeel. Hoeveel Nederlanders was daar nie wat vir die eerste keer in hulle lewe in 'n ver en vreemde land was, vol ontwikkeling en opwinding, en gepoog het om die aansteeklike voorbeeld van die ryk Uitlanders na te volg wat intens en vinnig gelewe het nie ? Hulle het skielik 'n hoër inkomste geniet as waaraan hulle in Nederland gewoond was, maar daarby vergeet dat die lewe in Transvaal meer as twee keer so duur was. In 1897 het 'n brief in die koerant Het Nieuws van den Dag verskyn, waarin haarfyn bereken is hoeveel dit 'n ongetrouwe werknemer maandeliks sou kos om in Pretoria te lewe :<sup>11</sup>

Gemeubileerde kamer	£3.-
Ontbyt en aandete	1.10
Middagete	3.10
Wasgoed en strykwerk	0.15
Klere en skoene	1.-
Diverse en sakgeld	0.10
<hr/>	
TOTAAL	£10.5

Dit beteken dat iemand met 'n minimum maandelikse salaris van £15 tog nog steeds byna £5 elke maand kon spaar, wat nog altyd f60 was. Die

onbekende briefskrywer het egter toegegee dat : "Niet iedereen kan uit weinig veel maken, ook niet iedereen heeft die gave om zuinig te wezen en toch het jongmensch van netten huize te zijn in al zijn doen en laten".

Op die plattelandse dorpe was die lewenskoste minder hoog, en kon 'n amptenaar soos W. Goppel, wat destyds te Volksrust geplaas was, wel £7.10 tot £8 na al sy maandelikse aftrekkings oorhou.<sup>12</sup>

Nog goedkoper was dit natuurlik in die veld, waar geen kroeë, teaters en huurhuise was en die personeel in tente en hutte van die maatskappy gewoon het, dikwels voedsel vir die pot geskiet is en Swart arbeid ook weinig gekos het. Vir iemand soos Westenberg was dit dus nie moeilik om baie geld "in die wildernis" te spaar nie.<sup>13</sup> Met die toenemende beskawing het die veldlewe geleidelik minder goedkoop geword, maar in vergelyking met die dorpe en veral die stede was hoë pryse selde iets waарoor huis toe geskryf is.

Dit is dus so dat die lewe in Transvaal gewissel het van baie duur tot relatief goedkoop. Baie het ook afgehang van individuele amptenare se vermoë om hulle uitgawes te beheer en spaarsaam te lewe. Onwillige keurig ontstaan dan die vraag of die tradisionele suinigheid van die Nederlander, al was hy in diens van die NZASM, hom nie af en toe in die steek gelaat het nie.

### 5.3 Daaglikslewe in die veld<sup>14</sup>

Die eerste persone wat met die aanleg van die Oosterlijn op die toneel verskyn het, was verkenners en opmeters. Hulle het die Laeveld gedeeltelik vanuit Lourenço Marques (Maputo), gedeeltelik vanuit Durban via Barberton met behulp van treine, poskoetse en ossewaens bereik. Op die plek van aankoms is basiskampe opgerig, bestaande uit tente en hartbeeshuisies, wat later deur eenvoudige houthuise vervang is.

Die lewe was veral in die wildernis van die Laeveld primitief. Die opmeetwerksaamhede het met drukkende hitte, koue, donderstorms of aanhoudende reën gepaard gegaan. Klein opmeetspanne, bestaande uit een of meer ingenieurs, 'n paar opsigters en 'n aantal Swartes, het hulle in die onbekende terrein begewe. Hulle het vroeg opgestaan, laat in die


namiddae teruggekom en saans na die genot van 'n rustige drankie, gevolg deur aandete, hulle opmetings gekarteer. Hulle tente of hutte was ter selfdertyd kantoor, sitkamer, slaapkamer en tekenkamer. In die reëntyd is hulle geteister deur honderde muskiete, en moes die tekenpapier soms droog gehou word deur 'n vuur onder die tekentafel te maak. In die basis-kamp was gewoonlik 'n geneesheer, maar verder was die opmeetspanne op hulle medisynekissies aangewese, en was hulle dikwels genoodsaak om self na hulle siekes, Blank en Swart, om te sien.

Die voedsel was taamlik eentonig, hoofsaaklik rys, blikkieskos en uie. Die jag op wilde diere en ruilhandel met die plaaslike Swart bevolking het variasie op die spyskaart gebring. Geleenthede tot ontspanning was min, en was beperk tot besoeke aan en van die ander kampe, die vier van verjaardae, jagekspedisies en af en toe 'n groot fees, waartydens die Swart werkers hulle stamdanse vertoon het. Op Sondae en vakansiedae is gewoonlik nie gewerk nie, maar soms het die drukte van die werk meegebring dat hierdie dae soos normale weekdae verbygegaan het.

Daar was dus weinig afwisseling in die daaglikse lewe van 'n span op-meters. Dit wek dus geen verbassing dat sommiges later nie meer teen dié eentonige reëlmaat opgewasse was nie, en hulle hul toevlug geneem het tot die drankbottel en vermoedelik ook in die Swart krale van die om-gewing afleiding gesoek het.

Die lewensomstandighede van hulle wat met die opmeet van ander lyne behalwe die Oosterlijn gemoeid was, was minder primitief en eentonig. Hulle werksaamhede het hulle nader aan die beskaafde en bewoonde wêreld gebring, waar meer afleidings- en ontspanningsgeleenthede was. Daar het minder siektes voorgekom, en die feit dat hulle minder geïsoleerd was het nie tot die mate van verwilderung gelei wat met verloop van tyd by hulle kollegas in die Laeveld ingetree het nie.

Nadat spoorwegkonstruksie 'n aanvang geneem het, het die lewensomstandig-hede langs die lyne opvallend vooruitgegaan. Die personeel gemoeid met die aanleg was voortaan nie meer op hul eie nie, maar moes nou toesig uitoefen oor 'n bonte menigte Blanke aannemers, wat met hulle Swart arbeiders op die konstruksieterrein toegesak het (FIGUUR 11) Hulle het



FIGUUR 11 Konstruksiewerk aan 'n spoorbrug by KM 69, wes van Malelane-stasie, tydens die aanleg van die Oosterlijn, ca. 1892. Let op die primitiewe hyskranne en die menigte Swart en Blanke werkers met hulle toerusting. (NZASM-argief R.C. de Jong : Gerstäcker foto-album)


tuisgegaan in talte tent- en hutkampe wat oor baie kilometer langs die lyn verspreid gelê het. Van die groter kampe in die Laeveld het spoorwegstasies geword, waar mettertyd meer permanente geboue opgerig is. Stasies soos Komatipoort, Waterval-Onder en Waterval-Boven het tot dorpe uitgegroei wat byna uitsluitlik deur NZASM-werknemers bewoon is. Op gereelde onderlinge afstande het die Oost-Afrikaansche Compagnie (OAC) ('n handelsmaatskappy) winkels ten behoeve van die konstruksiepersoneel opgerig. Hotelle het gekom en gegaan teen 'n verbasende tempo. Behoorlike hospitale het op die toneel verskyn. "Wie de ontberingen van de opmetingen had meegemaakt, kon van comfort spreken bij den aanleg."<sup>15</sup> Ook langs die ander lyne het die bont gewoel van konstruksiepersoneel, die vestiging van spoorwegstasies en die voortskrydende ontwikkeling van dorpe in die omgewing vir altyd 'n einde gemaak aan omstandighede wat enigsins "primitief" was.

#### 5.4 Daaglikse lewe langs die lyn<sup>16</sup>

Hoewel daar oor hierdie onderwerp nie veel gegewens te vinde is nie, wil dit voorkom asof die lewe op die platteland taamlik rustig was. Langs die lyn het die ploegbase met hulle assistente in hulle eensame steen- of sinkhuisies gewoon, van waaruit hulle bedags die spoorlyn te voet of met 'n pomptrollie gepatrolleer het en met hulle span Swart arbeiders onderhoudswerk verrig het. Op die stasies, meestal omring deur die uitgestrekte leegheid van die veld, het die stasiemeesters gewoon en gewerk, soms deur 'n assistent en 'n klerk bygestaan. Die lewe het met eenonige reëlmaat sy gang gegaan, slegs onderbreek deur die aankoms en vertrek van treine (FIGUUR 12), die ontvangs van gaste en die besoek aan die groter bevolkingsentra wat as ware metropole beskou is. Die spoorlyn en die telegraaf het totale isolasie voorkom, maar W. Goppel se ironiese verwysing na "'t goddelijk Kraal" (die spoorwegstasie waar hy werksaam was) gee tog die indruk dat op 'n plattelandse stasie nie veel van betekenis voorgeval het nie.<sup>17</sup>

#### 5.5 Daaglikse lewe in die stede en dorpe<sup>18</sup>

Die Nederlandse NZASM-werknemers is nie alleen in die veld tydens die konstruksiefase, of op die platteland in die jare daarna aangetref nie, maar ook in die bevolkingsentra. Vanweë hulle kosmopolitiese en stedelike agtergrond was hulle in verhouding tot die res van die NZASM-personeel



FIGUUR 12 Die stasie Aansluiting (aansluiting van die Zuidoosterlijn en Zuider- en Zuidoosterlijn), met links 'n eensame 40-ton NZASM-lokomotief en sy personeel, en langs die spoor die stasiemeester (in uniform), ca. 1896. Waar hierdie stasie hom destyds op 'n kaal en afgelêe gedeelte van die Witwatersrand bevind het, is hier tans die nywerhede en voorstede van Alberton. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstesmuseum)

hier vermoedelik die beste verteenwoordig.

Waar die veldlike primitief en onregmatig en die bestaan langs die spoortlyn en op die klein stasies eentonig was en weinig eise gestel het, het die vestiging in die dorpe en stede oënskynlik ideaal gelyk. Nietemin was die lewensomstandighede vir die personeel ook hier nie altyd ewe maklik nie.

Met aankoms in 'n stad soos Pretoria of Johannesburg, of 'n dorp soos Heidelberg, Potchefstroom, Middelburg of Klerksdorp, moes daar eers gesikte en billike huisvesting gevind word waar geen of te weinig amptelike wonings beskikbaar was. Personeel moes dus dikwels onderdak soek in huurhuise, of 'n kamer in 'n losieshuis huur, of in 'n hotel tuisgaan, of elders 'n heenkome vind. Diegene aan wie amptelike huisvesting toegestaan kon word was gelukkig, maar 'n tekort daaraan het soms oorvol woonsituasies tot gevolg gehad. Dit was vir slegs enkeles beskore om op die ou end 'n eie woning te besit.

Verder was die koste van lewensoronderhoud, veral in Pretoria en Johannesburg, ontsettend hoog, sodat dit vir baie moeilik gegaan het om finansiell die mas op te kom. Die invloed wat die stedelike samelewing uitgeoefen het, het ook tot allerlei sosiale probleme soos bandeloosheid, dronkenskap en sedelike wangedrag geleid.

Aan die ander kant het die personeel in die bevolkingsentra onder omstandighede gewerk en geleef wat sekere voordele gehad het. Hulle het makliker toegang tot onderwysfasiliteite gehad as hulle plattelandse kollegas, kon meer gereeld kerk toe gaan, en het oor die algemeen 'n bloeiende en gevarieerde sosiale lewe geleid, met genoegsame ontspanningsfasiliteite (die NZASM het hier en daar selfs ontspanningsgeboue voorsien), naweekuitstappies, Sondagpieknieks, verenigings en allerhande verjaardae en feesdae, wat graag en gereeld gevier is. Daar is ook dikwels oor en weer gekuier. In die dorpe wat as gevolg van spoorwegaanleg ontstaan het, soos Komatiopoort, Waterval-Boven en Springs, was die Hollandse gees van die samelewing die duidelikste merkbaar. 'n Verdere omstandigheid waardeur die lewensomstandighede taamlik draaglik was, en wat ook die onderlinge sosio-kulturele band versterk het, was die

"spoorwegbuurte" naby die stasies in die stede en groter dorpe. Hulle het ontstaan deurdat die NZASM hier personeelhuise laat bou het, en 'n groot deel van die lewe van die Nederlandse NZASM-werknemer het hom binne hierdie "Hollandse" enklawes afgespeel.

### 5.6 Spys en drank

In afdeling 5.3 is reeds verwys na die **eetgewoontes** tydens die op-meetfase in die Laeveld. Die voorbereiding en verskeidenheid daarvan het baie te make gehad met die inisiatief en vindingrykheid van die personeel. Die spyskaart is afgewissel met wildsvleis, en af en toe vars groente uit die meer beskaafde wêreld.<sup>19</sup> Iemand wat goed kon kosmaak was 'n ware uit-koms.<sup>20</sup>

Namate die beskawing tydens die spoorwegaanleg al hoe meer op die toneel verskyn het, het daar ook geleidelik 'n verandering in voedsel- en drankgebruik ingetree. Waar drank voorheen slegs per geleentheid met besoeke aan die naaste sentrum van beskawing verkry kon word, het daar nou winkels verskyn ten behoeve van die konstruksiepersoneel. In die Lae-veld het die OAC in die omgewing van die spoerlyn 'n hele reeks van diē "stores" opgerig, sodat Westenberg reeds kort na sy aankoms in hierdie streek van Transvaal die genot van 'n bottel Duitse bier, verkrybaar by so 'n winkel te Krokodilpoort, kon smaak.<sup>21</sup> Waar 'n winkel gevestig is, het gewoonlik ook 'n hotel gekom.<sup>22</sup> En aangesien elke behoorlike hotel 'n kroeg gehad het, was drank maklik bekomaar, hetsy oor die kroegtoonbank, hetsy in die winkel. Vermoedelik het die meeste van diē hotelle se besigheid om hulle kroeg gewentel, en was slaapgeleentheid en die voor-siening van maaltye bysaak.<sup>23</sup>

Die streek waar die personeel werksaam was, het hulle spyskaart gedeeltelik bepaal. In die Laeveld was daar volop wildsvleis beskikbaar. Die Hoëveld was daarteenoor meer bewoon en het grotendeels uit plase bestaan wat aan Blanke boere behoort het. Wild was hier skaars, sodat vleis soos skaap- en soms hoender daagliks op tafel verskyn het.<sup>24</sup> Ook was dit hier makliker om kaas, melk, eiers en groente in die hande te kry.

In die dorpe en stede was hotelle en losieshuise natuurlik meer algemeen, en het die Nederlanders wat nie kans gesien het om hul eie potjie te

kook nie, daar gaan eet. Selfs die beste hotelle se kos het egter op die duur eentonig geword. So het Westenberg gekla dat die spyskaart van die Transvaal Hotel in Pretoria, wat as een van die tophotelle in Suid-Afrika bekend gestaan het, weinig afwisseling getoon het. Ook het hy goeie, vars groente gemis.<sup>25</sup>

Uit opmerkings wat hier en daar in Westenberg se brieue en in ander tydgenootlike bronne voorkom, kan 'n mens aflei dat die Nederlandse Zasmers nooit heeltemal tevrede met hulle spys en drank was nie. Hulle het "Hollandse kos" bo Engelse en selfs Duitse kos verkies. Reeds die winkels van die OAC het in hulle behoefté voorsien en Nederlandse blikkiesgroente en -vleis, suurkool, boerekool, kakao, jenewer en ander vaderlandse lekkernye te koop aangebied.<sup>26</sup> Hierdie en ander produkte van Nederlandse oorsprong, soos Leidse kaas, Hollandse haring, Hollandse asyn ensomeer was ook in die groter dorpe en stede verkrybaar, waar die Nederlandse NZASM-werknemers saam met hulle landgenote in die staatsdiens en die onderwys 'n goeie afsetmark gevorm het.<sup>27</sup>

Die Nederlandse spoorwegpersoneel was gesteld op 'n "goeie Hollandse tafel". In Pretoria en Johannesburg was daar 'n paar hotelle en losiese huise waar soiets aangetref is.<sup>28</sup> Dit is voor die hand liggend dat die ontspanningsentrum (recreatiegebouw) van die NZASM in Komatipoort, Johannesburg en Waterval-Boven uitsluitlik Hollandse kos voorgesit het : "...daar werd de Hollandsche keuken en drank in eere gehouden en vonden de ongetrouwden, die niet in Hollandsche familie opgenomen waren, lafenis."<sup>29</sup> Sonder twyfel 'n geestelike en tasbare hoogtepunt van Nederlandse kultuur onder die NZASM-personeel in Transvaal.

### 5.7 Koopware en winkels

Transvaal was met die oprigting van die NZASM nog 'n onontwikkelende land. Onder hierdie omstandighede sou dit, veral in die afgeloë gebiede soos die Laeveld, moeilik wees om sekere produkte te bekom. Ook moes daar gepoog word om die Nederlandse NZASM-personeel met hulle lot te versoen, deur die moontlikheid daar te stel om toegang te hê tot lewensmiddelle en gebruiksartikels waaraan hulle in die vaderland gewoond was, maar in Transvaal prakties onverkrybaar was.

In Maart 1888 het die NZASM 'n reëling getref, wat daarop neergekom het dat elke Nederlandse personeellid in staat gestel is om halfjaarliks 'n persoonlike pakkie van familie en vriende uit die vaderland te ontvang.<sup>30</sup> Hierdie diens was gratis, en is deur die maatskappy self behartig.

Met die toename in personeel moes hierdie diens gestaak word, en in Mei 1891 het 'n nuwe reëling in werking getree. Deur bemiddeling van die skeepvaartagentskap De Vries & Co. (Amsterdam) kon kwartaalliks 'n pakkie na Transvaal versend word. Die koste sou deur die afsender en die ontvanger gedra word. Daar is gespesifieer dat die pakkie (gewoonlik in die vorm van 'n kissie) 45 x 30 x 25 cm groot moes wees, duidelik geadresseer en die inhoud goed verpak.<sup>31</sup>

Dit spreek vanself dat die personeel in Transvaal ruimskoots van hierdie diens gebruik gemaak het. Veral in die Laeveld was dit gewoonlik 'n vreugdevolle dag wanneer die pakkies aangekom het, en die boeke, tydskrifte, sigare, drank, fotomateriaal, blikkieskos en ander goedere uit Nederland uitgepak is.<sup>32</sup> Dit het vergoed vir die lang wagtyd en die feit dat 'n pakkie soms weggeraak het. Vanweë die hoë pryse van plaaslike lewensmiddele en die voorliefde vir sekere Nederlandse produkte het die personeel nog lank van die diens gebruik gemaak, al het hulle in stede of dorpe gewoon en het ook die Laeveld meer beskaaf geword.

In die vorige afdeling is reeds melding gemaak van die winkels wat die OAC in die Laeveld opgerig het. Hulle het lewensmiddele en ander handelsware voorsien. Hierdie winkels was klein sentrums van luukse en beskawing en het, behalwe die swak hotel, ook ander ondernemings soos bakkers en slagters aangetrek, selfs sodawaterfabrieke.<sup>33</sup> Met die beëindiging van konstruksiewerksaamhede het dit alles weer verdwyn.

Die winkels van die OAC was nie juis goedkoop nie, en dieselfde situasie is in die dorpe en stede aangetref. Die pakkies uit Nederland was dus 'n ware uitkoms. Alle handelsware was duur, nie net lewensmiddele nie. Nog in 1895 het die Algemeen Handelsblad berig dat huisraad baie gekos het, en dit dus raadsaam was om liewers alles uit Europa saam te bring.<sup>34</sup> Dit verklaar ook die rede waarom die Nederlanders in NZASM-diens soveel goedere uit Nederland laat invoer het (kyk Hoofstuk 10).

Die vestiging van tientalle Nederlandse spoorweglui naby die spoorwegterreine in die groter dorpe en stede het 'n groot potensiële mark vir Nederlandse koopware beteken. Gevolglik het heelwat Nederlandse sakeondernemings hier hulle deure geopen : van kruidenierswinkels, slaghuise en drankwinkels tot droogskoonmakers, skoenwinkels en meubelwinkels.<sup>35</sup> Hierdeur is 'n verskeidenheid van Nederlandse koopware feitlik tot aan die huisdeur van die Nederlandse Zasmer gebring.

### 5.8 Kleredrag

Voor hulle vertrek na Transvaal is die Nederlanders wat in diens van die NZASM getree het taamlik goed ingelig oor die soort klere en uitrusting wat vir Suid-Afrikaanse toestande die beste geskik was.

Elkeen wat nuut aangestel is het blybaar 'n eksemplaar van die maatskappy se Raadgevingen aan Personeel bij het aanschaffen van Uitrusting, enz.<sup>36</sup> ontvang. Hierin is hulle gewys op die groot verskille in temperatuur en klimaat in Suid-Afrika, en die wenslikheid om 'n groot verskeidenheid klere saam te neem, om op alles voorbereid te wees. Vir die stede is die gewone Europese kleredrag aanbeveel. Alle personeel is aangeraai om 'n lang oorjas, 'n reënjas, sterk skoene, warm onderklere en wol- of katoensokkies aan te skaf. Klere vir veldwerk moes baie sterk wees. Die beste hiervoor was 'n jas, 'n onderbaadjie en broek, laasgenoemde van "buckskin" of corduroy, asook gekleurde flanelhemde. Wit hemde is afgeraai, omdat dit nie altyd moontlik sou wees om klere gereeld te was nie !

In die praktyk is 'n wye verskeidenheid klere van enige soort gedra. Die "baie sterk" klerasie vir veldwerk was te swaar en te warm in die somer, sodat iemand soos Westenberg liewers in 'n ligte broek, 'n frokkie, 'n dun hemp en 'n los baadjie rondgeloop het.<sup>37</sup> Onderbaadjies, boordjies en dasse is afgesweer. Mettertyd het, met die lewe in die veld, die klere wat uit Nederland saamgebring is, verslete geraak en is hulle opgebruik, sodat dit nodig was om weer nuwe klere aan te skaf alvorens 'n besoek aan die beskawing (in die vorm van 'n stad soos Pretoria) gebring kon word.<sup>38</sup> 'n Tydlank was dit in Pretoria en Johannesburg die gesegde : "...de Sectie Ingenieur der ZASM is te herkennen aan of heeft als onderscheidingsteeken een bizonder vuil pakje of een gescheurde broek".<sup>39</sup> Nie besonder vleiend nie, en daarom het Westenberg en sy kollegas mettertyd daarvoor gesorg om netjies

te lyk en die NZASM se naam hoog te hou.

Ten opsigte van die kleredrag was die situasie by die ander lyne effens anders as in die Laeveld. Die beskawing was naby en kontak met die plaaslike bevolking (waaronder Engelssprekendes) en personeel van ander spoorwegmaatskappye, het daarvoor gesorg dat veral die hoër amptenare netjies aangetrek het.<sup>40</sup> Die vuil klere en geskeurde broek van die wildernis het plek gemaak vir 'n Engelse broek (donker- of liggekleurd), Engelse hemp met das, en 'n donkerkleurige baadjie en onderbaadjie.<sup>41</sup> Hierdie uitrusting is ook in die stede en dorpe gedra. Die personeel op die kleiner dorpe en die plattelandse stasies het minder deftig aangetrek, en gewoonlik die das, boordjie en mansjette weggelaat.<sup>42</sup>

Soos lewensmiddele en gebruiksartikels was klere in Transvaal baie duur, en het heelwat werknemers gepoog om nuwe uitrusting uit Nederland te laat kom.<sup>43</sup> Soms het die kleremaker in Nederland sy werk goed gedoen, en het alles gepas, maar herhaalde like teleurstellings met klere wat te klein of te groot was (dalk as gevolg van die lewenswyse in Transvaal !) het baie Zasmers op die ou end laat besluit om tog maar hulle uitrusting plaaslik ten duurste aan te skaf of by die maar baie middelmatige plaaslike kleremakers te bestel.

Nie alle NZASM-personeellede het soos deftige stadsmense of soos Robinson Crusoeë rondgeloop nie. Trein- en stasiepersoneel, wat dus die meeste met die publiek in kontak was, moes 'n uniform dra.<sup>44</sup> Dit het bestaan uit 'n broek, onderbaadjie, baadjie, pet en oorjas. Met uitsondering van die pet was alles swart. Die uniform is aan die personeel by diensaanvaarding verskaf teen die helfte van die magasynprys. Aan hulle wat twee of meer jare diens gehad het, is vervangende uniformstukke gratis uitgereik. Die dra van die uniform was verpligtend. Die verskillende range en funksies van die trein- en stasiepersoneel is uitgeken aan die hand van die pet se kleure en onderskeidingstekens op moue en krae.<sup>45</sup>

"Kleren maken de man", lui die Nederlandse spreekwoord. Ook die Nederlandse NZASM-personeel het verskillend aangetrek, van die stywe amptelikhed van 'n uniform en die elegante deftigheid van stadsdrag tot die minder formele klere langs die lyne en die los slordigheid van die veldlewé.

Tot dusver is aandag gegee aan die Nederlandse NZASM-werknemer asof hy as 't ware 'n entiteit was, 'n min of meer abstrakte begrip. Dit was allermins so. Die Nederlandse NZASM-werknemer was 'n vrygesel, 'n eggenoot, vader of gesinsmens, nie maar net "'n werknemer" nie. Op die volgende bladsye word aandag gegee aan hierdie aspekte van die Nederlandse Zasmer, en dan wel as 'n sosiale wese.

--o0o--

#### Verwysings : Hoofstuk 5

1. Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep, Feestnummer "De Hoop der Toekomst, 1896-08-31, p 38.
2. NZASM-archief Th.C. Geudeker, Voorburg/Schoorl : N.K. Huijsman - Th.C. Geudeker, Pretoria, 1899-05-25.
3. Ibid.
4. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 178.
5. ARA : Archief NZASM, 277 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1893-08-21.
6. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : M 878 : Breuning - susters, Pretoria, 1888-12-13.
7. TAB : M 878 : Breuning - broer, Pretoria, 1889-01-24.
8. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Johannesburg, 1890-03-14, oor die feit dat in Johannesburg alles baie duur is vanweë hoë vraagpryse en skaarstes.
9. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1890-04-15 ("Brief uit Pretoria"), Tweede Blad B.
10. ARA : Archief NZASM, 305 : Directie Amsterdam - Chef Exploitatie, Amsterdam, 1891-07-03.

Verwysings : Hoofstuk 5 (vervolg)

11. Het Nieuws van den Dag, 1897-09-20 (Brief van "Een ongetrouwde N.Z.A.S.M. Ambtenaar), s.p.
12. NZASM-archief Th. C. Geudeker, Voorburg/Schoorl : W. Goppel - Th. C. Geudeker, Volksrust, 1898-02-05.
13. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-12-20.
14. Hierdie oorsig is uit die volgende bronne saamgestel :  
P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, pp 152-164;  
NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Weeklikse brieve van Westenberg aan sy suster in Nederland, 1890-1894;  
TAB : M 878 : Brieve van Breuning aan sy familie in Nederland, 1888-1894;  
P.H. Bouten, De aanleg van 't Oosterspoor.
15. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 161.
16. Hieroor is daar relatief weinig bronne. Gegewens vir hierdie skets is uit die volgende bronne geput :  
NZASM-archief Th. C. Geudeker, Voorburg/Schoorl : Brieve van W. Goppel, geskryf te Kraal en Volksrust, 1898-1899;  
Archief ZASM, Amsterdam : Brieve van C. Hegie aan E. Bruchner, geskryf te Zuurfontein en Heidelbergerpad, 1898-1899.  
Afleidings kan ook gemaak word uit opmerkings en sinsnedes in ander bronne oor die NZASM, soos jaarverslae, weekrapporte en dokumente in verband met feesdae, byvoorbeeld Koninginnedag.
17. NZASM-archief Th.C. Geudeker, Voorburg/Schoorl : W. Goppel - Th.C. Geudeker, Kraal, 1899-05-20.
18. Die volgende bronne is as basis vir die saamstel van hierdie oorsig gebruik :  
TAB : M 878 : Brieve van Breuning aan sy familie in Nederland, 1895-1898;  
NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg se brieve wat hy gedurende 1890-1899 weekliks aan sy suster in Nederland geskryf het;  
G.A.A. Middelberg, Brieve uit Transvaal van... 1896-1899 (red. F.J. du T. Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, pp 25-188.

Verwysings : Hoofstuk 5 (vervolg)

19. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Kamp Leeuwenhoek, 1890-08-30.
20. Ibid, Kaapmuiden, 1890-10-12, waarin melding gemaak word van 'n getroude personeellid wat sy intrek in die kamp geneem het. Omdat hierdie persoon goed op kombuisgebied was en in Nederland by sy vrou allerlei resepte geleer het, is die kosmaak spoedig aan hom oorgelaat.
21. Ibid, Kaapmuiden, 1890-10-12.
22. Ibid, KM 60, 1891-10-04. Die Goldfields News and Barberton Herald van die jare 1892-1893 bevat talle advertensies vir nuut gevestigde hotelle.
23. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Barberton, 1891-02-20, maak melding van Hotel Valensky (by die huidige Ngodwana) waar hy geloseer het, en wie se kos hom nie beïndruk het nie.
24. Ibid, Waterval, 1892-11-10.
25. Ibid, Pretoria, 1896-09-30.
26. Ibid, Waterval, 1893-01-25.
27. De Rand Post van 1898-1899 bevat talle advertensies van firmas en handelaars wat Nederlandse voedselprodukte te koop gehad het. Dit is opvallend dat hierdie winkels, in die geval van Johannesburg, hoofsaaklik in die omgewing van die spoorwegstasie te Braamfontein gevestig was, waar ook die spoorwegpersoneel gewoon het.
28. Byvoorbeeld Schmidt's Hotel in Braamfontein (advertensie in De Rand Post, 1899-03-01), die Hollandsch Boarding House in Johannesburg (advertensie in De Rand Post, 1898-09-09) en die Hotel de Nederlanden (vandag die Victoria Hotel) in Pretoria (advertensie in De Rand Post, 1898-06-24).
29. Oud-Johannesburg, Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 1934-09-08, p 18.
30. NZASM, Jaarverslag 1891, p 41; NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : Regeling der verzendingen van betrekkingen aan personeel in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1891-05-01.

Verwysings : Hoofstuk 5 (vervolg)

31. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : Regeling der...
32. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-09-20. In sy briewe maak Westenberg gereeld melding van die kissies wat hy ontvang het en wat die inhoud daarvan was.
33. Ibid, Malelane, 1890-11-16; KM 60, 1892-04-10.
34. Algemeen Handelsblad, 1896-07-05 ("Johannesburg"), Avondblad, Tweede Blad.
35. In De Rand Post van 1898-1899 staan talle advertensies van die volgende sake-ondernemings in Johannesburg :  
De Vries & Co. (drankgroothandelaar)  
De Brabantsche Schoenwinkel  
De Hollandsche Slachterij  
De Hollandsche Winkel (Elandsfontein)  
Hollandsche Stoomwasserij De Standaard  
Bult Stores  
Transvaalsch Meubelmagazijn ("voor echte Hollandsche meubelen")  
Harmens, Pelsrijcken & Co. (invoermaatskappy)
36. ARA : Archief NZASM, 178.
37. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, 3de Sectie, 1890-06-22; KM 60, 1892-01-24.
38. Ibid, Krokodilpoort, 1892-05-30.
39. Ibid, Waterval, 1893-03-02.
40. Ibid, Vereeniging, 1892-06-25.
41. Ibid, Pretoria, 1892-09-17.
42. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : W. Goppel - Th.C.Geudeker, Volksrust, 1898-02-05.
43. In Westenberg se briewe van 1892-1897 is gegewens oor sy suksesse en mislukkings met die laat maak van sy klere in Nederland.
44. ARA : Archief NZASM, 412 : E 114, Algemeen reglement op de dienst-kleding, Pretoria, 1896, bevat nadere besonderhede.

Verwysings : Hoofstuk 5 (vervolg)

45. ARA : Archief NZASM, 412 : E 114, Algemeen reglement op de dienst-kleding, gee 'n lys van die volgende onderskeidingsstekens :

Stasiemeester : rooi pet

Assistent-stasiemeester : rooi pet met swart band

Verantwoordelike klerk : blou pet met goue band

Klerk : blou pet

Ladingmeester : blou pet

Wisselwagter : wit pet

Rangeerder : wit pet

Terreinopsigter : wit pet

Afleweraar : staal letters N.Z.A.S.M. aan weerskante van kraag

Treinkontroleur : silwer baand om moue, kraag en pet

Kondukteur 1ste klas : drie staal sterre aan weerskante van kraag

Kondukteur 2de klas : twee staal sterre aan weerskante van kraag

Kondukteur 3de klas : een staal ster aan weerskante van kraag

Leerling-kondukteur : kraag sonder onderskeidingsstekens

Kondukteur-remmer : wit pet

--00--

## HOOFSTUK 6

"HUISVADERS EN VRIJGEZELLEN" : Oor ou jongkêrels, huwelike en families

"Vooral de lui die met verlof naar Holland gaan, kom minstens voor de helft getroud of geëngageerd terug - vooral de opzichters en ook zelfs onder de lui die hier blijven zie ik den laatsten tijd veel slachtoffers der huwelijkspestem."

(Westenberg in 'n brief aan sy suster in Nederland, 1896-10-30)

Onder die Nederlandse NZASM-personeel was daar 'n groot aantal wat as vrygeselle na Transvaal gekom het, en eers later besluit het om hulle in die huweliksavontuur te begewe. Ander weer het hulle eggenotes of gesinne in 'n later stadium uit Nederland laat oorkom. Terwyl sommiges nooit getroud is nie, het ander weer met 'n gesin begin. Die gesin is 'n hoeksteen van die samelewing, en daarom is dit van belang om aandag te skenk aan die huwelikstaat van die Nederlandse NZASM-personeel.

### 6.1 Die vrygeselle

Dit is tot dusver onbekend hoeveel werknemers as vrygeselle na Transvaal gekom het. Slegs die aanstellingsbriewe sal daarop 'n antwoord kan gee, maar in die tyd wat vir navorsing in Nederland beskikbaar was, was dit 'n onbegonne werk om almal deur te gaan.

'n Bron wat makliker toeganklik en ook meer oorsigtelik is, is die lyste van Nederlanders wat Transvaal in 1900 moes verlaat.<sup>1</sup> Hierdie lyste bevat die name van 460 persone, van wie 194 ongetroud was - 'n persentasie van 42. Baie personeellede het diens aanvaar terwyl hulle ongetroud was, maar het soms ná hulle huwelik bedank. Ander weer het as getroude mans hulle aanstellingsbrief ontvang. Die getal ongetrouwe NZASM-werknemers van Nederlandse afkoms het vermoedelik in die beginjare van die maatskappy om en by die 50-60% geskommel, en mettertyd geleidelik tot 40-45% gedaal. Hierdie vermoede word bevestig deur iemand soos Westenberg, wat in 1894 nog melding maak van 'n menigte ongetrouwe jong mans onder die spoorwegpersoneel.<sup>2</sup> Drie jaar later het hy egter gekla dat hy as vrygesel al hoe minder geselskap het, en dat hy homself soos 'n "kuriositeit" vir die Pretoriase Staatsmuseum begin voel het!<sup>3</sup> Van die personeel

wat in die beginjare aangestel is het inderdaad die meeste die "slagoffers van die huweliksepidemie" geword, en het slegs 'n klein aantal verstokte vrygeselle soos Westenberg oorgebly.

## 6.2 Gesinne uit Nederland

'n Redelike aantal Nederlandse Zasmers wat in diens geneem is was reeds getroud of het op die punt gestaan om te trou.

Sommiges het uiteraard opgesien teen 'n lang skeiding en 'n eensame verblyf in 'n ver en vreemde land, en het verkies om hulle gesinne saam te neem. Dit het egter tal van probleme meegebring. Die lewe in die veld was primitief en nie gesik vir 'n vrou wat so pas uit Nederland gekom het nie. So maak Westenberg melding van sy tekenaar Nieuwenhuyze, wat met vrou en kind gekom het. Met die gebrek aan huisvesting, die vrou wat siek geword het en die haas onmoontlike taak om drie persone met £20 per maand te onderhou, is dit geen wonder dat dit 'n gesukkel van begin tot end was nie.<sup>4</sup> In die stede en dorpe was dit weer die tekort aan huisvesting en die hoë koste van lewensoronderhoud, wat teweeg bring het dat iemand soos Van Stipriaan Luïscius, wat in 1890 met sy gesin aangekom het, "niet teveel kramme sprongen mag maken daar vooral het getrouwe leven hier [Johannesburg] zeer duur is."<sup>5</sup> Die arme Stipriaan, wat later hoof van die onderafdeling Mouvement en Tractie van die Randtram geword het, het ook nog nie ongeluk gehad dat nie net sy goedere uit Nederland laat aangekom het nie, maar ook dat heelwat daarvan gebreek of verlore was.

Dit was dus heelwat verstandiger dat die meeste getrouwe Nederlandse NZASM-werknemers verkies het om alleen te bly totdat hulle omstandighede gunstig genoeg was dat die gesin na Transvaal kon kom. Wanneer die tyd daarvoor aangebreek het, het die meeste die Direksie om 'n voorskot gevra waardeur hulle vrou en kinders na Transvaal kon reis. Aan die vrou is dan gewoonlik, teen borgstelling van haar kant af, die nodige reisdokumente verskaf.<sup>6</sup> Om die voorskot te vereffen is maandeliks 'n sekere bedrag van die werknemer se salaris afgetrek.<sup>7</sup> Enkeles het gewag tot hulle verlof, om dan na Nederland te gaan en hulle gesin daar te gaan haal. Dit spreek vanself dat die weersien, sy dit in Suid-Afrika, of in Nederland, na maande en jare van skeiding besonder vreugdevol was.

### 6.3 Verlowings en huwelike in Nederland

Met so 'n menigte Nederlanders wat in die Transvaalse spoorwegbedryf werksaam was lê dit voor die hand dat daar 'n groot skaarste aan hubare Nederlandse vroue ontstaan het. 'n Deel van die Zasmers het daarin geslaag om plaaslik hulle huweliksmaat te vind (sien afdeling 6.4).

Ander weer kon in Transvaal geen Nederlandse vrou kry nie, of was te kieskeurig wat die Afrikanermeisies betref. Die enigste uitweg was dan om 'n vrou in Nederland te gaan haal. Westenberg vermeld in sy brieue dat die helfte van die verlofgangers uit Nederland verloofd of getroud teruggekeer het.<sup>8</sup> Iemand soos ingenieur C.M.Frylinck was reeds voor sy vertrek na Transvaal in 1893 met Antonia Lagerwey, 'n onderwyseres wat hy tydens sy studentejare leer ken het, bevriend. Hy het met haar bly korrespondeer, en in Julie 1895 het die twee met die handskoen getrou en het Antonia na Suid-Afrika gekom.<sup>9</sup> Met die binnekoms van hierdie vroue is nie net die Nederlandse element in Transvaal versterk nie, maar is ook die grondslag vir talle Nederlandse spoorweggesinne gelê.

### 6.4 Verlowings en huwelike in Transvaal

Hierbo is reeds melding gemaak van die ooraanbod van hubare Nederlandse mans by die NZASM. Nou was dit so dat baie begryplikerwys 'n Nederlandse vrou as huweliksmaat verkies het. Nederlandse dames was egter besonder skaars, en in die Afrikaanse meisies het nie almal sin gehad nie.<sup>10</sup> Nog in 1895 het Hoofingenieur Breuning in 'n brief aan sy suster skertsenderwys gevra dat sy 'n paar dosyn meisies na Transvaal stuur, en gekla dat arme vrygeselle soos hyself absoluut geen keusemoontlikhede gehad het nie.<sup>11</sup>

Enkeles was wel so gelukkig om in Transvaal 'n Nederlandse vrou te vind, byvoorbeeld Breuning, wat 'n jaar na sy klaagbrief met Jeannette Schiltshuis verloof was.<sup>12</sup> NZASM-direkteur Middelberg se oudste seun Martinus is getroud met Henriëtte (Dolly), 'n dogter van die bekende E.J.P.Jorissen.<sup>13</sup> Maar die meeste het op die ou end besluit om met 'n Afrikaanse of ander plaaslike nie-Nederlandse dame te trou.

In die geval van 'n huwelik in Transvaal is die Nederlandse gewoonte om

dit openbaar te maak nagevolg. Die geleenthedskoperantjie De Hoop der Toekomst, wat elke jaar met Koninginnedag (31 Augustus) te Waterval-Boven verskyn het, noem talle nooiens Meyer, Munnik, Kruger, Jordaan, Venter, De Villiers, Smit, Potgieter, Muller en andere, wat met plaaslike Nederlandse spoorweglui verloofd geraak het en later getroud is.<sup>14</sup> Anders as in Nederland het die verlowing kort geduur, en het die huwelik slegs 'n paar maande later plaasgevind. Vanweë die redelik algemene onkerklikheid onder die Nederlandse NZASM-personeel (sien Hoofstuk 12) was kerklike huwelike eerder uitsondering as reël. Gewoonlik het die ceremonie, waarby die huwelik deur die landdros bevestig is, in die huis van die bruidegom of van 'n vriend plaasgevind, waarna 'n fees gevolg het wat deur almal terdeë geniet is.<sup>15</sup> En hiermee het nog eens iemand Westenberg se "vereniging vir vrygeselle" verlaat.

#### 6.5 Gesinne in Transvaal

In die reël het die Nederlandse NZASM-personeel eers op later leeftyd in die huwelik getree - Breuning was 39, Martinus Middelberg 26 en Carel Frylinck 25. Baie was dus in hulle laat twintigerjare of selfs ouer in die stadium dat hulle met 'n gesin begin het. Dit is dalk die vernaamste rede waarom hierdie huwelike stand gehou het en daar in die bronne slegs baie sporadies na egskeidings verwys word.

Etlike vroue wat uit Nederland afkomstig was, het mettertyd probleme met hulle gesondheid ondervind (om onbekende redes, dalk as gevolg van die klimateer, swak higiëne en siektes, of swak liggaamlike gestel), en moes na Europa terugkeer met agterlating van hulle mans.<sup>16</sup> Dit lyk egter nie asof dit op egskeidings uitgeloop het nie.

Soos met huweliksluiting die geval was, was daar weinig kerklike betrokkenheid met die geboorte en opvoeding van kinders, en is hulle gedoopt slegs wanneer een of beide ouers kerkgangers was.

Om 'n aanduiding te probeer gee van die frekwensie en grootte van gesinne onder die Nederlandse NZASM-personeel, kan 'n mens weer eens die lyste van geporteerde personeellede raadpleeg.<sup>17</sup> Hieruit blyk dat van die 460 persone op die lyste daar 205 was wat, behalwe 'n vrou, ook een of meer kinders gehad het, dus 'n persentasie van 44, wat eintlik taamlik hoog is. Die getal kinders het gewissel van een of twee (wat die meeste

voorgekom het) tot soveel as agt. Met verwysing na die persentasie ongetroude mans (42%) was daar dus net 14% egaal sonder kinders.

Soos uit bostaande gedeelte blyk, was die Nederlandse NZASM-werknemer nie alleen 'n individu nie, maar ook 'n sosiale wese. Dit impliseer dat hy voortdurend in kontak met ander mense was, sowel kollegas en vriende as mededingers en vreemdelinge. Dit het uiteraard ook sosiaal-maatskaplike wrywing meegebring, 'n aspek wat in Hoofstuk 7 aan die orde kom.

--00o--

#### Verwysings : Hoofstuk 6

1. Archief NZAV, Amsterdam : VII, VIIA/96 : Staat van personen gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteiten uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, I-VII.
2. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Geluk, 1894-04-13.
3. Ibid, Pretoria, 1897-03-28.
4. Ibid, Waterval, 1893-02-09 en 1893-02-15.
5. Ibid, Johannesburg, 1890-03-21.
6. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 306 : Chef Exploitatie - Directie Pretoria, 1894-10-08, insake die beampete B. Blaauw wat sy gesin wou laat oorkom het.
7. ARA : Archief NZASM, 306 : Chef der Boekhouding - Directie Pretoria, Pretoria, 1894-11-03, insake die aflossing van voorskotte. Die naam van B. Blaauw verskyn ook in die brief.
8. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1896-10-30.
9. NZASM-argief M.C.P. Frylinck, Pretoria : NZASM-ingenieur C.M.Frylinck (kort biografie, opgestel deur M.C.P. Frylinck, 1988).
10. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Geluk, 1894-04-13.
11. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : M 878 : Breuning - suster Paula, Pretoria, 1895-11-01.

Verwysings : Hoofstuk 6 (vervolg)

12. TAB : M 878 : Breuning - suster Paula, Pretoria, 1896-12-12.
13. G.A.A.Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, pp 110 en 186.
14. Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep, Feestnummer "De Hoop der Toekomst", 1896-08-31, p 48; Archief ZASM, Amsterdam : Feestnummer "Die Hoop der Toekomst", 1895-08-31, p 11.
15. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg -suster, Heidelberg, 1895.03.31, oor die amptenaar E.Gerstäcker se troue; TAB : M 878 : Breuning - sisters, Pretoria, 1897-01-31, met 'n verslag van sy eie huwelikseremonie en -onthaal.
16. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1898-02-28.
17. Archief NZAV, Amsterdam : VII, VIIA/96 : Staat van personen gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteiten uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, I-VII.

--o0o--

## HOOFSTUK 7

"NIET ALTIJD ROZEGER EN MANESCHIJN" : Sosiaal-maatskaplike fasette en probleme

"Het zedelijk gehalte van het werkvolk is uiterst laag. Dat we daarmede ons hollandsche element versterken moeten is bedroevend en kan slechts tegenzin van Boer en Uitlander tegen de Hollanders bewerk..."<sup>1</sup>

(Middelberg in 'n brief aan Bake, Pretoria, 1896-09-28)<sup>1</sup>

Hoewel daar onder Transvaalse omstandighede dikwels die bomenslike van die personeel gevorg is, was hulle - ook die werknemers van Nederlandse herkoms - maar gewone mense, met alle eienskappe en probleme wat aan mense eie is. Hieronder sal in 'n sosiaal-maatskaplike skets sodanige eienskappe en probleme van nader toegelig word, en kom sake soos onderlinge verhoudings, beroeps- en gesondheidsgevare, oortredings, sterftes en dergelike meer aan die orde.

### 7.1 Onderlinge verhoudings

In Hoofstuk 3 het 'n mens reeds kennis gemaak met die Nederlandse NZASM-personeel. Vir die buitewêreld was hulle oënskynlik 'n betreklik homogene groep, dog in werklikheid was dit 'n bonte versameling individue met uiteenlopende politieke, sedelike, godsdienstige, morele en ander opvattinge. Dit spreek dus byna vanself dat onderlinge wrywing en persoonlikheidsbotsings nie uitgebly het nie.

Inderdaad 'n bonte versameling individue, waarvan die kwaliteit by gebrek aan beter werkragte dikwels te wense oorgelaat het (sien Hoofstuk 4). Onder hulle was "bedarde en oppassende menschen", mense wat in Nederland as gehoorsame burgers bestempel sou word.<sup>2</sup> Daar was egter ook diegene wat bankrot gespeel het en in Transvaal hulle heil gesoek het, asook werkers wat in Nederland skaars in diens geneem sou word, en natuurlik 'n paar Hollanders van goeie familie, wat die regte spoor byster geraak het en by die NZASM, ver weg van die vaderland, 'n heenkome gesoek het.<sup>3</sup>

In Transvaal was alles anders as in Europa. Vanuit die kosmopolitiese,

geordende Nederlandse samelewing het iemand skielik te lande gekom in die veld, besig met spoorwegaanleg, of op 'n eensame stasie of ploegbaaspos, waar die lewe sonder afwisseling verbygegely het. Diegene wat na die dorpe en stede gegaan het is weer blootgestel aan "...dien wonderlijken geest van speculatie en gemakkelijk geld verdien, door die vrije opvatting van eerlijkheid en goede trouw, die ruwheid en onverschilligheid van toon, waaraan die ghistende samenleving haar onwelriekende geuren ontleende."<sup>4</sup> Die pioniersmentaliteit van die Transvaalse bevolking het hom op een of ander wyse ook meester gemaak van baie Nederlandse NZASM-werknemers, soos dit na vore kom uit 'n sog by vele om binne die kortste moontlike tyd ryk te word, geestelike vervlakking en intellektuele luiheid, en gebrek aan sedelike en morele erns.

Dit lyk asof selfs die "bedaarde en oppassende menschen" uit Nederland oënskynlik 'n persoonlikheidsverandering ondergaan het. So het die amptenaar N.K.Huijsman in briewe aan 'n kollega in Amsterdam sy teleurstelling uitgespreek oor die optrede en geaardheid van Goudsward, iemand wat saam met hom na Pretoria gekom het. In Amsterdam was Goudsward 'n rustige en aangename mens, maar in Pretoria het hy homself blybaar onmoontlik gedra, gevloek, gedrink ensomeer.<sup>5</sup> Die stasieklerk W.Goppel berig oor soortgelyke ervarings met die amptenaar F.Thoolen, wat op grond van goeie getuigskrifte aangestel is, maar in Transvaal volslae waardeloos geword het.<sup>6</sup> Goudsward en Thoolen is maar twee voorbeelde; daar kan ongetwyfeld baie meer gevind word.

Die verhoudinge onder die personeel het as gevolg van bogenoemde faktore en natuurlik ook persoonlike karaktereienskappe soms veel te wense oorgelaat. Huijsman het gekla oor gemis aan vriendskap van sy kollegas, gebrek aan onderlinge verstandhouding en egoïstiese optrede.<sup>7</sup> Ook Goppel getuig van probleme in die omgang met sy medewerkers, en doen 'n sombere relaas van dobbelary, dronkenskap, skinderpraat en jaloesie.<sup>8</sup>

Dalk is hierdie sienings ietwat swartgallig, want hierteenoor het Bake in sy reisverslag van 1896 veel lof vir die goeie gees onder die personeel, veral aan die spoorlyne.<sup>9</sup> Oor die gees in Johannesburg, waar die personeel meer blootgestel was aan bevolkingselemente met 'n laer morele peil, was Bake egter minder positief: "Dat Johannesburg is een verrot nest, en onze Hollanders verrotten er ook...," aldus ook Middelberg se versugting in 1897.<sup>10</sup> Soos in Johannesburg was daar in Pretoria - veral

op die werkplaas - sosialistiese elemente, wat by tye die atmosfeer vertroebel het.

Indien 'n mens objektief wil oordeel oor die onderlinge verhoudinge, moet die dikwels uiters moeilike werksomstandighede in aanmerking geneem word. 'n Jong maatskappy, van alle kante bestook met kritiek en venynigheid, moes met groen en onervare personeel 'n volledige spoorwegbedryf in 'n ontwikkelende land opbou en aan die gang hou. "De nieuw in exploitatie gebrachte lijnen, die nog ver van voltooid waren, vorderden eene krachtsinspanning van geest en zenuwen, die alle erkenning verdient...", aldus die jaarverslag oor 1892.<sup>11</sup> Daar moes lang ure gewerk word sonder rusposes, soms onder onaangename omstandighede. Geen wonder dat sommiges in die proses "gekraak" het en ongelukke aan die orde van die dag was. By gebrek aan beter kragte was die NZASM genoodsaak om personele in funksies aan te stel waarvoor hulle nie gesik was nie.<sup>12</sup> Die aanstelling van individue in verantwoordelike poste, waarvoor hulle te jong en onervare was, het harmonie en samewerking tussen afdelingshoofde bemoeilik, en geleid tot gebrekkige kommunikasie tussen toesighouers en ondergeskiktes, en in sommige gevalle in wanorde en 'n gedemoraliseerde personeel ontaard.<sup>13</sup> Eers toe daar met die keuring en aanstelling van personeel in Nederland meer op kwaliteit gelet is, het dit beter gegaan. Die onbetroubare elemente en swart skape onder die werknemers is deur natuurlike uitskakeling - ontslag en bedankings - uitgedun. Teen 1897 het die NZASM sy "kindersiektes" agter die rug gehad en het die personeelsituasie verbeter.

## 7.2 Gevaare en sterftes

Die lewensomstandighede van die Nederlandse NZASM-werknemers in Transvaal was anders as in Europa, vreemd, soms hard, primitief en verraderlik. Sonder gevaar was hulle ook nie - 'n mens hoef maar te dink aan siektes, wilde diere, uiterstes van hitte en koue, oorstromings, lang werksure en ander. As gevolg van 'n verskeidenheid van oorsake het menige Nederlandse spoorwegman die lewe gelaat, of is hy permanent ongesik vir verdere werk gemaak.

Siektes was 'n gevaar wat maar altyd aanwesig was, en veral die malaria het allerlei spookbeelde oor die omstandighede in die Laeveld laat ontstaan. Malaria was die eerste siekte waarmee die NZASM-personeel te make gekry

het. Dit het die eerste sterfgevalle - dié van die ingenieurs Van Ysendijk en Van der Meulen begin 1888 - tot gevolg gehad, en baie ander personeellede sou hulle in die dood volg (FIGUUR 13). Die NZASM-personeel in die Laeveld het met malaria leer saamleef. Hulle het geweet dat dit in die somer meer voorgekom het as in die winter, en het daar mee rekening probeer hou. Volgens Westenberg het elkeen op een of ander tyd las van malaria gehad. Hy het die frekwensie en die vatbaarheid van individue vergelyk met verkoues en griep in Nederland, en die opvatting gehuldig dat die gevvaar tot 'n minimum beperk kon word deurdat 'n mens homself in ag moes neem, behoorlik gehuisves moes wees en nie teveel moes drink nie.<sup>14</sup>

In die loop van die NZASM se werksaamhede het malaria met wisselende intensiteit voorgekom. 'n Droë somer soos dié van 1891-1892 het minder gevalle tot gevolg gehad, en geen sterftes is aangemeld nie.<sup>15</sup> Daarteenoor was die somer van 1892-1893 weer baie nat, en het die siekte ernstige afmetings aangeneem, veral in die Elandsvallei. Etlike werknekers is tydens dié koorsepdemie dan ook oorlede.<sup>16</sup> Die daaropvolgende somer het dit effens beter gegaan, en daarna was die toestand redelik onder beheer, totdat in die oostelike Laeveld in 1898 'n nuwe koorsepdemie uitgebreek het, en die relatief hoë getal van twaalf persone hieraan oorlede is.<sup>17</sup> 'n Jaar later het die NZASM nog steeds gesukkel, en was die toestand in Kretschmar se woorde "ellendiger as ooit".<sup>18</sup> Gegewens oor hoe dit in 1900 en later gegaan het, ontbreek.

'n Siekte wat soms ewe ernstige afmetings as malaria aangeneem het, was disenterie. Soos met malaria het hulle wat dit in die Laeveld opgedoen het nog lank daar mee gesukkel, selfs nadat gesonder streke bereik is. Omstreeks 1897 het in Pretoria en ander sentra 'n tifusepidemie uitgebreek, wat toegeskryf kan word aan gebrekkige sanitasie.<sup>19</sup> Dit het byna ewe veel sterfgevalle as malaria tot gevolg gehad, en twee jaar later is 24 NZASM-werknekers aan die siekte dood.<sup>20</sup> Blootstelling aan koue het veral op die Hoëveld longontsteking tot gevolg gehad, wat etlikes die lewe gekos het. Die jaarverslae noem ook enkele ander siektes waaraan 'n aantal persone oorlede is, soos tuberkulose, bloedvergiftiging en hartaanvalle.



FIGUUR 13 Die begraafplaas te Komatipoort, waar menige NZASM-werknemer sy Laaste rusplek gekry het. Die twee wit grafstene (middel regs) is dié van die ingenieurs Van Ysendijk en Van der Meulen, wat begin 1888 aan malaria oorlede is. Foto uit ca. 1894.  
(Transvaalse Argiefbewaarplek)


'n Heeltemal ander tipe gevaar wat soms tot lewensverlies gely het was beroepsmatig van aard, en het veral trein- en rangeerpersoneel geraak. Die NZASM se jaarverslae gee 'n hele reeks ongevalle op diens, byvoorbeeld beserings by die koppel van rytuie en trokke, verwondings by botsings tussen treine, treine wat personeel omgery het, ontsporings (FIGUUR 14), persone wat uit treine of lokomotiewe gevallen het, en dergelike meer. Van hierdie ongevalle en doodsoorsake is deur eie onversigtigheid of onverantwoordelikheid teweeg gebring. So het die ploegbaas H.J. Hellings in Augustus 1893 om die lewe gekom toe hy (teen die voor-skrifte) met sy pomptrollie na sonsondergang op pad was, sonder 'n lig en waarskynlik onder die invloed van drank, en toe deur 'n trein raakgery is (sien ook Hoofstuk 10). Ander weer het deur blote ongelukke gesterf, soos toe in Desember 1898 op die Oosterlijn 'n brug deur 'n sterk vloed beskadig is en meegegee het terwyl 'n trein daaroor gery het, as gevolg waarvan die drywer en sy stoker dood is. Van 1892 tot en met 1899 is sowat 46 NZASM-werknemers tydens die uitoefening van hulle pligte oorlede.<sup>21</sup> Dit verbaas 'n mens soms dat hierdie syfer nie veel hoër was nie wanneer die omstandighede waaronder die maatskappy gewerk het, in ag geneem word.

Ander ongevalle kan weer beskryf word as fratsongelukke, byvoorbeeld toe opsigter Blokland, wat so pas uit Nederland gekom het, in November 1890 by Kaapmuizen van 'n perd gevallen en sy nek gebreek het - waarskynlik het die arme man nog nooit op 'n perd gesit nie -, of toe die skryner werker De Groot in Desember 1898 deur 'n vol rivier by Alkmaar-stasie meegesleur en hy verdrink het.<sup>22</sup> Ook in sulke gevalle kom 'n mens weer onder die indruk van 'n harde land, wat mens en dier nie altyd goedgesind was nie.

### 7.3 Oortredings

In Hoofstuk 4 het 'n mens reeds bewus geword van die dikwels lae gehalte van die personeel. Dit het op allerlei onaangename wyses na vore gekom in die vorm van 'n wye verskeidenheid van oortredings. Die mees voorkomende sal hieronder aandag geniet.

Drankmisbruik was beslis een van die grootste euwels wat onder die personeel - veral die Nederlanders - aangetref is. Male sonder tal was



FIGUUR 14 NZASM-lokomotief, wat op 18 Maart 1899 op 'n brug by Potchefstroom ontspoor het. Die drywer en stoker het daarby om die lewe gekom. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuuseum)

dit die grondliggende oorsaak waarom soveel strawwe en ontslag plaasgevind het.<sup>23</sup> Die lae gehalte van 'n groot deel van die personeel kan hiervoor verantwoordelik gehou word, maar ook eksterne faktore soos gebrek aan afwisseling, die lewe in 'n vreemde en harde omgewing, ver van familie en vriende in Nederland, die invloed van die stedelike samelewing en die kontak met voormalige delwers, bouers, winkeliers en leeglopers wat hulle geluk met spoorwegaanleg beproef het. "In moeilijk neer te vechten angst voor ziekte en dood of in doodende verveling op een eenzame post kan een man ertoe komen in verdooving zijn troost te zoeken", het P.J. van Winter dit treffend gestel.<sup>24</sup>

Dronkenskap het op allerlei maniere sy kop uitgesteek. Bake vertel van 'n los lokomotief met dronk personeel, wat teen 'n stilstaande trein gebots en lewensverlies veroorsaak het.<sup>25</sup> Goppel het gekla oor kollegas wat dronk op diens gekom het.<sup>26</sup> C.W. Verloop, Chef der Exploitatie in 1890-1893, het skrikwekkende feite gegee oor drywers wat totaal onbekwaam was weens drankmisbruik.<sup>27</sup> Sulke gevalle was eintlik maar die punt van die ysberg. Ook buite werksure het baie Nederlanders hulle aan alkohol vergryp. "'t Is schrikwekkend en bedroevend te zien welk gedemoraliseerd en verwaarloosd werkvolk hier uitkomt. 's Zondags te Pretoria wordt een dag van straatrumoer, dronkenschap op straat dat het ergerlijk is", het Middelberg ontsteld geskryf.<sup>28</sup> Hoewel die kwaliteit van die personeel geleidelik beter geword het, het drankmisbruik maar altyd 'n skynbaar onoorkomelike probleem vir die NZASM-Direksie gebly.

Diefstal, bedrog en oneerlikheid het by tye aan Middelberg en sy opvolger Kretschmar hoofbrekens besorg. Dit kan aan dieselfde faktore, wat aanleiding tot drankmisbruik gegee het, toegeskryf word, en is soos dronkenskap gewoonlik swaar gestraf, soms met ontslag. Groot wanhoop by Middelberg, toe in 1896 diefstalsindikate by die stasies Kazerne, Park, Vereeniging, Roodepoort en ander oopgevlek is: "Mijn hemel, zijn onze Hollanders zoo verwaarloosd? Waar zijn de lui opgevoed om tot dieven te worden?"<sup>29</sup> Deur van hulle ontslae te raak, het die oneerlike elemente onder die personeel geleidelik byna heeltemal verdwyn, sodat later aansienlik minder gevalle van diefstal en bedrog voorgekom het.

Oor ander oortredings en sosiale probleme swyg die bronne meestal. 'n Mens kan egter aanneem dat van die Nederlandse NZASM-personeel

onseidelikhede bedryf het met Swart vroue tydens die konstruksiefase, en dat hulle in die stede en dorpe geswig het voor die dames van ligte sedes. Doppelary het ook voorgekom. Hierdie probleme kan egter beswaarlik as tipies van die Nederlandse NZASM-werknemers voorgehou word. Hulle was immers maar "mensen, die alle eigenskappe van menschen, overal in de wereld en in alle tiden bezitten, goede en slechte".<sup>30</sup>

#### 7.4 Politieke moeilikhede

Die politieke gesindheid van die Nederlandse Zasmers jeens die owerheid was deurgaans positief. Hulle was immers deel van Kruger se "Hollander-beleid", en in hulle taamlik bevoorregte posisie was daar weinig aanleiding tot grieve. Die meeste het, in Westenberg se woorde, 'n "gloeiende haat" teenoor Brittanje en die Uitlanders gekoester, en saam met die Boere gejuig oor die mislukking van die Jameson-inval (1896).<sup>31</sup> In Westenberg se brieue en ander bronne vind 'n mens telkens skamper verwysings na die "Engelsche politieke zoodje", die "Jingobende" ensomeer.

Sommiges het selfs sover gegaan om hulle Nederlanderskap prys te gee en burger van die ZAR te word.<sup>32</sup>

Wat wel tot sosio-politieke probleme aanleiding gegee het, was die aanwesigheid van 'n aantal Sosialiste onder die Nederlandse spoorwegpersoneel. Bake het in 1894 al melding gemaak van Sosialistiese strominge, toe 'n ketelmaker in die Nederlandse pers afskeid geneem het met die versekering dat hy die stryd in Afrika sou voortsit.<sup>33</sup> Die Sosialiste was veral aktief in Pretoria en Johannesburg, waar die grootste groep NZASM-personeel gevvestig was, en wel onder die laer werknemers van die Centrale Werkplaats (Pretoria) en die goederestasie Kazerne (Johannesburg). In die werkplaas te Pretoria het die Sosialiste die mense aangehits, vergaderings belê en 'n staking voorberei.<sup>34</sup> Nog erger het dit te Kazerne gegaan, waar die brandpunt van Sosialistiese verset gesetel was. Soos in Pretoria is hier geagiteer vir beter pensioene en hoër salarissee.

Uiteindelik moes Middelberg optree en in Februarie 1897 'n aantal belhamels ontslaan wat onder die sing van Sosialistiese liedere van hulle makkers op die stasie afskeid geneem het.<sup>35</sup> Aan die ander kant

het die Sosialistiese beweging Middelberg se besluit om iets aan die salariskwessie te doen, verhaas. So het die Sosialistiese beweging dan tog een positiewe gevolg nagelaat. Na 1897 hoor 'n mens weinig meer van dié politieke stroming onder die Nederlandse NZASM-personeel.

Miskien wek die uiteensetting in hierdie hoofstuk 'n ietwat sombere beeld van die Nederlandse NZASM-werknemers en hulle lewensomstandighede op. So duister was die prentjie egter nie. Op allerlei maniere is hulle met raad en daad bygestaan, ten einde die lewe so draaglik as moontlik te maak, en potensiële sosio-kulturele probleme dus te voorkom. Dit is die onderwerp van die volgende gedeelte.

--000--

#### Verwysings : Hoofstuk 7

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 282 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1896-09-28.
2. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 78.
3. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-12-06, 1892-02-03.
4. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 79.
5. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : N.K.Huijsman - Th.C.Geudeker, Pretoria, 1899-05-25, 1899-04-08.
6. Ibid, W. Goppel - Th.C.Geudeker, Volksrust, 1898-04-23, 1898-09-30.
7. Ibid, N.K.Huijsman - Th.C.Geudeker, Pretoria, 1899-04-08.
8. Ibid, W.Goppel - Th.C.Geudeker, Volksrust, 1898-12-05.
9. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport van den Directeur van den Wall Bake n.a.v. zijn bezoek aan Zuid-Afrika in 1896, p 23.
10. ARA : Archief NZASM, 275 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1897-04-14.
11. NZASM, Jaarverslag 1892, p 15.
12. ARA : Archief NZASM, 282 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1895-12-26.

Verwysings : Hoofstuk 7 (vervolg)

13. ARA : Archief NZASM, 277. In sy briewe aan Bake, geskryf uit Johannesburg en Pretoria op 1890-05-12, 1890-06-18, 1892-05-28 en 1892-07-05, skets Middelberg 'n sombere beeld van chaotiese administrasie, gebrek aan behoorlike leiding, oorwerkte personeel en gebrekkige organisasie.
14. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Elandsvallei, 1891-02-28.
15. NZASM, Jaarverslag 1891, p 39.
16. De Volksstem, 1893-04-08 ("De Spoorwegwerken in het oosten"), p 2.
17. NZASM, Jaarverslag 1898, p 19.
18. ARA : Archief NZASM, 279 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1899-04-15.
19. Archief ZASM, Amsterdam : T.Nagel - E.Bruchner, Pretoria, 1897-05-22. Ook Middelberg maak in sy familiebriewe (gepubliseer in die Hertzog-Annale (Julie 1953) melding van dié "koorsepidemie".
20. NZASM, Jaarverslag 1898, p 18 en 1899, p 26.
21. NZASM, Jaarverslae 1892-1899.
22. Oor Blokland, sien NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Kaapmuizen, 1890-11-02; oor De Groot, sien Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Argief NZASM, Personnelregister NZM 39.
23. TAB : Argief NZASM, Personnelregisters 1890-1900 (NZM 19-63).
24. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 79.
25. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport van den Directeur van den Wall Bake n.a.v. zijn bezoek aan Zuid-Afrika in 1896, pp 3-4.
26. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : W.Goppel - Th.C.Geudeker, Volksrust, 1898-02-05.
27. ARA : Archief NZASM, 277 : C.W.Verloop - Bake, Pretoria, 1893-06-11.
28. ARA : Archief NZASM, 282 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1896-09-28.
29. ARA : Archief NZASM, 282 : Middelberg - Kretschmar, Pretoria, 1896-09-28.
30. ARA : Archief NZASM, 275 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1897-10-25.

Verwysings : Hoofstuk 7 (vervolg)

31. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Heidelberg, 1896-01-03.
32. Die amptenaar J.E.A.Reijneke van Stuwe, wat in 1897 na Transvaal gekom het en reeds twee jaar, met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog ZAR-burger geword het, is 'n tipiese voorbeeld (TAB, Aanwins A 1414). In Memoriam N.Z.A.S.M. lys op p 87 'n getal van 67 Nederlanders wat genaturaliseer het.
33. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 80 (voetnoot).
34. G.A.A.Middelberg , Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, p 39.
35. ARA : Archief NZASM, 275 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1897-02-22; P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 80 (voetnoot).

--00o--

## HOOFSTUK 8

"EEN HANDJE HELPEN" : Hulpverlening aan die NZASM-personeel deur die maatskappy en ander instellings

"Ik kan zeggen met weemoed heb ik het vernomen; niet alleen uit eigenbelang omdat de uitkeeringen hebben opgehouden; maar vooral doet het mij leed dat eene goede Hollandsche maatschappij, welke te allen tijde de belangen harer ambtenaren en beambten voor ogen had tot het laatste oogenblik, op zoo eene treurige wijze zonder eigen toedoen tot haar einde moest komen."

(A. Isaacson, 'n voormalige werknemer, in 'n brief aan die Direksie,  
New York, 1909-06-19)<sup>1</sup>

In die vorige hoofstukke is telkens die verskillende probleme waaroor die NZASM-personeel te staan gekom het, aangestip en bespreek. 'n Mens hoef maar te dink aan finansiële verknorsing, gesukkel met siektes en gesondheid, geldelike nood na ontslag, aftrede of dood, en vele meer. Dit is dus goed om hierby stil te staan en te ondersoek op watter wyse die werknemers hulp en ondersteuning geniet het.

### 8.1 Die "Spaar- en Ondersteuningsfonds"

Die NZASM het tot stand gekom in 'n tyd toe daar van sosiale sekuriteit vir werknemers nog nie veel sprake was nie. Dit was eers in 1892 dat die maatskappybestuur aandag begin gee het aan die wenslikheid om die finansiële toekoms van die personeel en hulle naasbestaandes nā ongeskiktheid, aftrede of dood te verseker.<sup>2</sup>

In daardie jaar is dus 'n konsep-skema vir 'n pensioenfonds opgestel. Hiervolgens sou 'n spesiale fonds in die lewe geroep word, van waaruit pensioene toegeken sou word aan diegene wat die diens weens liggamlike ongeskiktheid of ouderdom sou moes verlaat, asook aan weduwees en wese van oorlede werknemers. Hierdie konsep-skema is aan die Volksraad van die ZAR vir goedkeuring voorgelê, aangesien daardie liggam besig was om te werk aan 'n pensioenwet vir staatsamptenare en die NZASM graag daarby wou inskakel.

Die Volksraad het sowel met sy eie wet as met die goedkeuring

gesloer, en eersgenoemde uiteindelik in 1894 in konsepvorm van die hand gewys. Die NZASM was huiwerig om met die implementering van gemelde konsep-skema voort te gaan.<sup>3</sup> Daar is besef dat die maatskappy dit nie langer kon bekostig om die saak verder uit te stel nie, en op 1 Maart 1895 het 'n eie pensioenskema in werking getree, genaamd Regeling voor Lijfrenteverzekering en de oprichting van een Spaar- en Ondersteuningsfonds.<sup>4</sup>

Die doel van hierdie skema was om die personeel te verseker van 'n jaarlike pensioen (destyds meer algemeen "lyfrente" genoem) na hul sestigste verjaardag, en om diegene wat ongeskik geword het vir verdere diens, asook weduwees en wese van oorlede personeel, van 'n ondersteunende toelae te voorsien. Alle amptenare en beampies jonger as veertig jaar is in staat gestel om hulle teen premiebetaling van 'n jaarlike pensioen te verseker, met uitsondering van diegene wat by die Dienst van Aanleg werkzaam was. Die pensioenbedrag was gebaseer op 'n maksimumsalaris van £25 per maand in Transvaal, en alle deelnemers wat minder as dit verdien het was verplig om by elke salarisverhoging ook hulle versekering te verhoog, ten einde vir hierdie maksimum in aanmerking te bly. Personeel met 'n hoër salaris as £25 maandeliks kon ook 'n pensioen verseker, maar dan met bybetaling van 'n maandelikse bedrag gelykstaande aan 3% van die verskil tussen hulle salaris en die maksimum.

Wie het vir 'n pensioen en/of 'n toelae gekwalificeer, en op watter basis is dit dan toegeken? Daar is vir die volgende kategorieë voorsiening gemaak :<sup>5</sup>

- (a) Diegene wat sonder eie toedoen vir verdere diens ongeskik geword het.
- (b) Diegene wat deur "ziels- of lichaamsgebreken" vir verdere diens ongeskik geword het.
- (c) Diegene wat minstens sestig jaar oud was met diensverlating.
- (d) Weduwees en wese van versekerdes wat tydens hulle dienstydperk sonder eie toedoen dood is as gevolg van 'n ongeluk of die klimaat.
- (e) Weduwees en wese van versekerdes wat tydens hulle dienstydperk aan ander oorsake buite hulle toedoen oorlede is.
- (f) Weduwees en wese van versekerdes wat na hul sestigste verjaardag afgetree het.

Die nuwe pensioenskema het verder bepaal dat versekerdes of hulle weduwees en wese, wat hulle buite Suid-Afrika sou vestig, 60% sou ontvang van dit wat aan hulle in Suid-Afrika sou toekom.<sup>6</sup>

'n Verdere belangrike uitvloeisel van die skema was die stigting van 'n Spaar- en Ondersteuningsfonds deur die NZASM.<sup>7</sup> Uit hierdie fonds sou die pensioene en toelaes vloei. Die fonds sou gefinansier word deur 'n gedeelte van die maatskappy se wins, die bydraes van versekerdes wat meer as £25 per maand verdien het, besondere bates en ook rente.

In Augustus 1895 is die NZASM-personeel in kennis gestel dat die skema vir pensioene en toelaes op 1 Januarie 1896 in werking sou tree.<sup>8</sup> Vir nuwe aanstellings was dit voortaan verpligtend om hieraan deel te neem, en die bestaande personeel sou die keuse hê of hulle wou aansluit of nie.<sup>9</sup> Die reaksie was aanvanklik teleurstellend. Persoonlike bearbeiding deur 'n maatskappyverteenvoerdiger (A.D.Roosegaarde Bisschop) en die verlenging van die keerdatum vir deelname aan die skema tot 31 Maart 1896 het meer sukses gehad.<sup>10</sup> Tog het 'n aantal werknemers halsstarrig bly weier om lid te word.

Die Direksie het gaandeweg besef dat die verpligte betaling van premies in die weg gestaan het van baie wat wou deelneem aan die skema. Ten einde hierdie struikelblok te verwyder sou die maatskappy vanaf 1 September 1896 die betaling van die premies dra, en is die weieraars 'n laaste kans gebied om toe te tree.<sup>11</sup> 'n Aantal NZASM-werknemers - waaronder vermoedelik heelwat koppige Hollanders - het egter nog steeds verkies om uitgesluit te bly.

Met die inwerkingtreding van die pensioenskema het die NZASM 'n spesiale ooreenkoms aangegaan met een van die groot versekeringsmaatskappye in Nederland, die "Nederland" N.V. van verzekering op het leven.<sup>12</sup> Ingevolge hierdie ooreenkoms sou die Nederland sorg dra vir die administrasie en die uitbetaling van die polisse. In geval van bedanking het 'n werknemer die keuse gehad om die polis oor te neem en self met die betaling van premies voort te gaan, of om dit op te sê.

Dat die NZASM se skema vir die verskering en toekenning van pensioene en toelaes baie ondersteuning geniet het en goed gewerk het, is seer

sekerlik waar. 'n Mens hoef maar te kyk na die statistiek., soos uiteengesit in Bylae III.

### 8.2 Die "Ziekenfonds" en die "Geneeskundige Dienst"

Anders as in die geval van pensioene, toelaes en lewensversekerings het die mediese sorg vir die personeel vanaf die begin die ernstige aandag van die Direksie geniet. Daar is besef dat die werksaamhede van die Nederlandse en ander aangesteldes alleen maar baat sou vind by voldoende sorg vir hulle gesondheid, maar ook dat die versekering van geneeskundige hulp en bystand sou bydra tot hulle gemoedsrus.

Die siekte en dood van die ingenieurs Van Ysendijk en Van der Meulen te Komatipoort (1888) het die noodsaak van goeie mediese versorging op 'n harde manier tuisgebring. Die maatskappy het die waarborg gegee dat hy alles sou aanwend om die gesondheid van sy werknemers te verseker, byvoorbeeld deur goeie huisvesting en voorsiening van watersuiwerings-toerusting. In daardie jaar (1888) is ook die eerste NZASM-geneesheer aangestel.<sup>13</sup>

Die getal geneeshere het in 1890 tot drie gestyg. Vir sy werknemers het die NZASM 'n hospitaal te KM 60 aan die Oosterlijn (naby die huidige Malelane) ingerig. Gelukkig het daar diē jaar weinig ernstige siektes voorgekom, sodat die hospitaalbeddens onbeset gebly het.<sup>14</sup> Ook in die daaropvolgende jaar het die gesondheidstoestand in die Laeveld bevredigend voorgekom.

Tot dusver moes die NZASM-personeel self opdok vir mediese uitgawes wat deur hulle aangegaan is. Die koste van geneeskundige hulp in Suid-Afrika was egter baie hoog. Om hierin vir sy werknemers verligting te bring het die maatskappy in 1891 die Fonds tot het verleenen van geneeskundige hulp en ondersteuning aan het dienstpersoneel der N.Z.A.S.M. (gewoonlik Ziekenfonds genoem) in die lewe geroep.<sup>15</sup> Hieronder kortliks die doel en werkswyse van diē fonds.<sup>16</sup>

Dit is interessant om te weet dat die Ziekenfonds nie net geneeskundige hulp en ondersteuning aan die Blanke NZASM-personeel verleen het nie, maar dat ook die Nie-Blanke daarvoor in aanmerking gekom het. Die fonds sou, ingeval van siekte of besering, gratis geneeskundige verpleging en

medisyne verskaf, 'n gedeelte van die pasiënt se salaris verseker en 'n gedeelte van die hospitaalkoste betaal. Slegs die Blanke werknemers van die Dienst der Exploitatie (wat permanent aangestel was) was verplig om lede van die fonds te word. Van elke lid se salaris is 'n sekere bedrag afgetrek en in die kas van die fonds gestort. Ander finansiële bronne was geldboetes, donasies, rente op belegde kapitaal en ander. Ook is gespesifiseer in watter gevalle die fonds geen hulp sou verleen nie : siekte as gevolg van dronkenskap of onsedelikheid, verontagsaming van die geneesheer se voorskrifte ensomeer, om maar enkele voorbeelde op te noem. Teen addisionele betaling kon 'n werknemer se gesin ook lede van die Ziekenfonds word. Met hierdie fonds op die agtergrond kon die Nederlandse NZASM-personeel weer gerus wees wat hulle mediese versorging betref.

Die Ziekenfonds het ook beslag gegee aan die NZASM se Geneeskundige Dienst, bestaande uit die geneeshere wat in maatskappydiens of ingekontrakteer was, en later ook die verpleegsters. Eintlik het hierdie diens reeds in 1889 sy grondslae gehad in die vorm van die Instructie voor den Geneesheer der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij.<sup>17</sup> Hierin is die funksies en take van die geneesheer omskryf, byvoorbeeld toesig oor die gesondheidstoestand, met aanbevelings hoe om dit te verbeter, behandeling van siekes, opstel van gesondheidsvoorskrifte, sorg oor medisyne en dergelike meer.

Die Ziekenfonds was al spoedig 'n sukses, en reeds gedurende die eerste jaar van sy bestaan het 506 mans, vroue en kinders daarby aangesluit.<sup>18</sup> Ook die Geneeskundige Dienst het met die vermeerdering van die personeelgetalle uitbreiding ondergaan, van drie geneeshere in 1893 tot nie minder nie as veertien in 1900.<sup>19</sup> 'n Aantal was "ingekontrakteer", wat beteken dat hulle, naas hulle eie praktyk, 'n ooreenkoms met die NZASM vir die verlening van hulle dienste gehad het.

Tot 1895 is die siekes en gewondes verpleeg in staatshospitale te Lourenço Marques (Maputo), Johannesburg en Pretoria. Weens die personeelstoename is daar egter spoedig die behoefte aan eie verpleeginrigtings gevoel, en begin 1896 is die eerste NZASM-hospitaal (te Waterval-Onder) in gebruik geneem, met die eerste verpleegster.<sup>20</sup> Later dieselfde jaar het 'n tweede hospitaal gevolg, naamlik in Johannesburg (by Jeppe-stasie)\*, waar ook 'n groot konsentrasie NZASM-personeel aangetref is.<sup>21</sup> As gevolg

\* Hierdie hospitaal is in 1899 verplaas na 'n nuwe gebou in Doornfontein.

van baie siekte onder die Swart mynwerkers is te Springs 'n derde hospitaal opgerig, uitsluitlik vir Nie-Blanke werknemers.<sup>22</sup> Dit bewys dat die NZASM ook die liggaaamlike belang van sy Swart personeel op die hart gedra het, net soos wat die geval met die Blanke werknemers was.

Die totstandkoming van eie hospitale het vir die NZASM beteken dat hy gedeeltelik self na sy personeel se gesondheidsorg kon omsien. Die afdelingshoofkwartier van die Oosterlijn was te Waterval-Boven, en in daar die omgewing was toe nog geen hospitale nie, terwyl te Johannesburg die staatshospitaal waarskynlik so oorbelas was dat die maatskappy maar self so 'n inrigting opgerig het. Nietemin is 'n deel van die Blanke en Nie-Blanke personeel nog steeds gereeld in staatshospitale (veral diē te Johannesburg, Pretoria en Barberton) opgeneem.

Na die totstandbring van eie hospitale het die NZASM in die uitbouing van sy Geneeskundige Dienst ten slotte aandag gegee aan die verskaffing van medisyne. Laasgenoemde is deur private apteke verskaf, maar met die uitbreiding van die personeel en hulle gesinne het die rekeninge wat die NZASM van die apteke ontvang het al hoe hoër geword. In 1898 het die maatskappy dus sy eie apteke in Johannesburg en Pretoria opgerig, onder toesig van die plaaslike NZASM-geneeshere.<sup>23</sup> Ook by hierdie skema het die Nederlandse NZASM-personeel veel baat gevind.

Reeds in die NZASM-tyd het die Laeveld 'n slegte naam gehad, "een verschrikkelijk spooksel, dat eeuwige moordhol waar de jonge levens alhier ter dood worden veroordeeld".<sup>24</sup> Uit daardie dae stam ook die angswekkende verhale, dat net soveel sterftes voorgekom het as wat daar dwarslêers onder die spoorstawe was. Inderdaad : heelwat mense (waaronder talle Nederlanders) het hier die lewe gelaat, maar sonder die NZASM se sorg vir sy personeel se gesondheid sou dit oneindig meer gewees het.

### 8.3 Oor medisyne, medikasie en voorkomende gesondheidsorg

In die vorige afdeling is reeds verwys na die verhaal van "n dooie vir elke dwarslêer". Dat dit 'n mite is, is ook toe te skryf aan die relatief doeltreffende geneesmiddelle en gesondheidsorg.

Malaria was die eerste siekte waarmee die NZASM-personeel op groot skaal te make gekry het, en dit spreek dus vanself dat baie aandag gegee is aan die oorsake daarvan en moontlike teenmiddele. Aanvanklik is gedink dat die onskuldige koorsboom die verwekker van malaria was, en in 1888 het ingenieur C.Groll dus opdrag gegee dat dié bome uitgeroei moes word.<sup>25</sup> Dit was natuurlik 'n onbegonne taak, en geen gehoor is aan dié versoek gegee nie. Ook het die algemene opvatting geheers dat bloekombome help om die "koors" af te weer, en het die NZASM in navolging van die ZAR-regering begin om bloekoms op groot skaal aan te plant.<sup>26</sup> Hier is die antwoord op die vraag waarom bloekombome vandaag nog op alle bestaande en voormalige NZASM-stasies (selfs op die Hoëveld) teëgekom word.

Daar was meer doeltreffende medisyne om malaria te bekamp as die uitroeiing van koorsbome en die aanplant van bloekoms, soos arsenikum-pille, wat Westenberg soms gebruik het.<sup>27</sup> Nog beter was kinientablette. Eers in 1893 het Ronald Ross ontdek dat die anopheles-muskiet die draer van malaria was, en kon die personeel deur slaapnette, voldoende ventilasie en ander maatreëls poog om voorkomend op te tree.

Op die konstruksieterrein was 'n geneesheer meestal nie in die omgewing wanneer iemand siek geword het nie, en moes die ingenieurs en opsigters dus van die medisynekis gebruik maak. Op voorskrif van die geneeshere het die maatskappy 'n verskeidenheid geneesmiddels vir gebruik in die veld voorsien.<sup>28</sup> Dalk is hulle nie altyd oordeelkundig toegepas nie, maar in elke geval was die resultaat meestal bevredigend.

Die Geneeskundige Dienst was vir sy tyd baie goed toegerus met geneesmiddels, literatuur en instrumente. In 1894 het dr. Ham van Waterval-Onder voorgestel dat die NZASM voortaan die geneesmiddelle direk by die vervaardigers verkry.<sup>29</sup> Die geneeshere het toegang gehad tot 'n reeks oorsee mediese tydskrifte ten einde hulle kennis op datum te hou.<sup>30</sup> In 1896 het die NZASM 'n X-straalapparaat vir sy hospitaal te Waterval-Onder aangeskaf.<sup>31</sup> Hoe modern en uigebreid 'n NZASM-geneesheer se toerusting teen 1900 was, kan afgelei word uit 'n inventaris van dr. H.C.M. van Gorkom se praktyk te Middelburg, wat etlike bladsye beslaan.<sup>32</sup> Inderdaad weer 'n bewys dat die NZASM nie daarteen opgesien het om koste aan te gaan waar die gesondheid van sy werknemers ter sprake was nie.

#### 8.4 Die "Spaarkas"

Die finansiële verknorsing van personeel, veroorsaak deur skulde, gesinsuitbreiding, siektes in gesinne, te hoë lewenstandaard en dergelike meer het voortdurend aanleiding tot kommer by die NZASM-direksie gegee. In 1898 is dus besluit om 'n Spaarkas in die lewe te roep, met die doel om spaarsin onder die personeel te bevorder.<sup>33</sup> Werknemers kon hier hulle geld teen rente van 4% per jaar belê, en kon te alle tye toegang tot hulle spaargeld geniet. Die aanvanklike reaksie was baie bemoedigend, en einde 1898 was reeds 'n bedrag van £ 1 595 belê. Die Spaarkas het sy suksesverhaal gedurende 1899 voortgesit.

#### 8.5 Ander vorme van hulpverlening en ondersteuning

Omtrent begrafnisversekerings is geen inligting bekend nie. Waarskynlik het werknemers self daarvoor gesorg.

'n Algemene vereniging van Nederlanders soos die Nederlandsche Vereeniging voor Zuid-Afrika, wat takke in Johannesburg en Pretoria gehad het, het sy eie Ondersteuningsfonds en Ziekenfonds gehad.<sup>34</sup> Heelwat Nederlandse spoorweglui was lid van hierdie vereniging, en kon dus van dié verenigingsinstellinge gebruik gemaak het.

In die relaas hierbo is een belangrike vorm van hulpverlening nog nie aangeroer nie, en dit is die voorsiening van huisvesting, en hoe die NZASM as werkgewer sy personeel daarin tegemoet probeer kom het. Huisvesting aan spoorwegpersoneel oor die algemeen, en aan NZASM-personeel in die besonder, is 'n baie interessante onderwerp, ook vanweë argitektoniese fasette daarvan. Hierop fokus die volgende hoofstuk.

--000--

#### Verwysings : Hoofstuk 8

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 111 : A. Issacson - Directie, New York, 1909-06-19.
2. NZASM, Jaarverslag 1892, pp 16-17.

Verwysings : Hoofstuk 8 (vervolg)

3. NZASM, Jaarverslag 1894, pp 18-19.
4. NZASM-argief R.C.de Jong, Pretoria : Regeling voor Lijfrente-Verzekering en de oprichting van een Spaar- en Ondersteuningsfonds, Amsterdam, 1895-03-01.
5. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : Regeling voor Lijfrente-Verzekering en de oprichting van een Spaar- en Ondersteuningsfonds : Voorbeelden voor de toepassing. Dit bevat inligting oor die wyse waarop die ses kategorieë pensioene en toelaes ontvang het :
  - (a) Diegene wat sonder eie toedoen vir verdere diens ongeskik geword het. In hierdie geval het die NZASM die premiebetaling vir sy pensioen tot sy 61ste jaar oorgeneem, en het die persoon tot dan 'n jaarlikse toelae ontvang, gelykstaande aan 'n minimum van 25% en 'n maksimum van 50% van die laaste diensjaar se besoldiging. Iemand wat dus £252 per jaar verdien het, het 'n toelae van £63 jaarliks ontvang. Met die inwerkingtreding van die pensioen is dit van die toelae afgetrek, tensy dit gelyk aan of groter as laasgenoemde was.
  - (b) Diegene wat deur "ziels- of lichaamsgebreken" vir verdere diens ongeskik geword het. Dieselfde bepalings soos (a) was hier van krag.
  - (c) Diegene wat minstens sestig jaar oud was met diensverlating. Hulle kon aanspraak maak op 'n pensioen gelykstaande aan die helfte van hulle laaste besoldiging. 'n Persoon wat £25 per maand gekry het gedurende sy laaste diensjaar, het dus £12.10 aan maandelikse pensioen ontvang.
  - (d) Wedewees en wese van versekerdes wat tydens hulle dienstydperk sonder eie toedoen dood is as gevolg van 'n ongeluk of die klimaat. In so 'n geval sou die weduwee die helfte van die totale jaarlikse pensioen en moontlike toelae geniet waarop die oorlede egenoot geregtig was, met 'n minimum van £42 en 'n maksimum van £139 in Suid-Afrika. Sou 'n oorlede egenoot dus 'n pensioen van £11 per maand ontvang het, het 'n weduwee of die wese (tot die jongste van hulle agtien jaar oud geword het) maandeliks £5.10 gekry.
  - (e) Wedewees en wese van versekerdes wat tydens hulle dienstydperk aan ander oorsake buite hulle skuld oorlede is. Dieselfde bepalings as vir (d) het hier gegeld.

Verwysings : Hoofstuk 8 (vervolg)

- 5(f) Weduwees en wese van versekerdes wat na hul sestigste verjaardag afgetree het. Weer was in hierdie geval die bepalings van (d) geldig.
6. NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria : Regeling..., p 9.
  7. Ibid, pp 9-13.
  8. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 5, Pretoria, 1895-08-27 ("Lijfrente Verzekering en Spaar- en Ondersteuningsfonds").
  9. NZASM, Jaarverslag 1895, pp 22-23.
  10. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 8, Pretoria, 1895-10-30, insake persoonlike besoeke deur A.D.Roosegaarde Bisschop.
  11. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No.9, Pretoria, 1895-12-31, insake verlenging van tydperk van toetreding tot die fonds; Dienstorder No.12, Pretoria, middel 1896 ("Lijfrente-verzekering").
  12. Archief ZASM, Amsterdam : "Nederland" N.V. van verzekering op het leven. Tarief voor uitgestelde lijfrente op één hoofd. Uitsluitend dienende voor de verzekering van de pensioenen van Ambtenaren, Beambten, enz., van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, Amsterdam, Aug. 1895.
  13. NZASM, Jaarverslag 1888, pp 9, 13.
  14. NZASM, Jaarverslag 1890, pp 12-13.
  15. NZASM, Jaarverslag 1891, pp 39-40.
  16. Archief ZASM, Amsterdam : Reglement voor het fonds tot het verleenen van geneeskundige hulp en ondersteuning aan het dienstpersoneel der N.Z.A.S.M., Pretoria, 1895-01-25.
  17. ARA : Archief NZASM, 412 : E 129, Instructie voor den Geneesheer der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, Amsterdam, 1889-08-01.
  18. NZASM, Jaarverslag 1892, p 17.
  19. NZASM, Jaarverslag 1893, p 21; 1899, p 36.
  20. NZASM, Jaarverslag 1895, pp 23-24.
  21. NZASM, Jaarverslag 1896, pp 26-28.
  22. NZASM, Jaarverslag 1897, pp 26-28.

Verwysings : Hoofstuk 8 (vervolg)

23. NZASM, Jaarverslag 1898, pp 26-28.
24. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : W.Goppel - Th.C.Geudeker, Kraal, 1899-05-20.
25. Op zoek naar den "doodsboom", Zuid-Afrika, 3(12), dec. 1926, pp 187-188.
26. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-10-11; Archief ZASM, Amsterdam : C.Groll - J.L.Clusenaer, Komatipoort, 1888-08-27.
27. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-10-11.
28. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : Lijst van genees-middelen en verbandstukken met gebruiksaanwijzing bij verschillende ziekte-gevallen ten behoeve van de opnemingsploegen der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij bestaande uit ongeveer vijf Blanken en acht Kaffers voor den tijd van vier à vijf maanden, Barberton, Jan. 1889.
29. ARA : Archief NZASM, 333 : Dr. Ham - Chef Exploitatie, Waterval-Onder, 1894-06-18.
30. ARA : Archief NZASM, 333 : Dr. Kolff - Directie, Pretoria, 1896-06-25, waarin hy 'n lys van mediese tydskrifte voorlê.
31. ARA : Archief NZASM, 333 : Chef Exploitatie - Directie Pretoria, Pretoria, 1896-09-30.
32. ARA : Archief NZASM, 333 : Inventaris van Geneeskundige Dienst Middelburg, ca. 1900.
33. NZASM, Jaarverslag 1898, pp 24-25.
34. R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders met besondere aandag aan die Nederlandsche Vereeniging, 1890-1918 (ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), pp 45-47.

## HOOFSTUK 9

"EEN DAK BOVEN HET HOOFD" : Vestiging en huisvesting in die veld, op die platteland en in die stad

"'t Bevalt me nog maar half in mijn nieuwe wooning te Heidelberg; 't is er koud en winderig en onvrij en vooral mijn tuin mis ik zoo. 't Is toch erg zooals een mensch zich kan verwennen; vroeger zou ik met zoo 'n huis den prins te rijk zijn geweest maar nu ik zoo 'n bizonder mooi heb gehad ben ik niet dit nieuwe heelemaal ontevreden."


(Westenberg in 'n brief aan sy suster, Pretoria, 1896-04-27)<sup>1</sup>

Saam met die NZASM en sy werknemers het 'n geheel-en-al nuwe vorm van argitektuur in Transvaal op die toneel verskyn, naamlik die spoorwegboukuns. Onder waar 'n groepie Hollanders in diens van die NZASM werkzaam was, het 'n mens hulle tente en hulle huise van hout, sinkplaat, baksteen of klip aangetref. Op plekke het selfs spoorwegbuurte en spoorwegdorpe ontstaan. As een van die NZASM se blywendste nalatenskappe is dit interessant om na te gaan watter vorme die "dak bokant hulle koppe" aangeneem het.

### 9.1 Huisvesting in die veld

Met aankoms in die veld vir opmetings of konstruksiewerk het die NZASM-personeel in die meeste gevalle natuurlik geen huisvesting aangetref nie. Die heel eerste dak bokant hulle kop was dus gewoonlik 'n tent. Op van die foto's wat uit hierdie tydperk dateer, kan 'n mens dié tente waarneem, en ook Bouter en Westenberg maak daarvan melding.

Uiteraard was die tente net bedoel as tydelike huisvesting, en was hulle op die lange duur nie besonder gerieflik nie. Dikwels het dit dus gebeur dat die personeel omgesien het na maniere om die lewe in die basiskamp meer aangenaam te maak. Soms het hulle kans gesien om, met behulp van hulle Swart arbeiders, van plaaslike boumateriaal soos hout, klei en riet 'n meer permanente en stetige woning op te rig. Westenberg vermeld byvoorbeeld 'n kookhuis (kombuis) van riete in die kamp te Komatipoort in 1890, en later dieselfde jaar het hy getrek na 'n nuwe kamp by Kaapmuiden, waar hy in 'n huis van riete en klei gaan woon het.<sup>2</sup> FIGUUR 15 toon so 'n tentekamp met 'n riethut op die agtergrond.



FIGUUR 15 Kamp van NZASM-personeel, waarskynlik by Kaapmuiden aan die Oosterlijn, ca. 1891. Let op die "afdak" (links), die tente (middel en regs) en die riet-en-kleihuis (middel agter).  
(NZASM-argief R.C. de Jong : Gerstäcker foto-album)

Vir die welsyn en goeie gesondheid van sy werknemers was dit vir die NZASM egter belangrik dat hulle goed gehuisves was, en daarom het die maatskappy al spoedig voorafvervaardigde houthuise in die basiskampe laat oprig. Die eerstes was taamlik klein.<sup>3</sup> Volgens foto's het hulle baie soos die groter riet-en-kleihuise gelyk. Die houthuise wat later gebou is, was groter (FIGUUR 16). Hierdie gebou, wat gewoonlik 'n keet genoem is, het 'n gang met twee of meer kamers aan weerskante gehad.<sup>4</sup> Heelwat van hierdie keeten is later in stasiegeboue omskep.

Die voorafvervaardigde huise wat in die Laeveld gebruik is was byna heeltemal van hout, 'n maklike teiken vir termiete. Dit is daarom interessant om te weet dat die vloer ongeveer 50cm bokant die grondoppervlak was, en die vertikale pale van die raamwerk in gietyster houers in die grond gestaan het. Die houers is voortdurend met water gevul om die termiete en ander insekte uit te hou.<sup>5</sup> Hierdie bouwyse, wat uit Indië afkomstig was, is duidelik sigbaar in Figuur 16.


Waar die riet-en-kleihuise goedkoop en maklik vervangbaar was, en dus orals tydens konstruksiewerk aangetref is, was die houthuise nie altyd ideaal nie vanweë beperkte lewensduur, duurder konstruksiemateriaal en onderdele wat soms swak vervaardig was of nie goed inmekaar gepas het nie. Reeds in 1891 is dus die eerste huise van hout en sinkplaat opgerig, en het Westenberg op deurreis in Komatipoort al heelwat opgemerk.<sup>6</sup>

As sterk, goedkoop en plaaslik verkrygbare boumateriaal sou sinkplaat nog baie deur die NZASM gebruik word, vir sy personeelhuise, stasiegeboue, toodse, skure en ander strukture.

Van die houthuise het vandag natuurlik niks oorgebly nie. Die meeste het al in die NZASM-era begin agteruitgaan, sodat hulle die een na die ander met strukture van sinkplaat, baksteen of klip vervang is.

#### 9.2 Enkele opmerkings oor die ontwerp en konstruksie van NZASM-huise

Die NZASM het met die oprigting van spoorwegbouwerke 'n betekenisvolle bydrae tot die Transvaalse stedelike en plattelandse argitektuur gemaak. Veral die stasiegeboue kan in hierdie verband uitgesonder word. Spoorweghuise was minder opvallend. Hulle is volgens 'n paar gestandaardiseerde ontwerpe gebou.



FIGUUR 16 'n Sogenaamde keet of voorafvervaardigde houthuis, waarin die NZASM-personeel tydens die aanleg van die Oosterlijn gewoon het. Hierdie spesifieke keet het by Krokodilpoort gestaan, en is later in 'n stasiegebou omskep. Duidelik sigbaar is die hooge van die vloer bo die grondoppervlak, met die vertikale staanbalke in vierkantige ysterpotte, wat met water gevul is om ryfsmiere uit die huis te hou. Die deur in die middel gee toegang tot kamers aan weerskante. Die koedoekop (links) en die velle op die trappies en stoep getuig van die gewildheid wat die jag in die Laeveld geniet het. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstmuseum)

Die huise is ontwerp deur die NZASM se Dienst van Aanleg, spesifiek deur ingenieurs (soos Westenberg) en tekenaars wat hier werkzaam was. Hierin is hulle waarskynlik die meeste beïnvloed deur plaaslike omstandighede en die ontwerpe van die Kaapse en Natalse spoorweë, wat immers reeds oor jare se ervaring beskik het.<sup>7</sup> Slegs die paar groter en deftiger huise wat vir hoë amptenare gebou is, soos die NZASM-Huis in Pretoria waarin Middelberg gewoon het, het herkenbare elemente van die herleefde Nederlandse Renaissance-styl, wat destyds baie gewild was, vertoon.

Die NZASM-huise het hoofsaaklik 'n utilitaire vorm en karakter gehad, maar foto's en planne toon dat selfs die heel kleinste en eenvoudigste nie sonder dekoratiewe elemente was nie. So tref 'n mens windvere aan wat ryk met uitsaagwerk versier is, gekleurde teëls in vensterboë, en ventilasie-roosters wat dekoratief afgewerk is. Soos by die ander woonhuise van daardie tyd was die versierde veranda die eienskap wat die meeste karakter aan die gebou gegee het. Hangstukke onderkant die dakrand en geprofileerde verandapale wat met stoeprelings verbind, is het hierdie verandas gekenmerk (FIGUUR 17 en 18).


Die huise vir die NZASM-werknemers is volgens verskillende standaard-ontwerpe gebou, bepaal deur die betrekkings wat deur personeel beklee is, plaaslike omstandighede en personeel se huwelikstatus.<sup>8</sup> Hierdie ontwerpe of huistipes is gedeeltelik geklassifiseer volgens letters van die alfabet. So was die Tipe A huis 'n gebou met twaalf enkelkamers, toeganklik vanaf 'n veranda aan weerskante.<sup>9</sup> Die Tipe A 1 se ontwerp was soortgelyk, maar het slegs agt enkelkamers vir ongetroudes gehad.<sup>10</sup> Elkeen van die kamers was voorsien van 'n vuurherd, want dit kan soms koud op die Hoëveld word. Meer algemeen was die verskillende tipes dubbelhuise (soortgelyk aan vandag se duethuise) vir getroude werknemers : Tipes B en B 1, en die effens groter Tipes C en C 1.<sup>11</sup> Behalwe die B en B 1 se sitkamer, kombuis en drie slaapkamers het die C en C 1 ook nog 'n spens gehad. Figure 17 en 18 toon 'n goeie voorbeeld van 'n Tipe C of C 1 woonhuis.

Met sy puntgewel en versierde veranda was die stasiemeesterswoning 'n aparte huistipe.<sup>12</sup> Die stasiemeester en sy gesin het gewoonlik in die stasiegebou gewoon, soos ook in Nederland gebruiklik was, en het hy beskik oor 'n sitkamer met twee of meer slaapkamers, en soms 'n


# NZASM

Woning Type C.  
Schaal, 1:100.


Gevol.



Zijgevel.




Goorzide.




-105-

Platte grond.



Funderingsplan. Kappplan.




*P. 35*

300

P 35

*2/11/1894  
A.C.*

FIGUUR 17 Plan en aansigte van standaard C-tipe NZASM-dubbelhuis, 1894 (Plankamer, SA Vervoerdienste)



FIGUUR 18 NZASM dubbeltjie, Tipe C, by Heidelberg-stasie, 1895. In teenstelling tot die tekening in Figuur 17 is hierdie gebou van natuursteen (sandsteen) pleks van baksteen. Let op die windvere teen aan die gewels, wat met uitsaagwerk versier is, die dekoratiewe hangstukke onderkant die stoepbalke, die geprofileerde stoeppillare en dekoratiewe stoeprelings, en die afwerking van die ventilasieroos ters. Op die voorgrond staan Westenberg se spieder waarmee hy dikwels rondgery het. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstmuseum)

kombuis met spens.<sup>13</sup> Selfs die kleiner stasiegeboue het hierdie ruimtes gehad.

Vir die Randtram en die Zuiderlijn is soms eenvoudige barakhuisse, tweetwee of drie-drie aanmekaar, opgerig.<sup>14</sup>

Die kleinste maar ook mees algemene tipe NZASM-huis was die ploegbaaswoning, waarvan daar verskillende tipes bestaan het.<sup>15</sup> Sommiges het slegs 'n sitkamer, slaapkamer en kombuis bevat, terwyl ander weer met 'n pakruimte en 'n kamer vir die ploegbaas se assistent toegerus was.


Vir die konstruksie van huise en ander geboue het die NZASM-ingenieurs natuurlike boumateriale soos sandsteen, ysterklip en blouklip verkies. Hierdie materiale was maklik en gratis op baie plekke in die veld verkrygbaar, en was nie net sterk nie maar het aan die gebou ook 'n mooi voorkoms verleen. Om hierdie redes is die Oosterlijn en Zuidoosterlijn se huise meestal van sand- of ander natuursteen. Waar natuursteen moeilik verkrybaar was, is soms baksteen gebruik, veral daar waar dit goedkoop beskikbaar was, en die huise langs die Zuidwesterlijn, Randtram en Zuiderlijn is goeie voorbeelde in hierdie opsig. Op laasgenoemde twee spoorlyne is hier en daar ook sinkplaatwonings opgerig.<sup>16</sup>

Heelwat van die karakteristieke NZASM-huise het tot vandag toe bewaar gebly. Aan talle werknemers het hulle huisvesting verskaf. Die goeie ontwerpe en smaakvolle versierings kan 'n mens sien as 'n uiting van trots en selfvertroue van die maatskappy, eienskappe wat die NZASM ook graag wou oordra aan hulle wat sy huise bewoon het.

### 9.3 Huisvesting langs die lyne

Die stasiegebou was 'n standaardbouwerk wat op alle NZASM-stasies aangetref is (FIGUUR 19). In die meeste gevalle het dit ook die stasiemeester en sy gesin gehuisves. Indien daar meer personeel was is hulle in huise op die stasieterrein geakkommodeer. Naby die stasie was gewoonlik ook die hutte van die Swart werknemers.<sup>17</sup>

Langs die spoorlyn self het op gereelde onderlinge afstande die ploegbaaswonings gestaan, eensame voorposte van beskawing in die verlatenheid van



FIGUUR 19 Rietvlei-stasie aan die Zuidoosterlyn tussen Heidelberg en Elsburg, ca. 1894. Dit is 'n goeie voorbeeld van 'n standaard NZASM-stasiegebou vir klein stasies, waarvan die boumateriaal natuur- of baksteen of soms sinkplaat was, in Rietvlei se geval natuursteen. Behalwe 'n wagkamer, kantoor en magasyń bevat die stasiegebou die woning van die stasiemeester. Die geboutjie links is 'n publieke toilet. Toe die foto geneem is was die spore nog nie gelê nie. Rondom die stasie is die kaalheid en verlatenheid van die Hoëveld. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstensmuseum)


die veld (FIGUUR 20 en 21). Elke 6-7,5 km was daar so 'n huisie van sandsteen, baksteen of sinkplaat, waarvan die meeste reeds tydens die aanleg van die betrokke lyn opgerig is as huisvesting vir die personeel wat toesig ugeoefen het.<sup>18</sup> Dit was die ploegbaas se funksie om met 'n span Swartes 'n bepaalde seksie van die spoorlyn te inspekteer en klein onderhoudswerk te verrig. Onder die ploegbase was etlike Nederlanders, maar die meeste was tog Afrikaners, gewoond aan die eensame plattelandse lewe en die omgang met die Swartes.

#### 9.4 Huisvesting in die dorpe en stede, behuisingstekorte en woningtoelaes


Met die aanstelling en toestroming van 'n toenemende getal Nederlandse werknemers, asook die indiensneming van plaaslike kragte, was die voorstiening van huisvesting vir al hierdie mense soms haas belangriker as die bou van stasies. Betekenisvol in hierdie verband is die feit dat die eerste permanente spoorweggebou in Transvaal nie 'n stasie was nie, maar 'n personeelhuis, wat in 1888 te Elandsfontein (Germiston) opgerig is.<sup>19</sup> Dit was maar die eerste van tientalle ander wat in die jare daarna sou volg.

Veral in die groter dorpe en in die stede was daar sprake van 'n behuisingssprobleem vir NZASM-werknemers. Nie alleen was daar 'n tekort aan huisvesting nie, maar ook het die huur daarvan 'n swaar finansiële las beteken. In 1891 word vir die eerste keer melding gemaak van die bou van personeelhuise.<sup>20</sup> Solank daar egter nog te min was en die werknemers dus nog huisvesting moes huur, is 'n woningtoelae van ongeveer £5 maandeliks aan die betrokkenes uitbetaal.<sup>21</sup>

Die bou van personeelhuise het vinnig voortgang gevind, en het in 1896 'n hoogtepunt bereik.<sup>22</sup> Orals waar 'n redelike klompie Zasmers gevestig was het die maatskappy huise opgerig. Die jaar 1896 was ook een waarin die maatskappy begin het om op sy uitgawes te besnoei, met die gevolg dat die personeel 'n afname in getalle ondervind het. Gedurende die daaropvolgende jaar het die bou van huise byna heeltemal tot stilstand gekom, ook vanweë die voltooiing van die laaste van die NZASM-spoorlyne, die Zuidwesterlijn.



FIGUUR 20 Ploegbaaswoning naby Machadodorp, 1894, gebou van natuursteen. Ander weer was van baksteen of sinkplaat. Die groep voor die woning word in Figuur 21 uitgebeeld. Regs staan ingenieur Westenberg se spaider, wat ook in Figuur 18 sigbaar is. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstmuseum)



FIGUUR 21 Groep voor die ploegbaaswoning, uitgebeeld in Figuur 20. Let op die tafel met sy tafelkleed, die bottels en glase drank op die tafel, die voustoele aan weerskante en die Weense of Bentwood-stoel reg van die tafel. Let op die kleredrag (ook dié van die drie Swartmense), en die dekoratiewe uitsaagwerk onderkant die dakrand. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuuseum)

Die tekort aan amptelike huisvesting het egter nie verdwyn nie, maar het intendeel vererger. Dit is veral veroorsaak deur voortdurende oorplasings van personeel en die toename van werknemers wat in die huwelik getree en met 'n gesin begin het. Baie gevalle het voorgekom waar enkelkamers deur twee of selfs meer persone gedeel is, soos Kretschmar in Mei 1899 gekonstateer het, 'n toestand wat uiteraard heeltemal onwenslik was, "daar zulk een huisvesting demoraliserend is voor ons personeel."<sup>23</sup> Indien die oorlog nie 'n paar maande later uitgebreek het nie, sou die NZASM waarskynlik iets aan die verligting van die behuisingstekort moes gedoen het.

Teen Mei 1899 het huurpryse baie gedaal, sodat meer werknemers die huur van 'n eie woning kon bekostig.<sup>24</sup> Dit was tewens die aanleiding om die toelaes vir woninghuur vanaf 1 Julie met 20% te besnoei.<sup>25</sup> Op 1 November dié jaar is die toelaes heeltemal gestaak.<sup>26</sup>

Massale huisvesting vir die NZASM-personeel is by die groter en meer belangrike stasies voorsien. Wanneer 'n mens na die stasieterreinplanne kyk, val dit op dat die huise gewoonlik in een of meer rye parallel met die spoorlyn gebou is.<sup>27</sup> Enkelrye huise is aangetref te Elandsfontein, Johannesburg (Braamfontein), Heidelberg, Potchefstroom, Klerksdorp, Randfontein, Vereeniging en Volksrust, terwyl Springs en Standerton deur dubbelrye onderskei is. Te Middelburg is die huise in 'n L-vorm om 'n sentrale park gerangskik, en in Pretoria is die meeste wonings in 'n sirkel rondom 'n oop stuk grond met 'n waterput opgerig (FIGUUR 22). In ooreenstemming met die Victoriaanse opvattinge oor die voorstedelike lewenswyse het elke huis sy eie tuin gehad, wat dus 'n mate van privaatheid geskep het en 'n indruk van onafhanklikheid met betrekking tot die huis en sy bewoners probeer gee (FIGUUR 23).<sup>28</sup> Baie van die huise in die "NZASM-dorpe" te Pretoria, Middelburg, Heidelberg, Klerksdorp en ander sentra het tot op hede gelukkig bewaar gebly, en gee 'n mens nog 'n idee van hoe die Nederlandse spoorweglui 'n eeu gelede in Transvaal gewoon het.

### 9.5 Spoorwegdorpe

Die NZASM se spoorlyne het gegaan deur bewoonde en beskaafde streke, maar ook die onbewoonde en ongetemde wildernis. Nie orals was daar bestaande dorpies en ander sentra waar 'n stasie aangelê en 'n groepie



FIGUUR 22 Op die voortgrond die NZASM-woonbuurt op die "bult", suid van die Pretoriase stasie terrein (middel), gesien vanaf Salvokop in 'n noordelike rigting, ca. 1898. Links is 'n groep huise wat in 'n sirkel rondom 'n put gebou is, met daarby die skool (die eenvoudige reg=hoekige gebou naaste aan die kamera). In die middel regs is 'n sirkelvormige fietsrybaan. Die straat wat regs bo in 'n noordelike rigting verdwyn is Paul Krugerstraat. (Africana-museum)



FIGUUR 23 Woonhuis van H.J. Maade en sy gesin, op die stasieterrein te Springs, ca. 1898. Maade was die hoof-administratiewe beampete van die Springsmyn. Let op die vorm en afwerking van die huis - dit is van gepleisterde baksteen - en die dekoratiewe elemente soos die hangstukke bokant die stoep. Links is 'n prieel, en in die weelderige tuin is die trotse huisbewoners sigbaar. Let op die kleredrag van die twee kinders in die middel : hulle dra 'n Hollandse matrooskraag wat destyds baie gewild was. Heeltemal links staan waarskynlik die Swart huisbediende. Ook tipies Nederlands is die opgehaalde kantgordyne, sigbaar agter die linker venster. (Transvaalse Argiefbewaarplek)

Zasmers gevestig kon word nie. Op sommige plekke moes stasies op 'n eensame plek in die veld gestig en ontwikkel word. In 'n paar gevalle het hierdie stasies tot iets uitgegroei wat groter was as net 'n stasiegebou, 'n paar skure en enkele huise. Die bedrywighede van die NZASM het naamlik ook tot die ontstaan van spoorwegdorpe aanleiding gegee, en wel Komati-poort, Waterval-Onder en -Boven, en Springs.

#### 9.5.1 Komatipoort

In November 1887 het die eerste opmeetspanne van die NZASM met hulle taak begin, en 'n kamp ingerig by die samevloeiing van die Krokodil- en die Komatirivier. 'n Paar kilometer oos het die Komati deur 'n poort in die Lebomboberge in die rigting van die see gevloeи. Die kamp en die stasie wat daar aangelê is het die naam "Komatipoort" gekry, en met Westenberg se eerste besoek aldaar in Junie 1890 was hierdie benaming reeds gevestig.<sup>29</sup>

Die gebeurtenisse te Komatipoort is aanvanklik oorheers deur die bou van die groot spoorbrug oor die Komatirivier oos van die kamp. Op 1 Julie 1891 is die kort stuk spoorlyn tussen die Mosambiekse grens (3-4 km ooswaarts) en Komatipoort in gebruik geneem. Die stasie met sy kamp sou in die jare daarna toeneem in betekenis as een van die NZASM se belangrikste grensstasies.

In 1893 het die Selati-spoorwegmaatskappy begin met die bou van die Selati-spoorlyn, wat van Komatipoort na Noordoos-Transvaal sou loop. Tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is slegs 118 km van hierdie spoorlyn voltooi, maar tog het die Selati-maatskappy bygedra tot die algemene groei en vooruitgang van die dorp.<sup>30</sup> Die NZASM het egter die botoon in die nedersetting bly voer.

Soos te verwagte het Komatipoort aanvanklik 'n reputasie as 'n rumoerige dorp gehad. In sy briewe aan vriende in Nederland het die skilder Frans Oerder, wat toe vir die NZASM werksaam was, in November 1893 melding gemaak van "...'t groot rumoer en herrie in 't genoegelyk 't saām wonen...bevordert door 't feit dat de wooningen van 't personeel alle op een hoopje staan."<sup>31</sup>

Na die amptelike opening van die Oosterlijn in 1895 het Komatipoort 'n rooskleurige toekoms tegemoet gegaan. Daar is verwag dat die spoorwegwerksaamhede sou toeneem en meer mense hulle hier sou vestig. Op 11 April 1899 het die regering van die ZAR Komatipoort tot Gouvernementstands dorp geproklameer.<sup>32</sup> In daardie stadium was die dorpsgronde al opgemeet, maar behalwe die NZASM-kamp met sy huise, die geboue van die Selati-spoorlyn, 'n polisiestasie en 'n paar winkels het weens die Anglo-Boereoorlog voorlopig geen verdere ontwikkeling plaasgevind nie.

#### 9.5.2 Waterval-Onder

Met die opmetings van die Oosterlijn in 1888-1889 en weer in 1890 is daar bepaal dat die lyn deur middel van 'n tandratattrajek vanaf die westelike uiteinde van die Elandsvallei met die Hoëveld verbind sou word. Die oostelike terminus hiervan is Waterval-Beneden genoem, na aanleiding van die ligging "onderkant" die groot waterval aan die bopunt van die vallei. Hierdie benaming het mettertyd na Waterval-Onder (destyds met 'n koppelteken geskryf) verander.

Dit was die westelike eindpunt van die Oosterlijn se Laeveldse gedeelte, en gevolglik is hier 'n groot stasie aangelê. Werksaamhede het in Februarie 1893 begin.<sup>33</sup> Benewens stasiegebou, lokomotiefloods met draaiskyf, goedereloodse en 'n restaurante vir treinpassasiers, is ook 'n hele aantal woonhuise opgerig, wat noord en suid van die stasieterrein verspreid was sonder 'n duidelike uitlegpatroon.<sup>34</sup> Gedurende 1896 is aan hierdie kompleks ook 'n hospitaal toegevoeg.

Die dorpie het weinig ontwikkeling getoon, omdat in Waterval-Boven met sy gesonder klimaat die afdelingshoofkwartier van die Oosterlijn gesetel was en dus meer spoorweglui gewoon het. Dit was dan ook eintlik deel van Waterval-Boven. Die nedersetting se befaamde dateer eers uit 1900, toe president Kruger hier 'n ruklank in die anneks van Mathis se Railway Hotel tuisgegaan het. Hierdie geboutjie, tans bekend as Krugerhof, is omtrent die enigste struktuur uit die periode voor die oorlog wat vandag oorgebly het.

### 9.5.3 Waterval-Boven


Waterval-Boven sou die werklike terminus van die tandratspoor word, en die beginpunt van die Hoëveldse gedeelte van die Oosterlijn. Omdat hierdie belangrike stasie ook sowat halfpad tussen Pretoria en Komatipoort geleë was, het die NZASM besluit om die Oosterlijn se afdelingshoofkwar-tier hier te setel. Dit was die stoot tot die ontstaan van die maatskappy se grootste en mees Nederlandse spoorwegdorp.

Konstruksiewerksaamhede aan die spoorlyn het reeds in 1892 begin, en teen die einde van die jaar het 'n mens alreeds 'n hotel, drie winkels, slagters en bakkers hier aangetref.<sup>35</sup> Met die bou van die tandratspoor en die nabijgeleë tunnel het Waterval-Boven 'n miernes van bedrywigheid geword.

Die toekomstige dorp het in Julie 1893 vaster vorm aangeneem nadat die onteiening van die benodigde terreine afgehandel is, en Westenberg sy uitlegplan voltooi het. Hierop het hy voorsiening gemaak vir kantore en personeelhuise, en selfs 'n skool, kerk, klub en hospitaal.<sup>36</sup> Die NZASM was haastig om die dorp te voltooi, sodat Westenberg teen die einde van 1893 ook die geboueplanne gefinaliseer het, en die kontrakteur M.C.A.Meischke aan die begin van die nuwe jaar gereed was om met bouwerk 'n aanvang te neem.<sup>37</sup> Dit was dan ook in 1894 dat die kern van Waterval-Boven gebou en voltooi is, en in Figuur 24 kry 'n mens 'n goeie indruk van die spoorwegdorp wat besig was om op die kaal Hoëveldse vlakte te verrys.

Westenberg se uitleg het daarop neergekom dat die huise in 'n L-vorm om 'n sentrale park aangelê is, suid van die stasieterrein.<sup>38</sup> In die jare na 1894 het nog etlike geboue bygekom, onder meer 'n dokterswoning en 'n aantal huise noord van die spoorlyn. Sedert sy ontstaan het Waterval-Boven steeds vooruitgegaan, soos ook blyk uit sy bloeiende gemeenskapslewe.

Dit is dus duidelik dat Waterval-Boven met baie moeite en koste deur die NZASM aangelê is. Teen 1898 het die dorp 350 Blanke inwoners getel, waarvan die meeste Nederlanders was. Sonder probleme was die spoorweggemeenskap nie. Die NZASM het byvoorbeeld geen sake-ondernehemings in die



FIGUUR 24 Die spoorwegdorp Waterval-Boven in wording, 1894, toe die Höëveld nog feitlik boomloos was. Links is die stasieterrein. Duidelik sigbaar is die stasiegebou met sy sinjaalkajuit bo-op. Die huise is gedeeltelik nog van die voorafvervaardige tipe (soos die groep links), gedeeltelik egter van natuursteen en dus permanent, soos die tiental wonings op die agtergrond. (Transvalse Archiefbewaarplek)

dorp toegelaat nie, omdat sy gronde slegs vir spoorwegdoeleindes bestem was.<sup>39</sup> Vanweë hierdie toedrag van sake was dit vir besighede nie aan=treklik om hulle te Waterval-Boven te vestig nie, en teen 1899 was dus slegs een winkel, een slaghuis en een bakker net buitekant die dorp te vinde.<sup>40</sup>

In Oktober 1898 is uit die inwoners 'n gesondheidskomitee verkies.<sup>41</sup> Dit sou egter tot 1945 duur voordat Waterval-Boven dorpstatus sou ont=vang. Sedert 1894 het die dorp natuurlik heelwat verander, maar gelukkig het uit sy NZASM-era nog 'n dertigtal huise en ander geboue oorgebly, as herinnering aan 'n "Hollandse dorp op die Hoëveld".

#### 9.5.4 Springs

Die ontdekking van steenkool by Boksburg het die aanleg van die Randtram tot gevolg gehad. Terselfdertyd is 'n ryk steenkoolveld op die plase De Fonteinen (Springs) en Geduld, 20km oos van Boksburg, ontdek, en die NZASM het besluit om dit vir eie gebruik en vir verkoop aan die myne self te ontgin. Die Randtram is hierheen verleng en in Oktober 1890 is dié verlenging, wat geëindig het by die nuwe skagkompleks te Springs, vir verkeer oopgestel.

Reeds in 1890 is 'n aantal huise vir die personeel opgerig.<sup>42</sup> Mettertyd het dit toegeneem namate die personeel (bestaande uit spoorwegwerkers en mynwerkers) gegroeи het, en is ook 'n klubhuis, 'n hotel, 'n skool en 'n Swart kampong opgerig.<sup>43</sup> Die Blankes se huise is in rye noord en suid van die stasieterrein en skaggeboue gerangskik, wat aan Springs die indruk van 'n netjiese myndorpie gegee het.<sup>44</sup> Teen 1899 was vyftig Blanke en 350 Nie-Blankes te Springs woonagtig.<sup>45</sup> Die Blanke werknemers het, hoewel relatief gering in aantal, 'n aktiewe sosiale lewe geleei, sodat die spoorweg-mynboudorpie Springs onder die ander NZASM-dorpe en gemeenskappe nie buite rekening gelaat hoef te word nie.

Weens aanhoudende ondergrondse mynbrande het die Springs-myn in Maart 1899 die steenkoolontginning gestaak. Drie maande later is die personeel ontslaan en die myn verlaat.<sup>46</sup> Dit het voorlopig die einde van die

dorpie beteken. Teen 1899 is egter reeds goudmynregte op die plaas Geduld verkry, en in 1904 het die betrokke mynmaatskappy 'n nuwe dorp uitgelê, wat ook Springs genoem is. Dit het die ou NZASM-dorpie ingesluit.

#### 9.6 Ander vorme van huisvesting

Die huur van private wonings en die ontvang van woningtoelaes deur NZASM-personeel is reeds aangeroer. Ander werknelmers het in losieshuise tuisgegaan, by vriende of het saamgespan en 'n woning gehuur, gekoop of selfs laat bou.

Direkteur Middelberg en sy gesin het ook amptelike huisvesting geniet, 'n groot, imposante dubbelverdiepingvilla wat eens op die hoek van Paul Kruger en Jacob Maréstraat gestaan het. Vir sover bekend was die ingenieurs Westenberg en C. van der Made een van die weiniges wat 'n huis vir hulself ontwerp en laat bou het, vandag die bekende NZASM-Gedenkhuis te Rissikstraat 62, Pretoria.<sup>47</sup> Hierdie dubbelverdiepinghuis met sy balkon en torinkie is in September 1898 deur sy trotse bouer-eienaars betrek - 'n wêreldse verskil met die eenvoudige tente waarin die ingenieurs agt jaar tevore hulle loopbaan in Transvaal begin het.

Die tent, hut of spoorweghuis was die "dak bokant die kop" van die Nederlandse NZASM-werknemer, die "dop" waarbinne 'n groot deel van sy lewensomstandighede hulle afgespeel het. Ten einde te kon lewe moes hy natuurlik oor die nodige meubels, gebruiksvoorwerpe, klere en dergelike meer beskik. 'n Studie van dié materiële besittings, soos afgelei uit boedelinventarisse, gee 'n interessante kyk op die lewensomstandighede van die Nederlandse NZASM-werknelmers, 'n tema wat hierna behandel word.

--000--

#### Verwysings : Hoofstuk 9

1. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1896-04-27.

Verwysings : Hoofstuk 9 (vervolg)

2. Ibid, 3de Sectie, 1890-06-10; Kaapmuizen, 1890-09-27. In sy brief van 1890-10-19 gee hy 'n beskrywing van dié riethuis, tesame met 'n plan.
3. Ibid, Zoutwaterkreek, 1890-12-06, waarin hy melding maak van 'n "klein ou houthuis" uit die beginjare van die aanleg.
4. Ibid, Zoutwaterkreek, 1890-12-06.
5. Gedenkboek uitgegee ter gelegenheid der feestelyke opening van den Delagoabaaispoorweg 1895, p 81.
6. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, KM 60, 1891-11-22.
7. R.C. de Jong e.a., NZASM 100, p 83.
8. Ibid, p 85.
9. Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Johannesburg : Plankamer, planne 305 P 104, 300 P 141.
10. SAVD : Plankamer, plan 305 P 103.
11. SAVD : Plankamer, planne 300 P 35 (Tipe B), 300 P 34 (Tipe B 1), 300 P 36 (Tipe C), 300 P 41 (Tipe C 1).
12. SAVD : Plankamer : planne 313 P 49 en 47.
13. SAVD : Plankamer, planne van stationsgebouw voor kruisingsstations (301 K 104, 300 P 94 e.a.), en planne van groter stasiegeboue soos Middelburg (313 K 105), Barberton (314 K 100) e.a.
14. SAVD : Plankamer, planne 301 P 17, 301 P 15.
15. SAVD : Plankamer, planne van verskillende tipes ploegbaaswonings.
16. R.C. de Jong e.a., NZASM 100, p 87.
17. Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg : Imperial Military Railways terreinplanne van verskillende NZASM-stasies (1901).
18. Gedenkboek uitgegee...1895, p 80.
19. NZASM, Jaarverslag 1888, p 10.
20. NZASM, Jaarverslag 1891, p 40.
21. Algemeen Riksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 305 : Directie Amsterdam - Chef Exploitatie, Amsterdam, 1891-07-03.

Verwysings : Hoofstuk 9 (vervolg)

22. NZASM, Jaarverslag 1896, p 18.
23. ARA: Archief NZASM, 279 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1899-05-15.
24. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 27, Pretoria, 1899-05-30 ("Vermindering der tegemoetkoming in woninghuur").
25. ARA : Archief NZASM, 279 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1899-05-12.
26. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 37, Pretoria, 1899-10-27 ("Toelage woninghuur").
27. SAVD-museum : IMR-planne van NZASM-stasieterreine (1901); R.C. de Jong e.a., NZASM 100, p 124; In Memoriam N.Z.A.S.M., ill. "Emplacement Braamfontein".
28. R.C. de Jong e.a., NZASM 100, p 124; G.M. van der Waal, Van Mynkamp tot Metropolis, p 40.
29. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, 3de Sectie, 1890-06-10.
30. J.W.N.Tempelhoff, Komatipoort : Oostelike poort van Transvaal, Contree, 11, Jan. 1982, p 9.
31. Aangehaal deur dr. J.Ploeger, Frans Oerder in die Laeveld, Lantern, 29(2), April 1980, p 44.
32. J.W.N.Tempelhoff, Komatipoort : Oostelike poort van Transvaal, Contree, 11, Jan. 1982, p 11.
33. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Waterval, 1893-02-02.
34. SAVD-museum : IMR-stasieterreinplan van Waterval-Onder (1901).
35. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Waterval, 1892-11-24.
36. Ibid, Waterval, 1893-07-07, 1893-07-20. Westenberg skryf dat hy die Agnetapark in Delft as model vir die dorpsuitleg gekies het.
37. Ibid, Waterval, 1893-07-20, 1894-03-23.
38. SAVD-museum : IMR-plan van Waterval-Boven (1901).
39. De Rand Post, 1898-05-27, ("Waterval-Boven"), p 4.
40. W.A.Lombard, Waterval-Boven 1894-1952, p 13.

Verwysings : Hoofstuk 9 (vervolg)

41. W.A. Lombard, Waterval-Boven 1894-1952, p 13.
42. De Volksstem, 1890-11-20 ("De Steenkolenmijn 'de Springs'"), p 3.
43. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 74.
44. SAVD-museum : IMR-plan van Springs (1901).
45. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 75.
46. Ibid, pp 75-76.
47. In sy brieue van 1898 doen Westenberg taamlik uitvoerig verslag oor diē huis, wat gebou is volgens sy eie ontwerp.

--00o--

## HOOFSTUK 10

### "WERELDSE GOEDEREN" : 'n Studie van materiële besittings

"Ik heb hier bij v.d. Made een zitkamer en een slaapkamer benevens het medegebruik der badkamer gehuurd. Alles gemeubileerd... De meubels zijn, zooals ieder vindt, veel te mooi en te teur voor mij - ook de geheele inrichting met kleeden, diverse gordijnen, fijne poppetjes enz. - zoo geheel in tegenstelling met Breuning's inrichting wiens eigendom hetzelf is en die een meubilair voor bachelors had aangeschaft..."<sup>1</sup>

(Westenberg in 'n brief aan sy suster in Nederland, Pretoria, 1896-12-05)<sup>1</sup>

In die vorige hoofstukke is daar gekyk na hoe en waar die Nederlandse NZASM-personeel gewoon het. Tans is dit nodig om aandag te gee aan die voorwerpe waarmee hulle hul huise en kamers ingerig het. Dit gaan hier veral om die tipes, aantal en herkoms van daardie voorwerpe, gekoppel aan die funksie, rang en vermöendheid van die betrokke eienaars. Vir hierdie studie is gebruik gemaak van boedeldokumente in die Transvaalse Argiefbewaarplek. Hieronder word aandag gegee aan enkele persone wat 'n tipiese NZASM-betrekking beklee het, ten einde die aard en omvang van die werknekmers se "wereldse goederen" te kan interpreteer.

#### 10.1 Herkoms en versending

Die koste van lewensoronderhoud van die Nederlandse NZASM-personeel was veral in die dorpe en stede taamlik hoog, en in Hoofstuk 5 is alreeds die een en ander hieroor gesê. In baie gevalle was dit dus eintlik goedkoper om meubels, huishoudelike grbuiksvoorwerpe en selfs voedsel uit Nederland in te voer, as om dit plaaslik aan te skaf. Verder was die Nederlandse spoorweglui natuurlik gesteld op kwaliteit, en was hulle in Transvaal altyd op soek na sekere Nederlandse produkte. Van hierdie goeder, soos byvoorbeeld Delftse teëls, was wel in Pretoria te koop, maar teen astronomiese pryse. In verband met die invoer van soveel Nederlandse handelsware moet onthou word dat die Nederlandse spoorweglui, al het

hulle ook al aangepas by plaaslike omstandighede, nooit hulle Hollandse smaak ten opsigte van hulle huisinrigting heeltemal prysgegee het nie.

Namate die personeel in Transvaal gevestig geraak het en in 'n huis of 'n paar kamers ingetrek het, het hulle gewoonlik die behoefté gehad om dit te meubileer en ten volle in te rig. Vriende of familie in Nederland is dan versoek om sekere dinge vir hulle aan te koop en te versend. So byvoorbeeld het Westenberg, terwyl hy en Van der Made se huis in Rissik=straat 62, Pretoria, gebou is, sy suster gevra om vir hom 'n silinderlesse=naar met stoel, 'n boekkas en 'n speeltafel te koop.<sup>2</sup> Die amptenaar L.A. Aarsse het 'n eikehouttafel, ses stoele, 'n vloermat, 'n buffet, 'n lesse=naar en 'n kantoorstoel bestel.<sup>3</sup> Vir H.Ellens, wat te Waterval-Onder gesta=sioneer was, is in Februarie 1899 alles wat nodig was om 'n huis in te rig aangekoop en versend, van emmers, borsels, 'n worsstopper, strykysters, gordyne en vloerseile tot tafels, stoele, 'n buffet, spieëls, skilderye en komberse, alles verpak in dertien kiste.<sup>4</sup>

Die goedere moes goed verpak word in kiste, gemerk met "ZP", wat Zending voor Personeel beteken het. Dit is nie altyd behoorlik gedoen nie, en so byvoorbeeld het Westenberg gekla dat die meubels wat hy bestel het (sien bo) taamlik beskadig aangekom het en hy hulle moes laat herstel.<sup>5</sup> Veral die glaswerk en breekbare goedere soos spieëls, beeldjies, skilderye ensomeer is natuurlik soms tydens die lang seereis en die hardhandige han=tering wat daarmee gepaard gegaan het, beskadig.

Omstreeks 1895 het die NZASM 'n reëeling aangegaan met die skeepvaart=agentskap en kargadoorsonderneming De Vries & Co. te Amsterdam vir die versending van goedere vir die personeel in Transvaal. Die tariewe sou dieselfde wees as wat die NZASM vir die vervoer van spoorwegmateriaal moes betaal, wat dus vir die personeel goedkoper uitgewerk het. Alles sou verskeep word deur die Bucknall-redery. Hierdie maatskappy het besendings goedere vir die NZASM in Delagoabaai afgelaai, waarvandaan dit per trein na die ZAR vervoer is.<sup>6</sup> Vanaf Mei 1898 kon die versending van goedere vir die personeel ook via Van den Wall Bake & Co. te Amsterdam pлаасvind.<sup>7</sup> In Maart 1899 is die Deutsche Ost-Afrika Linie ook vir die vervoer gekon=trakteer.<sup>8</sup> Van hierdie versendingsmoontlikhede het die Nederlandse en ander Europese NZASM-personeel druk gebruik gemaak.

## 10.2 Voorbeeld van boedelbesittings

### 10.2.1 Cornelis Willem Verloop

Gebore op 4 April 1844 te Utrecht, het Verloop 'n ingenieursopleiding in Nederland en België gevolg.<sup>9</sup> Hy is aangestel by die Nederlandsche Rhijn-spoorweg-Maatschappij, waar hy tot Hoofbestuurder gevorder het. Met die nasionalisering van dié onderneming in 1890 het Verloop op 1 Januarie 1891 die NZASM se Chef van Exploitatie geword.<sup>10</sup> Dit beteken dat hy en die Hoofingenieur (wat die Dienst van Aanleg geleï het) ná die direkteure die maatskappy se mees senior amptenare was.

Verloop was 'n hoogs bekwame amptenaar wat danksy sy gewildheid onder die personeel, werkrag, organisasievermoë en tegniese kennis daarin geslaag het om binne 'n kort tydsbestek die Dienst der Exploitatie op die been te bring. Sy persoonlike omstandighede was egter minder gelukkig. Hy was ietwat swaarmoedig van geaardheid, en sy eggenote (wat in Nederland agtergebly het) was nie meer by haar volle verstand nie.<sup>11</sup> Uit die huwelik is twee kinders gebore.

Tydens 'n diensreis na die ongesonde Laeveld het Verloop malaria opgedoen, waaraan hy op 12 Oktober 1893 te Pretoria oorlede is. Sy broer Willem Hendrik het vanuit Nederland vir Jan Jurling in Pretoria aangestel om namens hom as eksekuteur van die boedel op te tree.<sup>12</sup> In Januarie 1894 is die boedel deur die afslaers J.D. Celliers & Co. te Pretoria opgeveil, met die uitsondering van enkele persoonlike besittings wat na Nederland gestuur is.<sup>13</sup>

Omdat Verloop met 'n maandsalaris van ongeveer £125 een van die NZASM se hoogs betaalde amptenare was, is dit begryplik dat hy 'n aansienlike boedel nagelaat het. Onder die boedeldokumente is 'n gedetailleerde inventaris gevind van die goedere wat na Nederland gestuur is, en die wat in Pretoria opgeveil is.

Uit Verloop se besittings is die volgende persoonlike items aan sy familie teruggestuur : 'n Russiese huishorlosie (pendule), 'n boekkas met boeke, korrespondensie, sy klere, 'n geskilderde portret van sy vrou, verskillende foto's, 'n chronometer, 'n goue sakhorlosie, 'n dasspeld en drie

ringe, en 'n aantal lepels, vurke en sevetringe waarin monogramme gegraveer was.<sup>14</sup>

Verreweg die meeste van Verloop se goedere is opgeveil, en dit het £416-10-6 opgelewer.<sup>15</sup> Opsommenderwys was die volgende items betrokke :

beddegoed : komberse, matrasse, lakens;  
dokumente : boeke, kaarte, albums, atlas;  
gereedskap ; hout- en metaalwerkgereedskap;  
huishoudelike voorwerpe : klerepars, kamerpot, klokkie;  
kantoortoerusting : tekenpotlode, skryfgereedskap, inkstel;  
kunsvoorwerpe : prente en prentrame, muurversierings;  
meubels : etlike tafels, eetkamerstoele, skommelstoel, sitkamerstel,  
katel, boekrak, hang- en laaioste, buffet, wiegie, spieël,  
hoederak, wastafel, brandkas, kapstok, bad;  
ontspanning : krieket- en kroukiestelle, speeltafeltjie, speelgoed;  
optiese gereedskap : mikroskoop;  
persoonlike items : koffers, sambrel, seep, sigare, hand- en sakdoeke,  
beskermende kleding;  
skoonmaakitems : strykplank, borsels, emmers, politoer, skoorsteenveér,  
leer;  
tekstielbewerking : naaimasjien;  
verligting : kandelaars, lampe, kerse;  
vervoer : stootwaentjie;  
vloerbedekking : matte en tapyte  
voedselbediening : eetservies, messe en vurke, eier- en vislepels,  
vrugtemesse, borde, teestel, sherry- en whiskyglase,  
kraffies, koppies;  
voedselverwerking : vleis- en koffiemeule, jellievorms, messe, ketel, sif,  
houers, stoof, weegskaal, kruik;  
wapens : sakpistool, rewolwer.

Saam met aandele, verbande op onroerende eiendomme, kontantgeld en die uitbetaling van twee maande salaris deur die NZASM, het Verloop se bates ná verkoop van bogemelde items £3 295-1-0 beloop. Ná aftrekking van sekere laste, soos administratiewe onkoste, het 'n bedrag van £2 884-0-7 aan Verloop se broer en vrou toegekom.<sup>16</sup>

Uit Verloop se boedelinventaris kan afgelei word dat hy 'n vermoënde man was, wat homself huis tuis gerieflik ingerig het. Die lys gee die indruk van 'n redelik volledige huishoudelike inventaris. Sekere items soos speelgoed, 'n mikroskoop, 'n naaimasjien en 'n stootwaentjie is opvallend, omdat hulle normaalweg nie geassosieer word met 'n alleenwonende manlike persoon nie. Die oorspronklike boedelinventaris maak melding van etlike kaste boeke, en dit bevestig die vermoede (soos onder andere uitgespreek deur Middelberg) dat Verloop 'n mens was wat weinig in die openbaar verskyn het en graag tuisgebly het - wat trouens ook bevestig word deur sy omvangryke huisraad.

#### 10.2.2 Jelle Zietze (Siertze) de Groot

De Groot, wat op 23 Mei 1864 te Gorredijk in Friesland gebore is, het op 1 November 1895 diens by die NZASM aanvaar, as skrynwerker by die Oosterlijn se afdeling Weg en Werken, met Waterval-Boven as standplaas. Sy salaris was aanvanklik £0-1-11 per uur.<sup>17</sup> Iemand soos De Groot se besoldiging het van £18 tot £24 per maand gewissel.<sup>18</sup>

Op 3 Oktober 1898 is De Groot oorlede toe hy by Alkmaar-stasie verdrink het. Hy was ongetroud.<sup>19</sup>

'n Maand later is A.D.J.van Steenacker, 'n klerk by die hoofkantoor se tegniese afdeling, as eksekuteur van De Groot se boedel aangestel.<sup>20</sup> Die verkoop van die goedere het slegs £2-17-6 opgelewer. Hierby is £47-8-9 aan salaris oor twee maande uitbetaal, maar De Groot het soveel uitstaande rekeninge gehad wat nog betaal moes word, dat slegs £10-4-6 ten slotte oorgebly het.<sup>21</sup>

Soos hieronder afgelei kan word, het De Groot 'n taamlik beskeie boedel nagelaat.<sup>22</sup> Opvallend is egter die groot hoeveelheid items gereedskap, natuurlik vanweë sy ambag.

beddegoed : 2 kussings en 2 komberse;

dokumente : briewetas met inhoud;

gereedskap : beitels, bore, dissels, hamers, sae, skroewedraaiers,  
skawe ensomeer (ca. 120 items);

klere : 6 sporthemde, 2 onderbroeke, 3 paar sokkies, 5 sakdoeke, onderbaadjie, broeke, jasse, skoene, hoed;  
kunsvoorwerpe : 8 portretfoto's;  
meubels : 3 tafels, 1 katel, 3 stoele, 1 bankie;  
persoonlik : handdoeke, tabakdoos;  
tyd : wekker;  
voedselbediening : 19 borde, 7 lepels, 6 vurke, 1 mes, 1 koppie;  
voedselverwerking : 4 kastrolle, ketel, braaipan, 2 tregters.

Soos uit De Groot se boedel afgelei kan word, het hy oor nie veel woonruimte beskik nie, waarskynlik net 'n kamer, soos aan vele ongetrouwe werknemers toege wys is. Dit wat hy besit het lyk nogtans voldoende vir daaglikse gebruik en gerief. Die aanwesigheid en aantal kombuis- en ander huishoudelike items dui daarop dat hy vir sy eie voedsel gesorg het. Die gereedskap was blybaar persoonlike eiendom.

#### 10.2.3 Philipus Wenneker

Wenneker is op 24 Desember 1858 te Vlissingen, Zeeland, gebore, en het op 15 Februarie 1895 diens by die NZASM aanvaar. Hy is as lokomotiefdrywer (masjinis) by die afdeling Tractie aangestel teen £20 per maand, met Waterval-Boven as standplaas. Nadat hy verskillende kere verplaas is, het hy ten slotte op Komatipoort te lande gekom.<sup>23</sup>

Die aand van 2 Desember 1898 het Wenneker en sy stoker, Otto Schrödter, 'n Duitser, met 'n goederentrein van Komatipoort vertrek. Dit het besonder swaar gereën. Spruite het sterk afgekom en daardeur het die spoorbrug oos van Hectorspruit-stasie begin meegee. Toe die trein die brug in die duisternis nader, het Wenneker skielik besef dat alles nie pluis was nie. Hy het die trein tot stilstand probeer bring, maar dit was te laat. Onder die gewig het die brug ingegee. Die lokomotief het in die spruit gestort en die res van die trein het daarop beland. Wenneker en Schrödter, asook 'n passasier in die bagasierytuig, is op slag dood.<sup>24</sup>

Die besittings in Wenneker se boedel is op 'n skamele £1-11-6 getakseer. Die masjinis Wouter Vleeming is as eksekuteur van Wenneker en Schrödter se boedels benoem, maar dit is onbekend wat verder daarmee gebeur het.<sup>25</sup> Moontlik is die besittings verkoop en is die geld aan Wenneker se eggenote oorgedra.

Die inhoud van Wenneker se beskeie boedel was :<sup>26</sup>

beddegoed : ou matrassen, kussings, komberse (3 van elk);  
klere : 5 hemde, 7 onderhemde, 1 werkbroek, 1 Jaeger-onderbroek, 1 paar skoene, 1 "fantasiebroek";  
meubels : 1 ysterkated, 1 ou tafel;  
persoonlik : 2 ou koffers;  
verligting : lamp.

In die drie jaar wat Wenneker die NZASM gedien het, het hy nie huis ryk geword nie. die karige aantal besittings dui op iemand wat weinig op sy gerief gesteld was, moontlik ook omdat hy vanweë die aard van sy werk baie male nie huis kon wees nie.

#### 10.2.4 Hendrikus Johannes Hellings

Gebore op 1 Desember 1846 te Dungen in Noord-Brabant, het Hellings as ploegbaas in diens van die NZASM getree.<sup>27</sup> Dit is onbekend waar en wanneer hy aangestel is, maar dit is nietemin taamlik seker dat hy by die Zuiderlyn se afdeling Weg en Werken werksaam was. As ploegbaas het Hellings sowat £15 per maand verdien.<sup>28</sup>

Hellings was die aand van 3 Augustus 1893 met sy trollie en 'n paar Swart werkers vanaf Meyerton-stasie op pad na Vereeniging, hoewel dit verbode was om na sonsondergang per trollie op die spoor te reis. Hy het geen lig by hom gehad nie en in die donkerte het 'n trein, wat ook onderweg na Vereeniging was, teen die trollie vasgery. Hellings is ernstig beseer en het kort na die ongeluk beswyk.<sup>29</sup> Hy was getroud en het kinders nagelaat.

Die ZAR se Weeskamer het op 28 Desember vir die opeigter Willem ter Horst as eksekuteur van Hellings se boedel aangestel.<sup>30</sup> Hy het die oorledene se besittings verkoop, wat £17-4-6 opgelewer het.<sup>31</sup> Verder was daar nog 'n bedrag van £25, wat Hellings van die regering ontvang het as beloning vir die betrapp van 'n persoon wat klippe op die treinspoor geplaas het.<sup>32</sup> Ná aftrekking van administratiewe koste en betaling van skulde, is £32-2-6 onder die weduwee en kinders verdeel.<sup>33</sup>

---

\* 'n "Fantasiebroek" is 'n broek van veelkleurige materiaal

Ondanks Hellings se beskeie funksie en klein salaris was sy nagelate besittings taamlik gevarieerd :<sup>34</sup>

dokumente : sakboekie, Seinreglement, briewe;  
gereedskap : meetstok, waterpas, tang, merkband, tou;  
klere : beskermende oorklere, oorpak, 1 blou pak klere, hoed, 8 broeke,  
6 jasse, 3 onderbaadjies, kruisbande, 2 onderhemde, 3 dasse,  
boordjies, 5 paar sokkies, skoene, pantoffels, 3 onderbroeke;  
ontspanning : visstok;  
persoonlike items : sakkies tabak, seep, koffer, skeermes;  
skryfmateriaal : potlood, skryfpapier;  
tyd : twee silwer horlosies, een aan 'n silwer en een aan 'n koper ketting;  
wapens : stukkende geweer.

Uit Hellings se boedel kan daar nie juis afgelei word dat hy 'n eenvoudige ploegbaas was nie, gesien die hoeveelheid klerasie en ander persoonlike items. Die afwesigheid van meubels en huishoudelike voorwerpe maak dit onseker of hy in 'n ploegbaaswoning tuisgegaan het, of op ander maniere gehuisves was, byvoorbeeld in 'n losieshuis. Die aanwesigheid van briewe en skryfmateriaal dui daarop dat hy heelwat gekorrespondeer het, waarvan skynlik met sy gesin en familie.

#### 10.2.5 Feie Hoekstra

Hoekstra is op 28 Desember 1868 te Venlo in Oos-Nederland gebore, en het op 15 Mei 1895 as klerk by die Zuiderlijn se afdeling Mouvement en Handelszaken in diens van die NZASM getree. Hy is op Elandsfontein (Germiston) geplaas, met 'n maandsalaris van £15. Hoekstra moes 'n redelik bekwame amptenaar gewees het, want reeds in September 1896 is hy tot verantwoordelik goederenklerk teen 'n salaris van £22-10-0 per maand bevorder. Begin 1897 is sy maandsalaris verhoog na £24.<sup>35</sup>

Op 5 April 1897 is Hoekstra in die NZASM se hospitaal te Jeppestown, Johannesburg, oorlede. Hy was ongetroud.<sup>36</sup>

Volgens die Brief van Administratie van die ZAR se Weeskamer is 'n kollega, Cornelis Engelbart, op 20 Mei as eksekuteur van Hoekstra se boedel aangestel.<sup>37</sup> Hoekstra se besittings is op 12 Junie verkoop, en dit het

£25-9-6 opgelewer. Saam met agterstallige salaris en ander vorderinge was die boedel se totale waarde £99-8-9, wat nie onaansienlik was nie.<sup>38</sup> Dit is onbekend aan wie dié geld, ná aftrekking van administratiewe fooie, uitbetaal is, maar waarskynlik het die familie in Nederland dit ontvang. Daar is trouens enkele persoonlike items aan hulle gestuur.

Die volgende besittings is in Hoekstra se boedel aangetref :<sup>39</sup>

beddegoed : 11 lakens, 25 kussingoortreksels;  
dokumente : boeke, atlas;  
gereedskap : skaaf, hamer, skêr,  
kantooroerusting : inkstel, briewepapier, papiergewig;  
klere : 5 dasse, 28 hemde, 16 paar sokkies, 24 sakdoeke, 20 onderbroeke,  
      8 jasse, 8 langbroeke, 4 onderbaadjies, 14 onderhemde, 6 hoede,  
      4 paar skoene, 15 boordjies, 2 flanelbroeke, beskermende klere;  
kunsvoorwerpe : 8 skilderye, muurversierings, skulpe;  
meubels : spieëls, kapstok, kaste, 4 Weense (Bentwood) stoele, gemakstoel,  
      voustoel, tafel, wastafel, bed, boekkas;  
ontspanning : dambord, skaakstukke;  
persoonlike items : stofbril, klereborsels, wandelstok, handdoeke, seep,  
      reukwater, 4 koffers;  
tyd : horlosie;  
voedselbediening : 5 glase, 3 teekoppies, skinkbord, tafeldoekoek, doos  
      met lepeltjies;  
voedselverwerking : paraffienstofie, ketel;  
verligting : staanlamp.

Hoekstra se nagelate besittings getuig van 'n redelik welvarende amptenaar. Die aantal meubels en die aanwesigheid van kunsvoorwerpe dui daarop dat hy homself gerieflik ingerig het. Opvallend is die groot hoeveelheid klere, 'n teken dat dit gewoonte was by NZASM-werknemers, wat in dorpe en stede gewoon het, om deurgaans netjies aan te trek - soos trouens ook die geval met ander dorpelinge en stedelinge was.

#### 10.2.6 Johannes Christiaan Bischofer

Op 5 April 1866 te Leeuwarden, Friesland, gebore, het Bischofer op 23 Mei 1892 teen 'n maandsalaris van £12 as kondukteur diens by die

NZASM aanvaar. Met Johannesburg as standplaas, was hy werkzaam by die afdeling Mouvement en Handelszaken. Bischofer is verskeie kere verplaas, en is ook telkens bevorder, sodat hy ten tye van sy oorlyde 'n tweedeklas treinkontroleur was.<sup>40</sup> 'n Treinkontroleur was iemand wat toesig oor die kondukteurs uitgeoefen het. In hierdie funksie het Bischofer waarskynlik £20 per maand verdien.<sup>41</sup>

Bischofer is op 8 Desember 1899 in die Volkshospitaal te Pretoria oorlede. Hy was ongetroud.<sup>42</sup> Sy besittings is deur sy kollega Willem Bossinga op £5-10-0 getakseer, maar dit is onbekend of hulle verkoop is.<sup>43</sup> Die volgende items is van belang :

dokumente : boeke, foto's, briewe, onder meer die NZASM se Gedenkboek van 1895;

klere : uniform, jasse, onderbaadjie, pajamabroek, 3 Jaeger- en 2 flanelonderbroeke, 9 hemde, 25 boordjies, 5 dasse, 12 sakdoeke, 7 paar sokkies, pantoffels;

persoonlike items : NZASM-horlosie aan goue ketting, goue diamantring, skeerkwas en -mes, sambreel, koffers;

tyd : wekker;

wapens : .303-geweer, Martini-Henry-geweer, dubbelloopgeweer, patroon-tassie met patronen.

Die afwesigheid van enige kombuisvoorwerpe en ander huishoudelike items, asook meubels, dui daarop dat Bischofer dalk in 'n hotel of eerder 'n losieshuis tuisgegaan het. Met verwysing na die aantal vuurwapens kon hy iemand gewees het wat gaan jag het vir ontspanning. Hy het waar-skynlik ook graag gelees.

### 10.3 Die lot van die Nederlandse NZASM-personeel se materiële besittings

Met die deportasie van die oorgrote meerderheid Nederlandse spoorweglui deur die Britse militêre owerhede in 1900 (kyk Hoofstuk 17), kon hulle slegs die nodigste saamneem, en moes die res van hulle besit verkoop, gestoor of net so agtergelaat word. Gedurende 1902 het M.P. Barendsen, wat die Direksie in Pretoria bly verteenwoordig het, die meubels en ander besittings van die personeel, wat nog steeds in pakhuise gelê het, verkoop.<sup>44</sup> Die opbrengs is mettertyd aan die eienaars, wat nog in Nederland was, uitbetaal. Natuurlik het hulle heelwat minder ontvang as wat

die goedere oorspronklik gekos het, maar dit was darem iets. 'n Mens kan aanneem dat die meeste materiële besittings van die Nederlandse NZASM-personeel nog steeds in Suid-Afrika is, hoewel orals verspreid en moeilik om as sodanig te identifiseer.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het per skip na Suid-Afrika gekom, en hulle standplaas verder per trein, poskoets en ossewa bereik. Aan die een kant het hulle huise en materiële besittings 'n mate van permanensie aan hulle verblyf in Transvaal gegee, maar aan die ander kant was hulle tog taamlik mobiel, nie net ten opsigte van voortdurende oorplasings nie, maar ook wat betref hulle reiswerk vir besigheids- asook private doeleindeste. Die volgende hoofstuk handel oor hierdie tipe mobiliteit.

--oOo--

Verwysings : Hoofstuk 10

1. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1896-12-05.
2. Ibid, Pretoria, 1898-05-30.
3. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 179 : Opgave en waarde der drie kisten verscheept als ambtenaarsgoed per ss "Herzog" gemerkt L.A.Aarsse, ZP, Johannesburg, Delagoabay, s.d.
4. ARA : Archief NZASM, 179 : Aantal fakture van H. Eelen, Mode-magazijnen te Zwolle, m.b.t. goedere vir H. Ellens te Waterval-Onder, Feb. 1899.
5. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1898-12-05.
6. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorders No. 4 en 6, s.l., s.d. (ca.1895).
7. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 18, Pretoria, 1898-05-16 ("Bevrachting van goederen uit Europa voor Personeel der ZASM naar stations in de Z.A.R.").
8. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 26, Pretoria, Maart 1899 (met dieselfde titel as No. 18).

Verwysings : Hoofstuk 10 (vervolg)

9. Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes 220, Pretoria : graf van C.W.Verloop, besoek Des. 1983.
10. De Volksstem, 1893-10-14 ("In Memoriam Cornelis Willem Verloop"), p 3.
11. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p 199; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Argief Meester van die Hooggereghof (MHG), Boedel 0/8451 : Afskrif van testament, 1889-05-20.
12. TAB : MHG, Boedel 0/8451 : Bijzondere lastgeving, 1893-11-25.
13. TAB : MHG, Boedel 0/8451 : Likwidatie-Rekening, 1894-01-31.
14. TAB : MHG, Boedel 0/8451 : Lys van goedere ontvang deur W.H.Verloop, begin 1894.
15. TAB : MHG, Boedel 0/8451 : Rekening van J.D.Celliers & Co., asook Likwidatie-Rekening, 1894-01-31.
16. TAB : MHG, Boedel 0/8451 : Likwidatie-Rekening, 1894-01-31.
17. TAB : Argief NZASM, NZM 39 : Personnelregister Weg en Werken Oosterlijn, 1895-1900, fol. 44.
18. ARA : Archief NZASM, 168 : Personneelsstaten, 1896-1899.
19. TAB : MHG, Boedel 0/15353 : Sterfkennis, Okt. 1898.
20. TAB : MHG, Boedel 0/15353 : Brief van Administratie, 1898-11-01.
21. TAB : MHG, Boedel 0/15353 : Tersaaklike dokumente.
22. TAB : MHG, Boedel 0/15353 : Nalatenschap van wijlen J.S. de Groot, 1898-10-07.
23. TAB : Argief NZASM, NZM 59 : Personnelregister diverse afdeelingen, 1899, fol. 63.
24. NZASM, Jaarverslag 1898, pp 36-37; NZASM-argief J.Ploeger, Pretoria : Brief van D.Pitton - Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, Tjepoe, 1934-03-27 (ongepubliceerd).
25. TAB : MHG, Boedel 0/15566 : Chef Mouvement en Tractie - Landdrost Barberton, 1898-12-15.
26. TAB : MHG, Boedel 0/15566 : Inventaris van den inboedel van wijlen machinist Wenneker, 1898-12-13.

Verwysings : Hoofstuk 10 (vervolg)

27. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB) : Argief Meester van die Hooggereghof (MHG), Boedel 0/8406 : Sterfkennis, Aug. 1893.
28. TAB : Argief NZASM, NZM 39 : Personnelregister Weg en Werken Oosterlijn, 1896-1900, vir salarisje van ploegbase.
29. Algemeen Rijksarchief, Den Haag (ARA) : Archief NZASM, 305 : Rapport wegens het overlijden van den ploegbaas H.J.Hellings, 1893-08-04.
30. TAB : MHG, Boedel 0/8406 : Brief van Administratie, 1893-12-28.
31. TAB : MHG, Boedel 0/8406 : Tersaaklike dokumente.
32. TAB : SS (geen bandnr. bekend), R 8245/93 : Staatsprokureur - Staatsekretaris, 1893-07-11.
33. TAB : MHG, Boedel 0/8406 : Tersaaklike dokumente.
34. TAB : MHG, Boedel 0/8406 : Inventaris in de boedel van wijlen H.J. Hellings, overleden te Kookfontein de 3de Aug. 1893, 1893-09-28.
35. TAB : Argief NZASM, NZM 19 : Personnelregister Mouvement en Tractie, 1893-1900, fol. 296.
36. TAB : MHG, Boedel 0/12581 : Sterfkennis, April 1897.
37. TAB : MHG, Boedel 0/12581 : Tersaaklike dokumente.
38. TAB : MHG, Boedel 0/12581 : Tersaaklike dokumente.
39. TAB : MHG, Boedel 0/12581 : Taxatie goederen van wijlen Hoekstra, 1897-04-22.
40. TAB : Argief NZASM, NZM 59 : Personnelregister diverse afdelingen, 1899, fol. 93.
41. ARA : Archief NZASM, 168 : Personneelsstaten, 1896-1899.
42. TAB : MHG, Boedel 0/16794 : Sterfkennis, Desember 1899.
43. TAB : MHG, Boedel 0/16794 : Inventaris van den overleden Trein= kontroleur, 1899-12-11.
44. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-03-27.

## HOOFSTUK 11

### "WIE VERRE REIZEN DOET KAN VEEL VERHALEN" : Vervoer

"'s Avonds vertrokken we, hadden bij het vertrek een kleine, niets betekenende botsing en in zware regens slipen we in om te ontwaken te midden van die geheel eenige natuur in de Kaapvallei. We riepen maar uit : 'Wanneer de mensen dit eerst ontdekken, is Zwitserland bankroet'."

(Middelberg in 'n brief aan sy familie in Nederland, waarin hy vertel van 'n treinreis na Barberton, 1896-12-13)<sup>1</sup>

Die geskiedenis van die NZASM is een van beweging, en dit lê dus voor die hand dat ook die Nederlandse personeel baie mobiliteit aan die dag gelê het. Per skip het hulle na Suid-Afrika gekom, en vanaf die hawens dan per trein en poskoets gereis. Vir hulle werk het hulle op perde, muile of donkies gery, op transportwaens en met ligte rytuie, en vir ontspanning het hulle soms die trein, die perdewa of die fiets gebruik. Op die volgende bladsye sal gepoog word om 'n indruk van hierdie mobiliteit te gee.

#### 11.1 Seereise

In Hoofstuk 4, afdeling 4.4, is reeds die een en ander gesê oor die reis na Suid-Afrika, wat in daardie jare natuurlik per stoomskip plaasgevind het.

Die NZASM het vir die skeepsvervoer van sy personeel uit Nederland 'n ooreenkoms met die skeepvaartagentskap De Vries & Co. gehad. Hulle was die agente vir die Britse Union Line. Die stoomskepe van hierdie redery het alle Suid-Afrikaanse hawens aangedoen, asook Delagoabaai.<sup>2</sup> Hulle het name soos Pretoria, Tartar, Moor, Arab, Trojan, Durban en dergelyke meer gedra, verteenwoordigend van Suid-Afrikaanse stede en etniese groepe in die wêreld.<sup>3</sup> Met hierdie skepe het honderde Nederlanders hulle land verlaat, op pad na 'n nuwe bestemming en heenkome, en soms selfs 'n nuwe vaderland.

Die NZASM het aan die toekomstige reisigers 'n pamflet uitgereik, waarin hulle ingelig is oor dit wat hulle vir die seereis sou benodig.<sup>4</sup> Onder

meer is aanbeveel hoe die skeepskiste, wat hulle wou saamneem, moes lyk, en wat die toegelate afmetings van die kajuitkoffer was. Ook is advies gegee in verband met die keuse van 'n kajuit, die gee van fooie, maaltye aan boord, deelname aan dekspele, ensomeer.

In sommige gevalle het die Union Line se skepe van Rotterdam vertrek, en het NZASM-werknemers, soos Westenberg, hulle dus reeds hier ingeskeep.<sup>5</sup> Westenberg het met die Pretoria na Suid-Afrika gekom. Die amptenaar J.N.Ebert, wat met die Moor gereis het, was onder hulle wat eers die Kanaal per boot moes oorsteek, aangesien vertrek te Southampton plaasgevind het, en dit was meestal die geval.<sup>6</sup>

Na die soms onvermydelike seesiekte was die seereis gewoonlik heel draaglik, en het die meeste Zasmers dit geniet. Die tyd aan boord is deurgebring met slaap, lees, eet, deelname aan speletjies, stap en geselskappe met die medepassasiers. Westenberg gee in sy brieue 'n verslag hiervan, en die werknemer C.H.Eversz het in 1898 selfs 'n hele reisverslag geskryf, nadat hy met die Paraguay in Suid-Afrika aangekom het.<sup>7</sup> Soms is interessante mense aan boord ontmoet, byvoorbeeld ander nuwelinge in diens van die NZASM, of Nederlanders wat na hulle verlof na Suid-Afrika teruggekeer het.

Die seereis het gewoonlik 'n maand geduur, en geëindig te Kaapstad of Durban. Hiervandaan het die personeel per trein na Transvaal gegaan. In die dae toe daar nog geen deurgaande treinverbinding was nie is die tog per poskoets voortgesit.

In 1897 het die NZASM 'n ooreenkoms aangegaan met die Franse redery Chargeurs Réunis, wie se skepe (waaronder Eversz se Paraguay) van Bordeaux, Le Havre of Rotterdam vertrek het.<sup>8</sup> Hoewel effens stadiger as die Union Line se bote, was dié redery se tariewe laer, en is ook spesiale afslag aan gesinne gegee.

Die Nederlandse NZASM-personeel het hulle verloftyd natuurlik in Europa deurgebring. Soos Westenberg was daar talle wat verkies het om met 'n Duitse of Franse skip langs die Ooskus van Afrika via die Suezkanaal te reis, sodat hulle 'n ander deel van die wêreld kon sien.<sup>9</sup> Die terugreis het gewoonlik weer met die westelike roete gegaan.

In 1900-1901 het die Nederlanders in diens van die NZASM hulle laaste seereis onderneem, wat die mees tragiese en die mins aangename was toe hulle deur die Britse militêre owerhede uit Transvaal na Europa gedeporteer is. Meer hieroor in Hoofstuk 17.

### 11.2 Treinreise

Die trein was die eerste vervoermiddel waarmee die nuwe NZASM-personeel uit Nederland in Suid-Afrika kennis gemaak het. Van Kaapstad af het die reis met 'n trein van die Cape Government Railways (CGR) verder gegaan. Die Natal Government Railways (NGR) het hulle van Durban af vervoer, en tussen Delagoabaai en die Transvaalse grens soms met die Companhia Caminho de Ferro de Lourenço Marques (CFLM), en dan daarvandaan verder met die NZASM. Op hierdie treinreise het die nuwelinge tewens 'n eerste indruk van die spoorweë in Suid-Afrika gekry.

Namate die NZASM se spoorwegnetwerk ontwikkel het, het die werknemers ook binne die grense van die ZAR steeds meer per trein gereis, sowel amptelik as privaat. Reeds in 1895 het iemand soos Westenberg opgemerk dat hy heelwat geriefliker en vinniger as vyf jaar tevore gereis het.<sup>10</sup> Die trein het hulle nie net in staat gestel om hulle werk vinniger en meer doeltreffend te verrig nie, maar ook gemotiveer tot pieknieks buite die stede en dorpe, asook naweekuitstappies, veral na Waterval-Boven.

Ten einde sy reislustige personeel tegemoet te kom, het die NZASM in Junie 1897 bepaal dat elke werknemer jaarliks op 'n gratis treinkaartjie vir gebruik in die hele Suid-Afrika en in Mosambiek geregtig sou wees. Elke jaar sou hy en sy gesin ook toegelaat word om op die NZASM- en ander lyne teen 'n kwart van die prys te reis.<sup>11</sup> Vir amptelike doeleindes het die personeel natuurlik gratis treinvervoer geniet.

### 11.3 Poskoetsvervoer

In die dae toe die Kaapse en Natalse spoorweë nog nie Transvaal bereik het nie, moes die Nederlandse Zasmers verder reis met die poskoets. Die poskoets was vinnig, maar sy passasiers is deur die swak paaie baie rondgeskud, en was aan die einde van elke rit toe onder die stof, soos Westenberg in 1890 ervaar het.<sup>12</sup> Maaltye en akkommodasie onderweg het

ook soms te wense oorgelaat. Met die voltooiing van die Oosterlijn, die Zuiderlijn, die Zuidoosterlijn en die Zuidwesterlijn het poskoetsvervoer afgeneem en is daar na 1895 nie dikwels deur die personeel hiervan gebruik gemaak nie.

#### 11.4 Waens en rytuie

Die poskoets het nie verder gegaan as die dorpe nie, sodat die personeel aangewese was op die stadige transportwa om hulle eindbestemming te bereik. Vanweë die voorkoms van die tsetsevlieg is gewoonlik snags getrek. Dit was 'n avontuurlike reis, soos Westenberg, Bouter en ook ingenieur Sissingh getuig het.<sup>13</sup> Paaie was swak of het nie bestaan nie, waens het vasgeval en moes heeltemal afgelaai word om hulle uit te kry, en die osse het siek geword, weggeraak, gevrek of is deur roofdiere doodgemaak.

Vir diensreise was die ossewa te stadig, en waar daar geen poskoetsroetes bestaan het nie het die personeel van perdewaens gebruik gemaak. So byvoorbeeld noem Westenberg dat hy in 1892 vanaf Kaapshoop met 'n vierperdewa na KM 116 (Nelspruit) gereis het.<sup>14</sup> Uiteraard was dit lastig om altyd van die poskoets, die poskar of gehuurde vervoer afhanklik te wees, en so het van die hoër amptenare, waaronder ook Westenberg, hulle eie vervoer aangeskaf. Westenberg het in April 1893 'n spaider met vier perde gekoop, en 'n Kleurlingdrywer in diens geneem.<sup>15</sup> Hiervan het hy baie plesier beleef, maar met sy oorplasing na Pretoria het hy dit alles weer van die hand gesit. Enkele NZASM-werknemers het egter in die dorpe en stede ook 'n eie rytuig, perde en drywer aangehou, en dit gebruik om besoeke af te lê, inkopies te doen of plesierritte te maak.<sup>16</sup>

#### 11.5 Ander vervoermiddelle

Die perd of donkie was natuurlik 'n ideale vervoermiddel vir 'n enkele persoon, en menige Nederlander in NZASM-diens het dae in die saal deurgebring.

In die 1890's het die fiets gewild geword, en het etlike Zasmers waar-skynlik vir hulself so 'n ysterperd aangeskaf.<sup>17</sup>

Melding kan ten slotte ook van die beskeie pomptrollie gemaak word, waarmee gewoonlik inspeksies van die treinspoor uitgevoer is. Dit is deur twee of vier Swartes voortbeweeg, terwyl die ploegbaas, opsigter of ingenieur na die spore gekyk of rustig die wêreld rondom hom betrags het. Die trollie is af en toe ook as 'n reismiddel gebruik, soos toe Westenberg in 1898 'n "aangename trolliereis" oor die Barberton-taklyn onderneem het.<sup>18</sup> Etlike foto's wat in die NZASM-dae geneem is toon ook die trollie.

En heel laaste was daar natuurlik nog die bene en voete, die eerste, laaste en mees gebruikte "vervoermiddel" waarmee die mens al eeu lank sy bestemming bereik het.

Tot dusver is aandag gegee aan die Nederlandse NZASM-werknemer as individu, sosiale wese, biologiese wese en materialistiese wese. In sy godsdienstigheid en kerklikheid, aldan nie, was hy ook 'n geestelike wese, en hoe dit daaruit gesien het word uit die volgende hoofstuk duidelik.

--oOo--

#### Verwysings : Hoofstuk 11

1. G.A.A.Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J.du T.Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, p 71.
2. Archief ZASM, Amsterdam : Brosjure van die Union Line, 1899; Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1890-03-25 (advertensie vir die Union Line), 2de Blad A.
3. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1890-03-25 (advertensie vir die Union Line), 2de Blad A; Ibid, 1890-04-23 (advertensie vir die Union Line), 2de Blad A; Archief ZASM, Amsterdam : Brosjure van die Union Line, 1899, waarin die name van die skepe.
4. Algemeen Riksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 178 : Raadgevingen aan Personeel bij het aanschaffen van Uitrusting, enz., Amsterdam, ca. 1888.

Verwysings : Hoofstuk 11 (vervolg)

5. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
a.b. ss Pretoria, 1890-01-21.
6. J. Ploeger, Nagelate aantekeninge van J.N.Ebert, Pretoriania, 35,  
April 1961, p 8.
7. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster en broer,  
a.b. ss Pretoria, 1890-01-21, 1890-01-22, 1890-01-31, 1890-02-14,  
1890-02-21; ARA : ARchief NZASM, 312 : C.H.Eversz, Beschrijving mijner  
reis met de "Paraguay" van Amsterdam naar Kaap, Pretoria, 1898-02-18.
8. Archief ZASM, Amsterdam : Reizen per Chargeurs Réunis van en naar  
Holland, naar en van Zuid-Afrika, Amsterdam, ca. 1897; Ibid,  
Reizen per...(gewijzigde circulaire), Amsterdam, 1898-02-10.
9. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
a.b. ss Kaiser tussen Delagoabaai en Inhambane, Jan. 1896. Die  
Kaiser was een van die skepe van die Deutsche Ost-Afrika Linie.
10. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
Heidelberg, 1895-03-03.
11. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 15, Pretoria, 1897-06-25  
("Voorlopige regeling voor de uitgifte van vrijbiljetten en kwart-  
vrachtorders voor het personeel der N.Z.A.S.M. in doorgaand  
verkeer met de C.F.L.M., de N.G.R. en de O.V.G.S. en de C.G.R.").
12. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
Johannesburg, 1890-02-27.
13. Westenberg-briewe uit 1890; P.H. Bouter, De aanleg van 't Oosterspoor;  
Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Aanwins A 1158 : M.C.  
Sissingh se Herinneringen aan Transvaal, ca. 1893.
14. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
KM 144, 1892-09-25.
15. Ibid, Waterval, 1893-04-20.
16. Ibid, Pretoria, 1897-08-07.

Verwysings : Hoofstuk 11 (vervolg)

17. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : N.K.Huijsman - Th.C.Geudeker, Pretoria, 1899-09-09, waarin hy verslag doen van 'n ongeluk wat hy met sy "Hunter"-fiets gehad het. Fietsry was blykbaar onder die Nederlandse NZASM-personeel so gewild, dat hulle in die NZASM-woonbuurt te Pretoria selfs beskik het oor 'n baan vir fietswedrenne. (sien Figuur 22).
18. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1898-02-13.

--00o--

## HOOFTUK 12

"GOD EN GEBOD" : Godsdienst en kerk by die Nederlandse NZASM-personeel

""t Is de ijzeren noodzakelikheid die ons dwingt alles aan te nemen wat door uiterlijke fatsoenlijkheid in Holland en wat kennis eenige waarborg geeft van deugdelijkheid, zonder te kijken of de innerlike kern zoo is dat weerstand zal geboden word aan verwilderung wanneer ze uit het Hollandsche gareel zijn. Aan de predikanten zeg ik : jelui hebt ons volk in deze eeuw verwaarloosd en nu heb je hier een heerlijk veld om met den duivel te strijden."

(Middelberg in 'n brief aan Bake, Pretoria, 1896-11-09)<sup>1</sup>

Dit is bekend dat in Transvaal baie Boere die komste van die spoorweë teen=gestaan het, omdat hulle daarin 'n verpersoonliking van die duivel gesien het. Indien 'n mens die algemene godsdienstige en kerklike ingesteldheid van die Nederlandssprekende NZASM-personeel beskou, was hierdie ou Boere merkwaardig genoeg nie heeltemal verkeerd nie. Tog moes die religieuse opvattinge van die tyd, veral in Transvaal, nie sonder uitwerking op die personeel gewees het nie. Dit is dus interessant om die godsdienstigheid onder die NZASM-werknemers in oënskou te neem ten einde te bepaal hoe die situasie werklik daaruit gesien het.

### 12.1 Houding teenoor godsdienst

Dit is moeilik om die godsdienstige peil onder die Nederlandse NZASM-personeel met sekerheid te bepaal. Die meerderheid was afkomstig uit die groot stede in Wes-Nederland, waar die kerklikheid minder sterk was as op die platteland en in die ooste van die land. Tog wil dit nie sê dat die Nederlandse spoorweglui almal ongodsdienstig of buitekerklik was nie. Baie van hulle was heel moontlik goeie Christene wat af en toe kerk toe geaan het voor hulle na Transvaal gekom het. In 'n nuwe land en omgewing, met 'n bevolking wat hulle oor die algemeen nie baie goedgesind was nie, en te midde van die vrye en ongebonde lewe op die platteland en in die veld, waar slegs af en toe 'n rondreisende predikant gekom het, het hierdie kerklikheid (hoewel nie noodwendig die godsdienssin nie) by talle gaandeweg op die agtergrond geraak.

Natuurlik was daar diegene wat van huis uit ongelowig was, of mettertyd hulle godsdienstigheid verloor het. Hiervan is Westenberg en Breuning

goeie voorbeeld. Hulle het met medelye op die Boere se godsdienstige gebruik soos Nagmaal neergesien, en die spot gedryf met godsdienst in die algemeen en die godsdienstigheid van die Boere in die besonder.<sup>2</sup> Dit was onder meer hierdie gesindheid en houding wat die Transvalers in die harnas teen die "goddelose Hollanders" gejaag het.

Hoe groot die groep Nederlanders was waarvan Breuning en Westenberg verteenwoordigend genoem kan word, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Wel is bekend dat die predikante, wat die NZASM-personeel bedien het, gekla het oor die gebrek aan "sedelike erns", en dat selfs Middelberg hom in sterk taal ontmoedigend oor die "ongodsdienstig Jan-Rapsch Nederlandsch personeel" uitgelaat het.<sup>3</sup> Hy het selfs voorgestel dat by werwing en keuring van personeel meer op godsdienst en kerklikheid gelet word.

Tog was nie alle Nederlandse NZASM-werknemers so verdorwe nie. Sommiges het nie alleen waarderend oor die godsdienssin van die Boere gepraat en geskryf nie, maar het ook 'n aktiewe kerklike lewe geleid. Aan byvoorbeeld die Oosterlijn is te Machadodorp tydens die bou van die spoor elke Sondag godsdiensoefening gehou.<sup>4</sup> Elders moes dit ook die geval gewees het. Watter kerkgenootskappe 'n rol onder die Nederlanders by die NZASM vervul het, word in die volgende afdeling duidelik.

## 12.2 Kerkgenootskappe

Daar bestaan geen noukeurige gegewens met betrekking tot die kerkgenootskappe waaraan die Nederlandse NZASM-personeel behoort nie. Van die lyste van Nederlanders wat in 1900 na Europa gedeporteer is, vermeld die laaste drie ook die godsdienst van elke persoon.<sup>5</sup> Van die 266 gelyste name was daar 26 wat Rooms-Katolieke was (dus 10%), en slegs twee wat aan 'n "ander" godsdienst behoort het (dus 0,7%). 'n Mens kan dus hieruit aflei dat sowat 90% van die Nederlandse Zasmers aan een of ander Protestantse kerkgenootskap behoort het, wat inderdaad bevestig word wanneer 'n mens kyk na die geringe persentasie afkomstig uit die oorwegend Rooms-Katolieke suidelike provinsies van Nederland (kyk Hoofstuk 3).

Dit word nog moeiliker wanneer dit kom by 'n bepaling van watter kerkgenootskappe die Protestante lidmate was. In hierdie opsig kan 'n mens kyk na die emigrasiestatistieke betreffende persone wat in die jare

1884-1899 uit Groningen en Overijssel na die ZAR gegaan het.<sup>6</sup> Van die 147 Protestantse Groningse emigrante was 95 lid van die Nederlandse Hervormde Kerk (64%), 31 lid van die Gereformeerde Kerk (21%), en die res lid van ander kerkgenootskappe. Ten opsigte van die 156 emigrante uit Overijssel was daar 106 Nederlands Hervormdes (67%), 16 Gereformeerdes (10%) en die res verteenwoordigers van ander kerke. Hieruit kan 'n mens met versigtigheid aanneem dat 60-70% van die Protestantse Nederlandse NZASM-personeel Hervormd was, 10-20% Gereformeerd, en die res by ander kerke aangesluit was.

Toe die NZASM in Transvaal op die toneel verskyn het, was daar onder die Hollands-Afrikaanse bevolking drie kerkgenootskappe. Daar was die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat ontstaan het in 1853 toe die Transvaalse kerke hulle losgemaak het van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie. Verder was daar die Gereformeerde Kerk, wat tot stand gekom het in 1859 toe 'n aantal lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk afgestig het. En ten slotte was daar die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk (ook wel Vereenigde Kerk genoem), opgerig in 1885 deur die saamsmelting van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Transvaal en 'n deel van die Nederduitsch Hervormde Kerk se lidmate. Wat was die verbintenis van die Nederlandse NZASM-personeel met elk van hierdie kerke ?

Die Gereformeerde Kerk (waaraan ook President Kruger behoort het) was pro-Nederlands. Nie alleen het twee van sy predikante uit Nederland gekom nie (di. J.Lion Cachet en D.Postma sr.), maar ook is sy getal lidmate versterk deur die Nederlandse onderwysers, wat in groot getalle na Transvaal geïmmigreer het, en van wie die meeste aan die Gereformeerde Kerk behoort het.<sup>7</sup> Dit spreek dus vanself dat die klein aantal NZASM-werknemers uit Nederland, wat Gereformeerd was, maklik in hierdie kerk opgeneem is.

Die Vereenigde Kerk was in feite 'n voortsetting van die Kaapse NG Kerk, wat beteken dat die Kaapse Afrikaners in Transvaal, asook die meer liberale Transvalers, lidmate hiervan was. Hulle was Kruger se politieke teenstanders en was die Nederlanders dus nie goedgesind nie. Tot so laat as 1923 het ds. H.S.Bosman verklaar dat dit 'n "Hollands-Afrikaanse kerk" is,

"veel meer zoo dan de andere twee Zuster Kerken, die grootendeels onder Nederlandsche leiding en regeering staan."<sup>8</sup> Die meeste Nederlanders, waaronder ook die NZASM-personeel, het dus ontuis in hierdie kerk gevoel.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het nog die meeste met sy ekwivalent in Nederland ooreengekom. Dit was regeringsgesind, en sy predikante was merendeels gebore en getoë Nederlanders. Die kerk het dus die meeste Nederlandse NZASM-werknemers getrek, en in die lidmate- en doopregisters tref 'n mens heelwat van hulle aan, waarby veral die name van enkele ingenieurs en hoofamptenare opval, soos Middelberg (en sy hele gesin), M.P.Barendsen (hoofboekhouer), J.F.L.van Hasselt, A. van Lennep, C. van der Made en H. van Someren (ingenieurs), M.E.de Wildt (Direksieseekretaris) en D. Wicherlink (regsgeleerde adviseur).<sup>9</sup> In hoeverre die Nederlandse lidmate wat by die NZASM werksaam was, bygedra het tot die ontwikkeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die kerk gehelp het om staande te bly in die moeilike jare wat hy na die kerkvereniging beleef het, is moeilik om te bepaal, maar tog moes hulle bydrae nie sonder betekenis gewees het nie.

Met die aanvang van sy werksaamhede het die Nederduitsch Hervormde Kerk drie predikante in Transvaal gehad, waarvan slegs ds. M.J.Goddefroy (Pretoria) oor die personeel van die Oosterlijn en Randtram herderlike sorg kon uitoefen.<sup>10</sup> In Januarie 1895 het hy hulp ontvang met die kom van ds. A.Lagerwey uit Nederland, wat Heidelberg as sy standplaas gehad het. Hy kon dus ook die personeel op die Zuidoosterlijn, Zuidlijn en Randtram bedien, onder meer in Johannesburg met sy groot aantal Nederlandse spoorweglui, waar hy reeds in Februarie 1895 'n gemeente gestig het.

Middelberg was lid van die Nederduitsch Hervormde Kerk en 'n getroue kerkganger, en dit spreek dus vanself dat hy hom in 'n mate verantwoordelik vir die geestelike welsyn van sy personeel gevoel het. Treffend is veral die volgende sinsnede uit 'n brief wat hy in Mei 1895 geskryf het, en wat hieronder in sy geheel aangehaal word :<sup>11</sup>

"Godefroy's [sic] hulp is een goede onderneming. Geef er gerust Uw geld aan. We mogen van den standvastigen Calvinist denken wat we willen, Godefroy is zeker een der weinige Hollanders die volkomen in hun pogingen succes hebben. Hij heeft verbazende invloed op de Boeren en is een krachtige persoonlijkheid en onbesmet Hollander. Zeker, er zit in hem een greintje jalousie tegen Zasm, die met hem concurreert in de verstrekking van het Hollandsche element, maar laten we hem toch niet in zijn streven en werken gering achten."

'n Maand later het Middelberg 'n reëling met die Nederduitsch Hervormde Kerk getref, waarvolgens twaalf keer per jaar dienste vir onderskeidelik die Oosterlijn-personeel en die personeel van die Zuiderlijn en die Randtram deur sy predikante gehou sou word. Verder sou pastorale besoek en die doop van lidmate se kinders gereeld plaasvind. Hiervoor sou die NZASM die Kerk met £200 per jaar subsidieer. Middelberg vermeld tewens dat die eerste dienste op die Oosterlijn reeds gehou is, en dat die personeel hiervoor in groot getalle opgekom het.<sup>12</sup>

Die koms van ds. Lagerwey het slegs gedeeltelik die druk op Goddefroy verlig. Daar was 'n dringende behoefte aan 'n tweede predikant te Pretoria, wat die herderlike sorg oor die gemeente Pretoria en die bediening van die konsulentgemeentes (gemeentes sonder predikante) met Goddefroy kon deel. Reeds in 1894 het M.E.de Wildt 'n oproep na Nederland versend waarin hy die koms van so 'n tweede predikant bepleit het.<sup>13</sup> 'n Jaar later het Goddefroy self 'n soortgelyke oproep gedoen, waarin hy met name verwys het na die "geestelike nood" onder die NZASM-personeel :"Menige van oudere en jongere 'intrekkers' worden verwaarloosd."<sup>14</sup> Goddefroy het selfs na Nederland gegaan om 'n predikant te vind, as gevolg waarvan ds. C. Spoelstra in 1896 na Pretoria gekom het. Vanweë ernstige geskille van kerklike en persoonlike aard het Spoelstra reeds die daaropvolgende jaar sy bediening neergelê en na Nederland teruggekeer.

Goddefroy se las is weer verder verswaar deur die terugkeer na Nederland en die afsterwe van ds. Lagerwey in 1898. In sy bediening van die NZASM-personeel is hy hierna bygestaan deur ds. C.W. du Toit, wat elke keer al die pad van Potchefstroom moes kom. Met dié uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was daar . . . reeds weer 'n nuwe predikant in die persoon van ds. J. Beyer te Standerton.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of, in die lig van die relatiewe groot aantal buitekerklikes onder die Nederlandse NZASM-personeel, veral die drie Hollands-Afrikaanse susterkerke in Transvaal nie meer in terme van geestelike bearbeiding en evangelisasie moes gedoen het nie. 'n Mens moet egter onthou dat evangelisasie destyds nie dieselfde aandag as tans geniet het nie, en ook dat die kerke so betrokke was met die konsolidering van hulle posisie - veral die Nederduitsch Hervormde Kerk - en godsdienstige en kerklike geskille, dat daar van so 'n ideaal weinig tereg sou gekom het.

Met verwysing na Hoofstuk 6 is dit reeds genoem dat die Nederlandse NZASM-werknemer nie alleen as alleenstaande persoon gekom en in Transvaal geleef en gewerk het nie. Hy het soms ook kinders saamgeneem of 'n gesin in Transvaal begin. Dit lê voor die hand dat hierdie "spoorwegkinders" op die een of ander wyse behoorlik opgevoed en opgelei moes word. Skole en onderwys vir die kinders van die NZASM-personeel vorm die tema van die volgende hoofstuk.

--o0o--

Verwysings : Hoofstuk 12

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 282 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1896-11-09.
2. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Heidelberg, 1895-01-20, oor die Nagmaalviering; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : M 878 : Breuning aan broer, Pretoria, 1893-06-18, oor 'n besoek aan President Kruger waartydens daar huisgodsdiens gehou is; Westenberg - suster, Pretoria, 1897-10-10, oor 'n biddag vir reën.
3. ARA :Archief NZASM, 282 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1896-11-09, waarin hy melding maak van 'n brief van ds. Lagerwey (NH Kerk Heidelberg) wat kla oor die ongodsdiestigheid van die personeel.
4. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Geluk, 1894-01-26.
5. Archief NZAV, Amsterdam : VII, VIIA/96 : Staat van personen gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteiten uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, V-VII.
6. G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899, pp 44-45.
7. Ibid, p 54; G.J. Schutte, Nederland en de Afrikaners, p 181. Die instroming van Gereformeerde onderwysers uit Nederland was so groot, dat veral die Vereenigde Kerk gekla het dat daar gepoog is om Transvaal nie net Hollands nie, maar ook Gereformeerd te maak.
8. H.S. Bosman, Een terugblik op kerkelijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal, p 65; S.P. Engelbrecht, Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p 361, meld spesifiek dat die Hollanderhaat in die ZAR ook in die Vereenigde Kerk te vinde was.

Verwysings : Hoofstuk 12 (vervolg)

9. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria :  
Argief Gemeente Pretoria, 3/2/1 : Lidmateregister No. 1 (1887-1907);  
3/3/2 : Huweliksregister 1886-1899; Argief Gemeente Johannesburg,  
3/2/1 : Lidmateregister 1896-1933.
10. Hierdie skets is saamgestel uit : S.P. Engelbrecht, Geskiedenis van die Nederduitsch hervormde Kerk van Afrika; S.P. Engelbrecht, Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Volksrust (wakkerstroom) 1861-1941; S.P. Engelbrecht, Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1935, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Johannesburg, Aandenkingsprogram vyftigjarige herdenking van die inwyding van die eerste kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Johannesburg 12-14 September 1958.
11. ARA : Archief NZASM, 280 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1895-05-20.
12. ARA : Archief NZASM, 280 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1895-06-10.
13. Argief NHKA : Argief ds. M.J. Goddefroy, LV/1 : Oproep van M.E. de Wildt, Pretoria, 1894-06-20.
14. Argief NHKA : Argief ds. M.J. Goddefroy, LV/1 : Aan onze Protestantsche stamverwanten in Nederland, soos gepubliseer deur 'n kommissie in Nederland wat Goddefroy bygestaan het, Mei 1895. By die kommissie merk 'n mens die name op van vier lede van die NZASM se Raad van Commissarissen (wat die topbestuur gevorm het), nl. A. van Naamen van Eemnes, O.W. Star Numan, A.D. de Marez Oyens en J.L. Cluysenaer.

--oOo--

## HOOFSTUK 13

"OP DE SCHOOLBANKEN" : Skole en onderwys vir die kinders van die NZASM-personeel

"Onder de lichamen, die zich veel moeite geven voor het onderwijs, neemt de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij een eerste plaats in. Zij heeft krachtigen steun verleend in de oprichting eener school te Waterval-Boven, te Springs..., te Pretoria (Bultschool) en te Johannesburg. Overal hebben deze scholen subsidie en zijn ze in bloeiende toestand."

(Uit : "Brieven uit Transvaal", gepubliseer in die Christelike Schoolblad van 1898-01-14)<sup>1</sup>

Soos 'n mens tot dusver reeds uit die studie kon aflei, was die NZASM meer as net 'n spoorwegmaatskappy. Hy was ook ten nouste betrokke by die sosiaal-maatskaplike en geestelike welsyn van sy werknemers. Dit lê dus voor die hand dat die maatskappy se belangstelling vir hierdie welsyn hom ook sou uitstrek op onderwysgebied. In die aanvangsjare was daar nog nie baie Nederlandse kinders nie, maar met die instroming van Nederlandse werknemers en hulle gesinne het ook die aantal kinders van skoolgaande Leeftyd toegeneem. Die meeste van hulle is aangetref in die plekke waar 'n groot spoorwegbevolking gevestig was. Die NZASM het hom dus ook vir hierdie "spoorwegkinders" verantwoordelik gevoel, soos ook vir sy werknemers se behuising, ontspanningsfasiliteite, pensioene, gesondheidsorg ensomeer, waarvoor hy gesorg het. In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die manifestasie van hierdie verantwoordelikhedsbesef op onderwysgebied.

### 13.1 Spoorwegkinders en skole : die rol van die NZASM

Die NZASM was in die eerste plek 'n spoorwegonderneming, en was dus onder geen verpligting om iets aan die opvoeding van die kinders van sy werknemers te doen nie. Hoe het dit dan gekom dat die maatskappy in finansiële en ander opsigte by hierdie saak betrokke geraak het ?

Met die instroming van talle Nederlandse gesinne, waarvan die vader in diens van die NZASM was, lê dit voor die hand dat ook die getal kinders mettertyd toegeneem het. Die presiese getalle is onbekend, maar die lyste

van Nederlandse werknemers wat in 1900 terug na Europa gegaan het, kan dalk tog 'n aanduiding gee.<sup>2</sup> Volgens hierdie lyste is nie minder nie as 503 kinders saam met hulle ouers terug na Nederland. Natuurlik was waarskynlik die grootste gedeelte nie van skoolgaande leeftyd nie. Indien 'n mens aanneem dat daar teen 1899 ongeveer 1 500 tot 1 600 Nederlanders in diens van die NZASM was (kyk Hoofstuk 3), kan 'n mens bereken dat die getal kinders toe sowat 1 600 tot 1 700 moes gewees het as die verhouding van 503 tot die totale aantal werknemers wat op die betrokke lyste genoem word (460) in ag geneem word. Moontlik is hierdie skatting aan die hoë kant, maar wel is dit veilig om te aanvaar dat daar tog 'n paar honderd NZASM-kinders moes gewees het.

In die meeste gevalle, veral daar waar slegs 'n relatief klein groepie Zasmers gevvestig was, byvoorbeeld te Volksrust, Standerton, Heidelberg, Middelburg, Vereeniging, Randfontein, Potchefstroom en Klerksdorp, het die kinders waarskynlik die plaaslike dorpskole besoek. Die "NZASM-koloniës" te Pretoria, Johannesburg, Springs en Waterval-Boven val egter in 'n ander kategorie. Nie alleen was die getalle hier veel groter as elders nie, maar ook het 'n mens by die eersgenoemde twee sentra te make met 'n afsonderlike, gekonsolideerde en taamlik eksentriek vestigingswyse. Springs en Waterval-Boven was weer nuwe dorpe wat deur die NZASM aangelê is. Dit was dan ook in bogenoemde vier sentra waar die NZASM-skole ontstaan het.

Gedurende die eerste jare van die NZASM se werkzaamhede in Transvaal was daar vir die maatskappy weinig aanleiding om aandag te gee aan onderwyssake. Die aantal gesinne was nog betreklik klein, en ook was daar alreeds staatskole ingevolge S.J. du Toit se Onderwyswet (1882).

Dr. N. Mansvelt (Superintendent van Onderwys vanaf 1891) het 'n nuwe Onderwyswet (Wet 8 van 1892) die lig laat sien, wat nie net beoog het om die peil van die onderwys te verbeter nie, maar ook geleentheid vir private inisiatief gebied het om by die onderwys betrokke te raak. Die wet het vir staatskole voorsiening gemaak, en ook 'n stelsel van gesubsidieerde onderwys ingevoer. Skole kon dus voortaan ook deur skoolkommissies gestig en bedryf word. Ingevolge die nuwe wet sou sulke onderwysinrigtings kwartaalliks 'n toelae (subsidie) van die Onderwysdepartement ontvang, waarvan die grootte bepaal sou word deur die kwaliteit van

die onderwys, asook die skool se totale inkomste uit skoolgelde en vrywillige bydraes.

Dit is dus duidelik dat die stigting van 'n gesubsidieerde skool in 'n groot mate afhanklik was van nie net die getal potensiële leerlinge nie, maar ook die finansiële vermoëns van die ouers en die skoolkommissie.

In hierdie opsig het heelwat skole 'n sukkelbestaan gevoer. Waar byvoorbeeld die privaatskole wat deur die Uitlanders opgerig is 'n bloeiende bestaan gevoer het, het baie van die regeringsondersteunde skole gekwyn vanweë 'n tekort aan fondse. Die Nederlandse en Afrikaanse ouers was, veral op die platteland, minder welvarend as die Engelssprekende mynbase en handelaars. Veral die verkryging en onderhoud van 'n skoolgebou het 'n swaar las op die skouers van die ouers en die skoolkommissies geplaas, ten spyte van die regeringssubsidie.<sup>3</sup>

Teen 1893-1894 het 'n groeiende behoefte aan skole vir die NZASM-kinders ontstaan. Die gebrek aan voldoende middedele het verhoed dat die ouers op eie houtjie in staat sou wees om skole te stig, te bedryf en hierby 'n onderwyser se salaris te betaal. Dit was hier waar die NZASM betrokke by die onderwys geraak het. Deur die voorsiening van skoolgeboue en toerusting, 'n woning vir 'n onderwyser en soortgelyke ondersteuning sou die skoolkommissies en ouers finansieel tegemoet gekom word. In wese kom dit dus daarop neer dat die maatskappy die onderwys van sy personeel se kinders gesubsidieer het.

Die eerste "NZASM-skool" wat aldus ontstaan het, was die een te Springs (1894), gevvolg deur soortgelyke inrigtings te Waterval-Boven (1895), Pretoria (1896) en Johannesburg (1898). Hierdie vier skole vra vervolgens die aandag.

### 13.2 Skole en onderwysers

#### 13.2.1 Die skool te Springs

Die dorpie Springs het in die teken gestaan van die spoorweë en veral die NZASM se steenkoolmyn. In Hoofstuk 9 is die ontstaan en geskiedenis daarvan alreeds geskets.

Waarskynlik het die personeel te Springs reeds in 1893 voorbereidings vir die stigting van 'n skool getref. 'n Skoolkommissie is saamgestel, beskikking gekry het oor die NZASM se ou ontspanningsaal.<sup>4</sup> Op 9 Januarie 1894 is die skool amptelik geopen.<sup>5</sup>

Die Springs-skool se begin was beskeie, naamlik twintig leerlinge en een onderwyser (W.C.Goch). Na die opening van die skool het die skoolkommissie om subsidie by die Onderwysdepartement aangeklop, en in April 1894 is die eerste van die kwartaallikse toelaes ontvang.<sup>6</sup>

Onderwyser en skoolhoof Goch is 'n jaar later deur J.Hendriksen opgevolg, en op 12 November 1895 is die skool vir die eerste keer deur 'n inspekteur van die Onderwysdepartement besoek.<sup>7</sup> Met die volgende inspeksie op 1 Augustus 1896 het die getal leerlinge slegs op dertien gestaan, 'n daling sedert 1894, maar verder was alles in orde.<sup>8</sup> In Februarie 1897 is 'n nuwe skoolhoof aangestel, en wel H. de Liefde.<sup>9</sup> Die inspekteur het in Julie bevind dat die leerlinggetalle intussen weer sterk gestyg het, naamlik tot 39. Blykbaar het die onderwys sedert Hendriksen se vertrek baie vooruitgegaan, want die inspekteur het geen besondere op- of aanmerkings in sy verslag geplaas nie.<sup>10</sup>

Met sy besoek in Julie 1897 het die inspekteur reeds sy kommer uitgespreek oor die skoolgebou en die meubels. S.Broos, wat in April 1898 in die plek van De Liefde gekom het, was ook taamlik geskok oor die toestand van die skoolgebou ('n struktuur van hout en sinkplaat), wat, indien dit in Nederland sou gestaan het, dadelik afgekeur sou word.<sup>11</sup> 'n Maand na sy aanstelling het die skool 41 leerlinge getel. Die sterk skommeling in leerlinggetalle, wat ook by die ander skole voorgekom het, mag miskien vrae laat ontstaan, maar hierby moet 'n mens die voortdurende oorplasings by die NZASM-personeel in gedagte hou.

Die NZASM was bewus van die toestand van die skoolgebou, en reeds einde 1897 was dit bekend dat die maatskappy 'n nuwe en groter skool teen 'n koste van £2 000 sou oprig.<sup>12</sup> Of hierdie gebou inderdaad opgerig is, verswyg die bronne, maar waarskynlik het dit nie gebeur nie. Op 'n foto van 1899 is die ou skoolgebou nog steeds daar (FIGUUR 25). Vanweë die voortdurende ondergrondse mynbrande was Springs teen daardie tyd al tot ondergang gedoem, en in Maart 1899 het die myn gesluit. Waarskynlik het die skool hierna nog 'n ruk bly voortbestaan.



FIGUUR 25 Die leerlinge van die NZASM-ondersteunde skool te Springs, afgeneem voor hulle skoolgebou van hout en sinkplaat, ca. 1899. In die middel sit die skoolhoof, mnr. S. Broos. (Transvaalse Argiefbewaarplek)

### 13.2.2 Die skool te Waterval-Boven

Na die voltooiing van die spoorwegdorp Waterval-Boven in die loop van 1894 (kyk Hoofstuk 9) het 'n skoolkommissie ontstaan en hom aktief vir die totstandkoming van 'n skool beywer. Dit sou tot 14 Oktober 1895 duur voordat die skool sy deure geopen het.<sup>13</sup> As eerste skoolhoof is P.J.J Stephan aangestel, en vanaf Mei 1896 is hy bygestaan deur 'n assistent, mej. J.C. Schilthuis, wat in dieselfde jaar nog met Hoofingenieur Breuning sou trou (kyk Hoofstuk 6).

Met die tweede inspeksie in Junie 1896 het die skool al 32 leerlinge gehad. Volgens die inspeksieverslag was die klaskamer "ruim en goed ingericht", en die werksaamhede in alle opsigte bevredigend.<sup>14</sup> Begin 1897 is daar al 48 skoliere getel, wat eintlik teveel vir die bestaande klaskamer was. Weer eens het die inspekteur niks as lof aan die skool toegeswai nie : "Uit alles blijkt dat de schoolcommissie moeite noch kosten spaart, om de school te doen bloeiен."<sup>15</sup> 'n Groot deel van hierdie prysende woorde moet sekerlik op die rekening van die NZASM geplaas word, wat immers die gebou opgerig en onderhou het en ook op ander wyses die kommissie tegemoet gekom het.

Mej. Schilthuis is opgevolg deur mej. Hollenbach.<sup>16</sup> Omdat Stephan met sy gesondheid gesukkel het, is van Mei tot Oktober 1897 J.J. Floor as tydelike plaasvervanger aangestel. Die leerlingtal het toe op veertig gestaan.<sup>17</sup> Met Stephan se terugkeer is Floor na Johannesburg waar hy in April 1898 tot hoof van die NZASM-skool benoem is.

Die skool het teen die einde van 1897 nog steeds sy hoë standaard gehandhaaf, en die aantal skoliere het weer toegeneem tot 46. 'n Klag wat al in die vorige inspeksieverslag te berde gebring is, was dat die klaskamer te warm en te klein was vir al die kinders, en die inspekteur het aanbeveel om dit in twee te verdeel.<sup>18</sup> Dit is begrypplik dat dit 'n moeilike taak vir die onderwysers was om saam in een klaskamer vir die drie standerds, waarin die leerlinge verdeel was, les te gee.

Teen 1899 het die skoolkommissie finansiële teenspoed ondervind as gevolg van die vertrek van 'n hele paar gesinne na Nederland. 'n Tekort van £12

per maand is in die vooruitsig gestel, en daar is dus om hulp by die NZASM-direksie aangeklop. Kretschmar het ingewillig om die verwagte te-kort aan te suiwer, omdat hy van mening was dat dit in die NZASM se belang was om die skool in stand te hou.<sup>19</sup> Of dit inderdaad so gebeur het, is onbekend. 'n Mens kan aanneem dat die inrigting tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog sy status as "modelskool" onder die NZASM-skole gehandhaaf het.

### 13.2.3 Die skool te Pretoria ("Bultschool")

Die NZASM-woonbuurt te Pretoria (vandag die klein Salvokop-voorstad) het as die "bult" bekend gestaan vanweë sy hoë ligging, en hier, net suid van die groep huise wat rondom 'n put gebou is, het die NZASM in 1896 'n netjiese skoolgebou opgerig.<sup>20</sup>

Die "Bultschool" is in Oktober 1896 geopen, met H. Boneschans as skoolhoof, en mej. B. Jonker as sy assistent.<sup>21</sup> In Mei 1897 het die inspekteur van onderwys 'n hele week lank die skool besoek. Sy verslag is oor die algemeen gunstig, maar tog was daar enkele punte van kritiek, byvoorbeeld die swak orde wat mej. Jonker gehandhaaf het, en die noodsaak van 'n permanente afskorting tussen die twee klaskamers.<sup>22</sup> Die skool het toe al 66 leerlinge gehad, verdeel in Standerds 1-4.

In 1898 was Boneschans nog steeds skoolhoof.<sup>23</sup> Die "Bultschool" te Pretoria het tot in die Anglo-Boereoorlog bly voortbestaan. Vandag is dit die enigste NZASM-skoolgebou wat bewaar gebly het.

### 13.2.4 Die skool te Johannesburg("Bultschool")

Soos in Pretoria die NZASM-personeel 'n eie woonbuurt gehad het, het die personeel te Johannesburg in Braamfontein saamgewoon, noord van die treinspoor, in 'n gebied wat ook as die "bult" bekend gestaan het. Ook hier was daar talle Nederlandse spoorweggesinne, en het hulle mettertyd die behoefté aan 'n eie skool ontwikkel.

Dit sou egter tot 1898 duur voordat iets meer konkreets gebeur het. Op 'n perseel in Braamfontein, geleë op NZASM-eiendom, wat deur die maatskap=py vir onbepaalde tyd beskikbaar gestel is, het die skoolkommissie 'n

gebou wat vir 120 leerlinge beplan is laat oprig.<sup>24</sup> Die helfte van die boukoste is van die NZASM geleent. Die NZASM het verder onderneem om die gebou te onderhou en die minimumsalaris van die skoolhoof te waarborg,<sup>25</sup> in geval die skoolkommissie se inkomste tekort sou skiet.

Op 1 April 1898 is die "Bultschool" te Johannesburg geopen, met as skoolhoof J.J. Floor en mejj. Wiegand en Van Rossem as sy assistente.<sup>26</sup> Floor het met 42 leerlinge begin, maar in November dieselfde jaar het die getal reeds tot 91 gestyg.<sup>27</sup> Hieruit kan 'n mens aflei dat die Johannesburgse "Bultschool" duidelik die grootste van die NZASM-ondersteunde onderwysinrigtings was. Soos die drie ander skole vir NZASM-kinders is die Johannesburgse skool deur die Onderwysdepartement gesubsidieer.

Floor en die skoolkommissie het 'n taamlik selfstandige beleid gevolg, en self gepoog om nog onderwysers in Nederland te vind.<sup>28</sup> Geen sukses is behaal nie, sodat begin 1899 die onderwyser De Koning (al sewe weke in Transvaal en nog steeds sonder aanstelling) in diens geneem is. Die skool het toe al 103 leerlinge gehad.<sup>29</sup> Met die bedanking van die twee assistente in Junie 1899 is mej. Wijnsouw as onderwyseres aangestel.<sup>30</sup> Drie maande later het die oorlog uitgebreek.

Die "Bultschool" te Johannesburg het tot die Britse besetting sy werkzaamhede voortgesit, en Floor en sy kollegas het trou op hul pos gebly.

### 13.3 Skoolvakke

Die NZASM-ondersteunde skole was laerskole, gewoonlik van Standerd 1 tot 3, en soms tot Standerd 4. In ooreenstemming met die beleid van die Onderwysdepartement is les gegee in die vakke : Bybelse geskiedenis, Lees, Skryf, Rekenkunde, Vaderlandse (Transvaalse) geskiedenis en soms Engels.<sup>31</sup> Verder is die leerlinge onderrig in Resitasie, Kerkmusiek en Sang.

### 13.4 Houding en ervaring van die onderwysers

Dit is natuurlik interessant om te probeer vasstel hoe die onderwysers aan die NZASM-ondersteunde skole die klasgee aan kinders van spoorwegpersoneel (waarvan die meeste Nederlanders was) ondervind het.

Soos baie van die Nederlandse NZASM-personeel het die onderwysers in die begin maar taamlik onseker en ontuis gevoel. Die werklike toestand in Transvaal het nie altyd ooreengestem met die soms idealiserende berigte wat in die Christelijk Schoolblad ('n tydskrif vir die Gereformeerde onderwys in Nederland) verskyn het nie.<sup>32</sup> Hulle het agtergekom dat hulle baie harders moes werk as in Nederland.<sup>33</sup> Ook het hulle nie altyd die medewerking en vriendskap van die Afrikaners, wat op die skoolkommissies gedien het, ontvang nie.<sup>34</sup>

Mettertyd het die onderwysers aan die NZASM-skole hulle goed aangepas en tevrede mense geword. Hulle het 'n taamlik goeie salaris geniet, wat gewissel het van £150 - £225 per jaar (Floor het te Waterval-Boven selfs £300 per jaar gekry), met daarby gratis huisvesting.<sup>35</sup> Hulle het tuisgevoel in die milieu waarin hulle moes klasgee, wat baie Nederlands was in vergelyking met die ander gesubsidieerde skole in die ZAR. So was Floor waarskynlik nie die enigste een nie toe hy in 1897 met sy tydelike aanstelling te Waterval-Boven geskryf het : "en heb nu het geluk in eene grootendeels Hollandsche omgeving te leven."<sup>36</sup> Hierdie omstandighede het bygedra tot die toewyding waarmee die onderwysers hulle taak verrig het en die relatief hoë peil van die onderwys aan die NZASM-skole.

Inderdaad, 'n kwessie van toewyding. Die onderwysers wat voor 'n klas NZASM-kinders gestaan het was almal Gereformeer, wat trou hulle Christelijk Schoolblad gelees het wat na hulle adres in Transvaal versend is. Hulle het bevind dat daar onder die NZASM-personeel maar weinig Christelike mense was, en het hulle onderwys tewens as 'n soort sendingstaak beskou.

Die Nederlandse NZASM-werknemers is aangestel om te werk en daardeur hulle daaglikse brood te verdien. Tussen al die werkery deur was daar tog voldoende tyd vir rus, afleiding en ontspanning, 'n aspek waarsonder die beeld van hulle lewensomstandighede onvolledig en taamlik eensydig daaruit sou sien. Dit is dus tans nodig om te ondersoek wat die "Zasmieten" in hulle vrye tyd gedoen het.

Verwysings : Hoofstuk 13

1. Brieven uit Transvaal, Christelijk Schoolblad, 5(2), 1898-01-14, p 3.
2. Archief NZAV, Amsterdam : VII, VIIA/96 : Staat van personen gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteiten uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, I-VII.
3. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1893-08-08 ("Brief uit Pretoria"), 1ste Blad B.
4. Algemeen Riksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 276 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1894-02-28.
5. De Volksstem, 1894-01-16 ("De opening van de school te Springs"), p 3.
6. Ibid, p 3; De Volksstem, 1894-04-11 ("De Springs School"), p 3.
7. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het tweede, derde en vierde kwartaal 1896, p 271.
8. Ibid, pp 271-273.
9. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het derde kwartaal 1897, p 7.
10. Ibid, pp 7-8.
11. Archief NZAV, Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 6 : S.Broos - H.J.Emous, Springs, 1898-05-08.
12. Brieven uit Transvaal, Christelijk Schoolblad, 5(2), 1898-01-14, p 3.
13. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën... tweede, derde en vierde kwartaal 1896, p 50.
14. Ibid, pp 50-51.
15. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën... eerste kwartaal 1897, p 65.
16. Archief NZAV, Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 9 : J.J.Floor - H.J. Emous, Waterval-Boven, 1897-05-29.
17. Ibid.
18. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën... vierde kwartaal 1897, pp 162-164.

Verwysings : Hoofstuk 13 (vervolg)

19. ARA : Archief NZASM, 279 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1899-02-19.  
Kretschmar vermeld dat die Waterval-Boven-skool die NZASM maandeliks £48 gekos het.
20. NZASM, Jaarverslag 1896, p 22.
21. Onderwysdepartement ZAR, Verslag van de schoolinspectieën...  
tweede kwartaal 1897, p 54.
22. Ibid, pp 54-57.
23. Onderwysdepartement ZAR, Verslagen van den staat van het gesubsidieerd-  
en van het Staatsonderwijs der onder het Departement van Onderwijs  
ressorteerende Staatsinrichtingen in de ZAR over het dienstjaar  
1898, p 98.
24. De Rand Post, 1898-03-04 ("Kerk en school"), p 2; Archief ZASM,  
Amsterdam : Afschrift overeenkomst Nederlandsche Zuid-Afrikaansche  
Spoorweg-Maatschappij en Bult Schoolcommissie, Pretoria, 1898-09-28.
25. Ibid.
26. De Rand Post, 1898-03-04 ("Kerk en school"), p 2; Archief NZAV,  
Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 9 : J.J.Floor - H.J.Emous,  
Johannesburg, 1898-03-06; Onderwijzers ZAR, Christelijk Schoolblad,  
5(13), 1898-04-01, p 2.
27. Archief NZAV, Amsterdam : Archief Fonds t.b.v. het Hollandsch  
Onderwijs in Zuid-Afrika, FHO 10, I 48 : J.J.Floor - F. van Lennep,  
Johannesburg, 1898-11-20.
28. Archief NZAV, Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 9 :  
J.J.Floor - H.J.Emous, Johannesburg, 1898-11-27.
29. Ibid : J.J.Floor - H.J.Emous, Johannesburg, 1899-01-22.
30. Ibid : J.J.Floor - H.J.Emous, Johannesburg, 1899-06-25.
31. Inligting afkomstig uit Onderwysdepartement ZAR, Verslagen van de  
schoolinspectieën... 2de, 3de en 4de kwartaal 1896, 1ste kwartaal  
1897, 2de kwartaal 1897, 3de kwartaal 1897, 4de kwartaal 1897.
32. Onderwijzers Zuid-Afrikaansche Republiek, Christelijk Schoolblad ,  
5(10), 1898-03-11, p 2; Archief NZAV, Amsterdam : Collectie  
H.J.Emous, EM 7, F 9 : J.J.Floor - H.J.Emous, Johannesburg, 1898-03-06.

Verwysings : Hoofstuk 13 (vervolg)

33. Onderwijzers ZAR, Christelijk Schoolblad, 5(10), 1898-03-11, p 2.
34. Archief NZAV, Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 6 :  
S.Broos - H.J.Emous, Springs, 1898-05-08. Broos was vol lof oor die medewerking en vriendskap van die skoolkommissie, wat hy toeskryf het aan die goeie invloed van De Wildt en ds. Goddefroy, en nie te danke was aan die Transvalers nie.
35. Onderwijzers ZAR, Christelijk Schoolblad, 5(10), 1898-03-11, p 2;  
Archief NZAV, Amsterdam : Collectie H.J.Emous, EM 7, F 9 :  
J.J.Floor - H.J.Emous, Waterval-Boven, 1897-10-09.
36. Ibid : J.J.Floor - H.J.Emous, Waterval-Boven, 1897-05-29.

--oo--

## HOOFSTUK 14

"NA GEDANE ARBEID IS HET GOED RUSTEN" : Vryetydsbesteding onder die Nederlandse NZASM-personeel

"De picnic alzoo, enkele Hollanders jong en oud, met kleine kinderen, die wel eens schreeuwden, van half negen tot half vier zittend op scherpe klippen, rokend uit kleine pijpjes, etend pannekoeken en boterhammen, drinkende limonade en wijn en dat onder een doornboom tegen een bergheiling, kale bergen om ons heen, alles gehuld in een zonnebad."

(Middelberg in 'n brief aan sy familie, Pretoria, 1897-04-25)<sup>1</sup>

Hoewel hulle hard moes werk, het die Nederlandse NZASM-personeel tog af en toe die geleentheid gehad om te ontspan. Die NZASM het dit selfs aangemoedig deur sekere fasilitate te voorsien. Daarbenewens het die werknemers ook hulle eie inisiatief gebruik om middele te bedink waardoor hulle vir 'n rukkie kon wegbrek van die daaglikse sleur, en tewens mekaar en die land beter te leer ken. Met sy sonnige klimaat was Transvaal by uitstek geskik vir enige vorm van buitelugontspanning, soos pieknieks, jagtogte, plesierritte en ander aktiwiteite getuig. Tot dusver is hoofsaaklik aandag gegee aan die werksaamhede van die Nederlandse NZASM-personeel; tans is egter die lewe buite werksure, oor naweke en op vakansiedae, aan die beurt.

### 14.1 Die NZASM en vryetydsbesteding

Indien dit nie vir die NZASM was nie, sou die werknemers uit Nederland hulle beslis langer ontuis en onaangepas in hulle nuwe lewensomstandighede gevoel het. Dit was die maatskappy se beleid om sy personeel met hierdie omstandighede te versoen, byvoorbeeld deur die voorsiening van behuising, ondersteuning van skole, mediese hulp en pensioene, en ook sekere ontspanningsgeriewe.

Op enkele plekke waar personeel gevestig was het die maatskappy ontspanningsale opgerig, meestal met kombuisfasilitate, sodat hulle ook as restaurant gefunksioneer het. Nederlandse en Suid-Afrikaanse tydskrifte en koerante kon hier ook gelees word.

Die eerste recreatiegebou is in 1891 by Braamfontein-stasie (Johannesburg) opgerig, "om tegemoet te komen aan het gemis aan uitspanning en lectuur."<sup>2</sup> Hierdie fasiliteit was gerig op die personeel van die Randtram. Die gebou is in 'n klein park opgerig wat die kern sou vorm van die spoorwegdorpie te Braamfontein.<sup>3</sup> Die voorbeeld te Johannesburg is weldra nagevolg deur 'n soortgelyke fasiliteit te Komatipoort vir personeel van die Oosterlijn.<sup>4</sup> Te Waterval-Boven het met die bou van die dorp 'n sociëteitsgebouw (klub- of ontspanningsgebou) tot stand gekom.<sup>5</sup> Naby die skagkompleks op Springs het 'n ontspanningsaal sy verskyning gemaak, wat in 1894 as skool ingerig is (kyk Hoofstuk 13). Dit wil voorkom asof die NZASM hierna geen ontspanningsgeboue meer voorsien het nie, dalk as gevolg van ander prioriteite en die feit dat nuwe aankomelinge deur toedoen van die ouer personeel hulle makliker tuisgemaak het.

Vir die oog en vir die gees het die NZASM op enkele plekke ook parke aangelê, met name te Waterval-Boven, Middelburg en Johannesburg.<sup>6</sup> Pretoria het nog 'n ontspanningsgebou nog 'n park gehad, daarteenoor egter wel 'n boogskiet- en keëlbaan wat op die "bult" by die personeelhuise gebou is.<sup>7</sup> Langsaan was 'n sirkelvormige baan vir fietswedrenne (kyk Figuur 22).

Die NZASM het nie net na die fisiese en sosiale behoeftes van sy personeel omgesien nie, maar ook sorg gedra vir hulle geestelike verryking, naamlik die voorsiening van leesstof. In hierdie verband het die maatskappy 'n stelsel tot stand gebring wat opvallende ooreenkoms vertoon met die huidige Transvaalse Provinciale Biblioteekdiens. Met die inrigting van die recreatiegebou te Braamfontein het die maatskappy ook 'n biblioteek gestig, wat, benewens die aanhou van boeke, ook op 'n aantal Nederlandse, Duitse, Franse en Engelse tydskrifte en op verskillende koerante ingeteken was. Hierdie biblioteekmateriaal is na ander stasies gesirkuleer, waar dit 'n week lank gehou kon word. Elke stasie het 'n katalogus ontvang, waaruit boeke vir sirkulasie gekies kon word. Behalwe NZASM-personeel kon ook lede van die publiek boeke teen, teen betaling van 'n waarborg van 1 shilling vir elke honderd bladsye. Hierdie diens is so goed ondersteun dat die maatskappy einde 1891 ook vir die Oosterlijn 'n biblioteek gestig het, egter met 'n ander boekevoorraad, sodat met die biblioteek te Johannesburg geruil kon word.<sup>8</sup> Moontlik is die ontspanningsgeboue te Komatipoort en Waterval-Boven dus eweneens van


biblioteke voorsien. In hoeverre hierdie biblioteekstelsel nā 1891 verder onwikkel is, is onbekend; ook nie in watter mate die Afrikaanssprekende plattelanders en dorpelinge daarvan gebruik gemaak het nie.

#### 14.2 Ontspanning in die buitelug

Die Nederlandse NZASM-personeel het hulself op verskillende maniere buitenhuis vermaak, en in hierdie opsig die modes en gewoontes van hulle mede-Transvalers nagevolg.

Onder die personeel wat betrokke was by die aanleg, veral in die Laeveld, was jagtogte baie gewild ter afwisseling en as "middel teen verveeldheid".<sup>9</sup> Dit was 'n tyd toe wild nog taamlik volop was. Aan 'n jagtog was nie net ontspanningswaarde en die eg-menslike versamelgewoonte (trofee !) verbonde nie, maar ook 'n meer praktiese sy, naamlik die verkryging van wildsvleis as afwisseling op die dikwels so eentonige spyskaart. Dit moes vir die rou Hollander 'n onvergeetlike ervaring gewees het om so 'n jagtog te onderneem, en Westenberg het dan ook in Augustus 1890 met trots geskryf dat hy sy eerste bok ('n rietbok) geskiet het.<sup>10</sup> Gewoonlik het die Nederlanders mis geskiet, sodat hulle mettertyd die jag oorgelaat het aan 'n Afrikaanse wa-drywer of selfs 'n Swartman. Namate die konstruksiewerk aan die spoorlyn voltooiing genader het, het die geleentheid vir jag ook steeds skraler geword. Tog het heelwat NZASM-werknemers goeie herinneringe aan hulle jagervaringe in die Laeveld oorgehou, en so het Westenberg in 1897 weer 'n jagtog na die Laeveld vir "ontspanning en liggaamlike oefening" onderneem.<sup>11</sup> Etlike Nederlandse Zasmers het trofee soos velle, horings en koppe na familie in Nederland gestuur, by wie dan ongetwyfeld verhale oor die "groot wit jagter" in donker Afrika die ronde gedoen het (FIGUUR 26).

'n Ander gewilde vorm van buitelugontspanning was uitstappies en piekniks, "eene mooie uitvinding", in Middelberg se woorde.<sup>12</sup> Iemand soos Westenberg was lief daarvoor om uitstappies te voet, te perd of met 'n rytuig in die pragtige natuur van Waterval-Boven te onderneem.<sup>13</sup> Na die voltooiing van die Oosterlijn het naweekuitstappies na Waterval-Boven en die Laeveld gewild geword onder die NZASM-personeel.<sup>14</sup> Dalk het heelwat van hulle tog 'n hukering na die wilde, ongerepte natuur van Oos-Transvaal behou.



FIGUR 26 Versame ling jagtroëe by die keet te KM 61 (naby Malelane) aan die Oosterlijn, ca. 1892. Die prominente persoon in die middel (met snor, geweer en helmhoed) is G. Th. Zuiderhoek, hoofverteenwoordiger van die maatskappy Van Hattum & Co., wat die eerste 100 km van die lyn gebou het. Die foto gee 'n aanduiding van die hoeveelheid en die verskeidenheid van wild wat in die Laeveld gejag is : leeu, luiperds, buffels, duikers, zebreas ensmeer. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstesmuseum)


Vir diegene wat minder avontuurlustig was en hulle vrye tyd rustiger wou deurbring, was pieknieks ideaal, en hierby was daar ook meestal damesgeselskap. Die omgewing van Waterval-Boven en -Onder het hom hiervoor uitstekend geleen (FIGUUR 27). Ander plekke waar die personeel graag in die natuur ontspan het was die klowe by Heidelberg (waaronder die bekende Heidelbergkloof) en die valleie, koppies en rantjies rondom Pretoria. Middelberg se ervaring, soos aan die begin van hierdie hoofstuk weergegee, gee 'n goeie idee hoe in daardie dae piekniek gehou is.

Nederlanders hou van nature van 'n gesellige samesyn, en hierop was die NZASM-personeel geen uitsondering nie. Veral in die tyd van die Oosterlijn se aanleg het dit dikwels baie jolig gegaan, soos 'n mens uit Westenberg se brieue ervaar. Gewoonlik is daar met die besoek van ingenieurs en ander gaste 'n groot fees gehou met 'n uitgebreide aandete, gevvolg deur 'n vertoning van stamdanse deur die Swart werkers.<sup>15</sup> In die meer bewoonde wêreld het die Nederlandse spoorweglui baie keer ook partytjies gehou, en daarby die Boerseuns en -meisies uit die omgewing soms uitgenooi.<sup>16</sup> Partytjies en feeste in die beskaafde wêreld van die dorpe en stede was natuurlik meer besadig, maar nie minder talryk nie. Veral in Johannesburg en Pretoria was daar 'n druk sosiale lewe, en het iemand soos Westenberg gekla dat hy te min tuis was, teveel geld uitgee en al hoe moeiliker in sy klere gepas het.<sup>17</sup> Geleenthede vir gesellige sosiale verkeer en samesyn was daar vir die Nederlandse NZASM-werkers dus volop, sowel op die platteland as in die bevolkingsentra.

#### 14.3 Leesgewoontes

In afdeling 14.1 is daar al na die biblioteke vir die NZASM-personeel verwys, en dit is op hierdie stadium dus interessant om na te gaan wat hulle gelees het.

Natuurlik het die Nederlandse Zasmers die plaaslike koerante gelees, veral De Volksstem, wat pro-Kruger en pro-Hollander was. Vanaf Maart 1898 het in Johannesburg De Rand Post verskyn, wat op dieselfde lees as De Volksstem geskoei was. Verder was daar Engelstalige koerante soos die Gold-FIELDS News and Barberton Herald (Barberton), The Standard and Diggers News (Johannesburg) en The Press (Pretoria) en talle andere, waarin hulle kon lees hoe sleg die NZASM was en hoe verdorwe sy personeel.



FIGUUR 27 Piekniek van NZASM-personeel by Dwaalheuwelspruit (naby Waterval-Onder), ca. 1895. Die mans is duidelik in die meerderheid. Let op die piekniekbemiddelhede (regs voor), die twee honde (middel links), die Swart werkers (waarvan die man en vrou regs, te oordeel na hulle Westerse kleredrag, dalk huisbedienendes is), en die Blanke se kleredrag, wat los en gemaklik lyk, hoewel die mans vir die geleentheid almal dasse dra. (Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuuseum)

Nederlandse dagblaaie het verdere leesstof verskaf, veral die Nieuwe Rotterdamsche Courant en die Algemeen Handelsblad, waarin die personeel kon lees wat mense in die vaderland oor hulle gedink en geskryf het. Vanweë die baie Amsterdammers was die biblioteek van die ontspanningsgebou in Johannesburg ook ingeteken op Het Nieuws van den Dag, 'n Amsterdamse koerant.<sup>18</sup> Ook meer plaaslike en obskure koerantjies van oorsee het af en toe hulle weg na Transvaal gevind.<sup>19</sup>

Wat tydskrifte betref was Eigen Haard ('n gesinstydskrif) baie gewild. Mense soos Westenberg en Breuning het ook belanggestel in vaktydskrifte, en aan hulle familie in Nederland gevra om veral De Ingenieur te stuur.<sup>20</sup> Of sulke tydskrifte altyd op die plek van bestemming aangekom het is twyfelagtig; daarvoor was die posverbinding soms te omslagtig en die adres nie altyd duidelik genoeg aangedui nie.

Boeke was taamlik algemeen onder die Nederlandse NZASM-personeel, en selfs in die boedels van eenvoudige ambagslui en ploegbase is hulle aangetref. Dit was natuurlik veral in die veld tydens die aanlegtydperk dat menige Hollander 'n behoefte aan goeie leesstof gekry het vir intellektuele stimulering en geestelike verryking. So het Breuning in 1889 sy susters gevra om goeie lektuur te stuur, ongeag die onkoste, en wou hy graag 'n paar goeie romans en 'n paar kultuur- en natuurwetenskaplike werke ontvang.<sup>21</sup> Ander het weer filosofiese boeke en literatuur oor die ekonomie aangevra.

Wat die letterkunde betref was die Tagtigers in Nederland nog nie baie gewild nie. Die voorkeur het uitgegaan na die vroeëre negentiende-eeuse skrywers en digters, veral Van Lennep, Bosboom Toussaint, Van Maurik, Schimmel, Werumeus Buning, De Genestet, Beets, Ter Haar, Busken Huet en andere.<sup>22</sup>

Die Nederlandse NZASM-werknemers moes vir etlike jare hulle boeke direk uit Nederland bestel, want eers in 1896 het die eerste Nederlandse boekhandel (De Bussy) 'n tak in Pretoria geopen. Dit is in 1897-1898 gevolg deur twee verdere Nederlandse boekhandels. In Johannesburg het die Lorentz Boekhandel in die leesbehoeftes voorsien.<sup>23</sup> Tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog sou die Nederlandse NZASM-personeel dus maklike toegang hê tot dieselfde soort lektuur wat in die jare van spoorwegaanleg en -ontwikkeling soveel vir hulle geestelike peil beteken het.

#### 14.4 Huisdiere

Die Nederlandse NZASM-personeel het dikwels huisdiere aangehou, en veral tydens die aanlegwerksaamhede, toe hulle in die veld gewoon het, is 'n hele verskeidenheid aangetref. In sy briewe maak Westenberg melding van honde (wat die gewildste was), bobbejane, ape, duikers en duiwe, asook 'n verskeidenheid van voëls wat aangehou is. Ingenieur Steinmetz se hond het onsterflikheid verwerf toe daar na die dier se dood 'n spruit na hom vernoem is, waar later 'n stasie aangelê is : Hectorspruit.<sup>24</sup>

#### 14.5 Klubs en verenigings

Soos die Britse Uitlanders, die Duitsers en ander immigrantergroepe in Suid-Afrika het die Nederlanders 'n besondere vermoë gehad om self hulle vryetydsbesteding, ontspanningsgeleenthede en feestelikhede te organiseer, en in hierdie opsig was die Nederlandse NZASM-personeel geen uitsondering nie.

Die aanpassing in 'n nuwe land was nie altyd ewe maklik nie, en dus het daar 'n natuurlike behoefte tot saamgroepering vir wedersydse morele ondersteuning ontstaan. As 'n eiesoortige gemeenskap in die ZAR het die Nederlanders hulself nog aangetrokke gevoel tot die Angelsaksiese kultuur, nog tuisgevoel by die Afrikaners. By beide groepe was hulle trouens nie besonder populêr nie, en ten gevolge hiervan het daar onder die Nederlanders (ook onder die spoorweglui) 'n neiging ontstaan om op sosio-kulturele gebied hulle eie heil uit te werk deur allerlei klubs en verenigings op te rig, wat hulself op sportsoorte, toneel, musiek, koorsang, lesings en dergelike meer toegeëdig het.

Met die vestiging van die Nederlandse NZASM-personeel te Pretoria en Johannesburg was daar reeds enkele verenigings vir die Nederlandse gemeenskap in hierdie sentra besig om te ontstaan, en veral in die jare 1890-1899 het 'n hele aantal op die toneel verskyn.<sup>25</sup> Die grootste en belangrikste hiervan was die Nederlandsche Vereeniging voor Zuid-Afrika (NVZA), wat in 1894 opgerig is en afdelings of takke in Pretoria (Nederlandsche Vereeniging Pretoria, opgerig in 1893) en Johannesburg (Nederlandsche Vereeniging Johannesburg, opgerig in 1892) gehad het.<sup>26</sup> Hierdie oorkoepelende vereniging het die "bevordering van die belang

van Nederlanders en oud-Nederlanders" as 'n taamlik vae doelstelling na-gestreef. Heelwat Nederlandse Zasmers was lid van dié vereniging, met name Middelberg en M.E. de Wildt (voorsitters gedurende 1897-1898 en 1898-1899 onderskeidelik) en A. van Lennep (sekretaris 1893-1895).<sup>27</sup>

Op aansporing van die NVZA het vanaf Julie 1895 ook klein Nederlandse verenigings te Heidelberg, Krugersdorp, Elandsfontein, Springs en Waterval-Boven ontstaan het.<sup>28</sup> Dit is opvallend dat eersgenoemde drie sentra was waar belangrike groepe Nederlandse spoorweglui gevestig was, en laasgenoemde twee NZASM-dorpe was. Dit kan dus gestel word dat die Nederlandse NZASM-personeel die ruggraat van die Nederlandse verenigingslewe in Transvaal gevorm het.

Die NVZA en sy afdelings het hom besig gehou met die organiseer van halfjaarlikse algemene vergaderings ("kongresse" genoem), waar baie en lekker geeët is, het onder meer ondersoek hoe die handel tussen Nederland en Suid-Afrika bevorder kon word, het lesings aangebied en was betrokke by die organisatie van Nederlandse feeste.

'n Ander vereniging, waarby die Nederlandse NZASM-werknemers in Pretoria letterlik hulle stem dik gemaak het, was die Hollandsch Mannenkoor. Ook het etlikes behoort aan die Pretoria Gymnastiek Vereeniging.

Dit sou tot 1895 of 1896 duur voordat die eerste vereniging van NZASM-werknemers sy verskyning gemaak het, die Club Centrale Werkplaats.<sup>29</sup> Hierdie vereniging het bestaan uit die personeel van die NZASM se werkplaas te Pretoria. Daar is nie veel omtrent die "club" bekend nie. In teenstelling met die duisternis waarin 'n mens oor die vereniging se aktiwiteite verkeer, staan die skitterende vaandel, wat in die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum se uitstalling op die ou Johannesburg-stasie bewonder kan word.

Dit lyk asof die Johannesburgse spoorweglui baie meer aktief as die NZASM-werknemers te Pretoria op verenigingsgebied was. Die eerste agt jaar van hulle vestiging het daar nie veel gebeur nie, maar in 1897 het die entoesiasme opgevlam. "'t Was als een rollende stroom", het die koerant De Rand Post dit in 1899 plasties uitgedruk.<sup>30</sup> Ook onder die nie-Zasmers het die geesdrif hoog begin loop.

Die eerste vereniging wat aldus ontstaan het was die Johannesburgse vereniging van spoorwegamptenare Het Vliegend Wiel (so genoem na die NZASM se embleem), wat op 29 Januarie 1897 opgerig is.<sup>31</sup> Die doelstellings was die aankweek van 'n kameraadskaplike gees, die behartiging van die belang van spoorwegamptenare en die organiseer van ontspanningsgeleentheid vir die lede.<sup>32</sup> Teen Februarie 1899 het die vereniging tweehonderd lede getel.<sup>33</sup> Het Vliegend Wiel het "jaarfeeste" gehou, 'n gimnastiekafdeling opgerig en 'n afdeling wat homself vir die verkryging van goedkoop lewensmiddele vir die lede beywer het.

Te Johannesburg is op 8 Julie 1897 ook die inisiatief geneem tot die stigting van 'n oorkoepelende vereniging vir alle NZASM-werknemers in Transvaal, genaamd Het Drijfwiel. Dit het ontstaan uit die omstandighed dat Het Vliegend Wiel slegs uit amptenare bestaan het, wat beampies as lid nie toegelaat het nie en ook effens op hulle neergesien het (vir die verskil tussen amptenare en beampies sien Hoofstuk 4). Het Drijfwiel het afdelings of takke te Pretoria, Elandsfontein, Boksburg en elders in die lewe geroep.<sup>34</sup> Elkeen van hierdie afdelings het weer onderafdelings op die been gebring vir die insameling van geld vir uitbetaling by siekte of dood van die lede, tydelike voorskotte, en die beoefening van dans, koorsang, toneel, boogskiet, fietsry en ander vorme van vermaak.<sup>35</sup> So byvoorbeeld is die skietbaan op die "bult" by Pretoria (waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is) gebruik deur die boogskietvereniging De Batavieren, wat 'n onderafdeling was van die afdeling Pretoria van Het Drijfwiel.

Het Drijfwiel het in Februarie 1899 sowat seshonderd lede gehad, 'n aansienlike aantal.<sup>36</sup> By die verskillende afdelings is 'n bloeiende verenigingslewe aangetref, met tal van feeste wat opgeluister is met koorsang, toneel en dans. Die bekende musikus en joernalis Dirk Balfoort het selfs 'n verenigingslied gekomponeer (Het Drijfwiellied).<sup>37</sup> Die afdelings, en ook die oorkoepelende vereniging self het eie vaandels gehad, getrou aan die Nederlandse verenigingstradisie.

Ten slotte moet aandag gegee word aan 'n ander soort vereniging waaraan NZASM-werknemers behoort het, en wel die sociëteit, eintlik 'n beslote klub (FIGUUR 28). In Maart 1899 is in Pretoria so 'n sociëteit geopen, wat selfs sy eie gebou gehad het.<sup>38</sup> Hierdie intstelling is deur Nederlanders



FIGUUR 28 Die lede van die "Bitterclub" voor 'n voorafvervaardigde huis van sinkplaat, iewers aan die Oosterlijn, ca. 1894. Let op die verskeidenheid van drank op die tafel en die Weense of Bentwood-stoele wat sigbaar is. "Bitter" is 'n soort jeneverlikeur, bestaande uit jenever gemeng met 'n ekstrak van kruie en lemoenskille. (Transvaalse Argiefbewaarplek)

en ook Afrikaners in die lewe geroep as teenwig teen die bestaande Engelse klubs.<sup>39</sup> Etlike NZASM-werknemers (waaronder Westenberg) was lid hiervan. In Augustus 1899 het die Sociëteit Waterval-Boven, gesetel in die ontspanningsgebou (die sociëteit waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is) sy deure oopgemaak.<sup>40</sup> Dit het ook dames toegelaat, en het behalwe oor 'n kroeg en 'n restaurant eweneens oor 'n biljart en 'n biblioteek beskik.

Dit is duidelik dat die Nederlandse NZASM-werknemers nie net ingeskakel het by die bestaande Nederlandse verengings nie, maar ook met groot entoesiasme hulle eie klubs en verenigings op die been gebring het, ten einde in hulle eie behoeftes te voorsien. Hierdie instellings het ten opsigte van etlike kultuurfasette waarlik kultuur geskep, kultuur beleef en kultuur verbruik.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het hulle vrye tyd sowel passief as aktief deurgebring. Op individuelevlak het hulle kreatiewe drang hom veral op kunsgebied gevorder, kultuur wat geproduseer is en nie net gekonsumeer is deur die lees van boeke en tydskrifte nie. Op gemeenskapsvlak is verenigings gestig en aan die gang gehou, maar ook is tal van spesiale feeste, wat vir alle Hollanders binne en buite die NZASM bestem was, georganiseer. Die volgende hoofstuk handel oor twee besondere vorme van kulturele skeppings- en geldingsdrang, naamlik op die gebied van die kunste en as Nederlandse nasionale en nasionalistiese manifestasies.

--oOo--

#### Verwysings : Hoofstuk 14

1. G.A.A.Middelberg, Brieue uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T. Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, p 87.
2. NZASM, Jaarverslag 1891, pp 40-41.
3. In Memoriam N.Z.A.S.M., terreinplan van stasieterrein Braamfontein; foto Recreatiegebouw voor N.Z.A.S.M. personeel te Braamfontein.
4. NZASM-argief J. Ploeger, Pretoria : Brief van D.Pitton - Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, Tjepoe, 1934-03-27 (ongepubliseerd). Hierin word die recreatiegebouw te Komatipoort genoem.

Verwysings : Hoofstuk 14 (vervolg)

5. J.Ploeger, Voorgenome spoorweg-restourasiewerksaamhede te Waterval-Boven, Bulletin Stigting Simon van der Stel, 28, Sept. 1973, p 26.
6. Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg : Imperial Military Railways stasieterreinplanne (1901).
7. Ibid : IMR-stasieterreinplan van Pretoria (1901).
8. NZASM, Jaarverslag 1891, pp 40-41.
9. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Leeuwenhoek, 1890-08-30.
10. Ibid.
11. Ibid, Pretoria, 1897-07-31.
12. G.A.A.Middelberg, Brieve uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T. Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, p 48.
13. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Waterval, 1892-11-29. In hierdie brief gee hy 'n verslag oor 'n uitstappie na 'n berg onder leiding van 'n Afrikanerseun. Tydens hierdie ekskursie het hy klowe, gate, skeure en grotte gesien wat op grond van ou potte en geraamtes vroeër deur Swart stamme bewoon was.
14. Ibid, Pretoria, 1896-11-26, waarin verslag gedoen word oor 'n tipiese naweekuitstappie na Oos-Transvaal. Saterdagaand het hy per trein uit Pretoria vertrek, geslaap in die trein, en die volgendeoggend te Waterval-Boven aangekom. Hier het hy rondgestap, gekuier en is toe te voet na Waterval-Onder, waar hy middagete geniet het. Die goedertrein het hom teruggebring na Waterval-Boven, en na aandete by A. van Lennep (hoof van die Oosterlijn) is hy met die trein van 20h00 terug na Pretoria, waar hy Maandagoggend voor werkstyd gearriveer het.
15. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Zoutwaterkreek, ? Julie 1890.
16. Ibid, Waterval, 1892-12-15, waarin hy verslag doen oor 'n partytjie wat hy vir die bewoners van die omgewing gereël het.
17. Ibid, Pretoria, 1898-04-09. Hierin noem Westenberg 'n hele rits feeste op wat hy die week voor Pasen bygewoon het, nl. 'n ontvangs by Middelberg, partytjie by dr. Jorissen, groot fees by ing. J. van Hasselt en dr. Huizinga, tuinparty by dr. Ameshoff op Goeie Vrydag.

Verwysings : Hoofstuk 14 (vervolg)

18. NZASM, Jaarverslag 1891, p 40.
19. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Elandsdrift, 1891-04-29, waarin hy melding maak van die Twentsche Courant wat hy af en toe ontvang.
20. Ibid, Leeuwenhoek, 1890-09-06.
21. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : M 878 : Breuning - sisters, Krokodildrift, 1889-07-18.
22. NZASM, Jaarverslag 1891, gee 'n lys van skrywers wie se boeke vir die biblioteek in die Johannesburgse ontspanningsgebou bestel is.
23. De Rand Post, 1899-03-14 ("De Hollandsche Boekhandel"), p 3.
24. P.H.Bouten, De aanleg van 't Oosterspoor, p 25.
25. Vir 'n geskiedenis van die Nederlandse verenigingslewe te Pretoria word verwys na R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders met besondere aandag aan die Nederlandsche Vereeniging, 1890-1918 (ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1980).
26. R.C. de Jong, Die kulturele lewe..., p 48.
27. Ibid, p 251.
28. Nederlandsche Vereeniging Pretoria, Gedenkboek van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, p 11.
29. De Volksstem, 1896-10-06, p 3, maak melding van die skiet- en skermvereniging Eendracht Maakt Macht, 'n afdeling van die Club Centrale Werkplaats, wat toe al moes bestaan het.
30. De Rand Post, 1899-02-24 ("Spoorweg-vereenigingen te Johannesburg"), p 5.
31. Ibid.
32. TAB : M 848 : Statute van die Johannesburgsche Vereeniging van Spoorweg Ambtenaren "Het Vliegend Wiel"
33. De Rand Post, 1899-02-24 ("Spoorweg-vereenigingen te Johannesburg"), p 5.
34. Ibid.

Verwysings : Hoofstuk 14 (Vervolg)

35. De Rand Post, 1898-04-19 ("Het Drijfwiel"), Bijvoegsel.
36. De Rand Post, 1899-02-24 ("Spoorweg- vereenigingen te Johannesburg"), p 5.
37. De Rand Post, 1898-10-21, Bijvoegsel.
38. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1899-03-27.
39. Ibid, Pretoria, 1899-04-16.
40. Archief NZAV, Amsterdam : Collectie A. van Lennep, notuleboek Sociëteit Waterval-Boven, 1899-08-30 - 1900-06-01.

--o0o--

## HOOFSTUK 15

"TOT LERING EN VERMAAK" : Kuns en feeste by die Nederlandse NZASM-personeel

"Den vijden Januari om half een 's middags kwamen de Besturen der verschillende Clubs der hoofdwerkplaats te Pretoria met vaandel en muziek in den tuin. Er werd een fraai geteekend adres voorgelezen en muziek gemaakt en champagne geschonken."

(Middelberg in 'n brief aan sy familie in Nederland, waarin hy verwys na die afskeid wat die NZASM-personeel hom by sy vertrek uit Pretoria gegee het)<sup>1</sup>

Die vryetydsbesteding van die Nederlandse Zasmers het verder gestrek as lees, pieknieks, jagtgotte, kuiery, verenigings en die organiseer van allerlei gesellige aande. Ook die taal en die kunste het af en toe aandag gekry, en natuurlik het almal graag en gereeld fees gevier ter gelegenheid van die Koningin se verjaardag, Sinterklaas, Oujaarsaand, jubileums, die opening van spoorlyne en dergelike meer. Hoe dit alles daaruit gesien het, word in die hiervolgende hoofstuk vertel.

### 15.1 Letterkundige uitings

Die amptelike taal van die NZASM was natuurlik Nederlands, en daar is dus ook van die werknemers verwag om dit te praat. Vir die Nederlandstalige personeel was hier geen probleem nie, want hulle het in Nederlands gedink, geskryf en gepraat, nie net indiens nie, maar ook in hulle vrye tyd.

Onder die Nederlanders bestaan daar 'n sterk tradisie om spesiale en feestelike geleenthede met gedigte, voordragte en verhale op te luister, wat deur die sprekers, skrywers en digters self geskep is. Die Nederlandse spoorwegpersoneel het hierdie gewoonte saam met hulle na Transvaal gebring.

Van tyd tot tyd het daar dus in die Transvaalse pers gedigte verskyn, geskryf deur Nederlandse werknemers van die NZASM. Hoewel uiteraard nie altyd van hoogstaande literêre gehalte nie, is hulle tog waardevol as 'n kulturele uiting, 'n drang om dit wat die digter gesien, beleef en gedink het in woorde om te sit. Luister maar na wat B.J.Haak, 'n eenvoudige

ploegbaas en stasiemeester te Alkmaar, Oos-Transvaal, in Januarie 1895 met die opening van die Oosterlijn gedig het :<sup>2</sup>

FEESTZANG BY DE OPENING DER DELAGOABAII-  
PRETORIA-LYN OP 1 JANUARIE 1895

Een spoorwegverbinding, rechtstreeks met de zee,  
Dit was reeds sints jaren, de hoop en de bêe  
Van vele Transvalers, want kwam deez tot stand  
Ze bracht welvaart aan volk, aan staat en aan land.

Reeds veel was gesproken, reeds veel was beloofd,  
Reeds veel was getobd, en gezwoegd en gesloofd,  
Reeds veel was vergund, en reeds veel was belet,  
Tot eind'lyk den spa in den grond werd gezet.

De rotsen doorsneden, met het taayste geduld,  
Valeyen overbrugd, of met grond aangevuld,  
Gewerkt met een yver, slechts zelden bekend,  
Daar ligt nu den spoorlyn voltooid tot het eind.

De Delagoa spoorlyn geeft het zuiverste blyk,  
Dat willen is kunnen, als men 't brengt in praktyk,  
Geen hinderpaal kwam, die men niet overwon,  
Van af Ressano Garcia, waar den arbeid begon.

Daar nadert het stoombaard, in feestdos gezet,  
Het hinnikt en blaast, en het snuift van de pret,  
Het holt naar Prétoria, rechtstreeks van de zee,  
't Voldoet aan de hoop, de wensch en de bêe.

Daar ligt nu het staal, van Pretoria naar Zee,  
't Brengt dood noch verwoesting, doch welvaart en vree,  
God zegene den spoorlyn, tot heil van het land,  
God zegene de mannen, die haar brachten tot stand.

Ook met hulle beskrywings van die Transvaalse natuur en bevolking het die Nederlandse NZASM-werknemers soms goeie prosa gelewer, wat literêr gesproke nie te sleg is nie. So byvoorbeeld het ingenieur M.C.Sissingh in 1893 die volgende oor die Transvaalse Hoëveld geskryf :<sup>3</sup>

In den zomer zich ergens op het hooge veld bevindend, op een verhevenheid plaats nemend, ziet men, welke richting ook aan het oog wordt gegeven, niets dan gras tot aan den horizont, geen boom, geen huis, hoogstens een troepje ossen of paarden en zeer zelden een mensch. Alles schijnt effen en vlak, een oneindig groen tapijt. Daaroverheen de blauwe gewelfde hemel; op den middag de zon zijne gloeiende stralen niet ver van loodrecht naar beneden zendend; geen windje, geen beweging in het lange gras, geen beweging in de strakke helstralende lucht; een eentonig troosteloos beeld, zoo eenzaam en verlaten stemmend als niets ter wereld. Toch is er beweging, boven de lange grashalmen dansen en dwarrelen de met waterdamp bezwangerde lucht-deeltjes door elkaar, zoodat alles schijnt te trillen heel flauw maar, doch toch onrustig, vermoeiend voor de oogen, zoodat men die sluit en afwendt den blik van die levende maar toch zoo doodsche natuur.

Vir diegene wat belangstel in "NZASM-letterkunde" is heelwat te vinde in die verskillende aflewerings van De Hoop der Toekomst, 'n feeskoerantjie wat jaarliks met Koninginnedag (31 Augustus) deur die NZASM-personeel te Waterval-Boven uitgegee is.<sup>4</sup> Dit is vol hekel-, punt- en spotdigte, grappige en meer ernstige verhale, grappies, humoristiese staaltjies en dergelike meer, waarin die personeel op 'n goedmoedige wyse die spot gedryf het met die Transvalers en hulself. So het Arme Job en zijn vriendjes die volgende oor die klimaatstoelaes vir die Laeveld te sê gehad, wat hulle blybaar te laag gevind het :<sup>5</sup>

#### L.S....TOELAGE

Erbiedig opgedragen aan Z.Ed. Gestr. den beslisser der Toelagen

Het is bekend sinds overoude dagen  
Van af KM 74 ontvangt men 3 pond toelage  
Die hooger dan die afstand verblijven  
Ontvangen niet die drie gouden schijven.

Doch 't valt hard voor die yverige heeren  
Die daar ook in de buurt logeeren  
't Is hard voor Krokodil en Nelspruit  
Daar immers blijft de koorts ook niet uit.

Kijk des zomers daar die gezichten eens aan  
Menige pil is daar door de keel gegaan,  
In Alkmaar zelf is het ook nog niet pluis,  
Doch daar zwemt de visch vlak bij huis.

Kan men die plaatsen met de helft niet bedeelen  
Een pond tien per maand zal ons heel wat schelen  
Welk man van gewicht overweegt ons verzoek  
Zijn naam zal eeuwig prijken in ons gedenkboek.

En, wordt er eens in later dagen  
Een standbeeld voor Oom Paul geplaatst,  
Wij zetten voor d' uitbreider der toelagen  
Er veilig een gedenkzuil naast.

Die Nederlandse NZASM-personeel was dus kennelik nie net vaardig met die verstand en die tong nie, maar ook met die pen. Hulle pennevrugte is eintlik in sekere sin kultuurhistoriese juweeltjies, omdat hulle 'n baie besondere en intieme kyk op hulle lewensomstandighede, -beskouing en -ervaring bied.

### 15.2 Uitings op die gebied van die beeldende kunste

Onder die NZASM-personeel was daar natuurlik nie net diegene wat goed kon skryf nie, maar ook etlikes wat vaardig was met die potlood, die tekenpen en die kwas. Daar was die paar kunssinniges wat programme ontwerp en voorblaaleteken het, onder meer vir De Hoop der Toekomst. Die bekendste was natuurlik die skilder Frans Oerder, wat in 1892 uit Nederland in die ZAR aangekom het en 'n jaar later in diens van die NZASM getree het om die kilometerpaaltjies langs die Oosterlijn tussen Komatipoort en Krokodilpoort te verf.<sup>6</sup> Dit is nie bekend of daar uit hierdie periode enige sketse en tekeninge oorgebly het nie, en eers daarna het hy ernstig begin skilder.

Hoewel nie soseer met die beeldende kunste geassosieer nie, verdien die fotografie besondere vermelding. Enkeles van die Nederlandse NZASM-personeel het 'n eie kamera gehad, soos byvoorbeeld opsigter Rademaker en ingenieur Westenberg.<sup>7</sup> Ten spyte van gesukkel om soms goeie gehalte papier en die korrekte chemikalieë te verkry, het hierdie amateur-fotograue tientalle uitstekende foto's geneem, uiteraard meestal van tonele wat met spoorwegaanleg te make gehad het. Hulle het egter ook 'n oog gehad vir die landskap en die natuurskoon, die Swart bevolking, die Blanke bewoners wat hulle ontmoet het, dorpe, pieknieks en ander aspekte. Vir die kultuurhistorikus is hierdie foto's van groot waarde.

### 15.3 Uitings op die gebied van die uitvoerende kunste

In die vorige hoofstuk is reeds verwys na die verskillende verenigings onder die spoorwegpersoneel, wat afdelings en onderafdelings vir sang, musiek, toneel, dans en dergelike meer in die lewe geroep het. So byvoorbeeld het die Johannesburgse afdeling van Het Drijfwiel die onderafdeling Liedertafel ('n manskoor) gehad, asook onderafdelings vir toneel (Ons Genoegen), en dans (Oefening Baart Kunst).<sup>8</sup> Met hulle gesellige aande waarop koorsang, musiek en toneel mekaar afgewissel het, met aan die einde gewoonlik 'n bal, het hierdie verenigings 'n groot aandeel in die kulturele en sosiale lewe van die NZASM-personeel gehad.

#### 15.4 Vier van jaarlikse feeste

Behalwe deur klubs en verenigings is die Nederlanders in diens van die NZASM ook saamgesnoer deur tradisies en sterk nasionale gevoelens, soos veral tot uiting gekom het in die grootse wyse waarop Koningin Wilhelmina se verjaardag (31 Augustus) jaarliks gevier is. Soos hulle landgenote in die staatsdiens, die onderwys, die handel en die industrie het die Nederlandse Zasmers ook nie tradisionele feeste soos Oujaarsaand en Sinterklaas (6 Desember) agterweë gelaat nie.

Weinig ander feeste is so entoesiasties deur die Nederlanders gevier as die jaarlikse Koninginnedag. Ook vir die NZASM-personeel was dit 'n uitlaatklep vir nasionale gevoelens, 'n geleentheid om weer hulle Nederlanderskap aan die buitewêreld te呈teer. Hoewel ander nasionaliteite ook deelgeneem het, was Koninginnedag tog in die eerste plek 'n uiting van selfhandhawing as kulturele groep teenoor die aanslae wat die Nederlanders (veral die spoorweglui) deur die "Hollanderhaat" moes verduur.

In Pretoria, Johannesburg en elders waar die Nederlanders hulle gevestig het is Koninginnedag vanaf omstreeks 1893 gevier.<sup>9</sup> Hierin het veral die Nederlandsche Vereeniging te Johannesburg en Pretoria die leiding geneem, en die NZASM-personeel in hierdie sentra het uiteraard aan die feestelikhede deelgeneem.

Waar die NZASM-werknemers op hulself aangewese was, in die veld of in die "spoorwegkolonies" (Waterval-Boven, Springs, Elandsfontein, Krugersdorp en ander) het hulle hul eie Koninginnefees georganiseer. So lewer Westenberg verslag van die eerste van hierdie feeste, wat op 31 Augustus 1893 te Waterval-Boven plaasgevind het.<sup>10</sup> Vir dié geleentheid is vuurwerk onderkant die waterval afgesteek (wat 'n pragtige gesig moes gewees het), en het 'n aannemer die vallei met 21 dinamietskote laat eggo.

'n Jaar later het die eerste Feestnummer van De Hoop der Toekomst te Waterval-Boven die lig gesien.<sup>11</sup> Dit was 'n spesiale of geleentheidskoerantjie wat eiehandig opgestel, afgerol en versprei is, en waarin luimige en ernstige prosa en poësie opgeneem is, vandag nog kostelike leesstof.

Jaarliks is uit die bewoners van Waterval-Boven 'n feeskommissie gekies wat die verrigtinge rond 31 Augustus moes organiseer. Die kommissie het met die feeste ter geleentheid van Koningin Wilhelmina se verjaardag en inhuldiging in 1898 sover gegaan as om De Hoop der Toekomst vir daardie jaar deur die Volksstem-drukkery te laat uitgee.<sup>12</sup> Soos elders het die Nederlanders te Waterval-Boven toe goed fees gevier, en het die verrigtinge, wat oor twee dae gestrek het, bestaan uit funksies in die feessaal, optogte, 'n kinderfees, gimkana, stamdanse, maskerbal, musiek, vuurwerk en feesverligting van die dorp en die waterval, asook "sports voor Witmensen" en "sports voor Kaffers".

Besondere vermelding verdien ook die Inhuldigingsfeeste, wat op 30 Augustus en 3 September 1898 te Springs plaasgevind het. Die aand van die 30ste is feestelik in 'n hotel deurgebring, en is om middernag beëindig deur 101 saluutskote.<sup>13</sup> Op 3 September is by die spoorwegstasie 'n tradisionele "Oranjeboom" (lemoenboom) geplant, gevvolg deur 'n kinderfees die middag, en 'n aandfees met 'n geleenthidstoespraak, koorsang, soepie en dans in 'n groot markiestent wat spesiaal vir die fees opgerig is.<sup>14</sup> Rondom die boom is 'n dekoratiewe hek van smee-yster aangebring, wat deur aande se vrywillige werk in die myn se werkplaas vervaardig is. Hierdie hek bestaan nog steeds.<sup>15</sup> Dit is 'n merkwaardige en unieke monument wat deur die Nederlandse NZASM-personeel nagelaat is (FIGUUR 29).

Die Nederlandse Zasmers het gereeld die tradisionele Sinterklaasfees (5-6 Desember) gevier, veral in die veld, waar daar 'n groter behoefté aan sosiale verkeer was.<sup>16</sup> Ook Oujaarsaand is nie vergeet nie, soos 'n mens uit Westenberg se briewe kan aflei. So byvoorbeeld is 1892 te Waterval-Boven afgesluit met rewolwerskote en 'n dinamietontploffing op die konstruksieterrein van die tunnel.<sup>17</sup> Natuurlik is daar eweneens verjaardae gevier, maar dit sal te ver gaan om ook dit alles te beskryf. Aan feestelike geleenthede was daar onder die Nederlandse NZASM-werknemers, soos 'n mens hierbo kan aflei, beslis geen gebrek nie.

#### 15.5 Vier van spesiale geleenthede

Ook by ander geleenthede soos die opening van 'n nuwe spoorlyn, 'n jubileum, 'n ontvangs of 'n afskeid het die Nederlanders in diens van die NZASM die voortou met die organiseer van iets spesiaals geneem.



FIGUUR 29 Plant van 'n tradisionele "Oranjeboom" (lemoenboom) tydens die Inhuldingsfeeste te Springs, 3 September 1898. Links is die stasiegebou, en in die middel die dekoratiewe traliehek wat rondom die boompie aangebring is, en wat vandag nog bestaan. (Transvaalse Argiefbewaarplek)

Vanweë die onaangenaamhede en onrus wat met President Kruger se besoek aan Johannesburg gepaard gegaan het, is die eerste spoorlyn in Transvaal, die Randtram, op 17 Maart 1890 sonder vertoon in gebruik geneem. Slegs 'n paar spoorwegmense was teenwoordig, asook dr. W.J.Leyds, die Staatssekretaris. Die geselskap het per trein na Boksburg gereis, waar sjampanje geniet is, en die dag met 'n ete afgesluit.<sup>18</sup>

In skerp kontras hiermee staan die feestelikhede wat met die voltooiing en opening van die Oosterlijn gepaard gegaan het. Die eerste hiervan het plaasgevind op 9 en 10 September 1893 te Waterval-Boven, toe die tonnel deurgeboor is. By dié geleentheid is die personeel na die kamp van die kontrakteur, waar hulle "...behalve op het noodige vloeibare op kafferdansen werden onthaald. De volgende morgen was iedereen natuurlik katterig...".<sup>19</sup> Die 1ê van die laaste spoorstaaf op 20 Oktober 1894 oos van Balmoral-stasie, het ook feestelik plaasgevind, asook die vasdraai van die laaste skroefbout by Brugspruit-stasie deur President Kruger op 2 November 1894.<sup>20</sup> Die hoogtepunt van al hierdie feestelikhede was natuurlik die amptelike ingebriukneming van die Oosterlijn, wat op 8, 9 en 10 Julie 1895 in Pretoria by wyse van fees-toesprake, musiekuitvoerings, feestelike maaltye, perdewedrenne, uitstallings en ander vermaak geskied het. By hierdie geleentheid het elke werknemer, benewens 'n eksemplaar van die Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelyke opening van den Delagoabaaispoorweg 1895 ook 'n nikkel- of silwerhorlosie met die NZASM-embleem en 'n brons gedenkpenning as aandenking ontvang. Van hierdie gedenkmateriaal is volgens die skrywer se ervaring nog steeds in besit van die personeel se nakomelinge.

Ander openingsfunksies, wat deur NZASM-personeel georganiseer is, was die 1ê van die laaste spoorstawe van die Zuidoosterlijn by Heidelberg (10 Oktober 1895), die ingebriukneming van die Barberton-taklyn (1 April 1896), die opening van die Zuidwesterlijn tot Potchefstroom (11 Januarie 1897), en ten slotte die oopstelling van die laaste gedeelte van hierdie lyn tot Klerksdorp (3 Augustus 1897).<sup>21</sup> Dit spreek vanself dat die NZASM en sy werknemers op dae soos hierdie in die oë van die publiek vir 'n keer sonder smet of blaam was.

Ten slotte iets oor 'n paar funksies ter ere van die man om wie die bedryf in Transvaal gewentel het, Direkteur G.A.A.Middelberg. Deur sy personeel is hy gerespekteer, en sy besondere verdienste het ook nie aan

die Nederlandse regering onopgemerk verbygegaan nie, sodat hy in Januarie 1895 vereer is met die Orde van de Nederlandsche Leeuw. By geleentheid van dié hoë onderskeiding het die NZASM-personeel deur 'n fakkeloptog op die 28ste hulde gebring aan "de baas".<sup>22</sup> Met sy silwer bruilof het die personeel op 4 Oktober 1896 'n feestelikheid te Waterval-Boven gereël, waartydens 'n geskenk aan die jubilerende egpaar aangebied is.<sup>23</sup> Op 2 Januarie 1899 het die personeel op gepaste wyse afskeid van sy baas geneem, en is Middelberg verras met "een groot schilderij onder een gordijn en toen dit weggeschoven werd zat daar een levensgrote kaffer te genieten van een portie snuif. 't Was de hulde van over 2200 blanke ZASM menschen, die elk een voor Afrika kleine som bijgedragen hadden..."<sup>24</sup> Hierdie kunswerk, wat deur Frans Oerder geskilder is, kan vandag in die NZAV se hoofkantoor te Keizersgracht 141 bewonder word.

Waar dit gegaan het om die belang van die NZASM, veral die bewerkstelling van goeie publisiteit, het die Nederlandse spoorweglui hulself nie onbeteig gelaat nie. Die opening van spoorlyne was meer as net feesvierings deur die personeel. Dit was ook 'n uiting van trots op die NZASM, en 'n poging om die maatskappy en hulself by die so kritiese en soms vyandige publiek op die bes moontlike wyse te presenteer.

Die afgelope hoofstuk het veral oor die Nederlandse NZASM-werknemers as groep gehandel, en gekonsentreer op uitinge en probleme binne die groep, en van individue wat lede van die groep was. Die Nederlandse NZASM-werknemers was maar een van 'n verskeidenheid kulturele groepe in Transvaal, en dit spreek vanself dat hulle nie in 'n vakuum gewerk en gelewe het nie, maar voortdurend in aanraking met ander kulturele groepe en lede daarvan verkeer het. Hierdie verhouding - spesifiek dié tot Afrikaners, Engelssprekendes en Swartmense -werp weer 'n ander lig op die Nederlandse NZASM-personeel se lewensomstandighede, wat juis deur sulke verhoudings, sy dit positief of negatief, beïnvloed is. Dit vorm die onderwerp van Hoofstuk 16.

--o0o--

#### Verwysings : Hoofstuk 15

1. G.A.A.Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, p 181.

Verwysings : Hoofstuk 15 (vervolg)

2. Algemeen Riksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 280 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1895-01-07, met daarby aangeheg die gedig van Haak.
3. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Aanwins A 1158 : M.C.Sissingh, Herinneringen aan Transvaal I.
4. Archief ZASM, Amsterdam : Feest-Nummer "De Hoop der Toekomst", 2, 1895-08-31; Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep : Feest-Nummer "De Hoop der Toekomst", 3, 1896-08-31; TAB : M 848 : De Hoop der Toekomst, 5, 1898-08-31.
5. Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep : Feest-Nummer "De Hoop der Toekomst", 3, 1896-08-31, p 23.
6. J.Ploeger, Frans Oerder in die Laeveld, Lantern, April 1980, p 42.
7. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Leeuwenhoek, 1890-08-30, waarin hy vermeld dat opsigter Rademaker sy eie kamera saamgebring het. In 'n brief wat hy aan sy suster te KM 60 geskryf het, noem hy op 1890-12-20 dat hy sy eie kamera, waarvoor hy gevra het, ontvang het.
8. De Rand Post, 1898-04-19 ("Het Drijfwiel"), Bijvoegsel.
9. R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders met besonder aandag aan die Nederlandsche Vereeniging, 1890-1918, p 187.
10. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Waterval, 1893-09-01.
11. Archief ZASM, Amsterdam : Feest-Nummer "De Hoop der Toekomst", 2, 1895-08-31, met daarby die aanduiding Dit blad verschijnt bij iedere feestelijke gelegenheid. Aangesien dit die tweede uitgawe was (1895), moes die eerste dus reeds in 1894 die lig gesien het.
12. TAB : M 848 : "De Hoop der Toekomst". Oranje-Nummer, Orgaan van het Feest-comité te Waterval-Boven in de Zuid-Afrikaansche Republiek ter gelegenheid van het geboortefeest van H.M. Wilhelmina Helena Paulina Maria en hare inhuldiging als Koningin der Nederlanden. Pretoria : Volksstem-drukkerij, 1898.
13. De Rand Post, 1898-09-02 ("De Kroningsfeesten"), p 3.

Verwysings : Hoofstuk 15 (vervolg)

14. De Rand Post, 1898-09-13 ("Springs"), p 3.
15. Die ysterhek en die lemoenboom staan tans langs die parkeerterrein voor die spoorwegstasie van Springs. Teenaan die hek is 'n bord met die volgende opskrif : "Ter gelegenheid van de kroning van / H.M. Koningin Wilhelmina / der Nederlanden / werd door President Paul Kruger alhier op / 31 augustus 1898 een Wilhelminaboom geplant / waaromheen werd aangebracht dit smeedijzeren hekwerk / vervaardigd door Nederlandsche spoorweg-arbeiders. / Ter herdenking van / het gouden regeringsjubileum van / Koningin Wilhelmina / werd op 31 augustus 1948 deze gedenkplaat / aangebracht door de Nederlandse gemeenschap te Springs / en onthuld door / de consul-generaal mr. J.W.A. van Hattum". Dit is natuurlik onjuis dat President Kruger self die boom geplant het of daarby teenwoordig was. Hy was betrokke by die feeste in Pretoria op daardie dag.
16. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Zoutwaterkreek, 1890-12-13, met 'n verslag oor die Sinterklaasfees.
17. Ibid, Waterval, 1893-01-05.
18. Ibid, Johannesburg, 1890-03-21.
19. Ibid, Waterval, 1893-09-14.
20. Oor die lê van die laaste spoorstaaf, sien De Volksstem, 1894-10-24 ("De laatste rails"), p 2; oor die vasdraai van die laaste skroefbout sien De Volksstem, 1894-11-03 ("De laatste schroefbout der Delagoa-lijn"), p 3.
21. Oor die lê van die laaste spoorstaaf by Heidelberg, sien Westenberg se brief aan sy suster, Heidelberg, 1895-10-13; oor die opening van die Barberton-taklyn, sien Gold Fields News and Barberton Herald, 1896-04-02 ("Opening of the Branch Line"), p 3; oor die feeste te Potchefstroom, sien De Potchefstroomer, 1897-01-28 ("De feestelijke opening der Krugersdorp-Potchefstroom-lijn"), p 3; oor die funksie te Klerksdorp sien Middelberg se brief aan sy familie, Pretoria, 1897-08-08 (G.A.A.Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog Annale, 2(1), Julie 1953, pp 99-100).

Verwysings : Hoofstuk 15 (vervolg)

22. The Press, 1895-01-29 ("Torchlight Procession"), p 2.
23. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1896-10-02 en 1896-10-10, oor die fees i.v.m. die Middelbergs se silwer bruilof. Die geskenk het die vorm van 'n pragtige album aangeneem waarin die name verskyn het van alle NZASM-werknemers, en dit word tans bewaar in die argief van die NZAV te Amsterdam.
24. G.A.A.Middelberg, Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog-Annale, 2(1), Julie 1953, pp 180-181.

--00o--

## HOOFSTUK 16

### "MENSEN TUSSEN MENSEN" : Sosiale en ander verhoudings tot taal- en kultuurgroepe in Transvaal

"De NZASM-hollanderbanen gaan niet evenwijdig aan of worden gedekt door de ontwikkelingsbanen der Z.A.R. 't Is nu eenmaal zoo. Mij zijn de menschen daarom niet minder, dat ze niet van mij of de mijnen houden, 't Is zeer de vraag of ik, wanneer ik niet zelf een hollander was, zoo verbazend gecharmeerd op hen zou zijn. Jammer, wanneer we weer een rol in de wereld willen spelen buiten onze grenzen moeten we ons wel een beetje op sommige dingen gaan toeleggen."

(Middelberg in 'n brief aan Bake, Pretoria, 1897-12-06)<sup>1</sup>

Dit spreek vanself dat die Nederlanders in diens van die NZASM sowel binne diensverband as in hulle vrye tyd nie net met landgenote en ander kollegas te make gehad het nie, maar ook met die publiek, die breë Blanke, Swart en Gekleurde bevolking van die ZAR. Oor die onderlinge verhoudinge by die personeel is reeds die een en ander in Hoofstuk 7 gesê. Ewe interessant en belangrik, indien nie nog meer nie, is die kulturele en ander wisselwerking tussen die NZASM-Hollanders aan die een kant, en die Afrikaners, Uitlanders en Swartmense aan die teenoorgestelde kant. Die verskynsel van "Hollanderhaat" is reeds meermale genoem. Dit is goed om hieraan aandag te gee deur te kyk na die teenstellings tussen die Nederlandse Zasmers en ander etniese of nasionale groepe, en dan tegelykertyd te probeer vasstel of hierdie kontakte nie ook hulle positiewe kante gehad het nie.

#### 16.1 "Hollanderhaat"

Oor die verskynsel van "Hollanderhaat" is in die verlede al heelwat gepubliceer, en vir die doeleindes van hierdie studie sal dus geen diepgaande analise daarvan gemaak word nie.

Reeds voor die periode van "Krugers Hollanders" was die verhouding tussen Nederlanders en Boere nie altyd ewe vrienkskaplik nie. Al in die 1850's het fundamentele verskille hulle geopenbaar, wat deurentyd die kloof tussen Afrikaners en Nederlanders veroorsaak het. Tewens is hiermee ten dele die grondslag gelê vir die onvriendelike gevoelens wat die Afrikaners soms teenoor die Nederlanders gekoester het. En dié grondslag is beliggaam in die verskil in volkskarakter.

Met die toestroming van Nederlandse immigrante sedert die jare negentig van die negentiende eeu het die Boer se afkeer in die nuwe intrekkers, wat leidende funksies in die staatsdiens en onderwys begin beklee het, groter geword. Hierdie antagonisme het ook na die NZASM uitgekrag, omdat die maatskappy gesien is as 'n "Hollanderbolwerk" en verlengstuk van die Kruger-administrasie. Terselfdertyd het ander immigrante na die ZAR gekom, waaronder groot getalle Kaapse Afrikaners en natuurlik die Engelssprekende Uitlanders. Vir hulle het die Nederlanders in die pad van vooruitgang, welvaart en magsoornname gestaan, omdat hulle die staatsdiens en die spoorweë beheers het, deel was van Kruger se politieke en ekonomiese beleid en klaarblyklik slegs daarin belanggestel het om die status quo te handhaaf en daardeur hulle posisie te beveilig en te konsolideer.

Die Nederlandse werknemers van die NZASM het dus in die jare negentig op drie fronte die wind van voor gekry, soos onderskei deur die Nederlandse historikus G.J.Schutte :<sup>2</sup>

Eerstens het hulle te make gehad met die oorspronklike Boerebevolking van Transvaal, wat die nuttigheid van die Nederlanders in die opbou en ontwikkeling van hulle land erken het. Hulle het egter weinig gehou van die ultra-Hollandse optrede en werkswyse van veral die NZASM, ook weens uit=eenlopende kulturele verskille.

Tweedens was daar die Kaapse Afrikaners, wat kultureel wel nader aan die NZASM-Nederlanders gestaan het, maar daardeur juis in 'n posisie verkeer het om met hulle mee te ding. Hulle was van mening dat hulle as Afrikaners by die aanstelling in funksies in die staatsdiens en elders voorrang bo die Nederlanders moes geniet. As Suid-Afrikaansdenkende Afrikaners het die Kapenaars ook lynreg gestaan teenoor die Nederlanders wat as uitvoerders van Kruger se onafhanklikheidspolitiek beskou is. Kultureel gesproke was die Kapenaars sterk Angelsaksies beïnvloed, en dit het met die algemene anti-Britse gevoelens onder die Nederlandse spoorweglui gebots.

Die Engelssprekende Uitlanders het 'n derde front gevorm, gebaseer op politieke, ekonomiese en opvoedkundige motiewe. Volgens hulle was die Nederlanders die bron van alle probleme waarmee die ZAR geworsteel het, en

was hulle met die Kruger-administrasie kop in een rus ten opsigte van die "anti-Uitlanderpolitiek" : weerhouding van stemreg, die NZASM met sy hoë tariewe en weiering om die Engelse taal te gebruik, ensomeer.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het met drie belangrike kultuurgroepe te make gehad, naamlik die Afrikaners, die Engelssprekendes (Uitlanders) en die Swart bevolking. Wat die eerste twee groepe betref, was daar taamlik baie sosio-kulturele spanninge. Die verhouding tot die Swartes was goed. Hieronder val die soeklig op die vraag hoe die verhouding tussen die Nederlandse NZASM-personeel andersyds, en die Afrikaners, Uitlanders en Swartmense andersyds, daaruit gesien het.

### 16.2 Nederlanders en Afrikaners

Met hulle koms na Transvaal is die Nederlandse spoorwegpersoneel in hulle ontmoeting en kontak met die Transvalers byna altyd teleurgestel. In plaas van die "stamverwante, vrye volk vol heldenmoed", waarvan hulle danksy die Nederlandse pers en pro-Boerpropaganda sulke hoë verwagtinge gekoester het, het hulle te make gekry met 'n konserwatiewe, agrariese boerebevolking, soos alle boere ter wêreld argwanend teenoor vreemdelinge, op 'n laer kulturele ontwikkelingsvlak en geestelike trap, wat totaal ander opvattinge oor wat reg en verkeerd is, gehuldig het.

Sommiges, soos ingenieur M.C. Sissingh, het gepoog om te begryp waarom die Afrikaners so anders was. Hy het dit probeer verklaar deur die Boer se vryheids- en onafhanklikheidsdrang, wat steeds meer aan bande gelê is deur vreemdelinge wat sy land kom oorneem en sy wette bepaal het. Volgens Sissingh het die Uitlanders - waartoe ook die Nederlanders gereken is - die Boer gedwing om sy lewenswyse te verander, wat eindeloze komplikasies meegebring het. Sissingh het ingesien dat die kloof tussen Afrikaners en Nederlanders teweeg gebring is deur die verskil in opvoeding en ontwikkeling.<sup>3</sup> Maar mense soos Sissingh was in die minderheid, en die groot gros Nederlanders was dit waarskynlik met Westenberg eens, toe hy 'n keer geskryf het : "Hoe meer je het vrije Transvaalsche volk leert kennen, hoe groter hekel je er aan krijgt."<sup>4</sup>

In Westenberg en ander spoorweglui se briewe tref 'n mens die werklike gevoelens aan wat die Nederlanders jeens die Transvalers gekoester het,

gevoelens wat getuig van 'n diepgaande en algemene minagting. Die Afrikaners was sogenaamd korrup, lui, onsinidelik, beterweterig, dranksugtig, hulle godsdiens was slegs skynvertoon, die Transvaalse regering was 'n armsalige "zoodje" en die president 'n "oude schelm" en 'n "smeerlap". Krasse uitsprake, waarin soms 'n kern van waarheid verborge was. Maar hierin skuil ook die element van die haas tradisionele gewoonte by die Nederlandse volk - veral onder diogene wat op 'n laer kulturele ontwikkelingsvlak gestaan het - om alles wat vreemd en on-Nederlands is as "gek" en "abnormaal" uit te kryt. Die feit is dat die "Afrikanerhaat" algemeen bestaan het, en nie net beperk was tot die geskoolde en ontwikkelde personeel nie.

Onder die Afrikaners was die reaksie op hierdie houding ewe heftig as die graad van weersin, waarmee die spoorweglui teen alles wat Afrikaans was, vervul was: "Hollanderhaat". Van die oorsake is hierbo reeds aange stip. Gedeeltelik was dit buite die Zasmers se toedoen : hulle was nou eenmaal daar as gevolg van die regeringsbeleid. Maar aan die ander kant het die optrede van heelwat amptenare en beampies die reputasie van die spoorweglui as 'n klomp vloekende, drinkende en swakgemanierde Hollanders laat posvat. Klassiek is die geval van die ou Boer wat by die kaartjieskantoor met 'n vloek afgesnou word deur die parmantige stasieklerk, "het product onzer groote steden, van de neutrale school en een ruwe omgeving en plebs..."<sup>5</sup> Die Transvaalse Afrikaners was nog nie ontwikkeld en welbespraakt genoeg om hulself behoorlik te verweer nie, en so het dit meestal gebly by 'n uitlating soos : "Jy bloody Hollandertje, wat maak je hier, ga na die land waar je vandaan kom!"<sup>6</sup>

Die Kaapse Afrikaners het daarteenoor heftiger en venyniger gereageer, met in die pers tal van aanvalle op onder andere die Nederlandse NZASM-personeel. Veral die koerant Land en Volk, wat bekend was vir sy anti-Kruger en anti-Hollanderhouding, het keer op keer die NZASM en die hele Hollanderkliek swart gesmeer, "met weerzin tegen de handelwijze der intrigerende klasse van Hollanders alhier vervuld."<sup>7</sup> Dit is begrypplik dat so 'n houding die Nederlanders verder die harnas in gejaag het teen alles wat Boer, Transvaler en Afrikaner was.

Ten spyte van die kloof tussen Afrikaners en Nederlanders is daar tog brûe gebou en kontakte gelê, van beide kante af. Sekere gebeurtenisse

soos die Jameson-inval (1896) en die vier van Nederlandse nasionale feeste het die twee groepe ook effens nader aan mekaar gebring. Van Afrikanerkant af was dit Kruger, sy hoofamptenare en etlike lede van die Uitvoerende Raad en die Volksraad wat keer op keer hulle waardering vir die werk van die Nederlandse spoorwegpersoneel uitgespreek het. Vanaf NZASM-kant het veral Middelberg toenadering gesoek.

Afrikaners het graag en gereeld Nederlandse feeste bygewoon, veral die jaarlikse Koninginnedagviering (31 Augustus). Hierteenoor was daar van Nederlandse kant weinig of geen belangstelling vir Afrikanerfeeste soos Majubadag (27 Februarie) en die Paardekraal-fees (16 Desember) nie, en was hulle selde verteenwoordig. As teenwig teen die opkomende verengeling het die Afrikaners baie behoefté aan kulturele kontak met die Nederlanders gehad, vandaar hulle belangstelling vir Nederlandse nasionale en ander feeste. Behalwe dat die Nederlanders hulself kultureel meerwaardig gevoel het, het hulle hulself nie met Afrikanergeskiedenis en -gebruiken geïdentifiseer nie, en verkies om afsydig te bly.

In diens van die NZASM was sowel Nederlanders as Afrikaners. Laasgenoemde moes die bedryf aanleer, en eersgenoemde moes sy vooringenomenheid onderdruk en sy medewerking verleen. "We zijn nu eenmaal in de Augiasstal en al zijn we geen Herculesen, we kunnen toch doppen bezemen", het Middelberg dit reeds in 1890 plasties en mitologies-geïnspireerd uitgedruk.<sup>8</sup> In hierdie opsig trek veral twee sake die aandag, en wel die opleiding van die Afrikaner in die spoorwegbedryf, en die rol en invloed van die Nederlandse taal hierby.

In Hoofstukke 3 en 4 is reeds die gesukkel om ervare en bruikbare Nederlanders vir die NZASM te werf, uiteengesit. As korttermynoplossing was die Direksie genoodsaak om enigeen aan te stel wat enigsins geskik gelyk het. Daar is egter ook besef dat dit nodig was om "meer en meer zonen des lands aan den spoorweg te verbinden."<sup>9</sup> Die opleiding van Afrikaners sou in die toekoms die probleem van onvoldoende geskoold personeel uitskakel. In hierdie verband is die volgende aanhaling veelseggend :<sup>10</sup>

"Van den aanvang af is het 't streven der Directie geweest, zooveel mogelijk geboren Afrikaanders in dienst der Maatschappij te stellen, en het was een verblijdend verschijnsel, dat het getal Hollandsch sprekende Afrikaanders, bij de Maatschappij werkzaam, gaandeweg toenam, niet alleen bij het onderhoud der wegen, maar ook bij den stations- en trekdiens. De Maatschappij heeft de bedoeling om den Spoorweg langzamerhand tot een meer nationaal instituut te maken nooit uit het oog verloren. Onmiddellijk, zoodra de exploitatie begon, trachtte zij Zuid-Afrikaanders op te leiden, en ieder, die weet te beseffen hoe weinig in den beginne de neiging van den onafhankelijken Afrikaander strookte met een streng geheel van plichten en beperkingen, zooals de spoorwegdienst oplegt, begrijpt wat het gekost heeft het resultaat te bereiken, dat in 1899 van de 3162 blanke ambtenaren en beambten reeds 777 Afrikaanders waren."

'n Tweede faset van die kulturele kontak tussen Nederlandse spoorwegwerkers en hulle Afrikaanse kollegas was die taal. Nederlands was die amptelike taal van die staat en van die NZASM, en met die instroming van honderde Nederlandse werknemers het die gebruik van Nederlands in Transvaal sterk toegeneem. Waar byvoorbeeld te Pretoria in 1891 algemeen Engels gepraat is, was reeds twee jaar later die stempel van die groeiende Nederlandse element sigbaar, deurdat orals Nederlands (of eintlik meestal Hollands-Afrikaans) gehoor is.<sup>11</sup> In die stryd teen verengelsing was die NZASM en sy Nederlandse werknemers dus een van die grootste enkele faktore, en hierdeur het ook die Afrikaners in spoorwegdiens dit gaandeweg afgeleer om liewers Engels as Afrikaans te praat.<sup>12</sup> Waarskynlik het hulle Afrikaans as gevolg van voortdurende blootstelling aan die dominerende Nederlands van die NZASM aansienlik verbeter.

D.J.Coetsee het in sy proefskrif Die aanwending van Afrikaans in die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë ook die soeklig laat val op die rol wat Nederlands danksy die NZASM in die taal van die Afrikaanse spoorwegwerker gespeel het.<sup>13</sup> Die bedryfstaal van die NZASM was Nederlands, en geen erkenning is aan Afrikaans gegee nie. Dit is dan ook deur die NZASM-amptenare as 'n "soort Nederlands" gesien - "boerenhollandsch" het Westenberg dit genoem.<sup>14</sup> Tog is daar nooit teen hulle gediskrimineer nie, en is die Afrikaners toegelaat om in die daaglikse omgang hulle taal te praat.

As spoorwegvaktaal is Afrikaans bevoordeel deur Nederlands tydens die NZASM-era, en daarna deur sy amptelike erkenning in 1925. Dit was veral op die skryftaal en hoëre vaktaal waar die Nederlandse invloed te bespeur was. Van die Engelssprekende leermeesters het die Afrikaner die werktuie of instrumente vir die spoorwegbedryf ontvang (lokomotiewe, treine, ens.),

maar van die Nederlander die basiese vakterminologie. In laasgenoemde opsig het die invloed van die NZASM na die Anglo-Boereoorlog weggeval weens die repatriasie van honderde Nederlanders deur die Britse magte. Eers toe baie jare later 'n begin gemaak is met die skepping van 'n Afrikaanse spoorwegvaktaal, is daar weer van Nederlandse voorbeeldige gebruik gemaak, en is daar voortgebou op die grondslae wat die NZASM gelê het.

### 16.3 Nederlanders en Uitlanders

Oënskynlik was die Nederlandse spoorweglui en die Engelssprekende Uitlanders nader aan mekaar as Nederlanders en Afrikaners, op grond van dieselfde kulturele ontwikkelingspeil en die Europese agtergrond. Tog het Uitlanders en Nederlanders mekaar bewustelik op 'n afstand gehou. Van die redes hiervoor is reeds hierbo genoem.

Penvoerders van die Britse opposisie teen Kruger se beleid en bestuur het 'n heftige persveldtog teen die bevoorregting van Krugers Hollanders en die NZASM-konsessie gevoer. Hulle het die NZASM gesien as 'n buitelandse maatskappy wat slegs op winsbejag in Transvaal uit was, en wat nie die Transvaalse (lees : Uitlander-) belang in ag geneem het nie. Die NZASM moes 'n stroom van heftige en dikwels onbillike en venynige kritiek verduur, waarin gekla is oor die maatskappy se weiering om Engels te gebruik, onbekwaamheid van die werknekmers, ondoeltreffende treinverkeer, te hoë tariewe ensomeer. Van die "rascally Hollanders" van die NZASM was dus nikks goed te praat nie.

Die Nederlandse NZASM-personeel het oënskynlik minder heftig op dié aantygings gereageer as wat 'n mens sou verwag. Hulle was seker van hul saak, het die toutjies in hande gehad en het die aanvalle eerder vermaaklik was werklik irriterend gevind.<sup>15</sup> Wat minder sterk op die voorgrond getree het, was die hekel en veragting wat teenoor die "Jingobende" steeds groter geword het. In die Anglo-Boereoorlog het die Britte dus met 'n spoorwegpersoneel te doen gekry wat ewe heftig anti-Brits was as die Boere.

Namate die NZASM sy "kindersiektes" te bowe gekom het, het die kritiek uit die Uitlanderhoek minder geword, en is daar na die skrik van die mislukte Jameson-inval en die moontlike oorname van die spoorweë deur

die Transvaalse regering selfs waardering uitgespreek. "Placing Elandsfontein Junction, with its 300 trains a day, in the hands of the Piet, Gert and Willems of Afrikaner origin is too dreadful to contemplate."<sup>16</sup> Hierdie getemperde houding van die Uitlanders het die Nederlandse spoorwegpersoneel koud gelaat, en hulle het vermoed dat die kernvraagstukke en -verskille nog steeds dieselfde gebly het. Hulle was reg : dit was slegs die stilte voor die storm.

#### 16.4 Nederlanders en Swartmense

Die verhouding tussen die NZASM-personeel en die Swart bevolking is 'n interessante onderwerp wat nog geen aandag gekry het nie. Met hulle kom na Transvaal het die Nederlanders in spoorwegdiens te doen gekry met 'n kultuurgroep of etniese groep, wat nie alleen 'n ander velkleur gehad het nie, maar ook 'n totaal verskillende kultuur. Anders as in die geval van Afrikaners en Uitlanders is die verhouding van die NZASM-werknnemers tot hierdie bevolkingsgroep in slegs geringe mate gedikteer deur vorige ervaring en ingeburgerde opvattinge. Dit het op 'n meer natuurlike wyse ontwikkel.

Die Swartman is in sy diepste wese deur die Nederlandse spoorwegman as 'n "kind van die natuur" beskou, wat daarom reg op die Blanke se volle simpatie het. Die negatiewe karaktertrekke wat aan die Swarte toegeskryf is, was die gevolg van die optrede van die Blanke, wat dikwels op onwaardige en verkeerde wyse teenoor die Swarte handel, en waardeur die karakter van laasgenoemde dus ook slegte eienskappe begin openbaar het.<sup>17</sup> Westenberg beweer dan ook dat die Swartes wat uit hulle tradisionele omgewing afkomstig was, beter eienskappe gehad het as byvoorbeeld hulle wat op sendingstasies opgevoed was.<sup>18</sup> In hulle doen en late was die Swartes vir die Nederlanders enersyds amusant, andersyds het hulle ook waardering gehad vir die gemak waarmee die Swartman vreemde tale en werk aangeleer het, en vir sy natuurlike wellewendheid en opgewekte geaardheid.<sup>19</sup>

Die verhouding tussen Nederlanders en Swartmense was dus oor die algemeen goed. "Ik houd van de kaffer zooals men van onbedorven natuurkinderen moet houden. Om ze te gebruiken moet men ze opvoeden, doch met strikte rechtvaardigheid en weinig geduld heeft men een dankbaar werk", was ingenieur Sissingh se opinie.<sup>20</sup> Die Nederlandse spoorweglui het hulle

Swart personeel goed behandel, en het nie veel gehou van die manier waarop sommige Afrikaners met hulle Swart werkers omgegaan het nie.<sup>21</sup> Hierdie goeie menseverhoudinge was natuurlik bevorderlik vir die NZASM se werkzaamhede.

Nederlandse NZASM-werknemers het soms moeite gedoen om 'n Swart taal aan te leer. So het Westenberg in Junie 1890, skaars ses maande na sy aankoms in Transvaal, met trots berig dat hy goeie vordering met die leer van 'n Swart taal maak.<sup>22</sup> Selfs 'n latere intrekker soos die stasiemeester C. Hegie (1897) het na werkstyd die praat van 'n Swart taal geoefen.<sup>23</sup> Sommige Nederlanders het dus 'n behoefte daaraan gehad om, ook om praktiese redes, met die Swartman op sy eievlak en in sy eie taal te kommunikeer. Die meeste het waarskynlik gewoon Nederlands bly praat.

In hulle kontak met Blankes, veral in die Laeveld, het die Swartes geleidelik die kleredrag van die spoorwegpersoneel begin oorneem, omdat hulle foene ka lo meloeng ("nes 'n Blanke") wou wees.<sup>24</sup> Op van die ou foto's sien 'n mens dan ook die Swart personeel, geklee in 'n ou broek, hemp en baadjie wat beter dae gesien het. Ook het die Swazi's, Machope's, Tsongas en ander Laeveldse stamme, omdat hulle die Nederlanders se name nie kon verstaan en onthou nie, aan Westenberg en sy kollegas nuwe name gegee na aanleiding van uiterlike voorkoms en gedrag :<sup>25</sup>

Westenberg : lo 'n fitsjaane ("die kort vet ou")

opsigter Van der Harst : penghêle ("tarentaal"), omdat hy vinnig geloop het en dan soms skielik stilgestaan het

opsigter Rademaker : otikone ("vinger"), omdat hy altyd met sy vinger gewink het

ingenieur Sissingh : sekôke ("die sterk ou")

Oor die verhouding tussen die Nederlanders en die Swartes binne en buite die NZASM-sfeer kan 'n mens veel meer sê, maar hierby word volstaan. Dit is voldoende om te weet dat daar klaarblyklik goeie wedersydse verhoudinge bestaan het, wat die grondslag gelê het vir kulturele wisselwerking en akkulturasie by die Swartman.

Soos die NZASM (blykens Hoofstuk 2) nie meer bestaan nie, behoort ook die Nederlandse NZASM-werknemers en hulle lewensomstandighede tans tot die verlede. Daar was dus 'n begin (1887) en 'n einde. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), en hoe dit die Nederlandse spoorwegpersoneel geraak het, was die begin van dié einde. Soos uit die volgende hoofstuk blyk, het dit die spoorweglui se lewensomstandighede skielik en ingrypend verander.

--oo--

Verwysings : Hoofstuk 16

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 275 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1897-12-06.
2. G.J.Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899, p 74 et seq.
3. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Aanwins A 1158 : M.C. Sissingh, Herinneringen uit Transvaal I, 1893.
4. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Waterval, 1893-03-31.
5. G.A.A.Middelberg, Brieve uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T.Spies), Hertzog Annale, 2(1), Julie 1953, pp 88-89.
6. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : P.W.Goudsward - Th.C.Geudeker, Pretoria, 1897-07-25.
7. Land en Volk, 1894-09-03 ("Hollandsche Feestviering"), p 4.
8. ARA : Archief NZASM, 277 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1890-04-27.
9. Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelyke opening van den Delagoabaaispoorweg 1895, p 97.
10. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 88.
11. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1893-10-26 ("Brief uit Pretoria"), 1ste Blad A.
12. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Heidelberg, 1895-06-29, maak melding van die voorliefde van baie Afrikaners en ook sommige Nederlanders vir Engels.
13. D.J.Coetsee, Die aanwending van Afrikaans in die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Wits), pp 39, 66-68, 111-113, 117, 158, 302-304, 328-329.

Verwysings : Hoofstuk 16 (vervolg)

14. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
Johannesburg, 1890-02-27.
15. Ibid, Barberton, 1891-02-20.
16. Gold Fields News and Barberton Herald, 1897-11-30 ("Africander  
Railway Officials"), p 3.
17. TAB : Aanwins A 1158 : M.C.Sissingh, Herinneringen uit Transvaal I.
18. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
Heidelberg, 1895-04-06. Volgens Westenberg was die Swartes uit 'n  
tradisionele omgewing afkomstig gehoorsaam, arbeidsaam, eerlik en  
waarheidsliewend, maar het diegene van die sendingstasies gelieg,  
gesteel, parmantig opgetree en 'n lae moraal gehad.
19. TAB : Aanwins A 1158 : M.C.Sissingh, Herinneringen uit Transvaal I.
20. Ibid.
21. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
KM 60, 1891-05-24.
22. Ibid, Zoutwaterkreek, 1890-06-26.
23. Archief ZASM, Amsterdam : C.Hegie - E.Bruchner, Heidelbergerpad,  
1897-01-23.
24. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster,  
Kaapmuizen, 1890-11-02.
25. Ibid, Kaapmuizen, 1890-10-12.

--00o--

## HOOFSTUK 17

### "ONDER DE BEVELEN VAN DEN COMMANDANT-GENERAAL" : Die Nederlandse NZASM-personeel in die Anglo-Boereoorlog

"Het is een misselijk einde, en voorgoed, Vooral voor ons Hollanders, want de Boeren zullen zich van de onderwerping niet veel aantrekken, maar wij gaan er uit. Weg zijn de dromen van Groot-Nederland, voor altijd. We hebben ons in 't karakter van onze stamverwanten, die zoo 't land aan ons hebben, vergist. We zijn te goed voor hen. Aan alle illusies voor Zuid-Afrika is voor ons een einde gemaakt en we moeten ons nu gaan bezig houden met de zuiver stoffelijke belangen van Zasm en haar personeel."

(Kretschmar in 'n brief aan Bake, Pretoria, 1900-05-22)<sup>1</sup>

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die einde van die NZASM en sy personeel beteken. Alles wat die maatskappy en sy werknemers deur jare-lange arbeid met groot moeite opgebou en verkry het, is deur die oorlog en sy gevolge binne korte tyd tot niet gemaak, en daarin is 'n groot stuk menslike tragiek geleë. Behalwe dat hulle natuurlik geen keuse gehad het nie, het die Nederlandse personeel dit as 'n morele plig beskou om hulle aktief en passief teen die Britse veroweraars te verset. Dit was juis deur hierdie houding en optrede van die personeel en "hulle" maatskappy dat hulle werkzaamhede in Transvaal tot 'n skielike einde gekom het. Na die terugkeer in Nederland was die probleme nog nie agter die rug nie. Hoofstuk 18 handel oor dit wat toe en in die jare na die oorlog gebeur het.

#### 17.1 Voor die oorlog

Die Anglo-Boereoorlog was nie die eerste gewapende konflik in Transvaal waarby die Nederlandse NZASM-personeel direk of indirek betrokke geraak het nie. Met die Malaboch-oorlog (1894) en die veldtog teen Swaziland (1895) en die Magato-oorlog (1898) is van die werknemers deur die regering van die ZAR gekommandeer, maar hulle het daarin geslaag om plaasvervangers te vind.<sup>2</sup>

In verband met die politieke toestand op die vooraand van die Jameson-inval het die regering vanaf 31 Desember 1895 tot 11 Januarie 1896 vir die eerste keer van sy reg gebruik gemaak om oor die spoorweë vir die vervoer van manskappe, wapens, ammunisie ensomeer te beskik.<sup>3</sup> Hierdie

reg, waarvan die regering weer op 13 September 1899 gebruik sou maak,  
was aan hom voorbehou ingevolge Artikel 22 van die NZASM-konsessie :<sup>4</sup>

"In oorlogstijd of in geval van binnenlandsche onlusten, kan de Regeering, in het belang der verdediging of van de openbare rust, over den spoorweg en al hetgeen tot gebruik daarvan wordt vereischt beschikken en het gewone vervoer daarop geheel of gedeeltelijk staken behoudens schadeloosstelling aan den Concessionaris."

Die Jameson-inval het ook onder die Nederlandse NZASM-personeel die anti-Britse gevoelens hoog laat loop. Sommiges het hulle selfs as vrywilliger by die Boerekommando's aangemeld, terwyl ander weer 'n gewapende korps op die been wou bring.<sup>5</sup> Die stof het egter taamlik gou weer gaan lê, maar 2½ jaar later sou veel meer van die personeel gevorg word. Na die Jameson-inval het die bewapening van die ZAR in 'n versnelde tempo voortgegaan, en is ook aan die NZASM-personeel gewere uitgereik (FIGUUR 30).

In Mei 1899 het daar weer ernstige vrees begin ontstaan dat die geskille tussen Brittanje en die ZAR nie meer op vreedsame wyse besleg sou kon word nie. In die lig van die instroming van al hoe meer Britse troepe in die Kaapkolonie en Natal en die naderende oorlogsgevaar, het die Direksie van die NZASM op 6 September 1899 Dienstorder No. 32 uitgevaardig.<sup>6</sup> Hierin is opdrag gegee hoe die personeel moes optree indien hulle standplaas deur 'n vyandelike mag beset sou word. Onder meer is hulle nie toegelaat om gewapende verset te bied en sonder toestemming hulle poste verlaat nie. Hulle is ook verbied om dienste aan die vyand te lewer.

'n Dag later het Dienstorder No. 33 verskyn, waarin die verhouding tussen die NZASM en sy personeel tydens oorlogstoestand gereël is.<sup>7</sup> So byvoorbeeld is personeel verbied om aan oorlogshandelinge deel te neem, tensy hulle daartoe gekommandeer is. Hulle wie se dienste nie meer nodig was nie en wat gekommandeer is, sou 'n gedeelte van hulle salaris behou. Vrywilligers is toegelaat om sonder salaris by die Boeremagte aan te sluit, en sou na die stryd weer in diens geneem word. Diegene wat sonder toestemming sou aansluit, moes ontslag te wagte wees.

Op 13 September 1899 het die ZAR-regering besluit om met ingang van 29 September weer gebruik te maak van sy bevoegdheid ingevolge Artikel 22 van die konsessie. Die hele personeel is gekommandeer om voortaan onder die bevelle van die offisiere van die krygsmag hulle funksies uit te oefen. Die normale treinverkeer sou daarnaas gehandhaaf word. Diegene



FIGUUR 30 Geweerinspeksie van NZASM-personeel by die Centrale Werkplaats, Pretoria, ca. 1897-1898. Die gewere is almal Mausers Mod. 1896.  
(Transvaalse Argiefbewaarplek)

wat vir spoorwegdiens nie meer nodig was nie is vir gewone militêre diens gekommandeer.<sup>8</sup>

Gedurende die bewoë weke voor die uitbreek van die oorlog is nie net die Boerekommando's gemobiliseer nie, maar het ook die Nederlanders, Duiters, Skandinawiërs en ander nasionaliteite hulself in gewapende korps saamgegroep om hulle gewig aan Boerekant in te gooi. Met die oprigting van die Hollanderkorps het die NZASM sy personeel toegelaat om daarby aan te sluit.<sup>9</sup> Slegs weiniges het by die Velddienst aangesluit, en die meeste is in die Garnizoensdienst (bewakingsdiens) aangestel.<sup>10</sup>

As gevolg van die dreigende oorlog het duisende Blanke en ook Nie-Blanke Transvaal verlaat, 33 521 in September 1899, en 97 470 gedurende Oktober.<sup>11</sup> Terselfdertyd is die mobilisasie van die Boeremagte aan die gang gesit, en is oor die NZASM-lyne ten slotte 13 413 manskappe, 13 271 perde en muile, 3 202 osse, 1 077 waens, 53 kanonne, 3 972 ton goedere en 683 ton ammunisie vervoer.<sup>12</sup> Dit spreek dus vanself dat hierdie omstandighede die uiterste van elke werknemer geveng het. Niemand het egter gekla nie, en die enigste opmerking wat meestal gehoor is was dat "...het nog al druk is en ik soms te allen tijde gereed moet zijn...", in Westenberg se lakkonieke woorde.<sup>13</sup>

Op 11 Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek en het die vyandelikhede 'n aanvang geneem.

## 17.2 Aan die oorlogsfront<sup>14</sup>

Terwyl die Boeremagte Natal beset het, het hulle telkens 'n gedeelte van die Natalse spoorweg verower. Vir die bedryf hiervan is personeel en materieel van die NZASM ingespan. Die Boere-opmars was vinnig, en reeds op 7 November 1899 het hulle 'n 187 km lange spoorlyn, wat vanaf die Transvaalse grens tot by Modderspruit-stasie, noord van Ladysmith, gestrek het, beheer. NZASM-personeel, onder wie Westenberg, was verantwoordelik vir die spoorwegdiens, herstel en onderhoud van die spoorlyn en die materieel, konstruksie van buitengewone werke vir militêre doeleindes, die telegraafdiens, ensomeer, met Newcastle as hoofkwartier. Omdat Westenberg nie meer baie besig was nie, "...en het verder voor den dienst

van veel belang is dat een hooger geplaatst ambtenaar nu voortdurend in het nieuwe gebied [Natal] is, is besloten dat ik de volgende keer weer naar Natal zal vertrekken, maar nu om er voorlopig te blijven...Voor een verandering vind ik het wel interessant, hoewel het wel wat behelpen en soms 's avonds wel eenzaam zal zijn...", het Westenberg berig.<sup>15</sup> Op 3 Januarie 1900 is 'n afsonderlike stuk spoorlyn van 11km tussen Nelthorpe-stasie, suid van Ladysmith, en die Boerestellings aan die Tugela in bedryf geneem. 'n Verraste ingenieur M.Middelberg ('n seun van die Direkteur) het verneem "dat ik naar Pieters moet, het eerste station zuidelijk van Ladysmith, om het lijtje Nelthorpe-Tugela te exploiteer, net een kluifje voor mij."<sup>16</sup> In totaal was sowat 221 Blanke NZASM-personeel by die diens in Natal werkzaam.<sup>17</sup>

Aan die Tugela-linie was die NZASM-personeel besonder aktief. Met die konsolidering van die Boere se posisies is die Tugelaspoorbrug by Colenso deur NZASM-personeel "...in opdracht van Joubert geheel vernield."<sup>18</sup> 'n Wa-brug is oor die Kliprivier in die pad van Ladysmith na Colenso gelê, en ook het die personeel 'n voetbrug oor die Tugela gemaak. "Je ziet dat we tegenwoordig meer genie officieren dan spoorwegingenieurs zijn...", was Westenberg se kommenaar.<sup>19</sup> Die personeel was verder betrokke by 'n vrugtelose poging om 'n dam van sandsakke in die Tugela aan te lê en Ladysmith daardeur te laat oorstroom.

Behalwe in Natal het die NZASM-personeel ook nog diens gedoen in die Oranje-Vrystaat, die Kaapkolonie en in die ZAR self. Ongeveer 27 werknemers is aan die klein Vrystaatse spoorweë uitgeleen ter vervanging van personeel van Britse nasionaliteit.<sup>20</sup> In die Kaapkolonie het die Boere die distrikte suid van die Vrystaatse grens beset en het 'n deel van die Kaapse spoorwegnetwerk in hulle hande gevallen. NZASM-personeel het die lyne herstel en die diens daarop hervat. Op die Pretoria-Pietersburg-spoorlyn moes Britse personeel eweneens deur Zasmers vervang word.

### 17.3 Aan die tuisfront<sup>21</sup>

In die ZAR het die sowat 2 223 Blankes wat in diens van die NZASM gebly het nie net die normale treinverkeer aan die gang gehou nie, maar ook sekere oorlogsdienste verrig.<sup>22</sup>

By alle groot brûe en soveel as moontlik langs die spoorlyne is wagposte

geplaas, gedeeltelik vrywilligers van die Hollanderkorps se Garnizoensdienst, wat weer vir 'n deel uit spoorwegpersoneel saamgestel is.

"Hij had wacht dien nacht van 1-5 met nog 2 ander by den brug te Eerstefabrieken...", toe die amptenaar P.W.Goudsward deur 'n trein doodgery is.<sup>23</sup> Van hierdie brugwagte het vir Winston Churchill en later Aylmer Haldane en sy metgeselle laat ligloop toe hulle ná hul ontsnapping uit die Staatsmodelskool ooswaarts langs die Oosterlijn uitgewyk het.

Aan die begin van die oorlog het die NZASM homself ter beschikking van die Rooikruis gestel, en is vier volledige ambulanstreine in die Pretoriase werkplaas ingerig. Die werkplaas en sy personeel is ook op ruim skaal deur die ZAR-regering gebruik vir die herstel van geskut, vervaardiging van ammunisie-onderdele en die beslaan van perde.

Met die uitbreek van die oorlog was die maatskappy daarvan bewus dat hy voorlopig geen inkomste sou ontvang nie. Soos Dienstorder No. 39, wat op 21 November uitgevaardig is, dit uitgespel het, sou ook die personeel, helaas, die gevolge daarvan moes dra.<sup>24</sup> Getroude en ongetroude werknemers sou voortaan slegs onderskeidelik twee-derdes en die helfte van hulle maandelikse salarisse ontvang. Die oorblywende gedeelte sou met aftrekking van die gereelde uitbetalings aan familie in Europa en die afbetalings van die voorskotte deur die NZASM met geslotte beurs aan die Spaarkas (kyk Hoofstuk 8) oorgedra word. Hierdie maatreël was natuurlik nie teen die personeel gemik nie, maar was bedoel om 'n kastekort in Suid-Afrika te verhoed. Ernstig was die situasie nog nie, maar drie maande na die Dienstorder het dit ingrypend verander.

#### 17.4 Tydens die Boere-terugtog

Aan die einde van Februarie 1900 het die groot terugtog van die Boere-leërs begin ná die ineenstorting van die fronte in die Kaapkolonie en Natal deur Britse militêre suksesse.

"De toestand is sedert eergisteren heelwat veranderd", skryf Westenberg na aanleiding van die Britse deurbraak van die Tugelastellings op 27 Februarie 1900.<sup>25</sup> "Gisteren middag heeft die krijsraad besloten onze posities aan die Tugela prijs te geven en terug te trekken op Glencoe..." Hierdie terugtog van die spoorwegpersoneel

en -materieel het ordelik plaasgevind. Tussen Modderspruit- en Elands-laagte-stasie is alle brûe, talle duikers en waterreservoirs deur Nederlandse NZASM-personeel vernietig, wat voorheen in diens was by die genietroope in die Nederlandse leër, en dus iets van die soort werk geweet het. In Mei het die Boeremagte verder teruggetrek en het Westenberg en sy personeel hulle vernielingswerk langs die lyn voortgesit. "Van Maandag morgen 5 uur tot Woensdag middag 6 uur had ik niet geslapen, was ik bijna doorlopend in touw geweest - maar 't voornaamste is dat ik het er goed heb afgebracht en nu weer veilig te Pretoria zit", het Westenberg na afloop geskryf.<sup>26</sup>

Die Britse hoofopmars na die republikeinse hoofstede het vanuit die suide gekom. Tegelyk met die Tugelalinié het ook die Boereposisies aan die Colesberg-front dit begewe, en het die Nederlandse NZASM-personeel die spoerlyn soveel moontlik verniel om die Britse opmars te vertraag.<sup>27</sup> Dieselfde tonele as in Natal het hulle hier afgespeel.

Gedurende die laaste dae van Mei 1900 is die Boereposisies aan die Transvaalse suidgrens ontruim en het die Britse leër op verskillende punte die ZAR binnegedring. Die hoofinval was by Vereeniging, waar NZASM-personeel op 26 Mei die groot spoorbrug oor die Vaalrivier vernietig het. Johannesburg en Elandsfontein is beset, sodat Pretoria op 29 Mei van alle spoorlyne behalwe die Oosterlijn afgesny is. Reeds by die nadering van die Britse magte het die NZASM reëlings getref vir die bedryf van dié gedeelte van die Oosterlijn wat nog in Boerehande was, en is Waterval-Boven as die toekomstige nuwe hoofkantoor van die NZASM ingerig.<sup>28</sup> Ten einde te verhoed dat die personeel in geval die kontak met die hoofkantoor in Pretoria vir 'n lang ruk verbreek sou wees, oor onvoldoende finansiële middele sou beskik, is op 14 Mei aan almal 'n voor-skot gelykstaande aan 1½ maand se salaris uitbetaal.<sup>29</sup>

Teen 31 Mei was lord Roberts se magte reeds suid van Irene, en was Pretoria in 'n staat van senu-agtige opwinding. Westenberg was dus nie baie entoesiasties nie "toen de militaire autoriteiten besloten de spoorwegbrug bij Irene...te vernielen en ik opdracht kreeg dat dien middag per werktrein te doen."<sup>30</sup> Hierdie vernielingswerk het nie veel gehelp nie, want 'n paar dae later was die Britse leër by Pretoria. Op 4 Junie het die stad onder 'n ligte bombardement deurgeloop, "en de scherven van de bommen die daar uiteenspatten kwamen tot dicht bij ons huis...", het Westenberg geskryf wat die bombardement

op die veranda van sy nuwe huis in Rissikstraat meegemaak het.<sup>31</sup> Die volgende dag, 5 Junie, is Pretoria deur die Britte onder lord Roberts beset.

Gedurende Junie is ook die Zuidwesterlijn en die Zuidoosterlijn deur die Britse magte verower. Soos dikwels voorgekom het, is die NZASM-personeel te Randfontein versoek om na die stasie te gaan, maar dit "...bleek gevangenneming te zijn. Al heel spoedig werd ons door den Hollandschen tolk aangezegd, dat de eerste die weg liep zou worden doodgeschoten."<sup>32</sup> Die personeel van die twee lyne is in gevangenskap na Pretoria en Johannesburg vervoer, en is hier weer vrygelaat. Om onbekende redes is sowat 61 as krygsgevangenes beskou en na die Boerekampe op St. Helena, Ceylon en in Indië gestuur, waar hulle die einde van die oorlog afgewag het.<sup>33</sup>

'n Soortgelyke lot het die personeel van die Oosterlijn getref tydens die Britse opmars na Komatipoort.<sup>34</sup> Terwyl sommiges saam met genl. Louis Botha se magte ooswaarts padgegee het en in die proses etlike brûe veriel het, het ander weer op hulle pos gebly en sodoende in Britse hande gevall. Tot die besetting van Waterval-Boven op 30 Augustus 1900 was die hoofkwartier van die nog onbesette gedeelte van die NZASM-spoorlyne hier gevestig, maar met die nadering van die Britse troepe het die hoofamptenare met hulle staf na Hectorspruit en daarvandaan uiteindelik na Lourenço Marques (Maputo) uitgewyk. Op 18 September, kort voor die besetting van Komatipoort, het die NZASM se bedryf in Transvaal tot 'n einde gekom. Die oorblywende gedeelte van die personeel het padgegee na Delagoabaai, waarvandaan hulle per skip terug na Europa is.<sup>35</sup> Die ander werknemers, onder andere die inwoners van Waterval-Boven, is gevange geneem en "...met hunne Huisgenooten op de open goederenwagens vervoerd..." na Pretoria.<sup>36</sup> Dit was die einde van 'n veelbewoë tydperk van drie maande, waartydens die lewensomstandighede van die Nederlandse NZASM-werknemers dramaties verander het.

### 17.5 Tydens die Britse besetting

Die Britse besetting van Johannesburg en Pretoria, waar die meeste Nederlandse NZASM-personeel bymekaar was, het hom rustig en ordelik voltrek. Hier en daar is die personeel deur die Britte gedwing om te werk, maar dit het al gou op passiewe weerstand gestuit, en daarom is spoedig van

hulle dienste ontslae geraak. Slegs sowat sestig werklui van die Pretoriase werkplaas moes gedurende drie maande - teen betaling - gedwonge arbeid verrig.<sup>37</sup> Die Britte was eintlik al vanuit die staanspoor nie juis gretig om verder van die NZASM-personeel gebruik te maak nie, soos Lord Roberts dit op 7 Junie aan Kretschmar gestel het : "Only we won't use your men because we don't trust them, and we will dismiss them. We have plenty to replace them, and this is lucky for us, don't you think so ?"<sup>38</sup>

Voorlopig het die Nederlandse en ander NZASM-werknemers niks gehad om te doen nie, en het hulle afgewag wat met hulle sou gebeur. Op 6 Junie is Kretschmar en twee hoofamptenare aangesê om binne 24 uur die land te verlaat. Westenberg vertel wat verder gebeur het :<sup>39</sup>

"Later werd dit veranderd en kon Kretschmar blijven om hier de belangen der Mij. te blijven behartigen, maar moeten alle andere werknemers die geen transvaalsch burger waren... zich gereed houden om op de eerste kennisgeving te kunnen vertrekken. De militaire overheid schijnt wel zeer gebeten op de rol die de Zasm in de oorlog heeft gespeeld. En sedert dien hebben we hier loopen niets doen en ons vervelen."

Die sorg vir die talryke personeel, waarvan baie getroud was en wat nou skielik hulle werk verloor het, het die ernstige aandag van die Direksie geniet, en alles wat moontlik was is gedoen om hulle te help. Ingevolge Dienstorder No. 50 is bepaal dat die personeel in permanente diens, wat nie uit Suid-Afrika gedeporteer sou word nie, vanaf 15 Julie voorlopig as nie-aktief beskou is. Getroudes sou twee-derdes van hulle salaris behou, en ongetroudes die helfte.<sup>40</sup> Dienstorder No. 51 het aangekondig dat alle los personeel met uitbetaling van 'n maand se salaris ontslaan sou word.<sup>41</sup> Omdat die NZASM se geldvoorraad in Suid-Afrika steeds meer gekrimp het, is ingevolge Dienstorder No. 53 op 18 September aangekondig dat die nie-aktiewe salaris vir personeel in Suid-Afrika gestaak sou word.<sup>42</sup> Dit was tewens die laaste Dienstorder wat die personeel sou sien. Op 8 Junie 1900 het die eerste van 'n hele reeks Bekendmakingen verskyn, wat tot einde September 1900 voortgesit sou word, en waarin die Nederlandse en ander personeel wat die land moes verlaat daagliks van reëlings insake hulle vertrek in kennis gestel is. Hiermee het die laaste episode van hulle verblyf in Suid-Afrika aangebreek.

## 17.6 Terug na Europa

Op 6 Junie 1900 het Lord Roberts aan Kretschmar meegedeel dat die Britte nie van die NZASM-werknemers se dienste gebruik sou maak nie,

"because we don't trust them", en dat die nie-burgers na Europa gerepatrieer sou word.<sup>43</sup> Dit was natuurlik uiters onaangename nuus, onder andere vir diegene wat gevestigde belang in Transvaal gehad het, soos byvoorbeeld eiendomme. Die NZASM het dan ook betyds voorsiening probeer tref vir hulle wat die land moes verlaat, en so is in Pretoria twee prokureurs aangestel om volmagte te kry vir die voortgesette behartiging van die gerepatrierde se sake.<sup>44</sup> Een van die persone wat daardeur geraak is was Westenberg, wat nog 'n groot verband op sy nuwe huis moes afbetaal.


Omstreeks 20 Junie het die militêre owerhede ten slotte opdrag gegee vir die deportasie van sowat 1 400 NZASM-mans, -vroue en -kinders.<sup>45</sup> Hulle sou na Oos-Londen vervoer word, waar hulle per skip na Europa sou vertrek. Die personeel is aangesê om op kort kennisgewing (24 tot 72 uur) gereed te wees om te vertrek. Vir elke man, vrou en kind is 'n sekere hoeveelheid handbagasie toegelaat, wat hulle self moes pak, vervoer en laai.<sup>46</sup>

Die groot vraag vir die meeste was natuurlik wat om met hulle besittings te maak. Sommiges het dit verkoop, meestal teen 'n appel en 'n ei. Ander weer het hulle goedere in groot paksoure geberg, en party het besluit om alles net so agter te laat.

Vir die Nederlandse NZASM-personeel was dit dae vol van spanning en onsekerheid, sodat die bekendmaking van die vertrekdatum as 'n verligting moes gekom het. Heelwat kere het dit gebeur dat die vertrek uitgestel moes word, wat uiteraard uiters frustrerend en ongerieflik was, omdat hulle met die oog op die vertrekdatum sonder enige voedsel, huisvesting en besittings gesit het.

Op 27 Junie 1900 het die eerste groep NZASM-personeel met hulle gesinne na Oos-Londen vertrek.<sup>47</sup> Teen die einde van September het die laaste groot groepe Transvaal verlaat, maar tot die einde van dié jaar sou nog NZASM-personeel in klein getalle gedeporteer word. Die treinreis was besonder ongerieflik (FIGUUR 31) :<sup>48</sup>

"Het vervoer uit de Zuid-Afrikaansche Republiek naar East-London vond plaats voor vrouwen en kinderen in kafferwagens (in sommige treinen veewagens) waarin men in 't minste niet beschut was tegen koude en regen; de mannen werden in open bakwagens vervoerd; zeer slechte vervoermiddelen, het jaargetijde [winter!] in aamering genomen. Het is onmogelijk te beschrijven hoeveel koude en ellende op die reis geleden is; sommige treinen kwamen na 72 uur sporen, met de reizigers geheel doorweekt van de regen te East-London aan. Voeding bestond uit corned beef, brood, kaas en jam en in vele treinen was de voeding nog minder."



FIGUUR 31 Deportasie van NZASM-personeel, Junie-September 1900. Hierdie foto, wat toon hoe die mans in oop trokke klim, is waarskynlik op Braamfontein-stasie (Johannesburg) geneem. (Transvaalse Argiefbewaarplek)

Die eerste skip met "banneling", soos die Nederlandse NZASM-personeel hulself betitel het, was die Arundle Castle, wat op 4 Julie 1900 met 555 persone aan boord uit Oos-Londen vertrek het.<sup>49</sup> Tot aan die einde van dié jaar het 'n hele aantal skepe van die Union- en die Castle-rederye vir die vervoer diens gedoen. Toestande aan boord was, veral op die Arundle Castle, allesbehalwe rooskleurig.<sup>50</sup> Die mans is in donker en ongeeventileerde ruime geprop, terwyl die vrouens en kinders in oorvol kajuite gehuisves is. Sanitasie, badfasiliteite, voeding, alles was onvoldoende en gebreklig. Veral babas en klein kinders het natuurlik swaargekry, en 'n paar is dan ook tydens die reis oorlede en ter see begrawe.<sup>51</sup> Dit moet egter onthou word dat die skepe hoegenaamd nie op so 'n groot aantal passasiers bereken was nie. Die skepe wat ná die berugte eerste reis van die Arundle Castle vertrek het, het darem aansienlik minder banneling aan boord geneem.

Die skepe het direk na die Nederlandse hawestad Vlissingen gevaa. Die eerste boot (die Arundle Castle) het hier op 5 Augustus gearriveer.<sup>52</sup> Daar is bereken dat teen 1 Mei 1901 uiteindelik 'n totaal van 1 689 NZASM-werknemers na Europa teruggekeer het.<sup>53</sup> Met die aankoms in Vlissingen was alles vir hulle ontvangs gereël. Hulle kon dus direk na hulle plekke van bestemming deuureis, nadat hulle in kennis gestel is van die situasie en wat deur die NZASM en ander instellinge vir die personeel gedoen sou word.

Wat dit behels het, en hoe dit na die oorlog verder gegaan het, daaroor handel die laaste hoofstuk. Hierin gaan dit oor 'n totaal nuwe era in die lewe en die lewensomstandighede, wat die Nederlandse NZASM-werknemers betref het, hoe dit hulle geraak het en hoe hulle, ten spyte van andersoortige en soms moeilike omstandighede, tog daarin geslaag het om 'n gemeenskaplike band nog jare lank te handhaaf, waardeur die naam van die NZASM tot op hede toe gehoor is.

Verwysings : Hoofstuk 17

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 281 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1900-05-22.
2. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Geluk, 1894-06-07, oor die Malaboch-oorlog; Heidelberg, 1895-03-10, oor die Swaziland-veldtog; ARA : Archief NZASM 278 : Middelberg - Bake, Pretoria, 1898-10-31, oor die Magato-oorlog.
3. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 52.
4. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I, p 270.
5. NZASM-archief A. Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Heidelberg, 1896-01-03; Archief ZASM, Amsterdam : Ontwerp-statuten van Z.A.S.M. Schiet-Corps te Pretoria, opgericht op...1896.
6. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 32, Pretoria, 1899-09-06 ("Instructie voor het personeel hoe te handelen in geval een gedeelte der lijn door eene vijandelijke macht wordt in bezit genomen").
7. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 33, Pretoria, 1899-09-07 ("Commando-Diensten").
8. NZASM, Jaarverslag 1899, pp 6-8; Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 36, Pretoria, 1899-09-29.
9. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 35, Pretoria, 1899-09-20 ("Commando-diensten"):
10. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1899-10-08, meld dat hy die Hollanderkorps se Velddienst ontmoet het, wat op pad was na Natal, maar dat hy min spoorweglui opgemerk het.
11. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 105.
12. Ibid, p 107.
13. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1899-10-01.
14. Vir hierdie oorsig is grotendeels gebruik gemaak van In Memoriam N.Z.A.S.M., p 112 et seq.

Verwysings : Hoofstuk 17 (vervolg)

15. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1899-11-18.
16. A.J. Veenendaal jr. (red.), Een spoorwegingenieur onder vuur. Brieven van ir. M. Middelberg uit de Boerenoorlog 1899-1900, Nederlandse Historische Bronnen, 1985, p 259.
17. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 110.
18. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Elandslaagte, 1899-12-18.
19. Ibid.
20. In Memoriam N.Z.A.S.M., pp 110, 126-127.
21. Vir hierdie oorsig is grotendeels gebruik gemaak van In Memoriam N.Z.A.S.M., p 110 et seq.
22. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 110 insake die getal.
23. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : N.K.Huijsman - Th.C. Geudeker, Kaalfontein, 1900-01-16. Goudszaard het op 1899-11-22 om die lewe gekom.
24. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 39, Pretoria, 1899-11-21 ("Uitbetaling salarissen").
25. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Newcastle, 1900-03-01.
26. Ibid, Pretoria, 1900-05-18.
27. Oor hierdie episode, sien R.C. de Jong, "Spoorbrug half vijf gesprongen", Zuid-Afrika, 10(11/12), Nov.-Dec. 1983, pp 154-155.
28. NZASM, Jaarverslag 1900, pp 15-16.
29. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 45, Pretoria, 1900-05-14.
30. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1900-06-02.
31. Ibid, Pretoria, 1900-06-24.
32. Oor die wedervaringe van die personeel te Randfontein en Krugersdorp word verwys na die opsigter B. de Roever se Rapport van het verrichtte door en het gebeurde met het Zasmpersoneel van Randfontein vanaf Juni 1900 (Archief ZASM, Amsterdam).

Verwysings : Hoofstuk 17 (vervolg)

33. NZASM, Jaarverslag 1900, p 39.
34. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport betrekking hebbende op de derde afdeling der Oosterspoorweg-lijn en het daarop geplaatste wegpersoneel, traject Pretoria-Pan (KM 473-KM 299). Opgesteld door hoofdopzichter M.J. van der Harst a.b. "Braemar Castle", 2.9.1900.
35. NZASM, Jaarverslag 1900, pp 39-40.
36. Archief ZASM, Amsterdam : Rapport betrekking hebbende op de derde...
37. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 138.
38. ARA : Archief NZASM, 281 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1900-06-07.
39. NZASM-archief A.Westenberg, Markelo : Westenberg - suster, Pretoria, 1900-06-24.
40. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 50, Pretoria, 1900-06-24 ("Non-activiteit").
41. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 51, Pretoria, 1900-06-24 ("Ontslag los personeel").
42. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 53, Pretoria, 1900-09-18.
43. NZASM, Jaarverslag 1900, p 17.
44. Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 48, Pretoria, 1900-06-09 ("Britsche Occupatie").
45. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 144.
46. J. Rasch (red.), Een merkwaardig dagboek uit 1900, Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 9(10), 1939-05-13, p 26.
47. Archief ZASM, Amsterdam : Bekendmaking No. 8, Pretoria, 1900-06-21.
48. Archief ZASM, Amsterdam : Aan de Directie der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij te Amsterdam, a.b. ss Arundle Castle, 1900-07-31 (petisie waarin gekla word oor die ongerief aan boord en skadevergoeding geëis word).
49. ARA : Archief NZASM, 170.
50. Archief ZASM, Amsterdam : Aan de Directie...

Verwysings : Hoofstuk 17 (vervolg)

51. J. Rasch (red.), Een merkwaardig dagboek uit 1900, Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 9(10), 1939-05-13, p 27.
52. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 145.
53. NZASM, Jaarverslag 1900, p 23.

--o0o--

## HOOFSTUK 18

"VERANDERDE TIJDEN" : Die personeel in Nederland en Suid-Afrika voor en na die vrede

"Het naar hier terugkeeren van oud Zasm personeel komt mij hoogst gewaagd voor met het oog op de risico van het niet kunnen vinden van een werkkring."

(M.P.Barendsen in 'n brief aan die Direksie te Amsterdam, Pretoria,  
1903-01-16)<sup>1</sup>

Die NZASM se bedryf in Transvaal het in 1900 tot 'n einde gekom, maar dit sou nog geruime tyd duur voordat die maatskappy ontbind en al sy sake afgehandel sou word. Die lot van die personeel in Europa en van diogene wat in Suid-Afrika agtergebly het, was nog allermis beslis, en vir dié vraagstuk moes die Direksie eweneens 'n oplossing vind. Daar was die kwessie van skadevergoedings, die uitbetaling van salaris, die ontslag van die personeel en die finale afrekening met hulle, die vind van nuwe werk, ensomeer. Na die oorlog het sommiges na Suid-Afrika teruggekeer; ander het verkies om in Europa of ander wêrelddele 'n nuwe bestaan te vind. Vir almal het die lewensomstandighede na 31 Mei 1902 dramaties verander. Wat gedurende die veelbewoë en soms verwonde laaste dekade van die NZASM se bestaan, en in die jare daarna, gebeur het, sal in hierdie laaste hoofstuk aan die orde wees.

### 18.1 Hulpverlening

Met hulle terugkeer na Nederland het die gedeporteerde personeel oor die algemeen in 'n onbenydenswaardige situasie beland. Hulle kon slegs die nodigste uit Transvaal saamgeneem het. Hulle moes voedsel en onderdak vind, gewoonlik by vriende of familie. Sommiges het geneeskundige hulp benodig, en bowe alles het die moontlikheid dat hulle inkomste sou ophou en hulle ontslaan sou word uit die diens van die maatskappy soos 'n swaard bo die hoof gehang. Die agtergeblewe personeel in Transvaal, waaronder etlike Nederlanders en oud-Nederlanders, was nie veel beter daaraan toe nie.

Die Nederlandse pro-Boerorganisasies was op dit alles voorbereid. Die

grootste hiervan was die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV), en dié vereniging het beskik oor 'n Oorlogsfonds van sowat 1,5 miljoen gulden. Hierdie fonds het met 'n groot en landswye geldinsame=lingsaksie reeds gedurende Oktober 1899 tot stand gekom.<sup>2</sup> Uit die kas van die Oorlogsfonds het die NZAV talle NZASM-gesinne jarelank finansieel ondersteun, tot die fonds se uiteindelike ontbinding in 1912.

In 1900 het 'n aantal Nederlanders wat in Suid-Afrika woonagtig was die Nederlandsch Bijstandsfonds voor Zuid-Afrika opgerig. Die doelstelling was om finansiële en ander hulp te verleen aan oorlogslagoffers, sowel binne as buite die krygsgevangene- en konsentrasiekampe. Die finansiering van hierdie bystand het grotendeels uit Nederland gekom, waar Kretschmar na sy terugkeer as gedelegeerde van die fonds opgetree en gereeld groot somme geld van die Oorlogsfonds in ontvangs geneem het.<sup>3</sup> Die gelde van die Bijstandsfonds is in Suid-Afrika deur M.P.Barendsen beheer, die eensame verteenwoordiger van die NZASM-direksie in Pretoria.<sup>4</sup> Behalwe gereelde finansiële en materiële bydraes aan NZASM-gesinne waarvan die man op kommando of in 'n kamp was, is ook voorskotte verleen aan die NZASM-personeel wat in Suid-Afrika agtergebley het.<sup>5</sup> Tot die fonds se ontbinding in 1910 is voormalige NZASM-personeel in Suid-Afrika nog sporadies ondersteun.

'n Ander probleem wat deur die NZAV en ander Nederlandse pro-Boervereni=gings aangespreek is, was die vind en verskaffing van werk aan die gede=porteerde Nederlandse NZASM-personeel. In hierdie verband sou die NZAV se Informatie-Bureau en Commissie voor Emigratie (opgerig in 1896) 'n sleutel=rol speel.<sup>6</sup> Die Bureau was goed voorbereid op die aankoms van hierdie honderde "displaced persons" uit Transvaal, en het vantevore omsend=briewe aan die NZAV se afdelings en aan die besture van alle spoor- en tremweë in Nederland gestuur, met 'n versoek om behulpsaam te wees met die verskaffing van werk. Hierdie omsendbriewe is ook in die pers gepubliseer. Heelwat gunstige reaksies is hierop ontvang. Na die aankoms van die eerste groep gedeporteerde NZASM-personeel (Augustus 1900) het die Bureau 'n lys van personeel wat nuwe werk gesoek het, gepubliseer.<sup>7</sup> In totaal het sewe sulke lyste verskyn. Tewens het die Bureau en ook die NZASM van tyd tot tyd aan die uitgewekenes gegewens oor vakatures, tyde=like werk en huisvesting beskikbaar gestel.

Vanaf Augustus het die Bureau dus 'n stroom briewe van hulpbehoewendes ontvang, wat hulle tot die NZAV gewend het as een van die aangewese instansies om bystand te verleen. Uit die honderde briewe spreek die leed en die ontwrigting wat die oorlog en die gedwonge repatriasie by die NZASM-werknemers veroorsaak het. Een van hulle was Jacob Punt, vader van wyle dr. Willem H.J. Punt. Hy het vanuit Noordwijk in Augustus 1900 die volgende geskryf :<sup>8</sup>

"Gedurende de laatste jaren was ik in Afrika werkzaam als Stationschef v/d Hoofdstations, en zou op grond daarvan wanneer mogelijk een zoodanige of daarmee gelijkstaande betrekking in Holland willen vervullen. 't Is voor iemand die eens a/h Hoofd stond van groote Stations zeer lastig later als ondergeschikte dienst te doen."

Deur bemiddeling van die Bureau het heelwat Zasmers werk by die verskillende spoorweë in Nederland gekry. Enkeles is aangestel by die Nederlands-Indiese Staatsspoorwegen, en sowat veertig het 'n betrekking gevind in die VSA. Die meeste moes elders 'n heenkome soek.

In Januarie 1901 het die NZASM uitstel van betalings aan skuldeisers verkry. Daardeur het dit vir die maatskappy onmoontlik geword om daardie gedeeltes van personeel se salarisse terug te betaal, wat ingevolge Dienstorder No. 39 (November 1899) by die Spaarkas gedeponeer was (kyk Hoofstuk 17). Dit sou 'n verdere slag vir die personeel beteken. Om hierdie rede het die NZASM en die NZAV die Voorschotcommissie Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij in Mei 1901 te Amsterdam opgerig. Hierdie kommissie sou onder sekere voorwaardes voorskotte aan dié personeel, wat probleme ondervind het vanweë die opgeskorte terugbetaling van hulle deposito's, verstrek.<sup>9</sup> Weer was dit die NZAV se Oorlogsfonds wat hierdie kommissie gefinansier het.<sup>10</sup> Tot einde September 1902 het die kommissie 1 956 voorskotte verleen ten bedrae van 271 679 gulden, waarvan 1 423 in Nederland en die res in Suid-Afrika (via Barendsen in Pretoria) en ander lande uitbetaal is.<sup>11</sup> Dit gee 'n idee van die aantal Nederlandse NZASM-personeel in Nederland en die finansiële nood waarin die meeste verkeer het.

#### 18.2 Uitbetalings en ten slotte "eervol ontslag"

Waar die NZAV en ander Nederlandse pro-Boerorganisasies hulle aktief beywer het om die teruggekeerde Nederlandse NZASM-personeel met raad en

daad by te staan, het die NZASM self ook nie stilgesit nie, en moes hy aandag gee aan die afhandeling van sy personeelsake.

Die personeel wat uit Suid-Afrika gedeporteer is, is deur die Direksie in Amsterdam as "onvrywillige" of "buitengewone" verlofgangers beskou, sonder salaris. Om in hulle lewensorghoud te voorsien sou hulle 'n sekere maandelikse toelae ontvang.<sup>12</sup> Omdat die beskikbare fondse egter voortdurend minder geword het, was die NZASM genoodsaak om alle personeel buite Suid-Afrika, wat ná 31 Desember 1897 permanent aangestel en in Transvaal werksaam was, op 30 November 1900 "eervol uit den dienst te ontslaan".<sup>13</sup> In Desember het 'n verdere besuinigingsmaatreël gevolg, toe alle getroude werkneemers, wat reeds vyf maande lank 'n toelae ontvang het, in kennis gestel is dat hulle toelaes aan die einde van dié maand gestaak sou word.<sup>14</sup>

Toe in Januarie 1901 aan die NZASM uitstel van betaling van skulde verleen is weens die maatskappy se finansiële krisis, moes die Direksie met 'n swaar hart aankondig dat hy op 31 Maart 1901 die res van sy nie-aktiewe personeel sou ontslaan, en op daardie datum ook alle toelaes sou staak. Die personeel se reg op terugbetaling van reiskoste na en van Suid-Afrika, uitkerings by ontbinding van die Spaar- en Ondersteuningsfonds (vir die pensioene en ongeskiktheidstoelaes - kyk Hoofstuk 8) en ander gelde is egter nie daardeur geraak nie.<sup>15</sup> Vir die meeste van die Nederlandse NZASM-werkneemers het hierdie nuus as 'n groot skok gekom, en het hulle tot die besef gekom dat daar vir die NZASM geen hoop meer was nie.

Gedurende die maande wat gevolg het, het die personeel in Nederland, Europa, Suid-Afrika en elders ter wêreld elkeen 'n sertifikaat van "eervol ontslag" ontvang, asook 'n Financieel Overzicht, waarin uiteengesit is wat die NZASM hulle nog skuldig was.<sup>16</sup> Totdat die uitstel van betaling opgehef sou word, kon die NZASM egter nog nie finaal met sy personeel afreken nie. (FIGUUR 32)

Ondertussen het 'n groot aantal Nederlandse NZASM-werkneemers hulself begin mobiliseer, en op 8 September 1900 'n vereniging opgerig wat huile belang moes behartig, die Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoer-Weg-Maatschappij-Personeel.<sup>17</sup> Die Bond was van mening dat die personeel nog steeds reg gehad het op een of twee maande salaris ná die ontslag-datum (31 Maart 1901), soos kontrakteel bepaal in amptenare en beampies

# Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij.

De Directie der *Nederlandsche Zuid-Afrikaansche*  
*Spoorweg-Maatschappij* verleent bij deze met ingang van

31 Maart 1901.

aan den Ambtenaar af Reede en  
C. Hegie

## EERVOL ONTSLAG

uit den dienst der Maatschappij.

Oversig. Med: 9 del. 25 Januari 1901  
Amsterdam, den 7 Jun: 1901

De Directie vooroemd,

16.05. 0.10.  
30.00. 0.  
P.  
V.  
Handtekening

FIGUUR 32 Sertifikaat van "eervol ontslag", verleent aan die amptenaar C. Hegie op 7 Junie 1901 (Archief ZASM)

se Rechten en Verplichtingen.<sup>18</sup> Die NZASM het diē reg nie erken nie, waarna die Bond gepoog het om deur bemiddeling van die gereg 'n eis tot betaling in te stel. Dit het egter in April 1905 misluk.<sup>19</sup> Ondertussen het die Bond ook alreeds pogings in werking gestel om by die Britse en Nederlandse regerings skadevergoeding vir die uitgeweke NZASM-personeel te bewerkstellig.

Op 23 Januarie 1904 het die goeie nuus gekom dat die NZASM se uitstel van betaling opgehef is. Onmiddellik hierna is aan die personeel hulle deposito's uitbetaal ('n gedeelte van hulle salaris), wat sedert Januarie 1901 in die Spaarkas bevries was, sodat gedeeltelik aan die Bond se eise voldoen is.<sup>20</sup> Dit sou egter tot April 1906 duur voordat die finale afrekening met die hele personeel 'n aanvang sou neem.<sup>21</sup> Hiervolgens is alle werknemers vergoed vir hulle reis na Europa (waarop hulle ingevolge die Rechten en Verplichtingen geregtig was), het hulle driekwart van hulle maandsalaris oor 1899 as bonus (gratificatie) ontvang, asook een en twee maande se salaris aan beampies en amptenare onderskeidelik. Met sowat 2 500 voormalige werknemers wat oor die hele wêreld verspreid was, is dit begrypplik dat dit maandelank geduur het voordat almal hulle geld ontvang en die NZASM sy verpligte nagekom het.

### 18.3 Eise om skadevergoeding

Terwyl die Nederlandse NZASM-werknemers die afwikkeling van die NZASM se finansiële verpligte teenoor hulle in spanning en soms met ongeduld afgewag het, het 'n ander saak hulle gemoedere ook besig gehou. Soos reeds in Hoofstuk 17 beskryf is, het hulle almal by die haastige vertrek uit Transvaal groot materiële verliese gely. Dit spreek dus vanself dat hulle ná terugkeer in Nederland pogings begin aanwend het om hiervoor vergoed te word.

Voordat daar van regeringsweë ernstige aandag aan die kwessie van skadevergoeding gegee is, was daar reeds etlike NZASM-werknemers wat op eie houtjie brieve aan die Direksie en die Nederlandse Ministerie van Buitelandse Sake in diē verband geskryf en eise ingedien het.<sup>22</sup> Behalwe dat die NZASM uitstel van betaling gekry het, was die toekoms van die maatskappy in hande van die Britse regering, en was die hele personeelsituasie nog onafgehandel, sodat aan eise van individuele persone geen aandag geskenk kon word nie.

Daar was ook nog diegene wie se meubels en ander besittings nog in Pretoria was, gestoor in pakhuise. Aan die begin van 1902 het M.P.Barendsen hier begin met die verkoop van dié goedere, en so was die eienaars in Nederland van 'n mate van kompensasie verseker.<sup>23</sup> Natuurlik het hulle heelwat minder gekry was wat oorspronklik vir die goedere betaal is, maar dit was darem iets.

Op 5 Februarie 1902 is in Nederland van regeringsweë die Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen ingestel. Die opdrag was om 'n bedrag van £37 500 (f463 884) onder diegene te verdeel wat skade en verliese as gevolg van Britse militêre optrede in Suid-Afrika gely het. Hierdie £37 500 was deur die Britse regering vir dié doel beskikbaar gestel. Eise om skadevergoeding moes voor 9 September ingedien word. Ongeveer 1 119 aanvrae is ontvang, waarby 'n totale bedrag van 8,5 miljoen gulden gemoeid was.<sup>24</sup>

Daar was slegs f463 884 beskikbaar; dus moes die kommissie baie krities na die eise kyk, kategorieë bepaal wat wel in aanmerking sou kom, en die twyfelgevalle uitsif. In Oktober is na heelwat gewik en geweeg 'n finale lys van NZASM-werknemers en ander persone, wat skadeloosstelling sou ontvang, opgestel.<sup>25</sup> Onder die name tref 'n mens etlikes aan wat reeds in vorige hoofstukke vermeld is, byvoorbeeld ingenieur C.M.Frylinck (wat f 2 115 ontvang het), W.Goppel (f132), J.Mannoury (f57), J.Punt (f846) en andere. Dit lê voor die hand dat talle Nederlandse NZASM-werknemers geen skadeloosstelling gekry het nie, en dat diegene aan wie wel iets toegestaan is nie eers die volle pond ontvang het nie. Dit was egter die beste wat die kommissie vir die NZASM-personeel kon doen.

Die Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoorweg-Maatschappij-Personeel was uiteraard nie met die grootte en toekenning van die skadevergoeding tevrede nie. Nog in 1909 het hy by die Transvaalse Eerste Minister, genl. Louis Botha, op verdere skadevergoeding aangedring.<sup>26</sup> Hieraan is egter geen gehoor gegee nie. Die NZASM was toe alreeds ontbind, en die lot van sy voormalige werknemers het stadigaan tot die verlede begin behoort.

#### 18.4 Tussenspel : Die einde van die NZASM<sup>27</sup>

Op 12 September 1900 het die Britse regering formeel beslag gelê op alle eiendomme van die maatskappy. Alles is onder regstreekse beheer van die

Imperial Military Railways (IMR) geplaas. 'n Dag later het die Transvaal Concessions Commission met sy werk begin, naamlik 'n kritiese ondersoek na die NZASM- en ander konsessies in die ZAR, en in April 1901 het die kommissie se verslag verskyn. Hierin is aanbeveel om die konsessie op te skort.

Die grootste deel van die NZASM-kapitaal was afkomstig van aandeelhouers, wat geen seggenskap in die maatskappy se beleid kon uitoefen nie. Ter beskerming van hulle belang het die Nederlandse, Franse en Duitse aandeelhouers reeds "beskermingskomitees" gestig, wat begin het om druk op die Britse regering uit te oefen. In Augustus 1903 het die Britse regering besluit om alle aandele wat nie aan die ZAR-regering of 'n direksielid van die NZASM behoort het nie, aan te koop. Sodoende het die Nederlandse en Duitse aandeelhouers van hul aandele ontslae geraak. Die Franse het egter hulle aandele van die ZAR-regering gekoop, en eers met groot moeite dit in Augustus 1906 aan die Britse regering verkoop.

Intussen het die Nederlandse regering hom beywer vir die afhandeling van die NZASM se sake. Die Britte was bereid om 'n skikking te tref. In November 1907 is in Londen 'n konferensie gehou, waarop die twee Direkteure (Bake en Kretschmar), 'n verteenwoordiger van die Transvaalse koloniale regering en 'n amptenaar van die Britse Colonial Office aanwesig was. Die konferensie het gelei tot 'n ooreenkoms. Die Britse regering sou alle opgekopte aandele vernietig, die Transvaalse koloniale regering sou 'n bedrag beskikbaar stel om deur die NZASM aan sy skuldeisers betaal te word. Ook sou die Transvaalse regering voldoen aan die skuldeise van die Natalse en Kaapse regerings teenoor die NZASM. Hierteenoor moes die NZASM: sy besittings in Delagoabaai en sy skuldbewyse aan die Transvaalse koloniale regering oordra; geen verdere skadevergoeding eis nie; spoedig ontbind.

'n Algemene vergadering van NZASM-aandeelhouers het op 10 Augustus 1908 die skikkingsvoorstelle van die Britse regering aanvaar. Nadat op 1 Oktober die bedrae aan die skuldeisers betaal is, is ooreenkomstig die aandeelhouers se besluit verklaar dat die NZASM op 13 Oktober ontbind is. Op 3 April 1909 is die eindrekening aan die aandeelhouers aangebied.

Hiermee het die kort maar roemryke bestaan van die NZASM geëindig.

#### 18.5 Tydens en na die oorlog : Die personeel in Nederland

Na die terugkeer in Nederland moes die Nederlandse spoorwegpersoneel nie alleen weer aan nuwe lewensomstandighede gewoond raak nie, maar moes die oorgrote meerderheid met slegs geringe finansiële en materiële middelle van vooraf begin.

Sowat tweehonderd werknemers was so gelukkig om deur bemiddeling van die NZAV teen die einde van 1900 weer werk te hê.<sup>28</sup> Gedurende 1901 sou 'n verdere 64 persone by die verskillende spoorwegmaatskappye in Nederland aangestel word.<sup>29</sup>

Omdat dit na die oorlog moeilik was om na Suid-Afrika terug te keer en daar nuwe werk te vind, laat staan om weer by 'n spoorwegonderneming aangeset te word, het 'n groot deel van die gedeporteerdes verkies om in Nederland of elders te bly. Hoeveel dit presies was is tot op hede onbekend. Met verloop van tyd het die meeste daarin geslaag om 'n nuwe werkkring te vind. Ander was te oud of onbekwaam om nog te werk, en moes ondersteun word, terwyl etlikes, soos Westenberg (1902), kort na die oorlog oorlede is.

In November 1902 het die NZASM besluit om sy Spaar- en Ondersteuningsfonds waaruit pensioene en ongeskiktheidstoelaes betaal is, te ontbind. Die polishouers is die keuse gegee of hulle hul polisse wou oorneem of wou laat verval.<sup>30</sup> Omstreeks 1908 is die ontbinding van die fonds afgehandel.

Deurdat die Spaar- en Ondersteuningsfonds ontbind het, die NZASM self ook in 'n proses van likwidasie was en die pro-Boerorganisasies wat voorskotte en ander vorme van hulpverlening verstrek het, geleidelik hulle werkzaamhede beëindig het, sou talte voormalige NZASM-werknemers in Nederland in 'n moeilike situasie te lande gekom het indien dit nie was vir die oprigting van 'n nuwe ondersteuningsfonds nie.<sup>31</sup> Op dieselfde dag as wat die NZASM ontbind is (3 April 1909) is die Ondersteuningsfonds voor Oud-ZASM Personeel woonachtig in Nederland in die lewe geroep. Die geld hiervan was afkomstig uit toevallige bates wat met die ontbinding van die maatskappy oorgebly het. Voormalige personeel in Nederland, wie se finansiële posisie benard was, sou in aanmerking vir eenmalige of periodieke geldelike ondersteuning kom. In 1917 is die beheer van die fonds aan die Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (waaroor meer in

afdeling 18.7) oorgedra. Die fonds het tientalle persone ondersteun. Teen 1938 is nog ongeveer 33 gesinne onderhou. Die fonds se laaste jaarverslag was dié oor 1941. Wat sedertdien gebeur het, is onseker. Wel is dit so dat die gemiddelde leeftyd van diegene wat ondersteun is teen 1938 sewentig jaar beloop het, sodat die fonds na dié datum nie meer al te lank aktief kon gewees het nie.

Die kwessie van verdere skadevergoeding het die gemoedere van die voormalige NZASM-personeel in Nederland nog jare lank besig gehou. Gedurende 1913 is 'n nuwe vereniging opgerig met die doel om skadevergoeding weens die verlies van werk te bewerkstellig. Hierdie vereniging, bekend as die Landelijke Bond van oud Z.A.S.M.-personeel het die ou Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoorweg-Maatschappij-Personeel geïnkorporeer.<sup>32</sup> Die nuwe Bond het egter waarskynlik mettertyd sy eise laat vaar en hom met ander dinge besig gehou. Daar is verder nie veel oor hom bekend nie. In 1934 het sy naam weer opgeduik toe hy 'n bydrae gegee het vir die oprigting van die bekende monument vir oorlede NZASM-personeel, wat dié jaar te Waterval-Boven onthul is.<sup>33</sup>

In die dekades na die einde van die Anglo-Boereoorlog het dit in Nederland rondom die NZASM en sy personeel al hoe stiller geword. Uit hierdie dalende stilte kan 'n mens aflei dat 'n era besig was om verby te gaan.

#### 18.6 Tydens en na die oorlog : Die personeel in Suid-Afrika

"De Zasm menschen die hier zonder werk rondloopen zijn bijna allen Afrikaanders, Hollanders zijn er geloof ik bitter weinig meer", het M.P. Barendsen in Januarie 1902 opgemerk.<sup>34</sup> Na die deportasie van honderde Nederlandse NZASM-werknemers het slegs enkeles in Suid-Afrika agtergebly, vermoedelik meestal oud-Nederlanders en persone wat op kommando was.

Gedurende die jare 1901-1907 was Barendsen, voormalige hoofboekhouer van die NZASM in Pretoria, die maatskappy se gedelegeerde in Suid-Afrika, en moes hy feitlik man-alleen die personeelsake en die afhandeling daarvan behartig. Hy was deurentyd gemoeid met die verlening van voorskotte aan personeel en hulle gesinne, en na Maart 1901 het die ontslag van tientalle werknemers (kyk afdeling 18.2) hom ook baie besig gehou.

Na die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) het Barendsen se werksaamhede nog drukker geword met die terugkeer van talle NZASM-mense van kommando of uit die krygsgevangenekampe. Almal het by hom om hulp kom aanklop. Baie was onder die indruk dat die NZASM weer binne afsienbare tyd sy werksaamhede sou hervat, soos Barendsen aan die Direksie in Amsterdam geskryf het : "De eerste vraag is bij allen : wanneer kunnen wij weder voor de Zasm gaan werken...?"<sup>35</sup> Hy het geen ander keuse gehad nie as om aan hierdie mense 'n sertifikaat van "eervol ontslag" te gee en te belowe dat die NZASM op een of ander tyd finaal met hulle sou afreken.

Op advies van Barendsen het heelwat in diens gegaan by die Central South African Railways (CSAR), wat die Transvaalse en Vrystaatse spoorweë oorgeneem het.<sup>36</sup> Baie het geweier en die ou NZASM bly verkieë.<sup>37</sup> Heelwat van die mense wat teruggekeer het was natuurlik in sak en as en moes deur Barendsen met voorskotte uitgehely word.

'n Saak wat vir Barendsen 'n probleem geword het, was die terugkeer van talle voormalige NZASM-werknemers uit Nederland. Hierdie mense was nie altyd behoorlik ingelig oor die nuwe situasie in die land nie, omdat dit moeilik was om in Europa betroubare inligting te bekom. Ook het die Britse regering beperkende maatreëls op die immigrasie na die voormalige Boere-republieke geplaas. Ten spyte van dit alles het 'n groot deel van die gedeponeerde personeel reeds aan die einde van 1902 die reis na Suid-Afrika aanvaar.<sup>38</sup> Barendsen het hierteen gewaarsku, omdat die mense die risiko geloop het dat hulle nie maklik werk sou vind nie, en dat veral by die CSAR weinig kans vir hulle bestaan het.<sup>39</sup>

Met die opheffing van die NZASM se uitstel van betaling in Nederland (Januarie 1904) kon ook 'n begin gemaak word met die uitbetaling aan en finale afrekening met die voormalige personeel in Suid-Afrika, wat aan Barendsen weer hande vol werk besorg het.<sup>40</sup> Vanweë slordigheid by die poswese en ander oorsake sou dit nog maande duur alvorens hierdie saak afgehandel was, en selfs teen middel 1904 het sowat agt- tot neehonderd voormalige werknemers nog steeds nie hulle ontslagsertifikaat en Finansieel Overzicht ontvang nie.<sup>41</sup> Mettertyd het almal egter hulle geld gekry.

Gedurende die jare na die oorlog het talle Nederlanders, waaronder heelwat voormalige NZASM-personeel, na Transvaal teruggekeer en geleidelik

posisies in die boubedryf, handel, industrie, onderwys en ander beroepsvelde ingeneem. Veral in die onderwys het hulle baie aktief geword en 'n leidende rol in die CNO-beweging gespeel. Van die voormalige NZASM-personeel het slegs 'n klein aantal werk gevind by die CSAR. Die res moes ander betrekkinge soek, en het dus in die bankwese, winkelbedryf, boubedryf, perswese en elders posisies ingeneem.

Die Nederlanders in Suid-Afrika was na die Anglo-Boereoorlog in 'n merkwaardige posisie. Hulle was as 't ware tussen twee vure. Dit was vir hulle nie maklik om aansluiting by die Afrikaans- of Engelssprekendes te vind nie. Soos voor die oorlog het die meeste Nederlanders weer hulle krag en kulturele identiteit in relatiewe isolasie gesoek. Binne twee jaar na die oorlog het heelwat vooroorlogse verenigings weer begin funksioneer, waarby ook die voormalige Nederlandse NZASM-personeel aangesluit het. Hierdie verenigings het wal gegooi teen die verengelsingsbeleid wat na die oorlog gevoer is, en was daarom ook vir die ontwikkeling van die Afrikanerkultuur van groot betekenis.

"Het zal nog lang duren voordat de oude welvaart is teruggekeerd, dat iedereen weer een beetje beter ter been is en zich uit de ellende zal hebben opgewerkt", het die voormalige NZASM-werknemer Van Kralingen in 1907 geskryf.<sup>42</sup> "Salarissen als de Zasm destijs zijn tegenwoordig niet meer in zwang...", het hy bygevoeg. Eers in 1910 het die ekonomie weer begin opleef, en het dit ook met die voormalige NZASM-werknemers beter begin gaan.

In teenstelling tot Nederland sou dit tot 1934 duur voordat die oud-Zasmers in Suid-Afrika hulself in 'n vereniging georganiseer het. Die aanleiding hiervoor was die onthulling van die monument te Waterval Boven op 28 Augustus 1934. By hierdie geleentheid was vir die eerste keer meer as honderd oud-personeellede byeen, en op dié dag is daar besluit om die Bond van Oud-Z.A.S.M.-Personeel (BOZP) op te rig.<sup>43</sup> Ten tye van die stigting het die Bond 101 lede getel. Gedurende 1941 het die ledetal met 379 sy hoogtepunt bereik. Die meeste lede was Nederlanders, en die res hoofsaaklik Afrikaners.

Die BOZP het periodiek gesellige aande en ander byeenkomste gehou en was betrokke by verskillende geleenthede waarby die NZASM herdenk is. Veral

na 1945, toe die laaste groot NZASM-herdenking plaasgevind het, het die ledetal deur afsterwe geleidelik afgeneem. Die belangstelling het ook gedaal, sodat die BOZP in 1954 formeel ontbind is.<sup>44</sup> Vandag is daar van die Nederlandse spoorwegpioniers uit die NZASM-era niemand meer in lewe nie.

#### 18.7 "Ter nagedachtenis"

Die geskiedenis van die Nederlandse NZASM-personeel is nie "dood" of "stowwerig" nie, en bestaan nie net uit bros argiefdokumente, vergeelde foto's en enkele fondasies in die veld nie, waar eens hulle huise gestaan het. In die vorm van boeke, 'n vereniging en 'n paar gedenktekens word hulle gedagtenis nog lewendig gehou, en daar is natuurlik nog heelwat tasbare herinneringe in die vorm van die huise waar hulle gewoon het, die kantore waar hulle gewerk het, die brûe waaroer hulle toesig uitgeoefen het en die begraafplase waar hulle rus. Ook hierin is hulle kulturele bydrae geleë.

Met die ontbinding van die NZASM in 1908-1909 het ook die Spaar- en Ondersteuningsfonds tot niet gegaan. In April 1909 het die voormalige Direksie van die maatskappy besluit om die oorblywende saldo van dié fonds onder die sowat 2 500 voormalige werknemers, met wie afgerekken is, te verdeel. Elkeen sou ongeveer 180 gulden as 'n "afskeids"- of "herinneringsuitkering" ontvang, ongeag rang of dienstydperk.<sup>45</sup> Dit sou die laaste wees wat die maatskappy vir sy voormalige personeel kon doen.

Die reaksie op hierdie onverwagte bonus was oorweldigend, en die talle brieue wat ontvang is spreek van groot waardering teenoor die NZASM as werkewer, en 'n gevoel van sptyt dat hy nie meer bestaan nie. Een brief trek 'n mens se besondere aandag, want hierin is verneem "...of er nog mogelijkheid zou bestaan, van Uwentwege uit de archieven der maatschappij en met medewerking van het personeel een gedenkboek te doen samenstellen...".<sup>46</sup> Gedurende 1909 het inderdaad so 'n gedenkboek verskyn, onder die titel In Memoriam N.Z.A.S.M.. Dit is buitengewoon dat 'n gedenkboek oor 'n maatskappy, wat nie meer bestaan nie, geskryf word, en getuig van die trots wat daar vir die NZASM gekoester is.

Die NZASM was nie alleen 'n spoorwegmaatskappy nie, maar ook 'n kulturele maatskappy, 'n belangrike skakel tussen Nederland en Suid-Afrika. Toe die

maatskappy in 1909 in likwidasie gegaan het, is daardeur in sekere sin die kern van die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge aangetas. Die gedagte het toe ontstaan om van die NZASM se Delgingsfonds 'n fonds te vorm waarmee die Nederlandse belang in Suid-Afrika na die oorlog weer opgebou en instand gehou sou word. Op 15 Februarie 1909 is dus in Amsterdam die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland gestig , wat met die selfde letters as die voormalige spoorwegmaatskappy (ZASM) aangedui kon word. Die ZASM, wat nog steeds aktief is, het groot en belangrike werk in verband met die kulturele en ander betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika verrig, soos die gee van subsidies aan die NZAV en aanverwante instellinge, die oprigting van 'n eie tydskrif, Zuid-Afrika, die ondersteuning van leerstoele in Nederlandse kultuurgeskiedenis aan die Universiteite van Pretoria en Kaapstad, en veel meer.

Uit 1909 dateer nog 'n verdere herdenking, toe in Pretoria en Bloemfontein gedenkplate onthul is met die name van die Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog die lewe gelaat het. Soos reeds aan die einde van Hoofstuk 17 vermeld, behoort ten minste tien van dié name aan Nederlandse NZASM-werknemers.

Gedurende 1933-1934 het in Suid-Afrika 'n beweging ontstaan wat geleid het tot die oprigting van die belangrikste gedenkteken vir die NZASM-personeel, 'n groot granietrots met daarop 'n eenvoudige geelkoper plaat met die woorde : "N.Z.A.S.M. Gewijd aan de nagedachtenis van het personeel die langs de Oosterlijn hun leven lieten".<sup>47</sup> Hierdie monument is op 28 Augustus 1934 op feestelike wyse op die stasieterrein te Waterval Boven onthul. In hulle toesprake het die sprekers wat opgetree het hulle waardering vir die werk van die NZASM uitgespreek en hulde aan sy personeel gebring.

As dank vir die betrokkenheid van die Nederlandse Gesantskap in Pretoria by die oprigting van die monument en die onthullingsfunksie, het die BOZP op 9 Oktober 'n geelkoper NZASM-stasieklok aan die Gesant aangebied.<sup>48</sup> Hierdie klok, wat in gebruik was op die Barbertonse stasie, is tans nog aanwesig in die gebou van die Nederlandse Ambassade te Pretoria.

In 1945 het die Stadsraad van Pretoria 'n kommissie benoem om die opening van die Oosterlijn, vyftig jaar tevore, op feestelike wyse te herdenk.<sup>49</sup> Die BOZP was ten nouste by die reëlings betrokke. Van 13 tot 17 Julie is

in die Stadsaal 'n tentoonstelling gehou van boeke, foto's en ander materiaal wat deur oud-Zasmers beskikbaar gestel is.

Wat 'n teenstelling tot die tydperk voor die Anglo-Boereoorlog, toe die Nederlandse NZASM-personeel ongewild en onbemind was. Dit was eers heelwat jare na die oorlog dat daar van Suid-Afrikaanse en Afrikanerkant waardering jeens die NZASM en sy werknemers bespeur kon word. Met 'n kransleggingseremonie by president Kruger se graf tydens die Pretoriase herdenkingsfeeste van 1945, het die destydse Administrateur van Transvaal, genl. J.J. Pienaar, die volgende woorde uitgespreek, waarmee hierdie hoofstuk afgesluit word :<sup>50</sup>

"Wees verseker dat ons Provincie u vandag huldig vir u baanbrekerswerk in verband met treinvervoer, en nooit sal vergeet dat Nederlandse energie, ook op hierdie gebied, 'n baie belangrike rol gespeel het in die algemene vooruitgang van Transvaal. As Hoof van die Provincie is dit my voorreg om, by hierdie unieke geleentheid, dank te betuig vir alles wat die Nederlanders vir ons land gedoen het."

--00o--

#### Verwysings : Hoofstuk 18

1. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 345 : Barendsen - Directie Amsterdam, Pretoria, 1903-01-16.
2. R.C. de Jong, Overzicht van het archief van de NZAV I, p 111.
3. R.C. de Jong, Overzicht van het archief van de NZAV II, p 31.
4. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - E. Bruchner, Pretoria, 1901-08-15, waarin hy vermeld dat hy die kas van die Nederlandsch Bijstandsfonds voor Zuid-Afrika beheer.
5. NZAV, Jaarverslag 1900, p 23; Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-01-23.
6. R.C. de Jong, "Informatie-Bureau en Commissie voor Emigratie", 1896-1905, II, Zuid-Afrika, 59(4), April 1982, p 60, insake die bemoeienis van die NZAV by die werkverskaffing aan NZASM-personeel.
7. Archief NZAV, Amsterdam : VII, VIIA/96 : Staat van personen gedwongen door de Engelsche militaire Autoriteite uit Zuid-Afrika naar Europa terug te keeren, I-VII.

Verwysings : Hoofstuk 18 (vervolg)

8. R.C. de Jong, "Informatie-Bureau en Commissie voor Emigratie", 1896-1905, II, Zuid-Afrika, 59(4), April 1982, p 60.
9. Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 11, Amsterdam, 1901-05-10.
10. R.C. de Jong, Overzicht van het archief van de NZAV I, p 111.
11. Archief NZAV, Amsterdam : Archief Vereenigde Comité's voor de noodlijdenden ten gevolge van den Zuid-Afrikaanschen oorlog -  
Overzicht van de verrichtingen, Aug. 1901, p 11;  
Overzicht van de verrichtingen, Jan. 1902, p 18;  
Overzicht van de verrichtingen, Jul. 1902, p 27.
12. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 139; Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 1, Amsterdam, 1900-08-07.
13. Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 5, Amsterdam, 1900-10-08.
14. Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 7, Amsterdam, 1900-12-03.
15. Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 9, Amsterdam, 1901-01-25.
16. ARA : Archief NZASM, 673 : Financieel Overzicht van die amptenaar J.Mannoury, 1901.
17. Archief ZASM, Amsterdam : Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoerweg-Maatschappij-Personeel, omsendbrief No. 8, Den Haag, Jan. 1905.
18. Archief ZASM, Amsterdam : Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de beambten der exploitatie, Amsterdam, Julie 1892, het voorgeskryf dat wanneer 'n beampete as gevolg van siekte of ander oorsake buite sy skuld ontslaan moes word en Suid-Afrika daardeur moes verlaat, hy 'n maand se salaris ná ontslag sou geniet (p 4, Art. 3e). Die Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren der maatschappij in Zuid-Afrika, Amsterdam, Aug. 1892 (NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria), het voorgeskryf dat dit in 'n amptenaar se geval twee maande salaris was (p 4, Art. 3f).
19. In Memoriam N.Z.A.S.M., p 147.
20. Ibid, p 147.

Verwysings : Hoofstuk 18 (vervolg)

21. Archief ZASM, Amsterdam : Mededeeling No. 14, Amsterdam, 1906-04-30.
22. Byvoorbeeld ARA : Archief NZASM, 104 : N.A. van Welie - Minister van Buitenlandse Zaken, Lage Zwaluwe, 1901-03-30, waarin hy in totaal f32 547 eis; asook J.F.L. van Hasselt - Directie Amsterdam, Hengelo, 1901-05-03, waarin hy f23 564 eis.
23. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-01-23.
24. Archief ZASM, Amsterdam : Verslag van de Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen, Den Haag, 1902-12-11, pp 1-3.
25. Ibid, pp 7-25; Archief ZASM, Amsterdam : Staat, aangevende de verdeeling door de Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen van het in Nederlandsch courant beschikbaar bedrag ad f463 884,70.
26. Archief ZASM, Amsterdam : Petisie van die Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoorweg-Maatschappij-Personeel aan die Transvaalse Eerste Minister, Den Haag, 1909-12-20, insake verdere skadevergoeding.
27. R.C. de Jong, Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij IV, Pretoriania, 95, April 1989, pp 36-38.
28. R.C. de Jong, "Informatie-Bureau en Commissie voor Emigratie", 1896-1905, II, Zuid-Afrika, 59(4), April 1982, p 60.
29. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Aanwins A 1140, C. Beelaerts van Blokland-versameling : Lys van persone wat in diens was by die NZASM en eers in 1901 gedepoorteer, wat in diens is by verskillende spoorwegmaatskappye in Nederland. Op hierdie lys verskyn 64 name.
30. Archief ZASM, Amsterdam : Omsendbrief insake die Spaar- en Ondersteuningsfonds, Amsterdam, 1902-11-01.
31. Inligting oor die nuwe ondersteuningsfonds, genaamd die Ondersteuningsfonds voor Oud-ZASM Personeel woonachtig in Nederland, is aangetref in Archief ZASM, Amsterdam, Doos : Ondersteuningsfonds : Eenige gegevens omtrent doel en werkwijze van het Ondersteuningsfonds voor... Opgestel deur die sekretaris, E. Bruchner, Bussum, Nov. 1938.
32. N.Z.A.S.M. personeel, Hollandsch Zuid-Afrika, 4(8), 1913-02-15, p 3.
33. Het Gedenkteeken te Waterval-Boven, Zuid-Afrika, 11(12), Dec. 1934, p 168.

Verwysings : Hoofstuk 18 (vervolg)

34. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-01-23.
35. ARA : Archief NZASM, 345 : Barendsen - Directie, Pretoria, 1902-06-04.
36. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-07-17.
37. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1902-11-26.
38. J. Ploeger, Herinneringe aan die N.Z.A.S.M. (1887-1908), Africana Aantekeninge en Nuus, 27(6), Junie 1987, p 238.
39. ARA : Archief NZASM, 345 : Barendsen - Directie Amsterdam, Pretoria, 1903-01-16.
40. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1904-05-01.
41. Archief ZASM, Amsterdam : Barendsen - Bruchner, Pretoria, 1904-07-07.
42. Archief ZASM, Amsterdam : Van Kralingen - Bruchner, Pretoria, 1907-05-19.
43. Oor die BOZP, sien J. Ploeger, Herinneringe aan die N.Z.A.S.M., Africana Aantekeninge en Nuus, 27(6), Junie 1987, pp 240-244; asook J. Ploeger, Bond van Oud-ZASM-Personeel (BOZP), Zuid-Afrika, 63 (5), Mei 1987, pp 74-76.
44. Berig in Zuid-Afrika, 31 (11), Nov. 1954, p 16.
45. Archief ZASM, Amsterdam : Omsendbrief insake die Herinneringsuitkeering, Amsterdam, 1909-04-03.
46. ARA : Archief NZASM, 111 : Geyer - voormalige Directie, Amsterdam, 1909-04-19.
47. Oor die oprigting van die monument op Waterval Boven, sien J. Ploeger, Die oprigting van die NZASM-monument op Waterval-Boven (1934) en die Pretoriase herdenkingsfeeste van 1945, Pretoriania, 92, Nov. 1987, pp 14-22.
48. Aanbieding van een gedachtenis aan het Nederlandse Gezantschap door de Bond van Oud Z.A.S.M. Personeel, Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 4(21), 1934-10-20, pp 9-10.
49. Oor die Pretoriase herdenkingsfeeste, sien J. Ploeger, Die oprigting van die NZASM-monument op Waterval-Boven (1934) en die Pretoriase herdenkingsfeeste van 1945, Pretoriania, 92, Nov. 1987, pp 22-25.

Verwysings : Hoofstuk 18 (vervolg)

50. J. Ploeger, Bond van Oud-ZASM-Personeel (BOZP), Zuid-Afrika,  
63(5), Mei 1987, p 75.

--oo--

### SAMEVATTING EN BESLUIT

Gedurende die negentiende eeu was daar vir Nederland en die Nederlanders steeds meer geleenthede en redes om op ekonomiese, kulturele, kerklike en ander terreine in Suid-Afrika aktief betrokke te raak. President Paul Kruger, wat diē persoon was wat die meeste Nederlanders na Suid-Afrika (Transvaal) laat kom het, het met sy "Hollanderpolitiek" in die jare 1884-1899 dan ook 'n diepere kulturele bedoeling gehad, naamlik die beskerming van die jong, ontwikkelende Afrikaanse kultuur : "President Kruger zag met zijn bewonderenswaardigen, ver-zienden blik zonneklaar in, dat, op den duur, in den cultureelen strijd om het opkamende Afrikaansche bestaan tegen het machtig opdringende Engelsch, de eenige kans op zelfbehoud en gezonden groei bestond in een, zoo naauw mogelijke aaneensluiting aan de reeds hecht verankerde en rijke Nederlandsche cultuur."<sup>1</sup> Sonder die Nederlandse steun sou hierdie kultuur waarskynlik teenoor die magtige kultuur van die Britse Ryk die onderspit delf. Dat dit nie gebeur het nie word daardeur bewys dat die Afrikaanse kultuur die Anglo-Boereoorlog oorleef en hom daarna steeds kragtiger laat geld het. Dit was teen hierdie kulturele agtergrond dat die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) as 'n politieke en 'n kommersiële maatskappy, maar tewens as 'n Nederlandse kulturele onderneeming, op die toneel verskyn het.

Hoewel die NZASM vir slegs tien jaar aktief was -die maatskappy is op 21 Junie 1887 te Amsterdam opgerig, maar het eers twee jaar later met spoorwegaanleg begin - het hy 'n belangrike rol gespeel in die geskiedenis van Suid-Afrika in die algemeen en van Transvaal in die besonder. Sy spoorlyne het ekonomiese ontwikkeling gebring, en daar is werk aan duisende Blankes en Swartes verskaf. In politieke opsigte was die NZASM 'n onlosmaaklike onderdeel van Kruger se beleid om die grootste moontlike onafhanklikheid vir die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) te bereik. Sosiaal gesproke is die Nederlandse element en invloed in Transvaal versterk deur die instroming van honderde werknemers uit Nederland. Met sy geboue en ander strukture het die NZASM die Transvaalse argitektuur= besit verryk, en sy Nederlandse personeel het die kultuurlewe gestimuleer. Ook in militêre opsigte het die NZASM 'n vername rol gespeel, soos die vervoer van manskappe en oorlogsmateriaal tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), militêre herstel- en vervaardigingswerksaamhede, vervoer van gewondes, en vernietiging van talle strukture terwyl die Britse magte na die hoofstede van die Boererepublieke opgeruk het. Die oorlog

het die einde van die NZASM beteken.

Die Nederlandse NZASM-personeel het sowat die helfte van die Blanke werknemerskorps van die maatskappy uitgemaak. Hulle was dus in staat om hulle stempel op die NZASM af te druk, sowel na binne as na buite. Vanweë hulle getalle was hulle voortdurend in aanraking met alle dele van die Transvaalse bevolking. Dit het geleenthede tot kulturele wisselwerking, maar ook tot kulturele konflik, geskep. Na buite was hulle 'n relatief homogene groep vanweë hulle gesamentlike Nederlandse afkoms, dog na binne meer heterogeen op grond van verskil in werksaamhede, provinsiale herkoms en peil van ontwikkeling. Op grond van hulle relatief jeugdige gemiddelde leeftyd en die feit dat hulle oorwegend uit die ryker en meer ontwikkelde Nederlandse provinsies gestam het, het hierdie mense sekere eienskappe geopenbaar, byvoorbeeld 'n meerderwaardigheidsgevoel, stedelike lewenswyse, drang na dade en middele om gou ryk te word, geringe godsdienssin. Hulle het daartoe geneig om die lewenswyse en -styl (kultuur), waaraan hulle in Nederland gewoond was, in Transvaal te probeer voortsit, wat enersyds tot kulturele konflik, andersyds tot kulturele bevrugting gelei het.

Wanneer 'n mens kyk na die werwing, aanstelling, besoldiging, regte, verpligtinge, voorregte en ander aangeleenthede, word die indruk gegee van 'n besondere groep mense met eiesoortige werksaamhede, waaruit ook eiesoortige probleme voortgespruit het. Vanweë die tekort aan gesikte mensemateriaal in Nederland kon die NZASM nie altyd die beste kragte bekom nie, en moes hy dus dikwels met mindere kwaliteit tevrede wees. Dit het op sy beurt aanleiding gegee tot onderlinge sosiale wrywing, en ook bygedra tot die Nederlanders se ongewildheid by Boer en Brit. Heelwat werknemers het ook hulle diensneming by die NZASM beskou as 'n middel om na Transvaal te kom en hulle fortuin te maak, gewoonlik deur te bedank wanneer hulle gemeen het dat hulle meer lonende werk gevind het. Die besoldiging het gewissel van baie middelmatig tot taamlik goed, dog van werklike rykdom was daar onder die Nederlanders weinig tekens. Die meeste het trouens familie in Nederland gehad wat finansieel ondersteun moes word, en hierdie band het bygedra tot die behoud van hulle Nederlandse karakter en hulle Nederlanderskap. Die onervarenheid en relatief swak gehalte van die personeelkorps het 'n stelsel van penalisering tot gevolg gehad wat streng toegepas is, iets wat die onderlinge verhoudinge

nie altyd bevorder het nie. Talle gevalle van ontslag en bedankings het aanleiding gegee tot 'n voortdurende hoë personeelomset, wat vir die Direksie die vraagstuk hoe om nuwe kragte te werf, vererger het. In 'n meer positiewe sin het daar geleidelik tog groter eenheid en lojaliteit ontstaan, wat veral met die Anglo-Boereoorlog geopenbaar is. In die jare daarna sou menige Nederlandse oud-Zasmer nog met weemoed dink aan die goeie ou tyd by 'n maatskappy wat, meer as enige ander onderneming, soveel vir sy personeel omgegee het.

Vanweë die hoë koste van lewensoronderhoud en die aanvanklike vreemdheid van die bestaan in Transvaal, was die lewensomstandighede oor die algemeen nie maklik nie. Hoewel duur, was byna alles wel in Transvaal verkrygbaar, maar dit was goedkoper om uit die vaderland in te voer. In 'n sekere sin was dit in 'n mate die Nederlandse spoorweglui se distansiëring van plaaslike omstandighede; meer indirek het hierdie invoere egter bygedra tot groter bekendheid van Nederlandse handelsware in Suid-Afrika.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het ongetroud na Transvaal gekom en soms so gebly, of het later hulle gesinne laat oorkom, wat aanleiding gegee het tot groter stabiliteit ten spyte van soms moeilike ekonomiese omstandighede. Sommiges het 'n Nederlandse vrou in Europa of Suid-Afrika gevind, of het met Afrikaanse meisies in die huwelik getree. Die ontstaan van soveel Nederlandse gesinne het bygedra tot die versterking van die Nederlandse element in die ZAR. 'n Ewe groot aandeel in die behoud en versterking van die Afrikaanse kultuur is egter ook deur die vermenging van Nederlanders en Afrikaners gelewer. Dit het ook gelei tot die terugkeer van vele voormalige Nederlandse NZASM-werknemers ná die Anglo-Boereoorlog, wat meegehelp het aan die voortgesette kulturele ontwikkeling van die Afrikanerkultuur.

Gewoond aan 'n andersoortige sosio-ekonomiese milieu in Europa het die Nederlanders onder die NZASM-personeel in Transvaal dikwels aanpassingsprobleme ondervind, wat tot allerlei sosiaal-maatskaplike moeilikhede aanleiding gegee het. Onderlinge wrywing, gebrekkige en verwarde leiding en onervarenheid met die werk was daarvoor verantwoordelik dat dit etlike jare geduur het voordat iets soos onderlinge harmonie, lojaliteit en 'n goeie gees onder die personeel bespeur kon word. Sekere verskynsels soos

dronkenskap, growwe taalgebruik en onbehoorlike optrede het aan die Nederlanders 'n slegte naam besorg. Hoewel die Sosialiste onder die personeel nie heeltemal in hulle oogmerke geslaag het nie, was hulle beweging tog 'n belangrike uiting van sekere sosio-politieke en -ekonomiese opvattinge in Europa, en het hulle gehelp om hierdie opvattinge in Transvaal te laat posvat. Hulle het ook heelwat bereik vir die verbettering van die personeel se salarisposisie.

Pensioene, toelaes, geneeskundige hulp ensomeer toon aan dat die Direksie van die NZASM sy bes gedoen het om die lewe vir sy werknemers so draaglik as moontlik te maak, en die maatskappy as 'n aantreklike werkkring voor te hou. Deur ondersteuningskemas en -dienste het die NZASM getoon dat hy vir sy personeel omgegee het.\* Na Europese voorbeeld het die NZASM 'n nuwe tipe werk, waaraan allerlei arbeidsvoordele verbonde was, in Suid-Afrika bekendgestel. Die versekering van al hierdie byvoordele het tot groter lojaliteit onder die personeel gelei, wat weer tot voordeel van die maatskappy gestrek het. Die NZASM het bewys dat, met goeie mediese voorsorg, die Laeveld tog nie so verskriklik en onbewoonbaar was soos baie gemeen het nie. Die werkzaamhede van die Geneeskundige Dienst was verantwoordelik vir beter gesondheid en minder sterftes onder die personeel, en het ook die algemene openbare gesondheid in sekere streke bevorder.

Met sy woonhuise wat enkel, in klein groepies, in woonbuurte of in spoorwegdorpe aangetref is, het die NZASM die aansig van stad, dorp en platteland verander. Hierdie spoorwegstrukture (huise, stasiegeboue, brûe, duikers, lokomotiefloodse ensomeer) het 'n nuwe soort argitektuur, wat in Transvaal op die toneel verskyn het, verteenwoordig, naamlik die spoorwegargitektuur. Wat styl betref is hierdie spoorwegbouwerke beïnvloed deur die herleefde Nederlandse Renaissance-styl, wat destyds ook die owerheidsgeboue van die ZAR gekenmerk het. Die uitvoering (konstruksie) daarvan was egter meer Transvaals en Suid-Afrikaans, in navolging van die strukture van die Natalse en die Kaapse spoorweë. Hoewel nog geen definitiewe bewyse vir navolging of wedersydse beïnvloeding gevind is nie, is daar 'n merkwaardige ooreenkoms in ontwerpe tussen die NZASM-huise enersyds, en die mynwerkershuisse andersyds. Die ontwerpe van die spoorweghuise, wat ná 1902 opgerig is, herinner ook sterk aan dié van die NZASM. In hoeverre die NZASM-argitektuur navolging gevind het

---

\* Kyk Bylae IV vir 'n oorsig van die geneeskundige dienste van die NZASM

is nog onseker. Dit is wel so dat die NZASM-geboue per se die Transvaalse argitekturbesit geweldig verryk het. Die ontwerpe van die NZASM-huise en ander geboue was eenvoudig, maar deurdag, die konstruksie stewig, en die versiering smaakvol, en hierdeur het die NZASM ook 'n belangrike en blywende bydrae tot die woonhuisargitektuur gelewer. Die maatskappy het sy bes gedoen om aan die huisvestingsbehoeftes van al sy personeel te voldoen, wat weer eens 'n teken is van sy betrokkenheid by die belang van sy personeel. Met die spoorweghuis op die agtergrond het die Nederlandse NZASM-werknemer in groot dele van Transvaal gevestig geraak, wat as sosio-kulturele faktor sekerlik nie sonder betekenis was nie. Sy meer gevestigde omstandighede het daartoe gelei dat hy homself meer permanent en gerieflik kon inrig. In baie gevalle is vir dié doel meubels en ander huisraad uit Nederland ingevoer, waarmee die Transvaalse materiële kulturbesit verryk is. Die vestiging van die Nederlandse spoorwegwerkennemers in Transvaal het aan die een kant gelei tot die ontstaan van spoorwegbuurte, waaraan mettertyd 'n besondere sosiale stigma gekleef het vanweë die afsydige ligging daarvan, die soort mense wat daar gewoon het en die geraas en rook van die nabijgeleë stasieterrein. Hierteenoor het die Nederlanders met hulle stasies en bybehorende aantal huise die grondslag gelê vir volwaardige dorpe wat later hieruit gegroei het, soos Komatipoort, Springs, Nelspruit, Waterval-Boven en Welverdiend. Baie van die ou huise, wat eers aan die Nederlandse Zasmers onderdak gebied het, bestaan nog, en word steeds deur spoorwegpersoneel bewoon. Hopelik sal ook hierdie onopvallende maar belangrike herinneringe aan en bydrae van die NZASM vir die toekoms behoue bly.

Boedelinventarisse gee 'n goeiebeeld van die Nederlandse NZASM-personeel se materiële welstand, werksuitrusting en lewenswyse. Soos te verwagte het die personeel slegs alledaagse, basiese gebruiksvoorwerpe besit. Dit gee tog 'n indruk van nie-permanensie, van die verwagte tydelike aard wat die verblyf in Transvaal gehad het, en van 'n redelike mate van mobilititeit waarby telkens van standplaas verander is. Hoewel duur, was byna alles wel in Transvaal verkrygbaar, maar dit was goedkoper om die meeste uit Nederland in te voer. Hierdie invoere het, soos reeds hierbo gesê is, bygedra tot groter bekendheid van Nederlandse produkte in Suid-Afrika, en die verryking van die materiële kulturbesit van Transvaal. Waar daar voor die NZASM-era byna uitsluitlik Victoriaanse meubels uit Brittanje ingevoer is, het nou ook Nederlandse en Duitse meubels in die heersende

eklektiese en neo-style op die toneel verskyn. Hulle het 'n ander, meer kontinentaal-Europese karakter as die Engelse Victoriaanse meubels gehad. Dit impliseer nie net 'n groter aantal meubels waarmee die materiële kultuurbesit in Transvaal verryk is nie, maar ook meer variasie.

Die Nederlandse NZASM-werknemers het van haas alle negentiende-eeuse vervoermiddelle gebruik gemaak. Veral die uitbreiding van die spoorwegnetwerk in Transvaal en omliggende gebiede het tot steeds groter mobiliteit van die personeel geleid. Deur die trein het die Nederlanders makliker en meer dikwels met mekaar in kontak gekom, wat ongetwyfeld die onderlinge band en samehorigheidsgvoel bevorder het. Op diensreise en jagtgotte, en met pieknieks, besoeke en plesierritte het hulle as werknemers en toeriste Transvaal en sy bewoners beter leer ken. Hierdeur kon op meer indirekte wyse ook die sosio-kulturele invloed van die Nederlandse spoorwegpersoneel toeneem.

As uitvloeisel van negentiende-eeuse liberalisme en vryssinnigheid in Europa was daar 'n groot mate van buitekerklikheid en selfs ongodsdiestigheid onder die Nederlandse NZASM-personeel, wat sekerlik 'n aandeel gehad het in die swak lig waarin die buitewêreld hulle dikwels gesien het. Tog was daar 'n hele aantal wat aan een of ander kerk in Nederland behoort het, en dus in Transvaal by 'n ooreenstemmende kerkgenootskap aangesluit het. In hierdie opsig was dit hoofsaaklik die Nederduitsch Hervormde Kerk by wie die Nederlandse Zasmers ter kerke gegaan het, en kan 'n mens 'n besondere verbintenis tussen hierdie Kerk en die NZASM bespeur. Die komste van honderde Nederlanders in diens van die NZASM het die getal lidmate van die Gereformeerde en veral die Hervormde Kerk sterk laat toeneem, waardeur die ontwikkeling van dié twee kerke beslis bevorder is. Deur allerlei probleme kon die Hervormde Kerk en sy susterkerke weinig doen in verband met die bearbeiding van potensiële lidmate, sodat met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog die "duiwel", wat saam met die Nederlandse spoorweglui Transvaal binnegekom het, nog nie heeltemal uitgeroei was nie.

Die kinders van die Nederlandse NZASM-personeel het deeglike onderwys geniet, geskoei op die lees van dr. N. Mansvelt se Christelik-nasionale onderwysstelsel. Die NZASM se betrokkenheid hierby toon dat die maatskappy ook die opvoedkundige belang van sy personeel op die hart gedra

het. Die jeug is opgevoed in NZASM-ondersteunde skole, in 'n spoorweg-atmosfeer met 'n Transvaalse inslag. Die paar Afrikaanse kinders op dié skole is sekerlik daardeur beïnvloed. Die onderwysers was Gereformeer en bowendien sterk patrioties ten gunste van die ZAR as hulle nuwe vaderland. Hierdie vaderlands liefde het hulle ook aan die leerlinge oorgedra, wat in die jare na die Anglo-Boereoorlog tot groot voordeel van Suid-Afrika sou strek.

Uit die vele vorme van vryetydsbesteding kan 'n mens aflei dat die Nederlanders onder die NZASM-personeel hulle oor die algemeen vinnig aangepas het. Dat dit nie altyd maklik gegaan het nie, word aangetoon deur die ontstaan van allerlei verenigings om na hulle kulturele en ander belangte om te sien, en die feit dat die NZASM verskillende ontspanningsfasiliteite voorsien het. Dit alles het ten doel gehad om hulle as 'n gemeenskap saam te snoer en deur die organiseer van tal van funksies van Nederlandse oorsprong en karakter vir die Nederlandse Zasmers iets daar te stel wat vertroud was. Veral die verenigings het die Nederlandse karakter van die spoorwegpersoneel versterk, onderlinge sosiale bande bevorder en tot groter eenheid onder die personeel geleid, wat duidelik na vore gekom het met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Vir die Afrikaner het die dinamiese en lewenskragtige Nederlandse kultuur, soos ook aangetref onder die spoorweglui in die NZASM-era, baie beteken, deurdat hy hierby geleer het om homself ook op kulturele gebied te organiseer. Ten slotte kan beweer word dat die Nederlandse NZASM-werknemer deur sy verskillende vorme van vryetydsbesteding in die buitelug 'n liefde vir die klimaat en die natuur van Suid-Afrika ontwikkel het, wat in die jare nā die oorlog óf heelwat laat terugkeer het na Suid-Afrika, óf baie wat in Europa agtergebly het goeie herinneringe aan hulle NZASM-tyd laat oorhou het, en daardeur groot vriende van Suid-Afrika gebly het.

In hulle handhawing en gebruik van die Nederlandse taal is nie net die beleid van die ZAR en van die NZASM nagevolg nie, maar het die Nederlandse spoorwegpersoneel ook die Nederlandse karakter van die maatskappy beklemtoon. 'n Mens kan baie wys word ten opsigte van die personeel se doen en late deur die poësie en prosa wat hulle nagelaat het, en waarin ook hulle houding teenoor die landsburgers weerspieël word. 'n Meer beeldende nalatenskap is die vele foto's wat deur 'n paar amateur-fotograwe onder die personeel gemaak is, en wat nie net 'n histories belangrike

pikturale bron is nie, maar tewens 'n teken is dat die personeel baie aspekte van hulle lewensomstandighede as tydelik en uniek ervaar het en dit dus graag fotografies wou vaslê, sodat dit nie uit die herinnering sou verdwyn nie. Die talte feeste wat gevier is het die onderlinge band versterk, publisiteit aan die NZASM verleen, die personeel en die publiek laat trots voel op die maatskappy, en ook afwisseling gebring in die daaglikse roetine. Deur jaarlikse Koninginnefeeste is die Nederlandse nasionale gevoel onder die werknemers versterk, wat in wese 'n kragtige middel was teen verengeling en Hollanderhaat. Dit is seker dat, hoewel die Afrikaners nie soseer hieraan deelgeneem het nie, hulle wel baie daarby moes geleer het.

Uit die literatuur wat die Nederlandse NZASM-personeel nagelaat het, kry 'n mens 'n beeld van hoe hulle die Afrikaner en die Uitlander gesien het, en ook wat hulle verhouding en gesindheid ten opsigte van die Swart bevolking was. Die beeld van eersgenoemde twee groepe was oor die algemeen baie negatief, en omgekeerd is ook die Nederlander nie in 'n goeie lig gestel nie. Sosiale wrywing en "Hollanderhaat" was algemeen, sterker as wat 'n mens dalk vermoed. Tog kan 'n graad van kulturele wisselwerking en kontak bespeur word, veral tussen Afrikaners en Nederlanders. Die voortdurende blootstelling aan die Nederlands van die NZASM het die Afrikaanse taal sterker gemaak teenoor die kragtige aanslag van die Angelsaksiese kultuur in Transvaal, en die breë agtergrond daargestel waarteen die Afrikaanse spoorwegvakaal sou ontwikkel. Hoewel die taal- en kultuurverskille tussen die Nederlandse Zasmer en die Swart spoorwegpersoneel groter was as ten opsigte van Afrikaners en Uitlanders, was die onderlinge verhouding hier die beste. Die "Hollanderhaat" het die eendrag en samehorigheidsgevoel van die Nederlandse NZASM-personeel eerder bevorder as afgebreek, wat duidelik geblyk het tydens die Anglo-Boereoorlog.

Waar die Nederlandse NZASM-personeel voor die Anglo-Boereoorlog dikwels soveel moeilikhede veroorsaak het, kan daar oor hulle houding en optrede, wat reeds gedurende die mobilisasiedae in September en Oktober 1899 geblyk het, weinig anders as lof uitgespreek word. Hulle het gevoel dat dit hulle morele plig was om aan Boerekant aktief by die oorlog betrokke te raak, nie soseer omdat hulle geen keuse gehad het nie, maar uit 'n gevoel van heftige anti-Britse gesindheid. Dit was hierdie gesindheid wat hulle in baie gevalle selfs die wapen laat opneem het, en nie soseer

'n kwessie van simpatie met die Boere, met wie hulle oor die algemeen nie oor die weg kon kom nie. In die konflik tussen Boer en Brit kon en wou hulle dus nie neutraal wees nie, omdat hulle te betrokke geraak het by die lotgevalle van die ZAR en te veel stoflike en ander belange in Transvaal gehad het. "Wij zijn een Nederlandsche Maatschappij om geld te verdienen, maar wij hebben een Transvaalschen spoorweg. De eerste kan neutraal zijn, maar de tweede niet", was Direkteur J.A. van Kretschmar van Veen se veelseggende woorde.<sup>2</sup> Die rol van die NZASM-personeel in die oorlog was veelsydig en belangrik. Hulle het in die werkplase aan die herstel van geskut en die maak van ammunisie-onderdelle gewerk, het op kommando gegaan, geneeskundige hulp voorsien, treindienste aan die gang gehou, troepe en materieel vervoer, en aktiewe krygsdienste verrig soos die bou en herstel van spoorlyne en later weer die vernietiging daarvan. Hulle anti-Britse houding was die kragtigste getuienis van 'n eensgesindheid en lojaliteit wat in die moeilike jare voor die oorlog gesmee is. Baie Afrikaners tydens en na die oorlog het 'n positiewe beeld van die NZASM en sy personeel gekry. Die Nederlandse NZASM-personeel se deelname aan die oorlog onder die vlag van die ZAR was die aanleiding tot hulle deportasie, in sekere sin 'n kompliment en 'n erkenning van die Britse veroweraars ten opsigte van die geweldige probleme wat dié personeel hulle gegee het. Die verwydering van ongeveer 1 500 Nederlandse spoorwegwerknekemers uit die ZAR was die sein vir die algehele verengeling van die hele spoorwegbedryf in Suid-Afrika.

Die jare wat na die deportasie van honderde Nederlandse NZASM-werknekemers gevolg het, totdat die NZASM finaal ontbind het, was veelbewoë jare, nie net vir die voormalige personeel in Europa nie, maar ook vir diegene wat in Suid-Afrika agtergebly het. Almal se lewensomstandighede het ongekend verander : van 'n relatief bevoordekte groep vóór die oorlog tot individue wat skielik nuwe werk moes vind en poog om in finansiële en ander opsigte die mas op te kom. Na die tydperk van kulturele opbou van voor die oorlog, waarin die Nederlandse spoorweglui 'n belangrike aandeel gehad het, het 'n periode van kulturele stilstand en selfs agteruitgang in die Nederland-Suid-Afrikaanse betrekkinge ingetree. Eers met die terugkeer van tientalle voormalige personeellede uit Europa na Suid-Afrika, die oprigting van die Vereeniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) in Amsterdam in 1909, en die mobilisering en organisasie van die werknekemers in Nederland en later ook in Suid-Afrika, het hierdie betrekkinge, met verwysing na die maatskappy se vroeëre betrokkenheid, weer 'n stygende lyn begin vertoon. In Nederland en Suid-Afrika het ook die voormalige

Nederlandse NZASM-personeel 'n belangrike rol gespeel in die bevordering en voortsetting van die betrekkinge tussen beide lande. Van belang was tewens hulle aandeel in die versterking van die Nederlandse kulturele element in Suid-Afrika en mettertyd vir die verdere ontwikkeling en uitbouing van die Afrikanerkultuur.

Indien 'n mens die vraag stel hoe goed of hoe sleg die lewensomstandighede van die Nederlandse NZASM-werknemers was, is dit baie moeilik om te antwoord dat dit oor die algemeen goed of oor die algemeen sleg daaruit gesien het. Daarvoor het die toestande van plek tot plek te veel verskil, het ook die personeel nie eenders gedink en gehandel nie, en was daar te veel eksterne faktore wat invloede uitgeoefen het. Teen veralgemening het reeds die amptenaar P.W. Goudsward in 1897 gewaarsku, toe hy in 'n brief aan sy voormalige kantoorkollega Th. C. Geudeker in Amsterdam die volgende geskryf het in verband met die lewensomstandighede in Transvaal:<sup>3</sup>

"Vraag je dit aan tien verschillende ambtenaren, je ontvang tien verschillende antwoorden. Want de een leeft van tien pond 's maands en de ander komt aan twintig pond tekort. De een heeft een klein station tot standplaats waar hij maandeliks onmogelijk meer kan verteren dan 5 pond, de ander zit in Johannesburg waar amusements van allerlei aard legio zijn en een salaris van £15 erg dun is. Kortom, het antwoord dat je op bovengenoemde vraag krijgt, zal altijd afhangen van de levenswijze, het karakter en de standplaats der lui. Je kunt onmogelijk generaliseeren!"

Die kulturele bydraes was, net soos in die geval van die lewensomstandighede, baie wisselvallig wat intensiteit en omvang betref. Die Nederlandse NZASM-personeel het belangrike en minder belangrike bydraes op die gebied van die taal, kunste, onderwys, kerklike lewe, verenigingslewe, gesondheidsorg, materiële kultuur, krygsvoering en andere gelewer, waarby in die meeste gevalle die Afrikaner die grootste voordeel getrek het as buitestaander.

Van die bydraes wat die Nederlandse NZASM-werknemers tot die oorlogsgang van die Boererepublieke gemaak het, is hierbo reeds vermeld. Daar bly nog net een oor, naamlik diegene wat uiteindelik hulle lewe vir die saak van die republieke gegee het.<sup>4</sup> En daarin lê ten slotte tog eintlik die grootste offer wat die Nederlandse spoorwegpersoneel kon bring :

J.P.J.H.Breedveld  
J.F. de Man  
H.W. Dijkstra  
W.F.K. Gieben  
P.W. Goudsward  
F.A. Hendriks  
J.A. Lepeltak Kieft  
J.P. Rumling  
C.A. Steuerwald  
C.V. van Gogh  
N. Verstappen

Zij rusten in vrede

Indien 'n mens na dit alles vir die kultuurhistorikus die grootste enkele bydrae wil uitsonder, sou dit die skat van geskrewe en picturale bronne wees wat die Nederlandse NZASM-werknemers nagelaat het. Sonder die argiewe wat die NZASM agtergelaat het, sou dit maar baie moeilik gewees het om 'n behoorlike studie van die lewensomstandighede van sy personeel te maak, maar sonder die talte brieue en ander persoonlike dokumente en die honderde foto's sou hierdie studie, wat handel oor die lewensomstandighede en kulturele bydrae van die Nederlandse NZASM-werknemers, nooit die lig gesien het nie.

--o0o--

Verwysings : Samenvatting en besluit


1. C.G.S. Sandberg, Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed, p 53.
2. Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 281 : Kretschmar - Bake, Pretoria, 1900-04-28.
3. NZASM-archief Th.C.Geudeker, Voorburg/Schoorl : P.W. Goudsward - Th.C.Geudeker, Pretoria, 1897-11-05.

Verwysings : Samevatting en besluit (vervolg)

4. Op die gedenksteen teenaan die oostelike buitemuur van die gebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Du Toitstraat, Pretoria, is die name van 78 Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog die lewe gelaat het. Hiervan was tien in diens van die NZASM. Die naam van P.W. Goudszwaard, wat op 1899-11-22 by Eerste Fabrieken-stasie deur 'n trein doodgery is, kom nie op die gedenksteen voor nie. Inligting oor die NZASM-personeel wat hul lewe gelaat het is afkomstig uit : Algemeen Rijksarchief : Archief NZASM, 173 : Personeel op Commando.

--00o--

PERSONEELORGANIGRAM : 1891



NB : Die NZASM het ook personeel te Lourenço Marques (Maputo) gehad

PERSONEELORGANIGRAM : 1896

Directeur : Amsterdam

Staf te Amsterdam

Dienst van Aanleg

Hoofingenieur

Seksie-ingenieurs  
Ingenieurs

Kantoor= personen  
Tekenaars  
Mag. meesters  
Tegn. apt.  
ens.

Oosterlijn

Zuidw. Tijjn

Seizen & Telegrafie

Bestel= dienst

Algemeene Dienst

Genees= kundige Dienst

Directeur : Pretoria

Dienst der Exploitatie

Chef der Exploitatie

Zuider- en Zuidw. Tijjn

Centrale Werkpt.

Spring- Mijn

Zuidoos= terlijn

Mouvement & Tractie

Weg & Werken

& Hand.zaken

Tractie

Weg & Werken

Hoof

NB : (1) Die Oosterlijn het die Barberton-taklyn ingesluit.


(2) Die Zuider- en Zuidwesteरijnen het die Randtram ingesluit.

(3) Die NZASM het ook personeel te Lourenco Marques (Maputo) gehad.

PERSONEEL ORGANIGRAM : 1899

Direkteur : Amsterdam  
Staf te Amsterdam

Direkteur : Pretoria



-250-

BYLAE I(c)

NB : (1) Die Oosterlijn het die Barberton-taklyn ingesluit.

(2) Die Zuid- en die Zuidwesterlijn het die Randtram ingesluit.

(3) Die NZASM het ook personeel te Lourenço Marques (Maputo) gehad.

BYLAE II

BESOLDIGING VAN AMPtenare EN BEAMPTES, SOOS OP 1 SEPTEMBER 1896<sup>1</sup>

Funksie	Maandsalaris in £	
	Minimum	Maksimum
Chef der Exploitatie		150
Hoofingenieur		150
Seksie-ingenieur (Hoofkantoor)	50	100
Ingenieur by afdelings <u>Weg en Werken</u>	35	45
Myningenieur	70	80
Boekhouer	20	40
Geneesheer	50	80
Verpleegster	8	12
Hoofopsigter <u>Weg en Werken</u>	35	50
Hoof van onderafdelings <u>Weg en Werken</u>	25	40
Klerk	15	30
Opsigter : Onderhoud	25	35
Telegraaf-opsigter	25	40
Sinjaal-opsigter	25	40
Opsigter-tekenaar	20	25
Ploeg-opsigter	20	25
Assistent-opsigter	15	25
Lynman	15	20
Ploegbaas	15	20
Assistent-ploegbaas	12.10	15
Inspekteur <u>Mouvement</u> (treinverkeer)	35	50
Hoofde van onderafdelings	25	40
Klerk op kantoor	15	30
Stasiemeester 1ste Klas	32	48
Stasiemeester 2de Klas	25	40
Stasiemeester 3de Klas	20	32
Stasiemeester 4de Klas	17.10	27.10
Adjunk-stasiemeester	22.10	35
Verantwoordelike goedereklerk	22.10	35
Stasieklerk	15	25
Assistent-stasiemeester, goedereklerk 1ste Kl.	22.10	35
Assistent-stasiemeester, goedereklerk 2de Kl.	20	30
Assistent-stasiemeester, goedereklerk 3de Kl.	17.10	27.10
Telegrafis 1ste Klas	20	30
Telegrafis 2de Klas	17.10	25
Voorman ladingmeester en rangeerder	22	25
Ladingmeester en rangeerder 1ste Klas	20	21
Ladingmeester en rangeerder 2de Klas	17	19
Ladingmeester en rangeerder 3de Klas	14	17
Sinjaalwagter 1ste Klas	16	18
Sinjaalwagter 2de Klas		15
Werkmeester werkplaas		40
Assistent-werkmeester		30
Voorman werkplaas		30

BYLAE II (vervolg)

Funksie	Maandsalaris in £	
	Minimum	Maksimum
Opsigter-masjinis 1ste Klas	35	45
Opsigter-masjinis 2de Klas	30	40
Opsigter-masjinis 3de Klas	25	35
Verantwoordelike masjinis	21	21
Masjinis 1ste Klas	19	21
Masjinis 2de KLAS	16	17.10
Masjinis 3de KLAS		15
Leerling-masjinis 1ste Klas		14
Leerling-masjinis 2de Klas		13
Stoker 1ste Klas		12.10
Stoker 2de Klas		11.10
Stoker 3de Klas		10
Treinkontroleur 1ste Klas		20
Treinkontroleur 2de Klas		18
Assistent-treinkontroleur		17
Kondukteur 1ste Klas		15
Kondukteur 2de Klas		14
Kondukteur 3de Klas		13
Leerling-kondukteur		12
Rem-aandraaier		12

Funksie	Uurloon in shilling en pence	
	Minimum	Maksimum
Skrynwerker	1/6	2/
Skilder	1/6	2/
Draaier	1/6	2/
Smid	1/6	2/
Messelaar	1/6	2/
Voorman	1/6	2/
Werkplaasstoker	2/3	2/6
Leerlingskaafmasjienoperateur	1/3	2/3
Leerlingblikslaer	0/6	1/8

Verwysing

1. Hierdie tabelle is gebaseer op :

Archief ZASM, Amsterdam : Dienstorder No. 14, Pretoria, 1896-08-01

Algemeen Rijksarchief, Den Haag : Archief NZASM, 168.

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : Argief NZASM, NZM 19-63

(Personeelregisters).

STATISTIESE OORSIG VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE "SPAAR- EN ONDERSTEUNINGSFONDS"  
 (Bron : NZASM-jaarverslae, 1895-1907)

A 1 1 e b e d r a e i n g u l d e n

Jaar	Aantal deelnemers in pensioenskema	Versekende bedrag	Inkomste	Uitgawes (pensiene, toelaes)	Besit van Fonds	Aantal persone wat Fonds ver= laat of dood	Aantal pensiene pensione
1895	329		4 810	117	4 701		3
1896	1 256	954 738	119 359	2 227	121 833	76	9
1897	2 370	1 766 987	251 996	5 822	368 008	172	21
1898	2 418	1 788 394	245 218	10 867	602 358	263	34
1899	2 359	1 861 956	222 453	16 422	808 390	230	49
1900			180 944	15 223	974 111	180	59
1901		1 509	167 270		808 350		65
1902		71 136	34 074		845 413		63
1903		136 234	40 083		885 496		62
1904		190 038	218 648		666 848		
1905		33 973	605 965		94 856		
1906		4 802	31 167		68 492	Fonds in stadium van ontbinding	
1907	3 691	22 659	49 524				

STATISTIESE OORSIG VAN DIE GROEI EN WERKSAAMHEDE VAN DIE "ZIEKENFONDS" EN DIE  
"GENEESKUNDIGE DIENST"

(Bron : NZASM-jaarverslae , 1888-1899)

Jaar	Aantal geneeshere NZASM	Aantal verpleegsters Kontrak	Aantal fonds lede (mans, vrouens, kinders)	Aantal persone in hospitale behandel *	Fondsinkeste in £	Fondsuutgawes in £
1888	1					
1889	1					
1890	3					
1891	3					
1892	2					
1893	2	4		1 138	82	3 300
1894	2	4		1 598	84	4 560
1895	3	5	1	2 920	289	8 499
1896	6	6	6	?	569	9 597
1897	8	5	6	?	626	?
1898	9	5	6	?	629	?
1899	11	3	6	?	568	?

\* Sluit in Blanke en Nie-Blanke pasiënte

BYLAE V

A.B.C.

geschreven te Komatipoort bij 105° fahr. in den zomer van 1895

A is Afrika, daar kan de ZASM niet van buiten  
B is Barendsen<sup>1</sup>, die past op de duiten,  
C zijn de Cijfers, dwarr'lend in 't hoofd van 's Heeren Plate<sup>2</sup>  
D is Mr duBuy<sup>3</sup>, Ca l, waar 'k verder niet van zal praten,  
E is het Engelsch dat de ZASM streng weert  
F is de ft, die je bij 105° gaauw verleert.  
G is 't geraas van den Waterval, dat ontzettende wonder  
H is Dr Ham<sup>4</sup> te Waterval-Onder.  
I zijn de Intriges van Rhodes, die de Boeren steeds plaagt,  
J is rechter Jorissen<sup>5</sup>, die den doctorshoed draagt.  
K is Komatipoort, waar je je leven verdobbelt  
L is Mr van Lennep<sup>6</sup>, die zorgt dat de weg niet te veel hobbelt.  
M is Mr Middelberg<sup>7</sup>, de baas van het spul,  
N is de NZASM, van 't jaar al heel gul.  
O is de Oosterlijn, wat is 't landschap daar fraai  
P zijn de Portugeezen, wat doen die lui in de Baai<sup>8</sup>.  
Q is de Quarry<sup>9</sup>, die langzamerhand opraakt  
R is de Randtram, die vrees'lijk veel geld maakt.  
S is de Seinpaal, waar je leven aan hangt  
T is de Tunnel, wat 'n vrees'lijke stank.  
U is een Ui<sup>10</sup>, bij 105° bedacht,  
V mijn Verrukking als je er soms nog om lacht.  
W is de Whiskey, in dit land zeer geéerd,  
X is "'k Zou je danken" wat niemand zegt als je 't offreert.  
Y is het Ys dat met deze hitte nog spot  
Z is de Zuster die maakt 't ziekzijn een genot.

(Uit : Archief NZAV, Amsterdam : Aanwinst A. van Lennep, Feestnummer "De Hoop der Toekomst", Waterval-Boven, 1896-08-31, p 8)

1. M.P. Barendsen, hoofboekhouer van die NZASM
2. C.L. Plate, "Chef der Exploitatie" (bedryf) van die NZASM
3. F.W.H. du Buy, "Chef van Mouvement en Tractie" (verkeer en trekkrag) van die Oosterlyn
4. Dr. A. Ham, geneesheer van die NZASM te Waterval-Onder
5. Dr. E.J.P. Jorissen, hoofregter van die ZAR
6. A. van Lennep, "Chef Weg en Werken" (werke en onderhoud), Oosterlyn
7. G.A.A. Middelberg, Direkteur van die NZASM in Pretoria
8. Delagoabaai
9. Gruisgroef vir ballas van die treinspoor
10. = grap (Nederlands)

BRONNE

A. GESKREWE BRONNE

1. Argivale stukke : ongepubliseerd

Algemeen Rijksarchief, Den Haag

Archief Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij,  
1884-1910

27, Personeel 1-10, 1887-1908

104, Correspondentie betr. aanvragen om schadevergoeding van het personeel dat door de Engelsche autoriteiten uit de ZAR is gezet, 1900-1901

111, Blanco brieven over herinneringsuitkering en brieven met dankbetuiging, 1909

168, Personeelsstaten, 1896-1899

169, Verschillende stukken personeel, 1891-1907

170, Lijsten van boten met het uit Afrika terugkerende personeel, 1900

173, Personeel op commando, 1900

178, Stukken betreffende personeel, 1895-1897

179, NZASM personeelsuitzendingen, 1899

275, Correspondentie Middelberg aan de Directie te Amsterdam, 1897

276, Correspondentie Middelberg aan de Directie te Amsterdam, 1894

277, Directie Pretoria, correspondentie van Kretschmar en Middelberg aan Directie Amsterdam, 1890-1893

278, Correspondentie Directie Pretoria van heer Middelberg aan de Directie Amsterdam, 1898-1900

279, Correspondentie van Kretschmar aan de Directie te Amsterdam, 1899

280, Correspondentie van Middelberg en Van Kretschmar aan Directie Amsterdam, 1895

281, Brieven van de Directie Pretoria heer Middelberg en Van Kretschmar aan de Directie Amsterdam, 1899-1900

282, Brieven Directie Pretoria Middelberg aan Directie te Amsterdam, 1896

305, Dossiers betreffende personeelsaangelegenheden 1-13, 1890-1909

BRONNE (vervolg)

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

- 306, Dossiers betreffende personeelsaangelegenheden 14-22, 1890-1909
- 312, Dossiers betreffende personeelsaangelegenheden 84-94, 1890-1909
- 333, Geneeskundige Dienst, 1892-1901
- 345, Wekelijkse overzichten van Barendsen, 1900-1907
- 347, Staten van met aanleg en exploitatie gedane uitbetalingen, 1887-1897
- 412, Verzameling reglementen, bepalingen, voorschriften en wetten betreffende de spoor- en tramwegen (dienstregelingen), 1888-1896
- 432, Personeelsaangelegenheden 1-12, 1898
- 563, Adresboek van uitgewezen employé's der NZASM, s.d.
- 565, Lijsten van door de Directie Amsterdam uitgezonden personeel naar de jaren waarin werd uitgezonden, 1890-1900
- 673, Financieel overzicht, afrekening met ambtenaren, nr. 400-500, 1901-1909

Archief Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam

Archief Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, 1881-

VII, Diensten : VII A, Emigratie, 1882-1905

Archief Fonds ten behoeve van het Hollandsch Onderwijs in Zuid-Afrika, 1889-1979

10, I 47-50 : Correspondentie met onderwijzers "F", 1890-1900

Archief Vereenigde Comité's voor de noodlijdenden ten gevolge van den Zuid-Afrikaanschen Oorlog, 1900-1903

Overzichten, 1901-1902

Collectie H.J. Emous, 1848-1933

7, F 6 : Brieven van onderwijzers "B" (I), 1895-1900

7, F 9 : Brieven van onderwijzers "E" en "F", 1895-1900

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

Archief Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam

Diverse kleine aanwinsten

2, Aanwinst A. van Lennep, 1896-1900

Archief Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, Amsterdam

Afschrift overeenkomst NZASM en Bult Schoolcommissie, Pretoria,  
1898-09-28.

Volledige versameling Bekendmakingen, 1-66. Pretoria, 1900-06-08  
- 1900-09-26.

Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van het Personeel der  
Maatschappij. Amsterdam : NZASM, Feb. 1888.

Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren  
der Exploitatie. Amsterdam : NZASM, Okt. 1890.

Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de beambten  
der Exploitatie. Amsterdam : NZASM, Jul. 1892.

Bond van Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Spoorweg-Maatschappij-  
Personeel : verskillende stukke.

Briewe van M.P. Barendsen aan E. Bruchner, Pretoria, 1901-1907.

Brosjures : Union Line, 1898-1899; Castle Line, 1899 (?).

De Roever, B., Rapport van het verrichtte door en het gebeurde met  
het Zasmpersoneel van Randfontein van af Juni 1900. Amsterdam,  
1900-09-01.

Volledige versameling Dienstorders, 1-53. Pretoria, 1894-1900.

Verskillende los briewe aan Kretschmar en E.Bruchner (Direksie  
Amsterdam) uit Suid-Afrika, 1888-1899.

Omsendbrief insake die Herinneringsuitkeering. Amsterdam, 1909-04-03.

Feest-Nummer "De Hoop der Toekomst", 2. Waterval-Boven, 1895-08-31.

Volledige versameling Mededeelingen, 1-14. Amsterdam, 1900-1906.

"Nederland" N.V. van verzekering op het leven. Tarief voor uitgestelde lijfrente op één hoofd. Uitsluitend dienende voor de verzekering van de pensioenen van Ambtenaren, Beambten, enz., van de Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. Amsterdam, Aug. 1895.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

Archief Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, Amsterdam

Ondersteuningsfonds, 1909-1941.

Ontwerp-statuten van Z.A.S.M. Schiet-Corps te Pretoria, opgericht op...1896.

Petisie Aan de Directie der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, a.b. Arundle Castle, 1900-07-31.

Rapport van den Directeur van den Wall Bake n.a.v. zijn bezoek aan Zuid-Afrika in 1896. A.b.Dunnottar Castle, 1896-10-1-13.

Reglement voor het fonds tot het verleenen van geneeskundige hulp en ondersteuning aan het dienstpersoneel der N.Z.A.S.M.. Pretoria : NZASM, 1895-01-25.

Omsendbrief Reizen per Chargeurs Réunis van en naar Holland, naar en van Zuid-Afrika. Amsterdam, ca. 1897.

Gewysigde omsendbrief Reizen per Chargeurs Réunis van en naar Holland, naar en van Zuid-Afrika. Amsterdam, 1898-02-10.

Omsendbrief insake die Spaar- en Ondersteuningsfonds. Amsterdam, 1902-11-01.

Staat, aangevende de verdeling door de Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen van het in Nederlandsch courant beschikbaar bedrag ad. f 463 884,70. Den Haag (?), 1902.

Van der Harst, M.J., Rapport betrekking hebbende op de derde afdeeling der Oosterspoorweg-lijn en het daarop geplaatste wegpersoneel, traject Pretoria-Pan (KM 473-KM 299).  
A.b. Braemar Castle, 1900-09-02.

Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria

Argief ds. M.J. Goddefroy

Band LV/I, Korrespondensie en ander persoonlike stukke, 1887-1918.

Argief Gemeente Johannesburg

3/2/1, Lidmateregister, 1896-1933

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria

Argief Gemeente Pretoria

1/2/2, Notuleboek Kerkraadsvergaderings, 1896-1899

3/2/1, Lidmaterregister, 1, 1887-1907

3/3/2, Huweliksregister, 1886-1899

NZASM-archief Th.C. Geudeker, Voorburg/Schoorl, Nederland

Korrespondensie van Th.C. Geudeker, Amsterdam, met kollegas in Transvaal, 1895-1900

Verskillende omsendbriewe insake personeelaangeleenthede

Lijst van geneesmiddelen en verbandstukken met gebruiksaanwijzing bij verschillende ziektegevallen ten behoeve van de opnemingsploegen der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij bestaande uit ongeveer vijf Blanken en acht Kaffers voor den tijd van vier à vijf maanden. Barberton : NZASM, Jan. 1889.

NZASM-archief A.Westenberg, Markelo, Nederland

Briewe van ingenieur A. Westenberg uit Suid-Afrika aan familie in Nederland, 1890-1900.

NZASM-argief R.C.de Jong, Pretoria

Bepalingen omtrent de Rechten en Verplichtingen van de ambtenaren der maatschappij in Zuid-Afrika. Amsterdam : NZASM, Aug. 1892.

Regeling voor Lijfrente-Verzekering en de oprichting van een Spaar- en Ondersteuningsfonds. Amsterdam : NZASM, 1895-03-01.

NZASM-argief J.Ploeger, Pretoria

Brief van D. Pitton (ex-NZASM) aan Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, Tjepoe (Indonesië), 1934-03-27 (ongepubliceerd).

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

NZASM-argief M.C.P. Frylinck, Pretoria

Verskillende herinneringe, briewe, dokumente, foto's ensomeer betreffende ingenieur C.M. Frylinck, 1893-1950.

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Argief Meester van die Hooggereghof

Boedel 0/8451 C.W. Verloop

Boedel 0/15353 J.S. de Groot

Boedel 0/15566 Ph. Wenneker

Boedel 0/8406 H.J. Hellings

Argief NZASM

NZM 19-63, Personeelregisters, 1890-1900

Argief van die Staatsekretaris van die ZAR

Inkomende stukke, R 8245/93

Aanwinste

A 1126, J.C. Zijp, 1896-1949

A 1129, F.M. Schoof, 1899-1902

A 1140, C. Beelaerts van Blokland, 1848-1946

A 1158, M.C. Sissingh, 1890-1893

A 1414, J.E.A. Reijneke van Stuwe, 1897-1953

WHA 71, E.A.E. Libosan, 1895-1938

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Mikrofilms

M 878, Briewe van ingenieur M.E.H. Breuning aan sy familie in Nederland, 1888-1898

M 848, NZASM-stukke in die Nederlands Spoorwegmuseum, Utrecht

2. Periodieke publikasies

2.1 Koerante

Algemeen Handelsblad, 1890-1899

De Potchefstroomer, 1896-1899

De Rand Post, 1898-1900

De Volksstem, 1887-1900

Goldfields News and Barberton Herald, 1890-1899

Het Nieuws van den Dag, 1890-1899

Land en Volk, 1894-1895

Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1890-1899

Ons Volk, 1898-1899

The Press, 1895-1899

2.2 Tydskrifte

Christelijk Schoolblad, 1897-1899

Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 1933-1953

Hollandsch Zuid-Afrika, 1910-1923

Pretoriania, 1951-

SASSAR, 1969-1981

South African Railways and Harbours Magazine, 1910-1968

Zuid-Afrika, 1924-

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

2.3 Jaar- en ander verslae

Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam : Jaarverslag 1900. Amsterdam : NZAV, 1901.

NZASM : Jaarverslae, 1887-1908. Amsterdam : NZASM, 1888-1909.

Onderwijsdepartement, ZAR :

Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het tweede, derde en vierde kwartaal 1896, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1897.

Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het eerste kwartaal 1897, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1897.

Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het tweede kwartaal 1897, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1897.

Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het derde kwartaal 1897, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1897.

Verslag van de schoolinspectieën, gehouden gedurende het vierde kwartaal 1897, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1898.

Verslagen van den staat van het gesubsidieerd- en van het Staatsonderwijs der onder het Departement van Onderwijs ressorteerende Staatsinrichtingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898. Pretoria : Staatsdrukkerij, 1899.

Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen, Den Haag :

Verslag van de Staatscommissie voor de Zuid-Afrikaansche schadevergoedingen. Den Haag : s.n., 1902-12-11.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

3. Literatuur

3.1 "Ego-dokumente"

BOUTEN, P.H., De aanleg van 't Oosterspoor. Pretoria : s.n., 1941.

MIDDELBERG, G.A.A., Briewe uit Transvaal van...1896-1899 (red. F.J. du T. Spies). Hertzog-Annale, 2(1), Jul. 1953, pp 25-188.

MIDDELBERG, M., Een spoorwegingenieur onder vuur. Brieven van ir. M. Middelberg uit de Boerenoorlog 1899-1900 (red. A.J. Veenendaal jr.). Nederlandse Historische Bronnen (uitgegeven door het Nederlands Historisch Genootschap), Hilversum, 1985.

SANDBERG, C.G.S., Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed. Amsterdam : s.n., 1943.

3.2 Boeke

BOND, J., Men who helped to make South Africa : The English-speaking contribution. Johannesburg : The Star, s.d.

BOND, J., They were South Africans. Cape Town : Oxford University Press, 1956.

BOSMAN, H.S., Een terugblik op kerkelijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal. Kaapstad : Van de Sandt de Villiers Drukpers Maats. Bepkt., 1923.

CAMERON, T; SPIES, S.B. (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld. Kaapstad (ens.) : Human & Rousseau, 1986.

COETSEE, D.J., Die aanwending van Afrikaans in die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Ongepubliseerde DPhil-proefschrift, Universiteit van die Witwatersrand, 1951.

COETZEE, D.J., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899. Kaapstad : Nasionale Pers, 1940.

DE JONG, R.C., Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders met besondere aandag aan die Nederlandse Vereeniging, 1890-1918. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1980.

DE JONG, R.C., Overzicht van het archief van de Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV) I. Amsterdam : NZAV, 1983.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

3.2 Boeke

DE JONG, R.C., Overzicht van het archief van de Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging II. Amsterdam : NZAV, 1983.

DE JONG, R.C.; VAN DER WAAL, G-M; HEYDENRYCH, D.H., NZASM 100. The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company. Johannesburg : Chris van Rensburg Publishers, 1988.

ENGELBRECHT, S.P., Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Volksrust (Wakkerstroom) 1861-1941. s.l., s.d.

ENGELBRECHT, S.P., Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1935. Heidelberg : Die Kerkraad, 1935.

ENGELBRECHT, S.P., Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 3de uitgawe. Kaapstad (ens.) : HAUM - J.H. de Bussy, 1953.

ENGELENBURG, F.V., De Delagoabaai-Spoorweg. Een terugblik. Pretoria : Volksstem-drukkerij, 1896.

GEDENKBOEK uitgegeven ter gelegenheid der feestelijke opening van den Delagoabaaispoorweg 1895. Amsterdam : J.H. de Bussy, 1895.

IN MEMORIAM N.Z.A.S.M. Amsterdam : J.H. de Bussy, 1909 (?).

LOMBARD, W.A., Waterval-Boven 1894-1952. Waterval Boven : s.n., 1952.

MAARTENSE, K.; POSTMA, F; SCHUTTE, G.J.; DE WAARD-BIJLSMA, J.C. (reds.), Zicht op Zuid-Afrika. Honderd jaar geschiedenis van Zuid-Afrika 1881-1981. Amsterdam : NZAV, 1981.

MACNAB, R., The English-speaking South Africans. Johannesburg : SABC, s.d.

MANSVELT, N., De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika, sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen. Utrecht : s.n., 1902.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA, GEMEENTE JOHANNESBURG, Aandenkingsprogram Vyftigjarige herdenking van die inwyding van die eerste Kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Johannesburg, 12-14 September 1958. Johannesburg : Die Kerkraad, 1958.

NEDERLANDSCHE VEREENIGING PRETORIA, Gedenkboek van de Nederlandse Vereeniging te Pretoria. Uitgegeven bij gelegenheid van haar 30 jarig bestaan, 26 Augustus 1893-1923. Pretoria : Nederlandse Vereeniging, 1923.

NEL, P.G. (red.), Die kultuurontplooiing van die Afrikaner. Pretoria (ens.): HAUM, 1979.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

3.2 Boeke

SCHOLTZ, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel III, 1854-1881. Johannesburg : Perskor, 1974.

SCHOLTZ, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel IV, 1881-1899. Johannesburg : Perskor, 1977.

SCHUTTE, G.J., De Hollanders in Krugers Republiek 1881-1899. Pretoria : UNISA, 1968 (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, C 63, 1968).

SCHUTTE, G.J., Nederland en de Afrikaners - Adhesie en aversie. Franeker : Wever, 1986.

STONE, J., Colonist or Uitlander ? A study of the British immigrant in South Africa. Oxford : Clarendon Press, 1973.

THE Delagoa Bay Pretoria Railway, 1872-1896. An illustrated souvenir and retrospect on the occasion of the official opening of the line July 1895. Pretoria : The Press, 1895.

VAN DALE Groot Woordenboek der Nederlandse Taal I, tiende, geheel opnieuw bewerkte en zeer vermeerderde druk (red. C. Kruyskamp). Utrecht (enz.) : Van Dale Lexicografie, 1982.

VAN DER POEL, J.C., Railway and customs policies in South Africa, 1885 to 1910. London : Longmans Green, 1933.

VAN DER WAAL, G-M, Van mynkamp tot metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940. Johannesburg : Chris van Rensburg Publikasies, 1986.

VAN WINTER, P.J., Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (2 deTe). Amsterdam : J.H. de Bussy, 1937-1938.

WILBURN, K.E., The climax of railway competition in South Africa, 1887-1899. Unpublished PhD thesis, Oxford University, 1982.

3.3. Artikels

AANBIEDING van een gedachtenis aan het Nederlandsch Gezantschap door de Bond van Oud Z.A.S.M. Personeel. Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 4(21), 1934-10-20, pp 9-10.

BOND van oud Z.A.S.M.-personeel. Zuid-Afrika, 12(10), Oct. 1935, s.p.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

3.3 Artikels

DE JONG, R.C., Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij I. Pretoriana, 92, Nov. 1987, pp 3-11.

DE JONG, R.C., Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij II. Pretoriana, 93 April 1988, pp 3-12.

DE JONG, R.C., Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij III. Pretoriana, 94, Nov. 1988, pp 55-62.

DE JONG, R.C., Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij IV. Pretoriana, 95, April 1989, pp 31-38.

DE JONG, R.C., In Memoriam NZASM (8) : Het personeel. Nieuws van de Nederlandsche Vereeniging Pretoria, Oct. 1987, p 8.

DE JONG, R.C., "Informatie-Bureau en Commissie voor Emigratie", 1896-1905 II. Zuid-Afrika, 59(4), April 1982, pp 60-61.

DE JONG, R.C., NZASM 100. Railway Preservation News, 36, June 1987, pp 8-9.

DE JONG, R.C., "Spoorbrug half vyf gesprongen". Zuid-Afrika, 10(11/12), Nov.-Dec. 1983, pp 154-155.

DE SPOORWEG van Delagoabaai naar de Zuid-Afrikaansche Republiek. Eigen Haard, 1893, pp 2-40.

DIE BOUER van die eerste lokomotief in Transvaal. South African Railways and Harbours Magazine, Jul. 1942, p 627.

DRIE SPOORWEGVETERANE vertel van vergange se dae. South African Railways and Harbours Magazine, Jan. 1945, pp 435-436.

ENGELENBURG, F.V., De wording van den Delagoabaaispoorweg. De Gids, 1895(I), pp 44-71.

GEDENKTEKEN ter nagedagtenis van NZASM-amptenare. South African Railways and Harbours Magazine, Sept. 1934, pp 1029-1032.

HERINNERINGEN uit mijn ZASM tijd (van "Oom Daantje" te Tjepoe, Indonesië) : Godwanrivierstation. Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 1934-02-09, pp 15-17.

HET GEDENKTEEKEN te Waterval-Boven. Zuid-Afrika, 11(12), Dec. 1934, p 168.

HOLLANDERS aan het werk in Zuid-Afrika. Eigen Haard, 1891 (I), pp 217-221.

A. GESKREWE BRONNE (vervolg)

3.3 Artikels

- KRAAMWINKEL, P.O., Uit die nagelate papiere en foto's van F.C. Kraamwinkel. Pretoriania, 59, April 1969, pp 6-13.
- N.Z.A.S.M. personeel. Hollandsch Zuid-Afrika, 4(8), 1913-02-15, p 3.
- OP ZOEK naar den "doodsboom". Zuid-Afrika, 3(12), Dec. 1926, pp 187-188.
- PLOEGER, J., Bond van Oud-ZASM-Personeel (BOZP). Zuid-Afrika, 63(5), Mei 1987, pp 74-76.
- PLOEGER, J., Die oprigting van die NZASM-monument op Waterval-Boven (1934) en die Pretoriase herdenkingsfeeste van 1945. Pretoriania, 92, Nov. 1987, pp 14-22.
- PLOEGER, J., Frans Oerder in die Laeveld. Lantern, 29(2), April 1980, pp 42-49.
- PLOEGER, J., Herinneringe aan die N.Z.A.S.M. (1887-1908). Africana Aantekeninge en Nuus, 27(6), Jun. 1987, pp 232-245.
- PLOEGER, J., Nagelate aantekeninge van J.N. Ebert. Pretoriania, 35, April 1961, pp 7-11.
- PLOEGER, J., Voorgenome spoorweg-restourasiewerksaamhede te Waterval-Boven. Bulletin Stigting Simon van der Stel, 28, Sept. 1973, pp 24-27.
- RASCH, J., Een merkwaardig dagboek uit 1900, aanwezig in het Spoorwegmuseum te Utrecht, Nederland. Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, 9(10), 1939-05-13, pp 25-28.
- STEINMETZ, TH., De N.Z.A.S.M. in den Transvaalsch-Engelschen Oorlog, 1899-1900. De Ingenieur, 28 & 29, 14 & 21 Jul. 1900 (oordruk van twee gekombineerde artikels).
- TEMPELHOFF, J.W.N., Komatipoort : Oostelike poort van Transvaal. Contree, 11, Jan. 1982, pp 5-18.
- VLOK, J.C., Eerste feestelikhede van die spoorweë in die ou dae. South African Railways and Harbours Magazine, April 1939, pp 449-450.

B. PIKTURALE BRONNE

1. Fotografiese materiaal

Africana-Museum, Johannesburg

Fotoversameling

B. PIKTURALE BRONNE (vervolg)

1. Fotografiese materiaal

Algemeen Rijksarchief, Den Haag

NZASM-archief, 1884-1910 : Fotoversameling

Archief Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam

Fotoversameling

NZASM-argief R.C. de Jong, Pretoria

Gerstäcker foto-album

Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg

Fotoversameling

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Fotoversameling

Transvaalse Provinciale Museumdiens, Pretoria

Fotoversameling (kontakafdrukke)

2. Kaarte, planne, grafiese voorstellings

Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Johannesburg

NZASM-planne en ander tekeninge, plankamer

Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg

Terreinplanne van NZASM-stasies, geteken deur personeel van die Imperial Military Railways (IMR), 1901.

C. DRIEDIMENSIONELE BRONNE

1. Bouwerke, strukture, terreine

Gedenkteken vir personeel wat tydens die aanleg van die Oosterlijn oorlede is, Waterval Boven-stasie

Dekoratiewe ysterhek rondom die "Wilhelminaboom", Springs-stasie, opgerig 1898-08-31

Gedenksteen vir die Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog hulle lewe verloor het, gebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Du Toitstraat, Pretoria

C. DRIEDIMENSIONELE BRONNE (vervolg)

1. Bouwerke, strukture, terreine

NZASM : stasieterreine en -geboue  
woonhuise en woonterreine  
kantoorgeboue  
goedereloodse  
brûe en duikers  
ander strukture  
begraafplase en graftes

2. Voorwerpe

Suid-Afrikaanse Vervoerdienstemuseum, Johannesburg

NZASM-voorwerpe in museumversameling

--o0o--

SAMEVATTING

Die lewensomstandighede en kulturele bydrae  
van die Nederlandse NZASM-personeel, 1887-1909

deur

Robert Cornelis de Jong

Studieleier en promotor : Prof. dr. P.G. Nel

Mede-promotor : Prof. dr. O.J.O. Ferreira

Departement : Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (sedert 1988 :  
Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis), Universiteit van  
Pretoria

Graad waarvoor proefskrif ingedien is : Doctor Philosophiae

Die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) is op 21 Junie 1887 in Amsterdam opgerig, en het as gevolg van die Anglo-Boereoorlog op 3 April 1909 opgehou om te bestaan. Hierdie maatskappy, wat verantwoordelik was vir die aanleg en bedryf van die meeste Transvaalse spoorlyne voor 1900, was deel van President Kruger se beleid om die ZAR met behulp van Nederlandse kapitaal, kundigheid en mannekrag tot 'n selfstandige staat te ontwikkel.

Vanweë die "Hollanderpolitiek" van die Transvaalse regering en die tekort aan gesikte plaaslike mannekrag is meer as die helfte van die NZASM se Blanke werknemers in Nederland aangestel en na Transvaal gestuur. Sommiges is hier getroud, terwyl ander weer later hulle gesinne laat oorkom het. Die meeste Nederlandse werknemers was afkomstig uit die westelike provinsies van Nederland, en was oorwegend Nederlands Hervormd wat hulle kerklike lidmaatskap betref. Uiteindelik sou daar teen 1899 sowat 1 700 Nederlanders in NZASM-diens wees.

In Transvaal het die Nederlanders as klerke, ingenieurs, kondukteurs, stokers, drywers, geneeshere, rangeerders, smede, ploegbase en in tal van ander spoorwegbetrekkinge gewerk aan die aanleg van die verskillende spoorlyne en die bedryf van die treinverkeer. Baie was gehuisves in wonings wat deur die NZASM vir sy personeel opgerig is. Hier en daar het selfs spoorwegdorpe ontstaan. Die Nederlandse werknemers het voorts ge-neeskundige sorg, pensioene, ongeskiktheidstoelaes, ontspanningsfasiliteite

spaarfasilitete en ander diensvoordele by die NZASM geniet, en het hulle kinders op sekere plekke selfs in skole laat leer wat deur die NZASM ondersteun is. Hoewel die salarisse vir destydse begrippe taamlik goed was, was die lewe in Transvaal duur. Namate hulle meer gevestig geraak het, het baie dan ook verkies om meubels en ander gebruiksvoorwerpe uit Nederland in te voer omdat dit goedkoper was.

Wanneer die Nederlandse NZASM-werknemers nie op diens was nie, het hulle gelees, besoeke afgelê, pieknieks gehou, uitstappies onderneem en hulself met allerlei verenigings besig gehou. Hulle gevoelens en gedagtes jeens die nuwe land waarin hulle werksaam was het tot uiting gekom in briewe, gedigte en ook foto's. Hulle het gereeld en graag fees gevier, waaronder veral die jaarlike Koninginnedag (31 Augustus) baie gewild was.

As mense was die Nederlandse NZASM-werknemers nie besonder bemind by Boer en Brit nie, maar met die Swart spoorwegpersoneel het hulle goed oor die weg gekom. Hulle was geneig om saam te span en self hulle kulturele en ander heil uit te werk. In die jare voor die Anglo-Boereoorlog het daar mettertyd 'n samehorrigheidsgevoel ontwikkel.

Hulle heftige anti-Britse gesindheid en lojaliteit jeens die NZASM as werkgewer het die Nederlandse spoorwegpersoneel tot waardevolle en bruikbare bondgenote van die Boere gemaak. Opgroud van hulle oorlogsaktiwiteit is byna almal gedurende 1900 deur die Britse veroweraars na Europa gedeporteer, waar hulle 'n nuwe bestaan moes vind. Talle het mettertyd na die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer, maar slegs enkeles is weer in die spoorwegbedryf aangestel.

Die Nederlandse NZASM-personeel was op velerlei terreine van die Transvaliese samelewing aktief, en het heelwat bygedra tot die ontwikkeling van Transvaal in die algemeen en die Afrikaner in die besonder. Vanweë hulle getalle was daar nie net voortdurende kulturele konflik nie, maar ook volop geleenthede vir kulturele wisselwerking. Met hulle meubels en ander gebruiksvoorwerpe het hulle die materiële kultuur van Transvaal verryk. Huwelike met Afrikaanse meisies het tot Hollands-Afrikaanse gesinne gelei waardeur die Afrikaanse bevolkingselement en kultuur versterk is. Op die gebied van die geneeskunde en die gesondheidsorg het hulle heelwat presteer. Deurdat hulle saam in groepe gehuisves is, het

spoorwegwoonbuurte en hier en daar selfs spoorwegdorpe ontstaan. As lidmate het hulle die Nederduitsch Hervormde Kerk versterk, waardeur dié kerk se ontwikkeling vooruitgegaan het. In die NZASM-ondersteunde skole het hulle kinders Transvaal leer liefkry, 'n faktor wat later van betekenis vir die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge sou wees. Vir die Afrikaner het die dinamiese en kragtige Nederlandse kultuur, soos aange treffen by en bevorderde deur allerlei verenigings van NZASM-personeel, baie beteken teenoor die gevaar van verengelsing, en het hy geleer hoe om homself ook op kulturele terrein te organiseer. Met hulle taalgebruik het die Nederlandse spoorweglui die Afrikaans van diegene met wie hulle in kontak gekom het verryk, en het die Afrikaner dit ook afgeleer om liewers Engels as sy eie taal te praat. Die Nederlandse NZASM-werknemer het veral met die Anglo-Boereoorlog gewys wat hy werd was, en met sy houding en optrede gedurende die eerste fase van dié oorlog 'n betekenisvolle bydrae tot die Boeremagte se suksesse gelewer.

Dit is begryplik dat die kulturele bydraes wat die Nederlandse NZASM-werknemers gemaak het wisselvallig is wat intensiteit en omvang betref. Indien 'n mens egter hulle grootste enkele bydrae wil uitsonder, sou dit op die gebied van die kultuurgeskiedenis geleë wees. Sonder die skat aan brieve, persoonlike dokumente, foto's en ander materiaal sou die historiese bronne van inligting oor die geskiedenis van Transvaal in die algemeen en van die NZASM in die besonder, aansienlik minder gewees het.

SUMMARY

The living conditions and cultural contribution  
of the Dutch employees  
of the Netherlands South African Railway Company (NZASM),  
1887-1909

by

Robert Cornelis de Jong

Study leader and promotor : Prof. dr. P.G. Nel

Co-leader : Prof. dr. O.J.O. Ferreira

Department : Afrikaans and Netherlands Cultural History (since 1988 :  
Department of History and Cultural History), University of Pretoria

Degree for which thesis has been submitted : Doctor Philosophiae

The Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (Netherlands South African Railway Company) (NZASM) was founded in Amsterdam on June 21, 1887, and ceased to exist on April 3, 1909 as a result of the Anglo-Boer War. This company, which was responsible for the construction and operation of most of the Transvaal's railways before 1900, was part of President Kruger's policy to develop the Transvaal Republic (ZAR) to a self-dependent state with the aid of Dutch capital, know-how and manpower.

On account of the "Hollander politics" of the Transvaal Government and the shortage of suitable local manpower, more than half of the NZASM's White staff were appointed in the Netherlands and sent to the Transvaal. Some got married here, whilst others organised for their families to come to the Transvaal at a later stage. Most Dutch employees hailed from the Western Dutch provinces, and for the majority were Dutch Reformed as far as their membership of a church was concerned. Eventually there would be about 1 700 Dutchmen in the service of the NZASM in 1899.

In the Transvaal the Dutch worked as clerks, engineers, conductors, firemen, drivers, doctors, shunters, smithies, gangers and in numerous other functions on the construction of the various railway lines and the running of the train traffic. Many were housed in accommodation provided

by the company for its staff. At some places even railway towns came into being. The Dutch employees also enjoyed medical care, pensions, disability grants, recreational facilities, savings facilities and other service benefits with the NZASM, and in places even sent their children to schools supported by the company. Although the salaries were for the notions which existed at the time quite good, life in the Transvaal was expensive. As they became more and more settled many preferred to import furniture and other articles from the Netherlands, because it was cheaper.

When the Dutch NZASM employees were not on duty, they read, paid visits, held picnics, undertook excursions and kept themselves busy with all sorts of societies. Their feelings and thoughts towards the new land in which they worked were reflected in their letters, poems and also photographs. They loved to organise festivities periodically, at which the annual Queen's Birthday celebrations (August 31) proved to be especially popular.

As people the Dutch NZASM employees were not particularly liked by Boer and Briton, but they got on well with the Black railway personnel. Thus they tended to flock together and work out their own cultural and other salvation. During the years prior to the Anglo-Boer War (1899-1902) a feeling of solidarity gradually developed.


Their violent anti-British sentiments and loyalty towards the NZASM as their employer made the Dutch railway personnel valuable and useful allies of the Boers. Because of their war activities nearly all were deported by the British conquerors to Europe in 1900, where they had to find new means of existence. Many came back to South Africa after the war, but only a few again found employment with the railways.

The Dutch NZASM personnel were active in many spheres of Transvaal society, and contributed towards the total development of the country in general, and of the Afrikaner and his culture in particular. On account of their numbers not only were there continuous conflicts, but also many opportunities for cultural interaction. With their furniture and other household articles they enriched the Transvaal's material culture. Marriages to Afrikaans girls led to Afrikaans-Dutch families through which the Afrikaans population element and culture was strengthened.

In the sphere of medicine and health they accomplished a lot. Through their being housed in groups railway suburbs and at places even railway towns came into being. As members they strengthened the Nederduitsch Hervormde Kerk, through which the development of this church made progress. In the NZASM-supported schools their children were taught to love the Transvaal, a factor which later would be of significance to Netherlands-South African relations. To the Afrikaner the dynamic and forceful Dutch culture, as found at and promoted by various societies of NZASM personnel, meant a great deal in the face of the danger of Anglicisation, and he learned how to organise himself also in the cultural field. With their language usage the Dutch railway staff enriched the Afrikaans of those they came into contact with, and broke the Afrikaner's habit to speak rather English than his own language. Especially during the Anglo-Boer War the Dutch railway employee proved his worth, and by means of his attitude and action he contributed considerably towards the Boer successes during the first phase of the war.

It is understandable that the cultural contributions made by the Dutch NZASM employees vary according to intensity and scope. However, if one wishes to identify their greatest single contribution, it would be in the field of history. Without the treasure of letters, personal documents, photographs and other material, the historical information sources on Transvaal history in general and NZASM history in particular, would be considerably less.

--o0o--



Gedeelte van 'n spoorwegkaart uit 1899 (uit : *In Memoriam N.Z.A.S.M.*), wat die verskillende NZASM-spoorlyne aantoon (gedruk in brieë, swart aaneenlopende lyne). Die NZASM het nie die spoorlyn tussen Pretoria en Pietersburg gebou en bedryf nie.